

**AGS-pastore se beleving van pastorale
druk en hul hantering daarvan**

D JOUBERT

Grade verwerf: BAHons (Teologie)

 **orcid.org/0000-0003-3891-8645**

**Verhandeling voorgelê ter nakoming
vir die graad *Magister Artium* in
Pastorale Studies aan die
Noordwes-Universiteit**

Studieleier: Prof WJ Hattingh

Mede-studieleier: Dr FG Minnie

Gradeplegtigheid Mei 2018

11312483



Dankbetuigings

Ek wil eerstens my dank betuig teenoor my Verlosser, Vriend, Saligmaker en Here van my lewe, Jesus Christus, die Een wat my geroep het; die Een wat my deur Sy genade in staat stel en die Een wat die toekoms in Sy hande hou.

My opregte dank ook aan:

- My vrou, Tinneke, en ons kinders Leani, Miencke en Kristen.
- Prof. Jan Hattingh.
- Dr. Frans Minnie.
- Pastoor Etresia Evans.
- My ouers, Koot en Daleen Joubert.
- My skoonouers, Tienie en Christa Hattingh, en die res van die familie.
- Ons gemeentes (Florida Park en Hermanus).
- Personeel by die Auckland Park Teologiese Seminarium.
- Personeel by die fakulteit Teologie (NWU).

De Wet Joubert

November 2016

Opsomming

Die roeping tot voltydse Christelike bediening stel unieke uitdagings aan die pastor as persoon. Alhoewel die pastor weliswaar bevrediging daaruit kan put, is die aard van Christelike bediening baie veeleisend. Buiten die algemene uitdagings wat dit aan die pastor as mens stel, mag daar ook uitdagings wees wat eie is aan die AGS-konteks wat verdere druk op die AGS-pastor plaas. In hierdie studie word die AGS-pastor se belewing van pastorale druk asook die wyse waarop hy/sy dit hanteer, ondersoek. In die lig hiervan het die volgende navorsingsvraag aan die lig gekom: Watter prakties-teologiese riglyne kan aan pastors in die AGS-konteks gebied word om pastorale druk die hoof te bied?.

Die doel van hierdie navorsing behels om uiteindelik riglyne daar te stel vir die formulering van 'n holistiese Skrifgefundeerde selfsorgpraktyk wat die pastor moontlik kan help om pastorale druk te hanteer en sodoende meer effektief in die uitvoering van sy/haar lewenstaak en roeping te wees. Die studie is gedoen met die prakties-teologiese model van Osmer as uitgangspunt wat die volgende behels:

- die normatiewe taak waar perspektiewe uit die Skrif rakende die onderwerp nagevors is;
- die interpretatiewe taak waarvolgens materiaal in ander vakdissiplines bestudeer is;
- die deskriptief-empiriese taak waar empiriese navorsing deur middel van onderhoude gedoen is;
- en die pragmatiese taak waar nuwe pastorale riglyne daargestel is vir die formulering van 'n holistiese Skrifgefundeerde selfsorgpraktyk.

Die normatiewe taakgedeelte van die navorsing het aangedui dat daar definitiewe riglyne in die Bybel is betreffende die pastor se belewing van pastorale druk en sy hantering daarvan. God praat deur en gee leiding in sy Woord aangaande pastors en hul belewing en hantering van pastorale druk. Die interpretatiewe taakgedeelte van die studie het getoon dat daar heelwat navorsing gedoen is oor hierdie onderwerp, maar nie ten opsigte van die AGS-konteks nie; daar is bevind dat daar veelvuldige riglyne ten opsigte van die pastor as 'n holistiese mens bestaan en dat daar talle oorsake is wat aanleiding tot die pastor se belewing van pastorale druk gee; die gevolge en effek daarvan op hom/haar as persoon is ook aangedui. Die

navorsingsgegewens wat deur die empiriese studie na vore gebring is, het die normatiewe en interpretatiewe taaknavorsing bevestig. Die konsep van selfsorg en die noodsaaklikheid daarvan vir die AGS-pastor is aangedui. Praktijk-teoretiese riglyne is hierna geformuleer op grond van die hermeneutiese interaksie tussen die verskillende navorsingskomponente. Riglyne vir die formulering van 'n holistiese Skrifgefundeerde selfsorgpraktyk is vir die pastor daargestel.

Na aanleiding van die navorsingsvraag, die sentrale teoretiese argument en die navorsing wat in hoofstukke 2 tot 5 gedoen is, word as finale gevolgtrekking gestel dat 'n holistiese Skrifgefundeerde selfsorgpraktyk vir die pastor van uiterste belang is om sodoende pastorale druk effektief te hanteer.

SLEUTELTERME: AGS (Apostoliese Geloofsending); pastor; pastoor; bediening; pastorale druk; belewing; hantering.

Abstract

The call to full-time Christian ministry poses unique challenges to the person of the pastor. Although it can be satisfactory, the nature of Christian ministry is very exacting. Above and beyond the general challenges which Christian ministry poses towards the person of the pastor, there seems to be challenges that may be unique to the AFM context which leads to heightened pressure on the pastor as a person. In this research the AFM pastor's experience of pastoral pressure as well as the way in which he/she copes with it, is studied. In the light of this fact the research question was posed: Which practical theological guidelines can be offered to AFM pastors to assist them in coping with the pastoral pressure they currently experience?

The purpose of this research is to eventually create guidelines for the formulation of a holistic scripturally based self-care practice which could possibly assist the pastor in coping with his/her pastoral pressure and consequently be more effective in the execution of his/her life's work and calling. The study was done by using the practical theological model of Osmer as starting point which comprises the following:

- the normative task, where scriptural perspectives on the topic have been researched;
- the interpretative task, according to which material from other disciplines are studied;
- the descriptive empirical task whereby research by way of interviews were done;
- and the pragmatic task whereby new pastoral guidelines were created for the formulation of a holistic scripturally based self-care practice.

The normative task part of the research indicates that there are definite guidelines in Scripture concerning a pastor's experience of pastoral pressure as well as the means of coping with it. God speaks through, and gives direction in his Word concerning the pastor. The interpretative task part of the study showed that much research about the subject has been done but not in the context of the AFM. The interpretative task part also showed that there are multiple guidelines with regard to the pastor as a holistic being and that there are numerous causes that could lead to the experience of pastoral pressure; the consequences and effects upon the pastor as a person were also showed. The results which surfaced from the empirical study, confirmed the

normative and interpretative theoretical research. The concept of self-care and the necessity thereof for the AFM pastor were indicated. Practical theoretical guidelines were then formulated on the basis of the hermeneutical interaction between the different research components. Guidelines for the formulation of a holistic scripturally based self-care practice for the pastor were then offered.

With reference to the research question, central theoretical argument and the research reflected in chapters 2 to 5, the final conclusion states that a holistic scripturally based self-care practice for the pastor is of utmost importance for him/her in effectively coping with the demands and pressure of the Christian ministry.

KEYWORDS: AFM (Apostolic Faith Mission of South Africa), pastor, ministry, pastoral pressure, experience, cope.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1	1
1.1	VOORGESTELDE TITEL EN SLEUTELWOORDE 1
1.2	INLEIDING..... 4
1.3	AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING 5
1.3.1	Agtergrond..... 5
1.3.2	Probleemstelling 6
1.4	DOELSTELLING EN DOELWITTE 9
1.5	DIE SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT 10
1.6	METODOLOGIE..... 10
1.6.1	Die normatiewe taak: Wat behoort te gebeur? 11
1.6.2	Die interpretatiewe taak: Hoe kan die huidige praksis verstaan word? 13
1.6.3	Die deskriptief-empiriese taak: Wat is besig om te gebeur? 14
1.6.4	Die pragmatiese taak: Wat moet gedoen word? 15
1.7	HOOFSTUKINDELING..... 16
1.8	SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE KORRELASIE TUSSEN 1.3.2, 1.4 EN 1.6..... 16
HOOFSTUK 2	18
2.	DIE NORMATIEWE TAAK – PRINSIPIËLE SKRIFGEFUNDEERDE UITGANGSPUNTE BETREFFENDE DIE AGS-PASTOR AS 'N PERSOON ASOOK SY BELEWING EN HANTERING VAN PASTORALE DRUK....18
2.1	INLEIDING..... 18
2.2	DIE WOORD AS SENTRAAL TOT DIE NORMATIEWE TAAK..... 19
2.3	'N PENTEKOSTALISTIESE PERSPEKTIEF EN DIE NORMATIEWE TAAK.....20
2.3.1	Die Woord van God ("... the Word of God ...")...... 20

2.3.2	Ervaring (“...experience.. ”)	29
2.3.3	Teologiese tradisie (“...the ecclesial / theological tradition.”)	33
2.3.4	Gevolgtrekking	37
2.4	DOEL	38
2.5	EKSEGETIESE PERSPEKTIEWE BETREFFENDE DIE UITWERKING VAN PASTORALE DRUK OP DIE PASTOR.....	38
2.5.1	INLEIDING.....	38
2.5.2	DIE PASTOR.....	40
2.5.3	1 KORINTIËRS 4:9.....	41
2.5.3.1	Agtergrond van die eerste brief aan die Korintiërs	41
2.5.3.1.1	Die stad Korinte	42
2.5.3.2	Ontstaan van die gemeente en pastorale druk wat Paulus beleef het	43
2.5.3.2.1	Ontstaan van die gemeente.....	43
2.5.3.2.2	Pastorale druk wat Paulus beleef het	44
2.5.3.3	Die situasie in 1 Korintiërs 4	47
2.5.3.4	Eksegese van 1 Korintiërs 4:9	51
2.5.4	1 KORINTIËRS 9:16	56
2.5.4.1	Die situasie in hoofstuk 9.....	56
2.5.4.2	Opsomming van vers 1-15	59
2.5.4.3	Eksegese van 1 Korintiërs 9:16.....	62
2.5.4.4	Opsomming van die studie van 1 Korintiërs 9:16	64
2.5.5	1 TIMOTEUS 1:18	64
2.5.5.1	Agtergrond van 1 Timoteus.....	64
2.5.5.2	Opsomming van vers 1 tot 17	68
2.5.5.3	Eksegese van 1 Timoteus 1:18	70
2.5.5.4	Opsomming van die studie van 1 Timoteus 1:18.....	72
2.5.6	2 TIMOTEUS 4:5.....	73
2.5.6.1	Agtergrond van 2 Timoteus.....	73
2.5.6.2	Die situasie in hoofstuk 4.....	75
2.5.6.3	Opsomming van vers 1-4.....	75
2.5.6.4	Eksegese van 2 Timoteus 4:5.....	77
2.5.6.5	Opsomming van die studie van 2 Timoteus 4:5	79
2.5.7	HANDELINGE 20:24.....	80
2.5.7.1	Agtergrond van die boek Handeling.....	80
2.5.7.2	Die situasie in Handeling 20.....	83

2.5.7.3	Eksegese van Handeling 20:24.....	85
2.5.7.4	Opsomming van die studie van Handeling 20:24.....	88
2.6	VOORLOPIGE SAMEVATTING VAN DIE PRINSIPIËLE SKRIFGEFUNDDEERDE UITGANGSPUNTE BETREFFENDE DIE PERSOON VAN 'N AGS-PASTOR IN VOLTYDSE BEDIENING – DIE NORMATIEWE TAAK	88
2.7	FINALE OPMERKINGS	89
HOOFSTUK 3: DIE INTERPRETATIEWE TAAK – INTERDISSIPLINÊRE PERSPEKTIEWE RONDOM DIE INVLOED VAN PASTORALE DRUK OP DIE PSIGE VAN DIE PASTOR		
3.1	INLEIDING	90
3.1.1	WAT IS DIE INTERPRETATIEWE TAAK?.....	91
3.1.2	Doel.....	92
3.2	LITERATUURSTUDIE	96
3.2.1	DIE CHRISTELIKE BEDIENING	97
3.2.1.1	Enkele opmerkings oor die pastor as herder.....	97
3.2.1.2	Die unieke karakter van die pastoraat.....	98
3.2.1.2.1	Die identiteit van die pastor.....	98
3.2.1.2.2	Die bevoegdheid van die pastor	101
3.2.1.3	Die ekklesiastiese karakter van die pastoraat.....	103
3.2.1.4	Die professionele karakter van die pastoraat.....	103
3.2.1.5	Die persoonlike karakter van die pastoraat.....	105
3.2.1.5.1	Die pastor as mens.....	105
3.2.1.5.2	Die pastor se spiritualiteit.....	105
3.2.2	PASTORALE DRUK.....	106
3.2.2.1	Oorsake van pastorale druk	106
3.2.2.1.1	Innerlike oorsake	106
3.2.2.1.2	Uiterlike oorsake.....	108
3.2.2.2	Gevolge van pastorale druk.....	114
3.2.2.2.1	Stres	114
3.2.2.2.2	Uitbranding	115

3.2.2.2.3	Depressie.....	115
3.2.2.2.4	Medelyemoegheid.....	116
3.2.2.2.5	Teenoordrag	117
3.2.2.2.6	Mede-afhanklikheid.....	117
3.2.2.2.7	Sekere fisiologiese gevolge	118
3.2.2.2.8	Professionele gevolge	118
3.2.2.2.9	Sosiale gevolge.....	118
3.2.2.2.10	Geestelike / spirituele gevolg	118
3.2.2.2.11	Huishoudelike gevolge	119
3.2.3	Voorlopige samevatting van die interdisiplinêre perspektiewe rondom die invloed van pastorale druk op die persoon van die pastor	119
3.2.4	Finale opmerkings.....	120
HOOFSTUK 4: DIE DESKRIPTIEF-EMPIRIESE TAAK		121
4.1	INLEIDING.....	121
4.2	NAVORSINGSONTWERP	122
4.2.1	Doelwit.....	123
4.2.2	Strategie van ondersoek.....	123
4.2.2.1	Kwalitatiewe navorsing	124
4.2.2.2	Strategieë vir kwalitatiewe navorsing.....	125
4.2.3	Vorming van 'n navorsingsplan.....	125
4.2.4	Refleksiwiteit in navorsing	128
4.3	NAVORSINGSMETODE.....	128
4.3.1	Steekproef (sampling).....	128
4.3.1.1	Die daarstelling van 'n steekproefuniversum.....	129
4.3.1.2	Selektering van 'n steekproefgrootte.....	130
4.3.1.3	Die beraming van 'n steekproefstrategie	130
4.3.1.4	Bronverkryging vir steekproewe (sourcing).....	131
4.3.2	Data-insameling.....	132
4.3.2.1	Onderhoudvoering	132
4.3.2.2	Metodes van onderhoudvoering.....	133
4.3.2.3	Voordele en nadele van onderhoude.....	134
4.3.2.4	Die rol van die navorser en respondent.....	135
4.3.2.5	Basiese beginsels vir ongestruktureerde onderhoude	136

4.3.3	Strukturele koherensie.....	136
4.3.4	Data-analise.....	137
4.3.5	Betroubaarheid van die navorsingsproses.....	138
4.3.5.1	Waarheidswaarde	138
4.3.5.1.1	Triangulasie.....	139
4.3.5.1.2	Langdurigheid en variërende veldervaring.....	139
4.3.5.1.3	Refleksiwiteit	140
4.3.5.1.4	Portuurondervraging (peer debriefing)	140
4.3.6	Etiese norme.....	141
4.3.6.1	Ingeligte toestemming (informed consent)	142
4.3.6.2	Konfidensialiteit en anonimiteit	142
4.3.6.3	Privaatheid.....	143
4.3.6.4	Analise en verslaggewing.....	143
4.3.7	Die kwalitatiewe navorsingsverslag.....	143
4.4	VOORLOPIGE GEVOLGTREKKING	144
4.5	NAVORSINGSRESULTATE.....	144
4.5.1	Inleiding	144
4.5.2	Die steekproef (sien ook 4.3.1).....	144
4.5.3	Analise van die onderhoude	145
4.5.3.1	Vraag 2: Hoekom het jy 'n pastor geword?.....	146
4.5.3.2	Vraag 3: Wat is die druk wat jy in die bediening ervaar het en hoe het dit jou as persoon beïnvloed?.....	146
4.5.3.3	Vraag 4: Hoe het jy hierdie druk hanteer?.....	149
4.5.3.4	Vraag 5: Vind jy die bediening vervullend?	152
4.5.3.5	Vraag 6: Waarom bly jy in die bediening aan ten spyte van druk?	152
4.5.3.6	Vraag 7: In watter opsig het die bediening oor die afgelope 15 tot 20 jaar verander?.....	152
4.5.4	Voorlopige gevolgtrekkings van hoofstuk 4	156
4.5.5	Finale opmerkings.....	157
5.	HOOFSTUK 5: DIE PRAGMATIESE TAAK – Nuwe riglyne vir die hantering van pastorale druk.....	158
5.1	INLEIDING.....	158
5.2	DOEL	159
5.2.1	Inleiding	159

5.2.2	Die struktuur van hoofstuk 5.....	159
5.3	DIE KONSEP VAN SELFSORG EN DIE NOODSAAKLIKHEID DAARVAN VIR DIE AGS-PASTOR.....	159
5.4	RIGLYNE VIR SPESIFIEKE AGS-VERWANTE SAKE SOOS WAT DIT DIE AFGELOPE 15 TOT 20 JAAR DEUR PASTORS BELEEF IS EN HOE DIT BY DIE KONSEP VAN SELFSORG AANSLUITING VIND	169
5.4.1	AGS-bestuurstyl	169
5.4.2	Verandering in status en gesag.....	171
5.4.3	Die AGS-pastor se beskouing van sukses.....	175
5.4.4	Die beskouing van die funksie en werking van die Heilige Gees in die bediening.....	179
5.5	ALGEMENE RIGLYNE AAN PASTORS VIR DIE FORMULERING VAN 'N SKRIFGEFUNDEERDE HOLISTIESE SELFSORG PRAKTYK	181
5.5.1	Riglyne rakende die pastor se spiritualiteit.....	182
5.5.2	Riglyne rakende die pastor se emosies	191
5.5.2.1	Emosionele intelligensie.....	192
5.5.2.2	Selfmedelye	194
5.5.2.3	'n Openheid vir menslikheid.....	197
5.5.2.4	Veerkragtigheid.....	197
5.5.2.5	Werkbevrediging.....	198
5.5.3	Riglyne rakende die pastor se fisiese welsyn	199
5.5.4	Riglyne rakende die pastor se intellektuele en persoonlike ontwikkeling	202
5.5.5	Riglyne rakende die pastor en sy verhoudings.....	205
5.6	GEVOLGTREKKING.....	208
6.	HOOFSTUK 6: SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING, TEKORTKOMINGE EN AANBEVELINGS.....	209
6.1	INLEIDING.....	209
6.2	'N OPSOMMING VAN HOOFSTUK 2-5	210
6.2.1	Hoofstuk 2.....	210
6.2.2	Hoofstuk 3.....	211
6.2.3	Hoofstuk 4.....	213
6.2.4	Hoofstuk 5.....	214

6.3	FINALE OPMERKINGS	215
6.4	AANBEVELINGS EN TEMAS VIR VERDERE STUDIE	215

TABELLE EN DIAGRAMME

TABEL 3.1	Putter (2010:106) se bevinding van die verskillende rolverwagtinge, rolle en verwagte vaardighede van 'n AGS-pastor.....	95
FIGUUR 4.1	Steekproefuniversum, inklusiewe/eksklusiewe kriteria en steekproef.....	129
TABEL 4.1	Tipes onderhoudstrukture	133
TABEL 4.2	Die voor- en nadele van ongestruktureerde onderhoude	135
TABEL 4.3	'n Opsomming van druk wat deur respondente in die bediening ervaar word.....	146
TABEL 4.4	'n Opsomming van die wyses waarop respondente druk in die bediening hanteer.....	150
TABEL 4.5	'n Opsomming van die aspekte wat volgens respondente 'n rol gespeel het in die veranderinge wat oor die afgelope 15 tot 20 jaar in die bediening plaasgevind het.....	153

BYLAE	217
--------------------	-----

BIBLIOGRAFIE	219
---------------------------	-----

Hoofstuk 1

*“Can a person have a sense of fulfilment in this profession?
... I am asking whether a woman or a man, as a human being,
and as a believer and a theologian, can thrive in her or his role as a pastor.”*

Gerben Heitink (1999: 311)

1.1 VOORGESTELDE TITEL EN SLEUTELWOORDE

Titel: *AGS-pastore se belewing van pastorale druk en hul hantering daarvan.*

Sleutelwoorde:

AGS Apostoliese Geloofsending

Pastor Die term “pastor” sal hoofsaaklik in hierdie studie gebruik word en verwys na diegene wat hulself deur God geroepe voel tot voltydse bediening in ’n gemeente en wat in die AGS-kerk georden is – wat dit hul taak gemaak het om om te sien na die geestelike welstand en toerusting van ’n gemeente, asook om leiding aan so ’n gemeente te verskaf. Die prosedures en die voorwaardes ten opsigte van die ordening van ’n pastor in die AGS word nie in hierdie ondersoek hanteer nie. Volgens die *WAT (Woordeboek van die Afrikaanse Taal)* dui die term “pastor” op ’n predikant wat as deel van sy amp hom bemoei met die geestelike welvaart van ’n lidmaat of lidmate, byvoorbeeld deur huisbesoek te doen, besoek aan behoeftige of siek lidmate te bring of toeganklik te wees vir lidmate wat geestelike leiding, bystand of ondersteuning nodig het (<http://viva-afrikaans.org/index.php>).

Somers (2004: 2) verwys na die gemeente as ’n kudde en na die pastor as die persoon wie se funksie dit is om na hierdie kudde om te sien. Die woord “pastor” (Grieks: *poimen*) is, volgens Hill (2002: 12, 44) en Adams (1979: 7), ’n metaforiese begrip wat die funksie aksentueer. Dit is gebaseer op ’n fundamentele konsep wat regdeur die Skrif soos ’n goue draad loop, naamlik dat God die herder van sy volk is. Onder andere sê Psalm 80:1 (1983-vertaling) in hierdie verband: “Luister tog, Herder van Israel, U wat die nageslag van Josef soos ’n kudde lei...”. Volgens Adams is hierdie herder-kudde-model (1973: 226) diep gegrond in elke Bybelse uitbeelding betreffende die Christelike bediening.

Pastoor Die term “pastoor” kom ook in die studie voor, maar in 'n mindere mate. Volgens die WAT is “pastoor” 'n aanspreek- of verwysingsvorm en kan dit ook voor 'n eienaam gebruik word (<http://viva-afrikaans.org/index.php>). Volgens die WAT verwys dit na 'n predikant van 'n bepaalde kerk, byvoorbeeld die Apostoliese Geloofsending, die Baptistekerk en Duitse kerke, of van bepaalde nietradisionele kerke. Die term is afkomstig uit Rooms-Katolieke kringe en dui op die geestelike hoof van 'n parogie. Dié benefisium is 'n naam vir alle kerklike ampte waaraan die reg op bepaalde voordele of inkomstes verbonde is. Die algemeenste benefisium is dié van pastoor, waaraan die sogenaamde stolaregte verbonde is (<http://viva-afrikaans.org/index.php>).

Bediening Wanneer die term “bediening” gebruik word, verwys dit hoofsaaklik na die voltydse dienswerk as uitlewing van die Christelike roeping (Murray, 2009: 4).

Volgens Murray (2009: 4) sluit dit onder meer die funksies in van lering, prediking, kerkplanting, geestelike versorging en evangelisasie. Ondersteunende funksies behels onder meer administrasie, hospitaalbesoeke, bouprojekte en instandhoudingswerk. Die term “bediening” dui dus op die amp van die pastor en sy taak as geheel binne die AGS-konteks. Volgens die WAT dui “bediening” op die amp van 'n predikant (<http://viva-afrikaans.org/index.php>).

Hierdie bediening sluit aan by die gedagte van God se bediening aan die mensdom en om alles met Homself te versoen (2 Korintiërs 5:19-20). Die basis vir die moontlikheid van hierdie bediening lê volgens Purves (2004: xvi) in die aktualiteit van die evangelie.

'n Term wat nou verwant met die term “bediening” is en wat sporadies in hierdie studie sal voorkom, is “pastoraat”. Die Oxford-woordeboek beskryf “pastoraat” as die amp wat deur 'n pastor beklee word of die termyn van die amp as pastor. (<https://en.oxforddictionaries.com/definition/pastorate>).

Die HAT (*Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*) beskryf dit as die amp van 'n pastor of die geestelike sorg wat deur 'n pastor gedoen word (<http://viva-afrikaans.org/index.php>).

Die WAT beskryf dit as geestelike versorging of pastorale bediening of begeleiding, veral van 'n gemeente, as uitoefening van die amp van 'n pastor of ander pastorale werker (<http://viva-afrikaans.org/index.php>).

Tóg besit die term “pastoraat” vakwetenskaplik en ensiklopedies ’n spesifieke betekenis en mag dit in ander studies verwys na toegespitste persoonlike hulpverlening of soos wat Breed (2013: 2) daarna verwys, as die versorgende liefde en genade wat vanuit die totale diakonieë van die gemeente na die lidmaat (of persoon wat op die een of ander manier met die gemeente verbind is) vloei deur middel van die gawes wat die Gees gee. Dit is egter nie die geval in hierdie studie nie. Indien daar wel na die term “pastoraat” in hierdie studie verwys word, hou dit eerder verband met die amptelike bediening van die pastor.

Bezuidenhout (2005: 31) verwys na die begrip “pastoraat” as ’n direkte, eksplisiete heenwysing na en verbinding aan die Bybelse begrip van ’n pastor. Volgens Burger en Wepener (2004: 7) impliseer die bekleding van hierdie amp (pastor) “veel meer as net prediking en lering, maar om ’n missiologiese lei van God se volk, die kerk”. Volgens hom gaan dit “oor vorming en toerusting, sodat die kerk sal groei tot ’n gestuurde gemeenskap, ’n geneesde eenheid (Efesiërs 4) sodat die wêreld kan glo (Johannes 17).

Vir die doeleindes van hierdie studie word die term “bediening” dus bo dié van “pastoraat” verkies om sodoende die fokus van die studie te behou en omrede dit met al die fasette wat met die amp van ’n pastor mee gepaardgaan, verband hou.

Pastorale druk

Nel (2005: 441) se stelling, naamlik, “The office of the pastor is, for more than one reason, under pressure ...” verskaf ’n grondige rede vir die term “pastorale druk”.

In hierdie studie sal “pastorale druk” die oorkoepelende term wees vir die omvattende uitdagings en problematiek wat gepaard gaan met die bekleding van die amp van die pastor. Dit hou spesifiek verband met uitdagings en problematiek in die bediening in die AGS-konteks en die druk wat dit op die gemoedstoestand van die pastor tot gevolg mag hê. Die uiteindelijke en primêre fokus van hierdie studie het nie soseer te make met sodanige uitdagings wat pastors mag beleef nie, maar wel met die uitwerking wat dit op die lewe van die pastor mag hê asook die manier waarop hy dit hanteer. Die fokus val dus op die

pastor as mens en of hy oor die nodige selfsorgpraktyke beskik om hierdie druk die hoof te bied.

Hierdie studie handel dus nie slegs oor die uitdagings nie, maar ook oor die korrekte wyse van hantering van hierdie uitdagings wat tydens die uitleef van sy amp, druk op die pastor mag plaas.

Belewing	Belewing het te doen met alles wat die pastor beleef in die uitvoering van sy taak.
Hantering	Hantering verwys na die gepaste wyse waarop die pastor te werk gaan om op Skrifgefundeerde wyse tot 'n suksesvolle oplossing te kom met die uitdagings wat hy in die bediening beleef.
Keywords	AFM (Apostolic Faith Mission of South Africa), pastor, ministry, pastoral pressure, experience, cope.

Wanneer die term “hy” gebruik word, word “sy” ook veronderstel. Die term “hy” sal deurlopend gebruik word om die lees van die teks te vergemaklik. Dit moet egter nie deur die leser as seksisties beskou word nie. Die bediening bevat manlike en vroulike pastors en hierdie studie poog om vir beide tot hulp te wees.

1.2 INLEIDING

Die uitdagings wat vandag aan pastors gestel word, word uiteenlopend beleef en plaas toenemend druk op die AGS-pastor as persoon. Een van die grootste uitdagings waarvoor hy te staan mag kom, is die snelveranderende konteks waarbinne die kerk hom tans bevind. Te midde hiervan verstaan die pastor steeds dat die gemeente deur God aan hom toevertrou is en wil hy graag suksesvol wees.

Sukces in die bediening blyk egter iets te wees waaroor daar moeilik konsensus bereik word en dit word op vele maniere beskou. Sommige van die pastor se kerkraads- en gemeentelêde, ja selfs kollegas, streek- en nasionale leiers, huldig soms 'n populêre en meestal sekulêre beskouing dat pastorale sukses oorwegend aan finansiële- en numeriese groei (ledetal) asook die besit van eiendom gemeet en verstaan moet word.

Hill (2002: 44) beweer dat, indien pastorale sukses kragtens numeriese en finansiële groei beoordeel word, die gevaar is dat “the pastor’s role will be shaped by those understandings”.

Na aanleiding van die verwagting wat dus geskep word en in ’n poging om suksesvol te wees, mag ’n pastor dalk sy rol begin verstaan in die lig van ’n hoof uitvoerende beampte (HUB) van ’n maatskappy. Johnson (2007: 1) stel dit so:

“Whereas in the past a pastor was principally viewed as resident theologian and preacher, today there is the expectation that a pastor should be, among other things, a chief executive officer, a therapist, and/or a church growth specialist.”

Hierdie verwagting vir sukses wat dikwels op die pastor geprojekteer word, het ’n beduidende uitwerking op hom as persoon. Dit lei tot verhoogde pastorale druk en is ’n verskraling van wat werklike “sukses” in die bediening behels. Die navorser het ervaar dat talle pastors van mening is dat hierdie tipe kriteria vir sukses in die bediening nie haalbaar is nie. Gevolglik het ’n deurlopende gevoel van mislukking onder baie pastors ontstaan. Dit het weer daartoe aanleiding gegee tot ’n gevoel van onbevoegdheid vir die eise wat die bediening stel. Dit kring dan verder uit na gevoelens van minderwaardigheid en lei uiteindelik na ’n gebrek aan die belewenis van vervulling in die bediening. Op hierdie wyse kom, wat Heitink (1999: 312) noem, die pastor se persoonlike, teologiese en pastorale identiteit uiteindelik onder skoot. Nie net raak dit sy identiteit nie, maar ook sy persoonlike ervaring en beleving van die bediening.

1.3 AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING

1.3.1 Agtergrond

Pastorale druk (met ander woorde die uitdagings wat aan die werk van die pastor gestel word asook die gepaste wyse waarop dit hanteer moet word) bly in ’n sekere sin onveranderd. Dit het nog altyd appèl op die persoon van die pastor gemaak (MacArthur, 1995: 10, 14) maar dit blyk ook terselfdertyd nuut te wees.

Probleme wat pastors eeue gelede beleef het, duik vandag nog gereeld op, terwyl daar aan die hedendaagse bediening unieke uitdagings gestel word. Hiervolgens beweer Gibbs (2005: 79) dat leierskap nog altyd uitdagend was, maar “it has become even more so in the current climate of discontinuous and unpredictable change”.

Die kerk bevind hom in ’n snelveranderende struktuur. McLaren (2006: 15) praat van ’n heel nuwe wêreld waarbinne die kerk hom bevind en waarbinne hy moet funksioneer: “If you

have a new world, you need a new church. You have a new world". Sweet (2007: 19) stem hiermee saam en verduidelik dat hierdie "nuwe wêreld" of voortdurend-veranderende konteks, 'n perfekte kultuurstorm is wat bestaan uit twee dinge, naamlik postmodernisme en post-Christendom.

Postmodernisme ontken die bestaan van enige "ultimate principles, and it lacks the optimism of there being a scientific, philosophical, or religious truth which will explain everything for everybody – a characteristic of the so-called modern mind. The paradox of the postmodern position is that, in placing all principles under the scrutiny of its scepticism, it must realize that even its own principles are not beyond questioning" (<http://www.theopedia.com/Postmodernism>).

Aan die ander kant het post-Christendom, volgens Niemandt (2006: 48), te doen met die feit dat die era van die Christendom verby is en dat die Christelike godsdiens sy invloed verloor het. Weideman (2009: 23) meen dat leiers, en gevolglik pastors, wat hulself in hierdie unieke konteks bevind, veranderende maniere van leef, dink en doen, in die oë sal moet kyk. Hierdie unieke karakter van hedendaagse pastorale druk het dus 'n beduidende invloed op die lewe van die pastor.

Die navorser is sedert 2002 'n geordende pastor van die AGS en bevoorreg om beide sy pa en skoonpa (albei emerituspastore met meer as 25 jaar bedieningservaring) as mentors te hê. Die navorser kon dus eerstehands die hoë eise wat die bediening aan die pastor se persoonlike lewe stel, waarneem. Die navorser is aangegryp deur hul vermoë om te midde van strawwe uitdagings 'n buitengewone deursetting te toon en onverpoosd hul lewenstaak te verwesenlik. Dit het ook aanleiding gegee tot die tema van hierdie studie.

Die druk wat hulle in die bediening beleef het, stem baie ooreen met die druk waarna Adams reeds in 1979 verwys het, naamlik, "meagre pay", "lack of appreciation", "abundance of thoughtless criticism", "separation from loved ones and from property" en "severance of personal ties and the loss of personal advantages" (Adams, 1979: 11).

1.3.2. Probleemstelling

'n Hele aantal navorsers het al 'n studie gedoen oor die uitwerking van pastorale druk op die persoonlike lewe van die pastor. Dit word kortliks vermeld, asook die situasie soos dit tans in die AGS-konteks daar uitsien:

Grobbelaar (2007: 105-117) meld dat pastorale druk, onder meer, fisieke, psigiese, asook interpersoonlike gevolge inhou wat 'n demper op die effektiwiteit van die pastor se bediening mag plaas. Hill (2002: 106) meen dat die bediening 'n "particularly perilous possibility

of depression” inhou terwyl Kruger (2010: 8) reken dat depressie vir pastors ‘n moontlike “environmental hazard” is. Fourie (2008: iii) vermeld die kwessie van medelyemoegheid wat ‘n “groot impak op werkers se geloofstelsels, geestelike lewe, identiteit, lewens- en wêreldbeskouing” kan hê.

Morse (2011: 102) is van mening dat pastors voortdurend besig is om hul interne emosionele wêreld van hul bedieningswêreld te skei. Van der Merwe (2006:1) het voorheen soortgelyk vermeld dat “innerlike verwonding dikwels as 'n merkbare splitsing, oftewel skeiding tussen verstand en hart, openbare en privaat lewe, asook persoonlike en professionele lewe” in die pastors se lewe manifesteer.

Johnson en Dreitcer (2001: 120) maan dat pastorale druk in so ‘n mate op die gees van ‘n pastor inwerk, dat sy verhouding met God daardeur skade ly. Hy het ‘n tekort aan energie, sien smôrens op teen sy dagtaak en gevolglik word sy teologiese uitkyk daardeur geaffekteer. God se teenwoordigheid word soms deur hom as verlangs ervaar en hy bevraagteken dikwels sy roeping.

Oswald (1991: ix) het twintig jaar gelede reeds aangedui dat pastors weens pastorale druk somber, oninteressant en onsamehangend word. “When you meet them, there is little to excite you. You don’t want to get to know them better.”

Edmonson (2002: 18) meen dat pastors oor ‘n laer moraal en goedvoelfaktor in die bediening beskik in vergelyking met mense in ander beroepe. Die pastor is veronderstel om tekenend te wees van iemand met hoop, vervulling en bemoediging, maar het ironies genoeg dikwels self ‘n wesenlike tekort daaraan. Lee (2005: 12) skets ‘n prentjie van die gewenste ingesteldheid vir die pastor en hoe die belewing van werkvervulling hom mag beïnvloed:

“People who are internally or intrinsically motivated have been found to bring more interest, excitement and confidence to their organization; which leads to enhanced performance, persistence, self-esteem, creativity, heightened vitality and general well-being”.

As ‘n moontlike oplossing het Oswald (1991: 6) vantevore voorgestel dat pastors ‘n doelbewuste selfsorgstrategie moet implementeer. Selfsorg beteken “managing our lives in such a way that we consistently maintain our physical, emotional, intellectual, and spiritual well-being”. Kruger (2010: 21) het ook in hierdie verband tot die slotsom gekom dat pastors ‘n tekort aan doelbewuste “personal survival strategies” oftewel persoonlike oorlewingstrategieë het.

Wat die situasie van die pastor in die AGS-bedeling betref, vermeld Putter (2006: 71-76) faktore soos die verwagting van getallegroei, herderlike versorging ('n onvermoë om dit na gemeentede te deleger) en die belangrikheid van die AGS-pastor in die gemeente (dat hy die spil is waarom die gemeente draai).

Erasmus (1990: 102) het reeds in 1990 faktore soos die onverbiddelike eis van goeie interpersoonlike verhoudings, onafgebroke krisisbetrokkenheid, beperking op die uitleefbaarheid van persoonlike oortuigings, ongedefinieerde rolverwagtinge en die pastor as verteenwoordiger van die kerk in 'n toenemende gesekulariseerde samelewing, vermeld. Wat die AGS-pastor op die platteland betref, het Gloy (2008: 29) bevind dat hy voor uitsonderlike uitdagings te staan kom.

Die navorser vermoed dat die AGS 'n eie situasie het wat unieke uitdagings aan die pastor mag stel. In 'n onderhoud met prof. J. Hattingh (17 Oktober 2011), prinsipaal van die Teologiese Seminarium Auckland Park (voorheen die AGS Teologiese Kollege), vermeld hy dat die AGS-pastor aanvanklik en grootliks van die leiding en bemagtiging van die Heilige Gees in die bediening afhanklik was. Mettertyd het 'n klemverskuiwing in die bediening ontstaan. Leierskapmodelle as 'n antwoord op gemeentesukses het al meer op die voorgrond begin tree.

Hierdie leierskapmodelle is egter nie altyd aan die Bybel getoets nie. 'n Klemverskuiwing na die nuutste leierskaptegnieke het ontstaan. Daar het 'n toenemende gevoel by die pastor ontstaan om met 'n indrukwekkende visie en inisiatiewe vorendag te kom om sodoende gemeente- en persoonlike sukses te verseker. Dit blyk of daar nie onderskeid getref word tussen die pastor as gesalfde en geroepene en die pastor as leier nie – salwing en roeping word reg teenoor of gelyk geplaas aan leierskap. Met hierdie veranderde klem op leierskap as 'n antwoord op pastorale en gemeentesukses, blyk dit dat daar nie meer ruimte vir die genoegsame en verrassende leiding, bemagtiging en inspirasie van die Heilige Gees is nie. Dit gee aanleiding daartoe dat die druk op die pastor bly toeneem.

Wat die huidige stand van navorsing betref aangaande die uitwerking van pastorale druk op AGS-pastore in 'n Suid-Afrikaanse opset, het Gloy (2008) en Erasmus (1990) die grootste bydraes gelewer. Gloy se navorsing sentreer egter net rondom pastore op die platteland, met sy eiesoortige plattelandse druk, terwyl Erasmus se navorsing hoofsaaklik handel oor uitbranding.

Oor die uitwerking van pastorale druk op die persoonlike lewe van die AGS-pastor en die kwessie van doelbewuste selfsorgpraktyke is daar betreklik min studie gedoen.

Met die inagneming van die bogenoemde probleemstelling wil die navorser dus vasstel hoe pastorale druk die pastor as 'n persoon beïnvloed en hoe hy dit hanteer. Die navorser wil

poog om die volgende navorsingsvraag te beantwoord: Watter prakties-teologiese riglyne kan aan pastors in die AGS-konteks gebied word om pastorale druk die hoof te bied?.

Verdere vrae wat hieruit voortspruit is:

- Watter prinsipiële perspektiewe uit die Skrif is relevant met betrekking tot die persoonlike lewe van 'n pastor en sy beleving en hantering van pastorale druk in 'n voltydse bediening?
- Watter bydraes kan ander aangrensende wetenskappe soos, onder meer, sielkunde, sosiologie en kommunikasiekunde tot hierdie navorsing (wat ten doel het om pastorale druk en die hantering daarvan te verstaan) lewer?
- Wat is die vernaamste oorsake van druk in die pastorale praksis soos dit in die empiriese situasie van AGS-pastors vergestaltung vind en in hoe 'n mate beskik AGS-pastors reeds oor Skrifgefundeerde en holistiese selfsorgpraktyke om pastorale druk die hoof te bied?
- Watter nuwe pastorale riglyne kan geformuleer word om die pastor in die AGS-konteks by te staan om pastorale druk die hoof te bied om sodoende meer gemotiveerd, vervuld en optimisties te wees in die uitvoering van sy taak?

Dié situasie sal deurtastend ondersoek word wanneer pastors se beleving van pastorale druk (m.a.w. die invloed wat dit op hulle as persoon het) sowel as hul persoonlike selfsorgpraktyke om pastorale druk te hanteer, verken en beskryf is. Die navorser sal dan poog om pastorale riglyne daar te stel vir die formulering van 'n algemene selfsorgpraktyk om die pastor van hulp te wees om sodoende as persoon meer gemotiveerd, vervuld en optimisties te bly in die uitvoering van sy taak.

1.4 Doelstelling en doelwitte

Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie is om prakties-teologiese riglyne daar te stel om AGS-pastore van hulp te wees om pastorale druk die hoof te bied. Die studie het ook ten doel om ondersoek in te stel na die uitwerking van pastorale druk op die AGS-pastor en of hy oor enige selfsorgpraktyke (wat holisties en Skrifgefundeerd is) beskik om pastorale uitdagings teen te stry.

Die spesifieke doelwitte van hierdie studie is:

1. Om vas te stel tot watter mate prinsipiële perspektiewe uit die Skrif 'n bydrae kan lewer om die pastor as mens te verstaan, asook sy belewing en hantering van pastorale druk.
2. Om vas te stel watter bydraes ander aangrensende wetenskappe soos, onder meer, sielkunde, sosiologie en kommunikasiekunde tot hierdie navorsing (wat ten doel het om pastorale druk en die hantering daarvan te verstaan) kan lewer.
3. Om 'n kwalitatiewe ondersoek van stapel te stuur om vas te stel wat die vernaamste oorsake van druk in die pastorale praksis is soos dit in die empiriese situasie van AGS-pastors vergestaltung vind en in hoe 'n mate AGS-pastors reeds oor Skrifgefundeerde en holistiese selfsorgpraktyke beskik om pastorale druk die hoof te bied.
4. Om nuwe pastorale riglyne te formuleer om sodoende die pastor in die AGS-konteks by te staan om pastorale druk teen te stry en gevolglik as persoon meer gemotiveerd, vervuld en optimisties te wees in die uitvoering van sy taak.

1.5 Die sentrale teoretiese argument

Deur prakties-teoretiese riglyne aan pastore in die AGS-konteks te verskaf, sal hulle voorbereid wees om die pastorale druk wat in die bediening ondervind word, die hoof te bied.

1.6 Metodologie

Die model wat hierdie navorsing die beste sal dien, is dié van Richard Osmer (Smith, 2010: 1). Net soos met teoloë uit die reformatoriese tradisie sal die navorser (uit die Pentekostalistiese tradisie) “krities by Osmer se benadering aansluit as 'n omvattende hermeneutiese benadering tot die studie van die Praktiese Teologie” (De Klerk *et al.*, 2013: 71).

Die navorser kan met die Pinkstertradisie, as verwysing, “self die empiriese ondersoeke met” sy “eie invalshoek en teorieë” doen (De Wet & Pieterse, 2013: 18).

Smith (2010: 2) beweer Osmer se model is 'n “model that interpretive guides can use to interpret episodes, situations, and contexts theologically” en dit bestaan uit vier prakties-teologiese take wat gesamentlik 'n hermeneutiese sirkel vorm:

- **'n Deskriptief-empiriese taak** waar die huidige praksis ondersoek word.
- **'n Interpretatiewe taak** waar die inligting wat in die deskriptief-empiriese taak verkry is, geïnterpreteer word in die lig van bestaande literatuur.

- **'n Normatiewe taak** waar die situasie op teologiese wyse deur die lens van die Skrif ondersoek word.
- **'n Pragmatiese taak** wat die toepassing of aksieplan vorm om die nuwe praksis te implementeer (Osmer, 2008: 4).

Vir die doel van hierdie studie sal daar met die normatiewe taak begin word. Die normatiewe taak, net soos in die geval van die basisteorie van Zeffass se model (De Wet, 2006: 73), is 'n gedetailleerde sistematiese beskrywing uit die Skrif, die betrokke teologiese tradisie en die kerkgeskiedenis oor die inhoud en doel van die navorsingsonderwerp – daarom 'n goeie vertrekpunt. Daar is duidelike ooreenkomste met die basisteorie van Zeffass se model. Volgens Schoeman (2002: 30) het 'n basisteorie te doen met die teologiese teorie wat bibliologies-dogmaties die normatief-etiese fundering van die wese en die doel van 'n spesifieke navorsingsonderwerp weergee.

Die navorser se keuse om met die normatiewe taak in hierdie navorsing te begin, kan verder gemotiveer word deur Osmer se gebruik van die konsep van 'n hermeneutiese sirkel om die verhouding en wisselwerking tussen die vier take te verduidelik (Smith, 2010: 2).

Alhoewel die vier take van mekaar onderskei kan word, is hulle tóg aan mekaar verbind en is daar voortdurend wisselwerking tussen die take. Dit vereis daarom dat die interpreteerder tussen die take moet rondbeweeg (Smith, 2010: 2) en nie noodwendig by die deskriptief-empiriese taak hoef te begin nie. Die keuse van die navorser om met die normatiewe taak in sy ondersoek te begin, sal dus nie die hermeneutiese proses belemmer nie.

1.6.1 Die normatiewe taak: Wat behoort te gebeur?

In Osmer se normatiewe taak, plaas hy baie klem daarop om teologiese konsepte te gebruik om etiese norme daar te stel wat as riglyn vir 'n gepaste respons kan dien en waaruit geleer kan word in die interpretasie van gebeure (De Klerk *et al.*, 2013: 82).

In die normatiewe taak maak Osmer (2008: 132) melding van profetiese onderskeiding (*prophetic discernment*). Volgens hom is dit 'n saak van “divine disclosure and theological interpretation” (Osmer, 2008: 135) en behels dit, onder meer, “a disciplined way of seeking God’s guidance and sorting out what ought to be done in particular episodes, situations, and contexts” (Osmer, 2008: 138).

Volgens Osmer (2008: 135, 139) behels dit die taak van “listening... and interpreting...” en maak dit vorme van teologiese en etiese refleksie moontlik.

Alhoewel Osmer poog om in 'n redelike mate klem op die Skrif te plaas, lê hy, volgens Smith (2010: 8) veel eerder klem op teologiese konsepte en nie genoeg klem op 'n dieptestudie van die Skrif nie:

“... he relies more heavily on theological concepts and on theories from the arts and sciences to guide practical theological interpretation than on in-depth study of scripture. For anyone with a high view of scripture, even practical theology must be exegetical theology” (Smith, 2010: 8).

In die navorsing word met die normatiewe taak begin vanweë 'n bepaalde standpunt oor die gesag van die Skrif. Die navorser werk vanuit 'n Pentekostalistiese benadering waar veral die Woord 'n baie sentrale posisie inneem.

In hierdie stap van Osmer (die normatiewe taak) sal die navorser op histories-grammatiese wyse eksegeese doen oor die volgende uitsoek-Skrifgedeeltes: 1 Korintiërs 4:9; 1 Korintiërs 9:16; 1 Timoteus 1:18; 2 Timoteus 4:5; Handeling 20:24. Beskikbare en relevante wetenskaplike bronne word ook hier geraadpleeg.

Die uiteindelijke doel van Bybelse hermeneutiek, volgens Nurnberger (2002: 77) en soos aangehaal deur Evans (2013: 16), is om 'n gesaghebbende en relevante verklaring uit die Woord van God vir ons tyd (asook die huidige situasie wat ondersoek word) te verkry.

De Klerk *et al.* (2013: 31) vermeld dat alleenlik “wanneer die werklikheid deur die lens van die Skrif beskou word, kan die manier waarop God by die sigbare werklikheid betrokke is en die skeppingsmatigheid van die wêreld, die ware toestand waarin dit verkeer en die goddelike doel waarheen dit op pad is, duideliker en meer volkome” waargeneem word.

Verdere kritiek op Osmer se normatiewe taak het te doen met sy gebruik van die term “normatief”. Dit is problematies omrede Osmer die term “normatief” koppel aan, onder meer, die waarneming van “contemporary models of good practice” (Smith, 2010: 112). Osmer koppel ook die term “normatief” aan wat hy “teologiese interpretasie” noem; dit hou verband met die interpretasie van huidige episodes, situasies en kontekste met behulp van teologiese konsepte. Sy begrip van “teologiese interpretasie” hou egter nie verband met bybelse studie, bybelse teologie of sistematiese teologie wat alleenlik op die Woord geskoei is nie (Smith, 2010: 107) en die gebruik van die term “normatief” is daarom in hierdie verband problematies. Enige menslike waarnemings of afleidings is nie deurgaans betroubaar nie en is in die meeste gevalle feilbaar.

Osmer koppel dus die term “normatief” aan teologiese interpretasie, etiese refleksie en goeie praktyk. Die navorser is egter van mening dat die term “normatief” liefste ten opsigte van die Woord van God gebruik moet word.

Volgens Smith (2010: 112) word die Woord deur ’n groot meerderheid in die Christelike geloofsgemeenskap as gesaghebbend en onfeilbaar beskou en word daarom as norm voorgehou. Nieteenstaande bogenoemde kommentaar, bly dit ’n menslike interpretasie van die Woord van God, maar nogtans is die strewe dat die Woord, en die Woord alleen, die norm moet bly.

1.6.2 Die Interpretatiewe taak: Hoe kan die huidige praxis verstaan word?

Hierdie taak het ten doel om die teologiese teorie, soos verkry uit die normatiewe taak, uit te daag, te ondersteun of uit te brei. In hierdie stap word daar ’n literatuurstudie van die mees noemenswaardige teologiese werke wat oor dié navorsingsprobleem handel, gedoen, met die doel om vas te stel waarom die huidige situasie ontstaan het (De Klerk, De Wet & Pieterse, 2013: 82). In hierdie taak word dan ook kennis van ander wetenskappe in die navorsing geïntegreer om sodoende ’n meer juiste beeld met betrekking tot die werklikheid te verkry:

“Here the interpretive guide must identify the issues embedded within the episodes, situations, and contexts which he has observed, and draw on theories from the arts and sciences to help him understand the issues” (Smith, 2010: 4).

Hierdie taak help, volgens Osmer (2008: 81), om te verstaan wat aanleiding tot die huidige situasie gegee het en hiervoor word skrandere wysheid (*sagely wisdom*) benodig. Dit behels die interpretering van die huidige situasie op ’n wyse manier deur die interpreteerder. Dit verg ook die gee van wyse leiding aan die betrokke individue in die situasie wat ondersoek word, wat sal help om sin te maak van hul lewensituasie en -wêreld (Osmer, 2008: 82). Dit sluit aan by Zeffass se model (De Wet, 2006: 59,73) wat op metateoretiese vlak die resultate en metodologie van relevante dissiplines soos, onder meer, psigologie, sosiologie en kommunikasiekunde in ’n eie teorievorming integreer. Met die interpretatiewe taak verkry die navorser dus ’n breër en meer juiste oorsig van die navorsingsprobleem.

Kritiek op Osmer se interpretatiewe taak behels die idee van skrandere wysheid of (*sagely wisdom*). Vir Osmer hou dit verband met die filosoof Aristoteles se idee van *prōnēsis* (Smith, 2010: 105) wat te doen het met die regte aksiestappe in spesifieke

situasies deur 'n korrekte begrip van die situasie, die morele gevolge en die effektiewe metodes om geskikte doelwitte te bereik.

Alhoewel Osmer sy interpretatiewe taak grond op Bybelse wysheidsliteratuur (Osmer, 2008: 89, 98, 100) uit die Ou Testament, sowel as Jesus as God se wysheid wat aan ons geopenbaar is, is daar baie min of geen vermelding van wat die rol van die Heilige Gees is in die verkryging van insig en wysheid in die interpretasie van spesifieke situasies en hoe die interpreteerder die Heilige Gees se leiding kan agterkom met betrekking tot sekere situasies nie.

1.6.3 Die deskriptief-empiriese taak: Wat is besig om te gebeur?

Osmer praat van die “deskriptief-empiriese taak” (Smith, 2010: 1) van prakties-teologiese interpretasie en hierdie taak in Osmer se model was vir die navorser van groot hulp met betrekking tot empiriese navorsing. Smith (2010: 111) beskryf dit as “the best introduction to empirical research for theological students in practical theology”.

Volgens De Klerk, De Wet & Pieterse (2013: 82) gaan dit in hierdie taak oor die versameling van inligting wat help om die patrone en dinamika van die navorsingsprobleem te onderskei en te beskryf.

Osmer (2008: 28) verduidelik dit beteken om op 'n “priesterlike wyse” te hoor en aandag te skenk aan die probleem voorhande. Dit is gegrond in 'n spiritualiteit van teenwoordigheid: die gee van aandag aan ander in hul besonderheid binne die teenwoordigheid van God. Osmer (2008: 39) praat van “formal attending”. Dit behels om “particular episodes, situations, and contexts through empirical research” só te ondersoek dat dit die pastor sal toelaat om 'n dieper begrip te hê van wat werklik aan die gang is – die doel hiervan is “to deepen their understanding of what’s going on”.

Daarom die vraag: Wat is besig om te gebeur? Hierdie stap in Osmer se model stem baie ooreen met Zeffass se praxis 1 (De Wet, 2006: 73) waarin gepoog moet word om 'n metateorie te formuleer waarby daar vasgestel word wat die huidige situasie of praxis is.

Om hierdie rede sal 'n kwalitatiewe ondersoek van stapel gestuur word. Schurink (in De Vos, 2005: 240) verwys na kwalitatiewe navorsing as 'n “multi-perspective approach (utilizing different qualitative techniques and data collection methods) to social interaction, aimed at describing, making sense of, interpreting or reconstructing this interaction in terms of the meanings that the subjects attach to it” (Schurink, 2005: 240). Swinton & Mowat meen dit is die “careful exploration of the ways in which human beings encounter their world” (Swinton & Mowat, 2006: 31).

Met hierdie kwalitatiewe ondersoek word daar onderhoude met verskeie pastors gevoer om sodoende hul belewing en hantering van pastorale druk asook die mate van werk-bevrediging in die bediening vas te stel. Deelnemers se weergawes van betekenis, ervaring of persepsies word op hierdie wyse na vore gebring (Schurink, 2005: 243).

'n Kwalitatiewe navorsingsvraag, "Watter uitwerking het druk in die pastoraat op jou as persoon en hoe hanteer jy dit?" word aan respondente gestel. Die *probes and prompts*-onderhoudtegnieke (King & Horrocks, 2010: 40) word dan gebruik om respondente aan te moedig om meer uit te wei oor hul respons of om meer duidelikheid te verkry.

Onderhoude word met respondente se skriftelike toestemming opgeneem. Die omgewing en onderhoud word natuurlik gehou en veldnotas word geneem (Flick, 1998: 284-285). Onderhoude word gevoer totdat 'n versadigingspunt bereik is (Mayan, 2009: 63). Data-analise vind plaas deur Tesch (Maré, 2003:16) se metode te gebruik. 'n Onafhanklike dekodeerder se kundigheid word gebruik met die identifisering van temas en subtemas.

Die volgende etiese hoofbeginsels, soos gestipuleer deur die etiese komitee van die NWU in die *Handleiding vir nagraadse studie* (2010: 31) rakende kwalitatiewe navorsing, sal nagekom word:

- Outonomie – respek vir die persoon of persone en begrip van menslike waardigheid
- Voordeligheid – voordeel vir die navorsingdeelnemer
- Onnadeligheid – afwesigheid van skade aan die navorsingdeelnemer
- Geregtigheid – sigbare verspreiding van geregtigheid en gelyke verspreiding van risiko's en voordele tussen gemeenskappe

1.6.4 Die pragmatiese taak: Wat moet gedoen word? Die pragmatiese taak van Osmer behels die formulering van 'n strategie vir die oplossing van die probleem wat in die empiries-beskrywende taak geformuleer is. Dis die taak van "forming and enacting strategies of action that influence events in ways that are desirable" (Osmer, 2008: 176).

Om dus nuwe aksiestrategieë asook 'n moontlike nuwe teorie betreffende die probleem te formuleer, word die betekenis, patrone, reëlmaticghede, verduidelikings en moontlike konfigurasies wat uit die deskriptief-empiriese taak verkry is, geïdentifiseer en blootgestel aan 'n literatuurkontrole wat dan met relevante literatuur en soortgelyke studies vergelyk word. In hierdie fase van die navorsingsproses moet die navorser veral vanuit 'n "dienende" paradigma te werk gaan. Volgens Osmer (2008: 175) kom dit neer op "servant leadership".

Die navorser, wie se studie hoofsaaklik binne die AGS-konteks plaasvind, moet uiteindelik 'n manier vind om met behulp van sy bevindinge, riglyne en strategieë, ander pastors binne hierdie konteks te dien en tot hulp te wees.

Ooreenstemmend tot hierdie stap is Zeffass se model waarin praktyk-teoretiese riglyne geformuleer moet word (De Wet, 2006: 73). Osmer (2008: 176) plaas veral klem op “leading change”. Daarvolgens blyk dit dat die navorser self 'n agent vir die beoogde verandering moet wees. Verandering is die uiteindelijke oogmerk en doel van die studie. Vir werklike verandering om plaas te vind binne die spesifieke veld wat ondersoek word, sal daar, volgens Osmer (2008: 178), 'n voortgaande verbintenis tot 'n kombinasie van verskillende vorme van leierskap deur die navorser vereis word.

1.7 Hoofstukindeling

- Hoofstuk 1: Inleiding, probleemstelling en navorsingsmetode
- Hoofstuk 2: Prinsipiële Skrifgefundeerde uitgangspunte betreffende die AGS-pastor as persoon, asook sy beleving en hantering van pastorale druk – Die normatiewe taak
- Hoofstuk 3: Interdisiplinêre perspektiewe rakende die invloed van pastorale druk op die AGS-pastor – Die interpreterende taak
- Hoofstuk 4: 'n Kwalitatiewe navorsing betreffende die beleving en hantering van pastorale druk asook die beleving van werkbevreëdiging van die pastor in die AGS-konteks – Die deskriptief-empiriese taak
- Hoofstuk 5: Nuwe riglyne vir die hantering van pastorale druk – Die pragmatiese taak
- Hoofstuk 6: Samevattende gevolgtrekking, tekortkominge en aanbevelings

1.8 SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE KORRELASIE TUSSEN 1.3.2, 1.4 EN 1.6

Probleemstelling	Doelstellings en doelwitte	Metodologie
Watter prinsipiële perspektiewe uit die Skrif is relevant met betrekking tot die pastor as persoon en sy beleving en hantering van pastorale druk in die voltydse bediening?	Om vas te stel tot watter mate prinsipiële perspektiewe uit die Skrif 'n bydrae kan lewer tot die verstaan van die pastor as 'n persoon, in die voltydse bediening.	Normatief: Basisteoretiese perspektiewe word gevorm deur op histories-grammatiese wyse eksegeese te doen oor sekere uitsoekgedeeltes in die Skrif wat verband hou met die navorsingsprobleem.
Watter bydraes kan ander aangrensende wetenskappe soos, onder meer, sielkunde, sosiologie en kommunikasiekunde tot hierdie navorsing (wat ten doel het om pastorale druk en die hantering daarvan te verstaan) lewer?	Om vas te stel watter bydraes ander aangrensende wetenskappe soos, onder meer, sielkunde, sosiologie en kommunikasiekunde tot hierdie navorsing (wat ten doel het om pastorale druk en die hantering daarvan te verstaan) kan lewer.	Interpretatief: 'n Metateorie word geformuleer. Bydraes van ander wetenskappe, wat van toepassing is op hierdie veld, word ondersoek. 'n Literatuurstudie van die mees noemenswaardige teologiese werke word ook gedoen. Hierdie metateorie word dan gebruik om die basisteorie uit te daag, te ondersteun en/of uit te brei.

Wat is die vernaamste oorsake van druk in die pastorale praksis soos dit in die empiriese situasie van AGS-pastors vergestaltung vind en in watter mate beskik AGS-pastors reeds oor Skrifgefundeerde en holistiese selfsorgpraktyke om pastorale druk die hoof te bied?	Om 'n kwalitatiewe ondersoek van stapel te stuur om vas te stel wat die vernaamste oorsake van druk in die pastorale praksis is soos dit in die empiriese situasie van AGS-pastors vergestaltung vind en in watter mate AGS-pastors reeds oor Skrifgefundeerde en holistiese selfsorgpraktyke beskik om pastorale druk die hoof te bied.	Deskriptief-empiries: Onderhoude word met verskeie pastors gevoer om hul belewenis van druk asook hulle hantering daarvan (moontlike selfsorgpraktyke) vas te stel. 'n Kwalitatiewe navorsingsvraag, "Watter uitwerking het druk in die pastoraat op jou as persoon en hoe hanteer/verwerk jy dit?" word gevra.
Watter nuwe pastorale riglyne kan geformuleer word om sodoende die AGS-pastor van hulp te wees om pastorale druk die hoof te bied en gevolglik as persoon meer gemotiveerd, vervuld en optimisties te wees in die uitvoering van sy taak?	Om nuwe pastorale riglyne te formuleer wat die AGS-pastor van hulp te wees om sodoende pastorale druk die hoof te bied en om as persoon meer gemotiveerd, vervuld en optimisties te bly terwyl hy sy taak uitvoer.	Pragmaties: 'n Algemene strategie of riglyn sal geformuleer word wat sal dien as oplossing vir die probleem wat in die beskrywend-empiriese taak ondersoek is. Dit word saamgestel deur die hermeneutiese interaksie tussen die basisteorie, metateorie en bevindinge uit die kwalitatiewe ondersoek. 'n Literatuurkontrole word gedoen.

Hoofstuk 2

DIE NORMATIEWE TAAK

Prinsipiële Skrifgefundeerde uitgangspunte betreffende die AGS-pastor as 'n persoon
asook sy beleving en hantering van pastorale druk.

2.1 Inleiding

Met die normatiewe taak van Osmer (2008: 129-173) as riglyn, word daar in hierdie hoofstuk gepoog om uit die Bybel teoretiese uitgangspunte rakende die AGS-pastor, asook sy beleving en hantering van pastorale druk vas te stel. Dit sal gedoen word met inagneming van die pastor in die AGS se bepaalde Pentekostalistiese perspektief as invalshoek. Daarna sal sekere uitsoektekste in die Bybel uitgelig word waar daar op histories-grammatiese wyse eksegeese gedoen en geskikte godsdienstige literatuur geraadpleeg sal word wat moontlik meer lig op die navorsing mag werp.

Die onderliggende vraag waarop daar deurgaans tydens Osmer se normatiewe taak gefokus moet word is: "What ought to be going on?" (Osmer, 2008: 4). Volgens Osmer (2008: 132) is die doel van die normatiewe taak om die navorser by te staan om te bepaal "what I ought to try to accomplish" en sodoende die fokus te vernou.

Die normatiewe taak is, volgens Osmer (2008: 8), drievoudig van aard:

1. Dit behels eerstens 'n styl van teologiese refleksie waarin teologiese konsepte gebruik word om spesifieke episodes, situasies en kontekste te ondersoek. Die fokus val primêr op God se handeling en dan ook die mens se verlangde reaksie. Osmer (2008: 8) vra gevolglik, "In the light of what we know of God, how might God be acting? What are the fitting patterns of human response?" Dis hier waar veral die Bybel 'n belangrike rol speel.
2. Tweedens, die normatiewe taak behels die ontginning van etiese beginsels, riglyne en reëls wat relevant is tot die betrokke situasie en wat as riglyn kan dien vir aksiestrategieë.
3. Derdens behels dit die ondersoek van praktyke in die Christelike tradisie uit die verlede en die hede wat normatiewe begeleiding kan verskaf tot die vorming van patrone vir die Christelike lewe.

De Klerk *et al.* (2013: 6) beweer dat die volgende vrae, wat aansluit by Osmer se normatiewe taak, 'n bepalende onderbou is vir die invalshoek waarmee 'n navorsingsprojek aangepak word. Volgens hulle moet vrae soos die volgende gestel word: Waar kom die handelingspraksis wat

waargeneem word, vandaan? Wat is die wese van wat waargeneem word? In watter mate is die goddelike dimensie teenwoordig in wat waargeneem word? Waarheen is dit wat waargeneem word, op pad?

In 'n poging om hierdie vrae beantwoord te kry en om die drievoudigheid van die normatiewe taak beter uit te voer, moet daar, volgens Osmer (2008:132), eers verstaan word dat die normatiewe taak in die amp van die profeet gesetel is.

Die profetiese amp is gegrond in die wisselwerking wat plaasvind tussen goddelike openbaarmaking asook die aktiewe rol wat deur die profeet (interpreteerder) vertolk word in die vorming van die boodskap. Jesus was in Nuwe Testamentiese tye beskou as 'n profeet, maar Hy was meer as dit. In stede van om bloot net 'n boodskapper met 'n woord van God te wees, sien ons dat Hy sêlf die vervulling van daardie boodskap (profesieë) was. Hy was self die Woord (Joh. 1:1,14).

Profetiese onderskeiding behels uiteindelik om na hierdie Woord te luister en dit op so 'n wyse te interpreteer en weergee, dat dit enige sosiale probleem, gebeure of besluite wat geneem moet word, kan hanteer (Osmer, 2008: 133).

2.2 Die Woord as sentraal tot die normatiewe taak

Volgens Van der Walt en Jordaan (2004: 510), wat uit die Reformatoriese hermeneutiese tradisie kom, word die Bybel as Woord van God beskou en is dit tot vandag toe steeds relevant. Volgens hulle is die oorsprong vir die gesag van die Bybel immers juis daarin te vind dat God self die Een is wat deur en uit die Skrif tot ons spreek. Constantineanu (2010: 16) beweer dat die Bybel ons voorsien van die primêre en derhalwe die normatiewe dokumente van die Christelike geloof en dat dit daarom “normative authority over all who claim to be Christians” het.

De Klerk *et al.* (2013: 31) is van mening dat God Hom in Sy woord openbaar en dat alle kennis wat mense nodig het om in hierdie lewe tot eer van God en tot hulle saligheid te lewe, in die Skrif geopenbaar word. Die Bybel is dus die Woord van God en moet gevolglik ook op 'n sekere manier benader word. Hy meen daar moet met die verwagting gewerk word dat die Skrif, as bron van God se openbaring, helder en genoegsame lig op die veld van ondersoek werp om die essensiële elemente wat daarin teenwoordig mag wees, te verhelder; om gesindhede wat daarin ter sprake kom, bloot te lê; en om duidelike merkers vir vernuwing van praksis aan te dui. (De Klerk *et al.* 2013: 34)

Die konteks van die navorser, asook die konteks van die onderzoekveld is Pentekostalisties en die wyse (of die invalshoek) waarop die Bybel binne 'n Pentekostalistiese tradisie hanteer word, het 'n eie aard. Gevolglik sal hierdie ondersoek getrou aan die Reformatoriese hermeneutiese tradisie van die Bybel as gesaghebbende Woord van God bly, maar terselfdertyd vanuit die Pentekostalistiese perspektief werk.

2.3 'n Pentekostalistiese perspektief en die normatiewe taak

As 'n pastor in die AGS kerk, kom die navorser vanuit die Pentekostalistiese tradisie (klassieke Pentekostaliste) waar die Bybel as normatief beskou word. Volgens Maré (1998: 15) neem die Bybel “'n baie sentrale posisie” in die wêreldbeskouing van Pentekostaliste in.

Oliverio (2009: 308) ondersoek die moontlikhede van 'n definitiewe Pinkster-hermeneutiek in die werk van Amos Yong, 'n vername Noord-Amerikaanse Pentekostalistiese teoloog, en bevind dat hy veral klem lê op drie fasette vir 'n Pentekostalistiese teologiese interpretasie, naamlik “experience, the Word of God and the ecclesial/theological tradition”.

Twee van hierdie fasette, naamlik die Woord van God asook die teologiese tradisie is ook ter sake by die drievoudigheid van Osmer (2008: 8) se normatiewe taak. Vervolgens sal daar afsonderlik na elkeen van hierdie drie fasette, soos deur Oliverio (2009: 308) uitgelig, gekyk word. Daar sal begin word by die Woord en nie noodwendig in dieselfde volgorde hanteer word as wat Oliverio dit vermeld nie.

2.3.1 Die Woord van God (“... the Word of God...”)

Wat die norm vir die christelike praksis betref, meet Pentekostaliste dit aan die Woord van God, die Bybel. Loder (2000: 47) noem dat dit wil voorkom asof die klassieke Pentekostaliste die standpunt gedeel het met die Protestante tradisie se verklaring van *sola Scriptura*, sedert die tyd van die Reformasie ten opsigte van die Bybel. Die Skrif neem dus, soos reeds gemeld, 'n baie sentrale posisie in die Pentekostalis se wêreldbeskouing in.

Davies (2009: 217) vermeld dat “Pentecostal fires never burn more fervently than when they encounter the kindling of the biblical text” en is hy van mening dat Pentekostaliste 'n unieke affiniteit met die Bybel het en daarom 'n beduidende posisie onder die beskermers van die waarheid daarvan bekleed (Davies, 2009: 218). Om hierdie unieke affiniteit met die Skrif te verduidelik, vermeld hy dan die volgende:

“Perhaps more than any other Christian tradition, we have sought to identify our own experiences with those of the earliest church, described in detail in what we recognize as the historical narrative of the Acts of the Apostles, and we have believed, prayed and worked in the Spirit’s power that we might see our own worlds turned upside down just as first century Palestine was. ‘This is that which was spoken by the prophet’ has become our rallying cry as we have sought to see the biblical text reworked and re-enacted in our lives and churches today” (Davies, 2009: 218).

Dat die Bybel vir Pentekostaliste sentraal is en dat dit as die lewende en dinamiese Woord van God verstaan word, word verder deur Thomas (2009: 301) uitgelig. Hy meen dat Pentekostaliste die Woord beskou as “far from being a frozen word... Scripture is viewed as dynamic and inviting, a veritable universe of terrain that awaits readers and hearers who identify with and long for the experiences to which Scripture and a variety of communities of the Spirit testify.”

Die Bybel word dus deur Pentekostaliste as die Woord van God beskou. Pentekostaliste begeer dat die gebeure en belewenisse, soos in die Bybel vervat, ook in hul lewe aktualiseer en elke geloofsbeleving word weer aan die Bybel gemeet. Die Bybel dien dus vir Pentekostaliste as norm vir die Christelike belewenis en lewe.

Enkele eienskappe wat kenmerkend is van die Pentekostalistiese beskouing tot die Woord, sal kortliks vermeld word:

a) Die Gesag van die Skrif

In Pinkster-hermeneutiek is lojaliteit aan die Skrif, dat dit die geïnspireerde Woord van God is, volgens Ellington (2001: 245), ’n aksioma. Omrede die Bybel verstaan word as God se Woord aan God se mense het dit ’n “absolute and foundational authority against which all other truth claims about life in general and the Christian faith in particular are measured”.

Nog ’n aksioma betreffende die gesag van die Skrif, volgens Ellington (2001: 251) is dat Pentekostaliste dit as die onfeilbare Woord van God verstaan. Alhoewel Pentekostaliste hul hermeneutiek op hierdie aanname bou, aanvaar hulle dat “they have neither the ability nor the responsibility to demonstrate this infallibility. Because the Bible is inspired by an infallible God, it is infallible. No further demonstration of its infallibility is either necessary or possible.”

Volgens Davies (2009: 226) lê die gesag van die Skrif vir die Pentekostalis nie iewers in die verlede op 'n vaste punt in die geskiedenis opgesluit nie, maar hy beweer dat “authority and life are generated in the present as Scripture is proclaimed and heard”.

Wright (1991: 3) se vroeëre standpunt stem hiermee ooreen wanneer hy meld dat “we have tended to let the word ‘authority’ be the fixed point and have adjusted ‘scripture’ to meet it, instead of the other way round”. Volgens Pentekostaliste kan die Skrif nie gemanipuleer word nie. Oliverio (2009: 308) beaam dit: “The divine Word is not an object to be manipulated; rather, it interprets us by the power of the Spirit, standing over and against us as an ‘other’.”

Constantineanu (2010: 16) meen dit is uiteindelik net die “persuasive witness of the Holy Spirit to the trustworthiness of biblical revelation that constrains us to grant the Bible the ultimate authority.”

- b) *Die eiesoortigheid van die Pentekostalistiese benadering tot interpretasie van die Skrif*
Wanneer dit kom by prakties-teologiese interpretasie het die Pentekostalistiese tradisie, onder meer, die volgende met die Reformatoriese hermeneutiek in gemeen: daar word aanvaar dat God vandag nog spreek en doen net soos wat dit in Bybelse tye die geval was. In hierdie verband beaam Maré (1998: 16) dit deur te meld dat die outeurs van die Bybel getuies tot hul eie konkrete historiese verhoudings met God was, maar dat dit vandag steeds geld en voortduur en dat daar geen ontologiese breuk tussen God se handeling in die verlede en sy handeling in die hede is nie.

Daar is dus ooreenstemmings soos wat in die werk van die Reformatoriese teoloë Van der Walt en Jordaan (2004: 510) gesien kan word wanneer hulle vermeld dat “God wat eenmaal ’n tydgerigte woord gespreek het, ... daardeur ook tydgerig tot die konteks van vandag...” spreek.

Ten spyte van baie ooreenstemmings wat interpretasie van die Skrif behels, is Archer (2004: 141) van mening dat Pentekostalisme wel ’n eiesoortigheid het, maar dat daar dalk iets daarvan verlore mag gegaan het:

“Pentecostals who use Redaction Criticism and the historical grammatical method are primarily concerned with historical analysis in order to discover the author’s intended meaning. They seek to unlock the passage’s meaning by elucidating what cultural influences and beliefs lie behind the text. The primary

focus, then, is the world behind the text and not the text itself. The importance of the horizon of the present reader has been ignored and furthermore the world of the text becomes secondary to the historically reconstructed world behind the text... Hence, the majority of academically trained Pentecostals who embrace Historical Criticism have moved away from the early Pentecostals' emphasis upon the text and readers. They have embraced Modernity's critical approaches that have always been primarily concerned with the world behind the text. Thus, they have moved away from the early pre-critical Paramodern approach of early Pentecostals to the acceptable critical Modern approaches, and in doing so aligned themselves with conservative North American Evangelicalism whose roots are Reformed and modernistic."

Vir Pentekostaliste moet die Skrif volgens Noel (2007: 257) hoofsaaklik tot die moderne leser spreek. Die Pentekostalis wil poog om die gaping te oorbrug tussen die twee horisonne:

"A hermeneutic that focuses only upon what the original inspired author meant... will not satisfy the requirements of a Pentecostal hermeneutic. The essence of Pentecostalism asserts that the spiritual and extraordinary experiences of the biblical characters are possible for contemporary believers" (Noel, 2007: 257).

Die Pentekostalis, Gordon Anderson (1992: 7) is nie oortuig van 'n unieke Pinkster-hermeneutiek nie en vermeld dat 'n Pentekostalistiese hermeneutiek nie 'n spesiale insig is, wat vir ander onbeskikbaar is nie. Anderson meen dat die Heilige Gees die mens se verstand in staat stel om die openbaring van die Skrif op intellektuele wyse te verstaan, of dat die moontlikheid bestaan dat die menslike verstand heeltemal by magte is om die betekenis van die Skrif sonder die hulp van die Heilige Gees te verstaan en dat dit eerder die wil is van die leser, waarop die Heilige Gees invloed uitoefen.

Noel (2007: 260, 261) is 'n voorstander vir 'n unieke en eiesoortige Pentekostalistiese hermeneutiek en meld dat 'n Bybelse waarheid ten minste verifieerbaar en bewysbaar moet wees. In dié verband verwys hy (Noel, 2007: 260, 261) na William Menzies wat aanvoer dat die kruks van die Pentekostalistiese hermeneutiese

kwessie, metodologies is en dat daar drie vlakke van 'n Pentekostalistiese hermeneutiek moet wees:

- 'n Induktiewe vlak: Dit bestaan uit drie verskillende vorme van luister, naamlik, verklarende luister, luister by implikasie en beskrywende luister;
- 'n deduktiewe vlak: Nadat induktiewe hermeneutiek uitgevoer is, kom sekere patrone of teologiese motiewe na vore wat algemeen tot die hele Skrif mag wees of tot 'n spesifieke outeur. Hierdie patrone en motiewe (alhoewel nie spesifiek so in die Skrif vermeld nie) is essensieel vir die verstaan van die spesifieke nuanse van die teks; en
- 'n verifiëringsvlak: Indien 'n Bybelse waarheid verkondig word, dan moet dit sekerlik verifieerbaar en demonstreerbaar in die lewe wees.

Howard Ervin (soos aangehaal deur Noel, 2007: 261-262) stel 'n pneumatiese hermeneutiek voor wat gebaseer is op die behoefte aan 'n epistemologie wat stewig gewortel is in die Bybelse geloof "with a phenomenology that meets the criteria of empirically verifiable sensory experience (healing, miracles, etc.) and does not violate the coherence of rational categories".

Die Pentekostalistiese ervaring met die Heilige Gees gee eksistensiële bewustheid van die wonderwerke in die Bybelse wêreldbeskouing. Hierdie gebeure is daarom nie langer mitologies nie (die siening van neo-ortodoksie), maar objektief eg. Kontemporêre beleving van goddelike genesing, profesie, wonders, glossolalie en duiwelbeswering is empiriese bewyse van die invloed van 'n sfeer van niemateriële realiteit op ons tydruimtelike bestaan waarmee 'n persoon onmiddellike kontak het en kan hê.

Roger Stronstad (soos aangehaal deur Noel, 2007: 262) glo dat daar vyf komponente tot 'n Pentekostalistiese hermeneutiek is, naamlik, charismatiese voorveronderstellings van belewenis, die pneumatiese, die genre, eksegeese en belewenisverifiëring. Slegs die eerste en vyfde komponent dui op werklike eiesoortigheid. Die ander komponente hou duidelik verband met tradisionele Evangeliese hermeneutiek. Stronstad voel sterk dat Pentekostaliste baie by tradisionele hermeneutiek kan bydra, veral in die areas van voorverstaan en belewingsverifikasie. Hy voer aan dat Pentekostalisme nie beskou moet word as 'n tipe afwyking wat ontstaan het uit ervaringoortollighede nie, maar (soos aangehaal deur Noel, 2007: 262) as 'n

“20th century revival of New Testament theology and religion. It has not only restored joy and power to the church, but a clearer reading to the Bible as well”.

John Tomas (soos aangehaal deur Noel, 2007:263) poog om 'n Pentekostalistiese hermeneutiek te ontwikkel uit die Handeling 15-rekord van die vergadering in Jerusalem. Volgens Thomas gee hierdie gedeelte eerstens 'n voorbeeld van hermeneutiek gebaseer op die kollektiewe beleving van die gemeenskap, tweedens die Skrif en derdens die primêre rol van die Heilige Gees in die bemiddeling van hierdie Skrif tot die konteks van die gelowiges.

Paul Lewis (2000: 95-125) beweer dat die Pentekostalistiese belewenis beide uniek en belangrik is op vele maniere. Hy vermeld eerstens dat, lank voor die debat oor onfeilbaarheid, Pentekostaliste reeds die outoriteit van die Skrif aanvaar het; hulle het immers beleef waarvan die Skrif getuig het. Tweedens, in die debat wat heers tussen die teks en die leser as die lokus van outoriteit, neem Pentekostaliste aan dat beide die outeur en interpreteerder as sender en ontvanger, Goddelike bystand benodig en beide deur die Gees van God geïnspireer word. Kragtens die voorverstaan van die interpreteerder, verskaf die Pinksterbelewenis geloofwaardigheid en versekering dat die pneumatologiese ervarings van die Bybel ook vir vandag bedoel is.

John McKay (soos aangehaal deur Noel, 2007: 267) beweer dat sy persoonlike beleving van die doping in die Heilige Gees, effektiewelik sy beskouing van die Skrif verander het uit blote akademiese belang na 'n beskouing wat subjektief en lewensveranderend was. Hierdie ervaring het sy siening oor die Skrif sodanig verander dat hy in stede daarvan om beide die rasonele- en geestelike insig in die Skrif te omarm, die meer radikale benadering kies deur te suggereer dat geestelike insig belangriker is as rasonele insig. McKay (soos aangehaal deur Noel, 2007: 267) sê in dié verband:

“It is not that Charismatics have ceased to think theologically; quite the contrary. However, their theological perspective has changed, and changed so radically that they find their views no longer fit with those of the majority of today's biblical theologians, and furthermore that they fail to find much satisfaction from participating in their debates. It is my convinced opinion that a charismatic's view of the Bible must be different from everyone else's be they fundamentalists, conservatives, liberals, radicals, or whatever”.

Kenneth Archer (1996: 77) meen dat die tradisionele Evangeliese klem op die histories-kritiese metode belangrik is, maar dat dit nie alleen voldoende is nie. Lesers mag toegang tot die historiese/kulturele betekenis van die teks verkry, maar hulp is nie beskikbaar kragtens die boodskap vir die hede nie:

“The traditional Evangelical historical-critical methods would be utilized in the hermeneutic process but would not monopolize the process. Contemporary Christian experience must also be included in the hermeneutical process” (Archer, 1996: 77).

Maré (1998: 15) vermeld dat die eiesoortigheid van 'n Pentekostalistiese hermeneutiek nie betwyfel kan word nie. Volgens Davies (2009:223) lê hierdie eiesoortigheid daarin dat Pinkstermense die Bybel ondersoekend nalees, “not... to grasp it; but so that God might grasp us through it.”

Clark (2009: 2) maak ook melding van die uniekheid van Pentekostalisme deur te meld dat Pentekostaliste hoofsaaklik mense was “who claimed to have had a particular encounter with God. Not a ‘new’ encounter, but an encounter such as that modelled in e.g. the gospels and Acts – an encounter that occurs within parameters defined by the Christian Scriptures.”

Archer (2007: 305) vermeld ook hierdie eiesoortige karakter van die Pinkster-teologiese tradisie. Alhoewel Pentekostaliste baie teologiese beginsels met ander Christene in gemeen het, het Pentekostaliste tog iets wat hulle onderskei, naamlik, “they have experienced God in ways others do not confess”.

Noel (2007: 272) is ook van mening dat die Gees wel rasonale maniere kan gebruik om te kommunikeer en mense in 'n ontmoeting met God te bring, maar dat dit nie beskou moet word as die enigste vlak van aksie nie. Vir Pentekostaliste is die Heilige Gees aktief in 'n bonatuurlike dimensie en is die Heilige Gees “quite capable of acting in ways that break the rules of more rational approaches and still bring people into a deeper knowledge of God.”

Terwyl Grey (2011: 44) krities is oor 'n unieke of 'n amptelike Pentekostalistiese hermeneutiek, gee sy tog te kenne dat Pentekostaliste op unieke wyse met die Bybel omgaan deur te vermeld dat die kwessie van die teks se “function within the story” vir die Pentekostalis meer betekenisvol is as die “historical reliability”.

Maré (1998: 16) het dertien jaar vroeër reeds vermeld dat die vasstelling van die betekenis van 'n teks in sy historiese konteks vir die Pentekostalis, as sulks, nie voldoende antwoorde vir al die probleme van interpretasie verskaf nie en moet die betekenis “nog vir die hedendaagse tyd en sosiokulturele omstandighede aktualiseer word”. Daarom is dit volgens Ellington (2001: 245) tog steeds noodsaaklik vir Pentekostaliste vir 'n voldoende interpretasie van die teks:

“Truth claims simply do not transfer from a pre-scientific to a scientific to a postmodern worldview without substantial interpretation. Thus, the task of hermeneutics has become of paramount importance for Pentecostals” (Ellington, 2001:245).

b.) Die Heilige Gees

Fee (2000: 5) is van mening dat die uiteindelijke doel van ware eksegeese, spiritualiteit is. Hierdie spiritualiteit word dwarsdeur die Nuwe Testament asook deur Paulus gebruik met verwysing na die Heilige Gees. Spiritualiteit, volgens Fee, hou dus verband met die mate waarin iemand lewe en wandel in die Gees.

Noel (2007:235) som die Pentekostalitiese siening rakende die rol van die Heilige Gees in die Skrif soos volg op:

“The Pentecostal notes the ongoing work of the Holy Spirit through the whole process to the present day. Historically, God revealed himself to the people through both deeds and word. The Spirit safeguarded these traditions perpetuated about the words and deeds of God, first oral and then written, as the Spirit also inspired the authors and editors who constructed the Biblical texts which were accepted as authoritative by the Church. The Spirit through the canonization process led the acceptance and recognition of the Biblical texts by the church. The canonized scripture, which is accepted by all branches of orthodoxy, we read today as the Christian Bible. Today, the Holy Spirit illuminates the mind and heart of the reader to receive the meaning of the Biblical text. Further, the Holy Spirit also enables us to apply those things taught to our daily life.”

Arrington (soos aangehaal deur Maré, 1998:19) is van mening dat die rol van die Heilige Gees 'n baie belangrike aspek van Pinkster-hermeneutiek in die interpretasie proses is deur te meld dat “Scripture given by the Holy Spirit must be mediated interpretively by the Holy Spirit”. Archer (1996: 77) sluit hierby aan en is van mening dat die Heilige Gees gesien moet word as beide die inspireerder van die Skrif sowel as die verlugter (*illuminator*) daarvan en daarom speel die Heilige Gees 'n beduidende rol in die duidelik maak van die kontemporêre betekenis van die Skrif.

Pinnock (2009:162) is van mening dat die Heilige Gees ons help om dinge in 'n nuwe lig te sien “while bound to the definitive word of God in Jesus.” Pinnock beweer ook dat eksegeese belangrik is, selfs onmisbaar, wanneer daar met die tekshorison gewerk word maar hy beweer dat “grasping the text’s significance is another matter. We need to be *seized* by the text. We need to have eyes to see and ears to hear and open hearts. God wants us to recognize his word for today through the Spirit who searches the depths of God (1 Cor. 2.10–16)”.

Noel (2007: 237) gaan sover as om te beweer dat evangeliese-kerktradisies nie die belangrikheid van die Heilige Gees se rol in die bemagtiging van die gelowige om die Skrif te verstaan, besef nie.

Maré (1998:19) sluit hierby aan en volgens hom aanvaar Pentekostaliste dat die Heilige Gees die gaping tussen die teks en die moderne leser oorbrug. Die Heilige Gees skep 'n kontinuum tussen die geskrewe Woord van die verlede en dieselfde Woord vandag. Hy verduidelik verder dat die Heilige Gees die gaping tussen inspirasie (in die verlede) en interpretasie (in die hede) oorbrug. As 'n Pentekostalis waarsku hy egter dat inspirasie van die eksegeet deur die Heilige Gees nie verifieerbaar is nie en gevolglik subjektief mag wees.

Volgens ander Pinksterteoloë is hierdie subjektiwiteit egter onvermydelik, maar volgens Maré moet die Skrif daarom altyd as die objektiewe standaard beskou word en enige interpretasie moet ooreenstem met die gesag daarvan en moet altyd aan die uitspraak van die Bybel getoets word. Volgens hom is geen interpretasie onfeilbaar nie, daarom is dit uiters noodsaaklik dat daar steeds 'n wetenskaplike eksegetiese benadering gevolg moet word. Stronstad (soos aangehaal deur Maré, 1998: 19) beweer in hierdie verband dat interpretasie nie maar net 'n kwessie van beleving alleen is nie, maar ook “a matter of the mind”. Daarom is interpretasie “a matter of rationality as well as experience and spiritual perception”.

Volgens Noel (2007: 236-239) kan die Pentekostalistiese benadering tot die Skrif en die beskouing van die Heilige Gees se rol hierin as volg opgesom word:

- *Die aard van die Bybel*: Die Bybel is 'n geestelike boek, "God-breathed". Die Pentekostalis is nie by magte om hierdie waarheid te glo sonder die "inner witness of the Holy Spirit to its authenticity" nie. (Noel, 2007: 236)
- *God se selfopenbaring in die Bybel*: Indien die Skrif die selfopenbaring van God ten doel het, kan die Pentekostalis nie verwag om dieper insae in die Skrif te kry sonder die Heilige Gees wat, volgens Johannes 16:13, "julle in die hele waarheid lei" nie. (Noel, 2007: 237)
- *Die verdorwenheid van die leser*: 1 Korintiërs 2:14 sê: "Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word."
- *Transformasie van die individuele gelowige*: Noel (2007: 238) meen dat Pentekostaliste nie die Skrif vir blote historiese belang lees nie, maar met die doel van transformasie sodat die Skrif 'n "revelatory text" vir Pentekostaliste mag word.
- *Transformasie van die Kerk*: Volgens Noel (2007: 239) is die Pentekostalistiese benadering dat die Skrif in die konteks van "community" geïnterpreteer moet word:

"Scripture originally arose from the life of the community and was meant to be interpreted in the ongoing life of that community."

Dit bring ons dus by 'n tweede faset van 'n Pentekostalistiese teologiese interpretasie, naamlik ervaring. Hierdie ervaring kan ook gesien word as 'n verdere verstaan van die werking van die Heilige Gees.

2.3.2 Ervaring ("...experience...")

Alhoewel die Skrif vir die Pentekostalis die norm is, is dit volgens Davies (2009: 220) vir die Pentekostalis belangrik dat die Skrif hom by 'n egte ontmoeting met of belewing van God uitbring. Beleving is vir die Pentekostalis belangrik. Enyinnaya (2008: 148) verwys hierna as 'n

“reader-centered” benadering tot hermeneutiek en impliseer dat dit wel moontlike gevare kan inhou.

Davies (2009: 220) is van mening dat dit onmoontlik is om ’n algehele en ’n absoluut omvattende insig in en die verstaan van die teks te verkry, sonder om in ’n mate subjektief met die teks te werk te gaan. Hy haal Anthony Thiselton aan wat meld dat “those who ‘seek to silence their own subjectivity, striving for the kind of objective neutrality which is ... an illusion’ “.

’n Absolute objektiwiteit in ’n poging om ’n omvattende insig en verstaan van die teks te verkry is dus, volgens Davies, nie moontlik nie en kan dit ook nie as ’n voorvereiste dien vir ’n persoon om ’n egte ontmoeting met of beleving van God te hê nie:

“In fact, I am not at all sure that Pentecostals should lay claim to anything that could be called a full understanding of the Bible, or even particularly think it desirable. Explain it, preach it, study it, sure. But hardly *understand* it, for that might mean grasping it, containing it, knowing it, and that might imply an attempt at grasping, containing and knowing the God it reveals, and thereby, in some measure at least, seeking to control and restrict him and his actions in the world and in our lives, to define him out of dangerousness. I do not think we could ever endure such a boxed and pre-packaged deity; Pentecostalism requires a God on the loose, involving himself with the fine details of our earthly existence and actively transforming lives. I think Pentecostal theology, in both its systematic and more popular forms, requires a degree of uncertainty” (Davies, 2009: 220).

Pinnock (2009: 165) praat op dieselfde trant en beweer dat Bybeltekste “do have definite meanings in the historical situation and that meaning is the anchor of our interpretation. But the ‘total’ meaning cannot be restricted to that.”

Hierdie uitgangspunte dui egter nie daarop dat Pentekostaliste die belangrikheid van die Skrif afwater nie. Gordon Fee (1991: 25) is ’n vername Pinksterteoloog wat ’n “author-centered” benadering steun en meen dat dit die taak van die eksegeet en teoloog is “to discover and hear the word in terms of God’s original intent”. Die Pinksterteoloog moet dus nie net ’n “reader-centered” of anders gestel, ’n ervaringsbenadering volg wanneer met die Skrif omgegaan word nie.

Die Pentekostalis maak dus erns met die Bybel en beskou en ondersoek dit as die Woord van God. Vir hom is dit nie maar net nog ’n dogmatiese uitspraak nie, maar gebaseer op

'n persoonlike ervaring van God in sy lewe. Ellington (1996: 17) vermeld dat Pentekostaliste nie hul verstaan van die outoriteit van die Skrif op 'n "bedrock of doctrine" vind nie – "their doctrine is itself resting on something more fundamental, dynamic, and resilient; their experiences of encountering a living God, directly and personally."

Davies (2009: 219) meld dat historiese kontekste en vroeëre teologiese sieninge volgens hom nie so swaar opweeg vir die Pentekostalis as om persoonlik te ervaar hoe God daadwerklik in die hede, vandag, deur die Heilige Gees tot hom spreek nie:

"Pentecostals read the Bible not to learn of the history of Israel, the development of the earliest Christian theology or even of the life of Christ, but to meet God in the text, and to provide an opportunity for the Holy Spirit to speak to our spirits" (Davies, 2009: 219).

Wat Skrifbeskouing en ervaring betref, is Vickers (2006: 385) van mening dat dit vir Pentekostaliste belangriker is "to live the Gospel faithfully before God, not to prove God's existence based upon philosophical argument" en vermeld hy dat vroeëre Pentekostaliste benadruk het dat "religious experience authenticates Christianity."

Alhoewel Alexander (2011: 337) se beskrywing van Pentekostalisme nie werklik as 'n leerstellige kenmerk of as "distinctive" daarvan aanvaar kan word nie, is haar definisie van Pentekostalisme, dat dit in wese 'n spiritualiteit is, baie insiggewend:

"First, it is still a form of tacit protest. It reflects a widespread discontent with the pre-shrinking of 'religion', Christianity in particular, into a package of theological propositions, by the religious corporations that box and distribute such packages. Second, it represents an attempt to voice the awe and wonder before the intricacy of nature that many feel is essential to human life without stuffing them into ready-to-wear ecclesiastical patterns. Third, it recognizes the increasingly porous borders between the different traditions and, like the early Christian movement, it looks more to the future than to the past."

Wat beleving betref is Arrington (soos aangehaal deur Maré, 1998: 16) van mening dat Bybelse interpretasie 'n teorie en metode van hermeneutiek vereis "that enhances a re-experiencing of the biblical text".

Oor hierdie herbeleving van die Bybelse teks meen Davies (2009: 224) "all interpreters condition their reading of a text by a kind of *pre-understanding* arising from their own life context

... [and then] the interpreter *enlarges* the *meaning* of the text being interpreted". Dus, deur die herbeleving van die geïnterpreteerde teks, word die betekenis daarvan uitgebrei of vergroot.

Archer (2004: 42) beweer dat die Pinkster-narratiewe tradisie "an experiential, conceptual hermeneutic narrative" verskaf "that enables them to interpret Scripture and their experience of reality". McKay (soos aangehaal deur Maré, 1998: 16) noem hierdie manier van Skrifbenadering "a theology of biblical experience or, perhaps better, 'shared experience' " en wys daarop dat dit vir Pentekostaliste daaroor gaan om 'n gedeelde ervaring of beleving van God en sy wondermag met die mense wat in Bybelse tye geleef het, te sien aktualiseer in hulle lewe.

Davies (2009: 220) benadruk hierdie onmiddellike, persoonlike herbeleving van die teks en meld dat "the reading, interpretation and proclamation of Scripture have little to do with intellectual comprehension and all to do with divine self-revelation."

Nel (2014: 296) beaam die feit dat die beleving van die teks vir Pentekostaliste belangrik is:

"Pentecostals believe that the modern church should expect to experience the same miracles performed by Jesus and the apostles because they are part of the post-Pentecost experience of the early church as reported by acts ... miracles and healing are part of the salvation announced by the gospel and serve as a sign of reassurance to the believer and witness to the unbeliever... Christ provided his children with mighty power for the relief of suffering humanity, to heal the sick, cast out devils, speak with new tongues, and confirm the word by these outward signs" (Nel, 2014: 296).

'n Algemene beswaar teen Pentekostaliste, volgens Maré (1998: 17), is dat hulle soms hul ervaring in die teks mag inlees. Arrington (soos aangehaal deur Maré, 1998: 17) beweer in hierdie verband dat Pentekostaliste erken dat "praxis informs what they find in Scripture, and they go on to acknowledge that what they find in Scripture informs their Pentecostal praxis". Maar Davies (2009: 222) verdedig die Pentekostalistiese benadering en meld dat dit dalk beskou mag word as "subjectivist, experiential, self-centred even; but then is there really any other kind of reading?".

Goldingay (soos aangehaal deur Maré, 1998: 16) wil ook die belangrikheid van 'n ervaring of 'n beleving benadruk en meld dat dit 'n voorvereiste vir die verstaan van die teks, waarna dit verwys is. Ons vermoë om te hoor wat die Bybel sê begin "with the fact that we

share things with it... and that we want to grow in that understanding, relationship, and commitment to God that is expressed in these texts.”

Goldingay waarsku egter dat 'n mens versigtig moet wees vir die voorveronderstelling van ervaring om sodoende nie daardeur “misled or trapped by it” te word nie.

2.3.3 Teologiese tradisie (“...*the ecclesial / theological tradition.*”)

Die normatiewe taak behels onder meer ook om die tradisionele konteks waarbinne die handelingsveld voorkom, te verstaan.

Wat teologiese tradisie betref, wys Yong (2002: 271) op die belangrikheid van verskillende teologiese tradisies en beweer hy dat “no one event, creed, doctrine, etc., can carry the weight of the entire Christian theological tradition”. Alhoewel tradisies verskil, beweer Yong (2002:306) dat “all truth is God’s truth, wherever it may be found, and that all persons are created in the image of God and therefore possibly reflect aspects of the truth in and through their lives and thinking”.

Archer (2007: 305) pleit vir 'n radikale skuif: dat die Pentekostalistiese beweging as 'n onafhanklike tradisie beskou mag word. In stede daarvan dat daar na Pentekostaliste verwys word as deel van die Evangeliese tradisie, vra hy of die groter en meer ekumeniese vraag nie moet behels om aan te voer dat Pentekostalisme 'n outentieke Christelike tradisie in daad en gedagte is nie?

Volgens hom is dit uniek in die opsig dat “Pentecostal theology will reflect the reality of God’s encounter with humans, developing the recipe with a special ingredient that flavors the whole dish, not just the relish that complements the main course prepared by someone else” (Archer, 2007: 306). Hy is van mening dat die krag van die Pentekostalistiese tradisie in sy “powerful narratives” lê (Archer, 2007:306). Die Pentekostalistiese gemeenskap, volgens hom, is 'n “distinct coherent narrative tradition within Christianity” (Archer, 2004:41).

Pinnock (2009: 161) beweer dat hierdie Pinkster-narratiewe tradisie deel is van 'n groter storie wat besig is om af te speel en dat dit nog nie gekonkludeer het nie. Daarom bestudeer die Pentekostalis die teks histories, “not just to recover past events, but also to anticipate promises contained in those events. The stories are told and retold because the history of God’s salvation is not finished but still open” (Pinnock, 2009:161).

Archer (2004: 38) voer aan dat die uniekheid van 'n Pentekostalistiese hermeneutiek in die fundamentele interpretatiewe vlak gevind kan word in sy eie “unique story”. Wat die Pentekostalistiese gemeenskap hoofsaaklik van ander Christelike gemeenskappe onderskei, is

die Pentekostalistiese tradisie se “distinct narrative” en plaas dit “a particular twist on the Christian story” (Archer, 2004: 38).

Archer (2004: 39) beweer dat ’n persoon se verwysingsraamwerk (“point of view”) gevorm word deur daardie persoon se deelname in ’n geloofsgemeenskap:

“The... biblical scholar’s point of view guides the methodological critical analysis and inevitably shapes the present retelling of past history.”

De Klerk *et al.* (2013: 5) se standpunt kan hierby aangehaak word wanneer hulle vermeld dat ’n navorser met ’n onderliggende werklikheidsbeskouing werk “waarvolgens die gebeurlikheidsdimensie van die ondersoekterrein van praktiese teologie deur die bril van bepaalde voorveronderstellings in oënskou geneem word.”

Die Pentekostalistiese narratiewe tradisie se manier waarop teologie beoefen word toon, volgens Archer (2007: 307) baie ooreenstemming met “the primary biblical way of presenting theology – through narrative.”

Frank Macchia (soos aangehaal deur Archer, 2007: 308) beklemtoon ook die sterk narratiewe tradisie. Hy beweer dat “Pentecostals have always favored testimonies, choruses and prayers over intellectual or critical reflection as the means by which to interpret the gospel.”

Volgens Archer (2007: 312) is die sentrale oortuiging van die Pentekostalistiese narratiewe tradisie gebaseer op die vyfvoudige evangelie waarvolgens Jesus verkondig word as “Saviour, Sanctifier, Spirit Baptizer, Healer and Coming King”. Hierdie verklarings vloei vanuit ’n “redemptive encounter with the living Word, Jesus Christ, who is present in our community through the powerful presence of the Holy Spirit.” As Pinksterteoloog beweer Archer (2007: 312) dat hierdie Pentekostalistiese storie lei tot die formasie van die Pinkster-identiteit:

“...identity, guides our activity and reflects our understanding of salvation for all of God’s creation.”

Die Pentekostalistiese gemeenskap benader daarom outomaties die Skrif vanuit ’n Pentekostalistiese perspektief, gevorm deur hul unieke storie (Archer, 2004: 43). In hierdie unieke storie of Pentekostalistiese narratiewe tradisie, is daar twee belangrike teologiese invloede naamlik die “laat reëns”-motief wat dan die weg baan vir die teologiese konsep genaamd die “restourasie” (of wederoprigting) van die Volle Evangelie (Archer, 2004: 44). Dit verskaf aan vroeëre Pentekostaliste die hermeneutiese lens om die Skrif te interpreteer asook

'n konsepsuele raamwerk waarvolgens hulle hul huidige beleving van die realiteit kon interpreteer (Archer, 2004: 57).

Wat die “laat reëns”-motief betref, verduidelik Archer (2004: 57) dat die Pentekostalistiese narratief mondelings en deur publikasies oorgedra is en dat die “laat reëns”-motief die primêre onderbou vir 'n Pentekostalistiese narratiewe tradisie verskaf (Archer, 2004: 45).

Volgens hom het die Pentekostalistiese narratief, net soos enige ander storie, 'n begin, middel en 'n einde (Archer, 2004: 57). Hy voer aan dat God in die begin van die narratief sy Gees oor 'n verlore en geheiligde Christelike geloofsgemeenskap uitgestort het met die spreke in ander tale as inisiële teken (Handelinge 2).

Die kerk was aanvanklik rein en verenig, maar ná die dood van die apostels het wêreldse invloed die kerk se reinheid en eenheid toenemend begin bedreig. Konstantyn se bekering was egter die doodskoot vir die kerk en het 'n spoedige agteruitgang en geloofsversaking van die Christendom tot gevolg gehad. Die kerk sou gevolglik afvallig word omrede dit die praktyk van Jesus en sy apostels verlaat het. Die “reën” wat aanvanklik op die Nuwe Testamentiese Apostoliese Kerk begin val het, was nou aan die kwyn.

Volgens Archer (2004: 57) word die *middel* van die narratief gekenmerk deur die kerk wat die Romeinse Ryk omarm (Konstantyn staan aan die Christene gelyke godsdienstige status toe deur die Edik van Milan). Gevolglik onttrek God sy Gees van die afvallige hiërargiese Romeinse kerk. Dit was die begin van die sogenaamde Middeleeue. Die ‘reën’ het skynbaar opgehou. Tydens die lang droogte wat gedurende die Middeleeue geduur het, was daar slegs 'n oorblyfsel getroue en vervolgde navolgers van Christus. Deur John Wesley en die heiligheidsbewegings, het die Hervormers hierdie getroue oorblyfsel begin voorberei vir die restourering van die belofte van die ‘laat reën’. Dit bring die middelste gedeelte van die narratief tot 'n einde.

Archer (2004: 57) vermeld dat die paar “druppels” wat egter tydens hierdie droogte geval het, alhoewel dit sporadies was, nader aan die einde van die middelste gedeelte van die narratief in intensiteit begin toeneem het en 'n verwagting begin skep het dat die “reën” binnekort weer sou val, soos wat belowe was. Hy vermeld dat sommige dié sporadiese uitstortings verkeerdelik aangesien het vir die “laat reëns”, maar dit kon glad nie vergelyk met die apostoliese herleving (die “vroeë reën”) aan die begin van die narratief nie.

Volgens Archer (2004:57) het die vroeëre Pentekostaliste geglo dat die “laat reëns” veronderstel was om heerliker en meer mildelik as die “vroeë reën” te wees (Joël 2: 23, 28). Die “vroeë reën” het dus op die dag van Pinkster begin en die eerste manifestasie daarvan was

spreke in ander tale, soos die Gees dit aan hulle gegee het, daarna het die genesing van siekes gevolg, die uitdryf van duiwels, ens.

Archer (2004: 57) is van mening dat dit dus net natuurlik sal wees dat die “laat reëns” van Pinkster ’n herhaling sal wees wat gekenmerk word deur dieselfde manifestasies as in Handeling 2. Volgens Archer (2004:57) blyk dit dat die begin van die einde van die “laat reëns”-narratief ’n aanvang in die jaar 1906 in Los Angeles, Kalifornië geneem het (Archer, 2004: 57). Daarmee verwys Archer na die Azusastraat-herlewing wat deur baie beskou word as die begin van die moderne Pentekostalistiese beweging en dus die begin van die “laat reëns”, die begin van die einde van die Pentekostalistiese narratief.

Hierdie “laat reëns”-motief baan die weg vir die tweede invloed wat ’n beduidende uitwerking op die Pentekostalistiese narratief het, naamlik die “restourasie” (of wederoprigting) van die Volle Evangelie (Archer, 2004: 44).

Archer (2004: 51) haal vir Brooks aan wat beweer dat bonatuurlike wonderwerke opgehou het / gestaak is in die tyd waarin die kerk afvallig geword het. Dit het egter daartoe aanleiding gegee dat daar ’n verwagting ontstaan het vir die uiteindelijke restourasie of wederoprigting van die charismatiese gawes in die kerk. Die Evangelie sonder die manifestasie van die gawes van die Heilige Gees is deur vroeëre Pentekostaliste nie as die volle Evangelie beskou nie.

Met die aanvang van die “laat reëns” bring God egter herstel sodat die volle Evangelie geopenbaar kan word. Doktrines soos regverdigmaking slegs deur geloof, heiligmaking in die kerk, Goddelike genesing en die doping in die Heilige Gees kan nou weer as gevolg van die “laat reëns” plaasvind. Hierdie werk van God deur sy Gees onder Pentekostaliste moet beskou word as ’n bonatuurlike teken van die beweging se legitimititeit (Archer, 2004: 52, 53) en speel ’n beduidende rol in die vorming van die Pentekostalistiese narratief.

Nel (2014: 300-304) se bevindinge aksentueer die volgende eiesoortige kenmerke van die Pentekostalistiese aanbiddingstradisie:

- In Rooms-Katolieke kringe staan die mis volgens Nel (2014: 300) sentraal en in die Gereformeerde kringe, die kansel waar die verkondiging van die Woord hoofsaak is; in Pentekostalistiese kringe speel “ervaring” ’n belangrike rol en maak melding van ’n Christo-Pneumatiese ekklesiologie wat die soeke na ’n

ontmoeting met Christus en die Heilige Gees behels. Elke lid van die kerk moet daarvan kan getuig dat hulle 'n persoonlike ontmoeting met God deur sy Gees gehad het en waar die persoon oortuig was van sy sondige toestand en vergifnis van God ontvang het; só 'n persoon word aangemoedig om van hierdie ondervinding met Jesus as *Verlosser* te getuig.

- Jesus as heiligmaker speel ook 'n belangrike rol (Nel, 2014: 301) – Pentekostaliste word aangemoedig tot 'n lewe van deurdringende gebed (gebed totdat daar deurbrake beleef word) en 'n daaglikse wandeling met die Heilige Gees wat tot hul heiligmaking lei. Heiligmaking word beskou as voorbereiding en voorloper vir die ondervinding van die dopping in die Heilige Gees.
- Jesus as *Doper in die Heilige Gees* (Lukas 3:16) - die dopping in die Heilige Gees word beskou as die gebeure waarin vreesagtige, huiwerige en onvrymoedige dissipels getransformeer en bekragtig word tot 'n missionale gemeenskap wat die evangelie met vrymoedigheid saam met hulle die wêreld indra (Nel, 2014:302). Meeste Pentekostaliste beskou talespraak as die inisiële teken van die dopping met die Heilige Gees omrede Christene van die eerste kerk en eerste eeu in tale gepraat het, soos die Gees dit aan hulle gegee het.
- Jesus as Geneser – 1 Petrus 2: 24: “Deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom”. Pentekostaliste assosieer verlossing met genesing; genesing word beskikbaar gemaak deur die versoeningswerk van Christus (Nel, 2014: 302). Genesings en wonderwerke is iets wat met die eerste eeuse kerk geassosieer word, maar die kerk moet met hierdie bediening van Christus deur die Heilige Gees voortgaan.
- Jesus as terugkerende Koning – Die uitstorting van die Heilige Gees word deur Pentekostaliste beskou as 'n eskatologiese gebeure, as 'n teken van die immanente Dag van die Here (Joël 2: 28-32). Christus kan egter nie terugkeer nie voordat elke volk, nasie en stam die evangelie gehoor het nie, en daarom is Pentekostaliste oortuig dat hulle hierdie dag van Christus (sy wederkoms) kan verhaas deur die evangelie aan elke mens te bring (Nel, 2014: 303).

2.3.4 Gevolgtrekking

Osmer (2008: 8) se normatiewe taak laat dus ruimte dat daar met 'n Pentekostalistiese perspektief te werk gegaan mag word. Volgens die navorser is dit belangrik om hierdie Pentekostalistiese benadering te aksentueer omrede dit die navorser sal help in sy ondersoek

na pastors in die AGS-konteks se beleving en hantering van pastorale druk. Die navorser is van mening dat die manier waarop die AGS-pastor die Bybel benader, lees en verstaan, die toepassing en herbeleef van die waarheid, die werking van die Heilige Gees asook die geloofstradisie waarin hy staan, lig mag werp op sy beleving en hantering van pastorale druk soos dit in die AGS vergestaltung vind en hoe dit hom as persoon beïnvloed.

2.4 Doel

Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie is om ondersoek in te stel na die uitwerking van pastorale druk op die AGS-pastor as persoon. Hoe raak dit hom in die uitvoering van sy taak? In hierdie hoofstuk wil die navorser spesifiek vasstel wat die basiese prinsipiële uitgangspunte in die lig van die Skrif betreffende die persoon van 'n pastor in die voltydse bediening is, hoe pastorale druk hom beïnvloed en hy dit die hoof bied.

Om hierdie doelwitte te bereik, sal daar nou aandag gegee word aan die eksegetiese proses waar gefokus sal word op onderskeie teksgedeeltes wat verkry is uit die pastorale briewe van 1 en 2 Timoteus, asook twee tekste uit die eerste brief aan die Korintiërs en laastens 'n teks uit die boek Handeling.

2.5 Eksegetiese perspektiewe betreffende die uitwerking van pastorale druk op die pastor

2.5.1 Inleiding

Eksegese sal op histories-grammatiese wyse gedoen word. Phillips *et al.* (2012: 9) meen dat die hedendaagse interpreteerder die histories-grammatiese metode moet beskou as “the normative starting point of exegesis.”

Historiese-grammatiese eksegese volgens Van Deventer (2011:297) neem “... 'n baie letterlike verstaan van die teks as vertrekpunt ...”. Maré (1996: 22) stem hiermee saam en is van mening dat die teks, in sy kanonieke vorm, die vertrekpunt vir die eksegetiese proses moet wees. Na sy mening is dit die enigste “seker” gegewendheid. Volgens hom is die omstandighede “agter” die teks en die rol van die leser in die verstaansproses nie onbelangrike aspekte nie, maar geeneen daarvan kan ooit die vertrekpunt wees nie.

Van Deventer (2011: 298) bepleit dat hierdie metode moontlik Reformatoriese wortels het en meld dat die aanvanklike siening was dat “die historiese aspek vir die Reformatore met die letterlike (grammatiese) betekenis van die teks saamgeval” het. Volgens Van Deventer (2011: 294) het “'n figuurlike verstaan van die teks tot en met die Renaissance,

Bybelinterpretasie oorheers. Indien 'n mens die pad van die histories-grammatiese metode verder terug wil neem as die Reformasie, raak die getuienis min en moet sommige van die bestaande getuienis bloot verontagsaam word.”

Van Deventer (2011: 299) is van mening dat die Woord van God, soos dit geskryf staan (*sola Scriptura*), sonder enige verdere ondersoek na 'n diepere, eintlike of toegepaste betekenis, die studie-objek van Reformatore was. Die betekenis van die teks is bloot wat in die teks geskryf staan. Meer indringende vrae na kultuurhistoriese en sosiologiese agtergrond het eers later deel van die diskussie geword, maar steeds in 'n poging om te bepaal “Wat sê die Bybel?”.

Momberg (2001) meen dat die leser sy soeke na die betekenis van 'n skrifgedeelte moet begin by die bewuste moeite om te wete te kom wat die woorde (in Grieks, *grammata*) in hul historiese inbedding beteken het. Volgens Momberg moet die navorser daarna strewende om die teks te verstaan deur die volle taaluiting/taalvorm wat die spesifieke skrifgedeelte ontbloom.

Die histories-grammatiese metode van eksegeese het volgens Van Deventer (2011: 300) wel sekere leemtes, veral wanneer die rol van die leser ter sprake kom. Die rol van die leser is baie belangrik in dié opsig dat hy/sy bewus moet wees, nie net van hul eie verwysingsraamwerk en die invloed wat dit op die leesproses het nie, maar ook bedag moet wees op die gevolge wat die interpretasie vir ander inhou. Dit is, onder meer, om hierdie rede dat die navorser gepoog het om sy persoonlike invalshoek as Pentekostalis hierbo in punt 2.3 uit te lig.

Wat die Gereformeerde hermeneutiek (in die algemeen) en die histories-grammatiese metode betref, is Van Deventer (2011: 300) van mening dat daar nog verdere aandag “aan hierdie subjektiewe aspek” gegee moet word. Dis veral hierdie subjektiewe aspek wat kenmerkend is van 'n Pentekostalistiese benadering.

Maré (1998: 22) maak ook melding van die subjektiewe aspek wat in die histories-grammatiese metode voorkom en verduidelik dat die presiese historiese agtergrond van historiese tekste meestal onbekend is, en dat 'n rekonstruksie daarvan dus baie subjektief is. Aan die ander kant is dit tog waar dat geen historiese teks in 'n vakuum ontstaan het nie, maar vanuit 'n spesifieke historiese situasie en dit is sinvol om, so ver as wat die teks 'n aanduiding daarvan gee, te probeer vasstel wat die historiese agtergrond van die teks is.

Levering (2008: 38) is van mening dat dit, onder meer, ook belangrik is om die bedoeling van die outeur te probeer agterkom alhoewel dit nie 'n maklike taak is om die “intended meaning, perhaps highly complex, with exactitude” vas te stel nie. Die interaksie van die leser met die teks moet volgens Levering ook in ag geneem word omrede dit betekenis in die teks mag onthul wat nie “consciously known to the author” is nie, maar tog tot die teks behoort.

2.5.2 Die pastor

Die bediening van 'n pastor het volgens Stitzinger (1995: 147) reeds sy ontstaan in die Ou Testament. In, onder meer, Psalm 23:1 (“Die Here is my herder ...”) kom hierdie tema, waar daar na God as herder verwys word, duidelik na vore. Die Ou Testament verwys heel dikwels na Israel as 'n kudde wat 'n herder nodig het (Ps. 100:3; Ps. 44:22; 119:176; Jer. 23:1; 50:6).

Stitzinger (1995: 148) vermeld dat ons in die Ou Testament sekere elemente van die funksie en rol van 'n pastor kan sien in God se verhouding teenoor sy volk, naamlik, “Fatherly care, love, mercy, discipline, compassion, and delight toward His people whom He desires to love and fear Him with a pure heart”. Die beeld of metafoor van 'n herder demonstreer ook 'n God wat getrou is sowel as sy outoriteit en die belangrikheid daarvan om aan Hom gehoorsaam te wees.

Die Nuwe Testament bou voort op die idee van die Ou Testament en skets 'n beeld van Jesus as die Opperherder (Joh. 10:11, 14; 1 Pet. 5:4). Die persoon en die werk van die Opperherder kulmineer in sy dood (Heb.13:20, 1 Pet.5:4) en opstanding. Die Goeie Herder lê sy lewe af vir sy skape. Dié wat Hy geroep het, is sy kerk. Christus as hoof van die kerk, lei dit (Ef.1:22, 523-25) en pas dit as sy kudde op. Hy roep pastors as onder-herders om toesig te hou onder sy outoriteit (Stitzinger, 1995: 149).

Stitzinger (1995: 150) meen dat die Skrif duidelik is rakende die amp en funksies van die pastor en dat dit eenvoudig in die Bybel beskryf word as “a spirit-filled man who gives oversight, shepherding, guidance, teaching, and warning – doing all with a heart of love, comfort, and compassion”.

Volgens hom is al hierdie funksies en eienskappe aanwesig en waarneembaar in die eerste eeuse kerk, naamlik, reinheid (insluitend kerkdisipline), primitiwiteit (simplisiteit), vrywilligheid (onder geen dwang om te doen nie), verdraagsaamheid (geen vervolging van hulle wat nie saamstem nie), evangelistiese ywer, toesighouding oor en die bediening van die Bybelse ordonnansies (sakramente). Dit alles plaas die klem op die Heilige Gees en dinamiese bediening en nie op tradisie, hiërargie en korrupsie nie.

Met hierdie kriptiese beskrywing van die pastor as agtergrond, sal verdere inligting verkry word rakende die pastor as persoon, sy persoonlike beleving van pastorale uitdagings en druk deur 'n ondersoek wat in die volgende skrifgedeeltes van stapel gestuur sal word. Hierdie skrifgedeeltes is nie op lukrake wyse deur die navorser gekies nie, maar in al vyf hierdie Bybeltekste word Paulus se bediening hoofsaaklik as model voorgehou vir die Christelike bediening, asook vir die hantering van pastorale druk.

Met betrekking tot die Christelike bediening van die pastor in die kerk is Paulus, volgens Graham (1982: 45), die persoon van wie ons die meeste weet. Teks sal met teks vergelyk word in die ondersoek wat aanvulling en uitbreiding van inligting sal bring. Die skrifgedeeltes wat gekies is, is:

- 1 Korintiërs 4:9
- 1 Korintiërs 9:16
- 1 Timoteus 1:18
- 2 Timoteus 4:5
- Handeling 20:24.

Elke skrifgedeelte sal afsonderlik bestudeer word en die bepaalde konteks daarvan ondersoek word deur na die agtergrond van die brief, boek, hoofstuk en perikoop waarin dit voorkom, te kyk en hoe dit uiteindelik aanleiding gegee het tot die bepaalde skrifgedeelte wat deur die navorser gekies is.

In die eerste vier tekste sal van die 1933-vertaling van die Bybel gebruik gemaak word en met die laaste vers (Hand.20:24) sal van die 1983 Bybel-vertaling gebruik gemaak word. Beide vertalings bevat hul eie unieke voordele, maar beide het ook sekere leemtes. König (2011) beweer dat die 1933-vertaling 'n meer letterlike vertaling is en een van die oudste Afrikaanse vertalings is. Dis gebaseer op, wat aanvanklik as die “algemeen aanvaarde teks” beskou is, die *Textus Receptus*. Dit was 'n grondslagdokument wat saamgestel is uit verskillende manuskripte. Intussen is baie ander, en dikwels beter, afskrifte van boekdele ontdek waarvan vertalings gemaak is. Die 1983-vertaling is, onder meer, een so onlangse vertaling. Dis baie duideliker, vloeiend geskryf en lees veel makliker. Die rede is dat die invloed van die beter grondteks waaruit die vertaling gedoen is, duidelik is. Daar is egter dele in die 1983-vertaling waar metafore wegvertaal is. Beide het dus bepaalde voor en nadele.

2.5.3 1 Korintiërs 4:9

2.5.3.1 Agtergrond van die eerste brief aan die Korintiërs

Wanneer 'n boek soos 1 Korintiërs gebruik word as maatstaf vir die pastorale bediening, is Graham (1982: 45) van mening dat dit dalk, sover dit pastorale teologie betref, sporadies in karakter mag wees. Daarmee bedoel hy dat hierdie brief te doen het met kwessies wat deur die kerk geopper is en daarom beïnvloed en bepaal dit nie net alleen wát die Apostel sê nie, maar ook die manier waarop hy dit sê. Daar moet dus, volgens hom, in gedagte gehou word dat hierdie brief insae gee in die bediening vanuit 'n unieke invalshoek, dat dit 'n reaktiewe

benadering tot die bediening verteenwoordig. Maar Thiselton (2000: 45) is van mening dat daar nie aan Paulus se teologie gedink moet word as bloot reaktief nie. Die navorser stem saam met Thiselton en glo dat hierdie brief 'n voldoende en realistiese blik op die bediening bied en aan die leser 'n goeie idee van die aard en uitdagings wat met die bediening (van die verlede sowel as die hede) gepaard gaan, bied.

Graham (1982:45) meld dat van al Paulus se pastorate "it is the one in Corinth about which we are best informed". Wat die boek van 1 Korintiërs betref, is Thiselton (2000: 45) van mening dat Paulus 'n pastor was wie se teologie voortgespruit het vanuit sy werk as apostel.

2.5.3.1.1 Die stad Korinte

Die stad Korinte is in die suide van hedendaagse Griekeland geleë. Volgens Fee (1987: 1) was dit 'n Griekse stadstaat wat veral floreer het voor en ná die goue jare van Athene (5de eeu v.C. – meer spesifiek 480-404 v.C.). Dit het 'n belangrike rol gespeel in die opstand en konflik teen Rome en is deur die Romeinse konsul Lucius Mummius in 146 v.C. verwoes waarna dit vir honderd jaar dormant gelê het voordat Julius Caesar in 44 n.C. dit as 'n Romeinse kolonie gevestig het.

Die ligging van die stad was van so 'n aard dat dit 'n belangrike kommersiële skeeps- en handelsroete, asook 'n militêre sentrum geword het. Dit het 'n florerende stad geword. Daar was 'n invloed van mense vanuit beide die Weste en Ooste. Die Romeinse invloed was dus dominant. Alhoewel hulle hul wette, kultuur en godsdienste saamgebring het, was die hele Romeinse wêreld weer op hul beurt gehelleniseer. Dus, daar was nog altyd bande met die historiese-Griekse godsdienste, filosofie en kunste. Vanuit die Ooste het die misterieuse kultusse uit Egipte en Asië gekom en dan was daar ook die Jode met hul sinagoges en "vreemde" geloof in 'n enkele God. Die godsdienstige uitdrukking van hierdie stad was so divers as wat sy populasie was.

Die verskeie sosiologiese, ekonomiese en godsdienstige faktore waaruit die omgewing van die stad opgemaak is, het 'n beduidende invloed op die verstaan van hierdie brief wat aan die gemeente in Korinte geskrywe is. Volgens Utley (2013:1) was Korinte letterlik "where the cultures of the East and West met". Ciampa (2010:3) beskryf Korinte as "prosperous, cosmopolitan, and religiously pluralistic, accustomed to visits by impressive, traveling public speakers and obsessed with status, self-promotion, and personal rights."

Dit is na hierdie stad waarheen Paulus die Apostel gekom het in sy tweede sendingreis (soos vermeld in Handeling 18:1-21) waar hy 'n openbaring van die Here ontvang het dat daar

op daardie tydstop nie suksesvolle opposisie teen sy bediening daar sal wees nie. Uitley (2013:2) is van mening dat dit Paulus se sending strategie was om 'n kerk te plant in 'n vername of 'n hoofstad, wetende dat besoekers aan hierdie stede wat tot bekering sou kom, hetsy dit reisende verkoopsmanne of matrose was, dat die evangelie op dié manier sou versprei soos wat hulle verder gereis het.

2.5.3.2 Die ontstaan van die gemeente en pastorale druk wat Paulus beleef

2.5.3.2.1 Ontstaan van gemeente:

Volgens Fee (1987: 6) was hierdie moontlik Paulus se derde keer wat hy met die gemeente te doen gehad het. Sy eerste assosiasie met hulle was toe hy die gemeente geplant het (Hand. 18). 'n Aantal jare ná die planting, oftewel stigting, terwyl Paulus in Efese was, blyk dit dat daar 'n brief deur Paulus aan hulle geskryf is. Paulus verwys na hierdie vorige brief in 1 Korintiërs 5:9. Daar heers nie sekerheid oor wat aanleiding tot hierdie vorige brief gegee het nie, maar dit gee veral aandag aan die probleem van seksuele immoraliteit deur te vermeld dat daar nie met broeders wat só optree geassosieer moet word nie. Gierigheid, roof en afgodery blyk ook in hierdie vorige brief aangespreek te word. Dit blyk of die Korintiër-gemeente nie hierdie skrywe verstaan het nie of dit net bloot verontagsaam het. Vermoedelik het die gemeente in reaksie 'n brief teruggeskryf aan Paulus, soos blyk uit 1 Korintiërs 7:1. Stefanos, Fortunátus en Acháicus mag dit vermoedelik aan Paulus afgelewer het (1 Korintiërs 16:15-17) of Paulus het verslag ontvang uit die huishouding van Chloë (1:11). Hoe dit ook al sy, dit het aanleiding gegee tot die skrywe van 1 Korintiërs.

1 Korintiërs as brief is deur Paulus gedikteer en daar is ook geen twyfel dat dit later in die gemeente voorgelees is en nie in 'n privaat hoedanigheid deur gemeentelede gelees is nie. (Thiselton, 2000: 44)

Johnson (2004: 26) is van mening dat dit moeilik is om 'n verenigende tema te vind en dat dit uiteenlopend verstaan word. Hy haal vir Mitchell aan wat meen dat die tema 'n uitgebreide oproep tot eenheid is. Hy haal ook vir Thiselton aan wat 'n vroeëre mening gehuldig het dat die tema 'n gerealiseerde eskatologie was, maar het dit later laat vaar en meen dat die tema die volgende behels:

“... secularized infiltration into the church of self-promotion, competitive pragmatism, radical pluralism and status elevation through spiritual gifts of the Holy Spirit permeates the letter.”

1 Korintiërs as brief is 'n ad hoc-respons teenoor 'n situasie wat in die gemeente ontwikkel het in die periode toe Paulus die stad verlaat het (51-52 n.C.) tot en met die skrywe van die brief om en by drie jaar later (Fee, 1987:4). Soos reeds vermeld, reageer Paulus in hierdie situasie moontlik op verslae wat deur hom ontvang is (1 Korintiërs 1:11, 5:1, 11:18) of op hul brief (7:1) en ondersoek hy ten minste elf uiteenlopende kwel punte wat na vore kom, waarvan tien met die gemeente se gedrag verband hou en slegs die kwessie in hoofstuk vyftien teologies van aard is.

In al hierdie gevalle is Paulus se groter bekommernis egter die teologiese motiverings agter hulle gedrag. Hierdie kwessies word deur Paulus op korrektiewe wyse aangepak en die doel is om die gemeente rakende hierdie kwessies in te lig en te onderrig.

Ciampa (2010: 52) som die situasie van 1 Korintiërs so op: Hierdie brief is Paulus se poging om die kerk van God in Korinte mee te deel dat hulle deel is van die vervulling van die Ou-Testamentiese verwagting van 'n wêreldwye erkenning van die God van Israel; dat hulle hulself as God se eskatologiese tempel moet handhaaf op so 'n manier wat ooreenstem met hul rein en heilige status deur verenig te wees, heidense gewoontes te vermy en dat hulle onder die heerskappy van Jesus Christus, God in gehoorsaamheid sal verheerlik.

Tradisioneel word die oorhoofse doel van die brief verstaan as 'n reaksie van Paulus teenoor die vorming van faksies in die gemeente (Fee, 1987: 5,6) en dat Paulus die rol speel van arbiter tussen verskillende groepe. Die retoriese styl van Paulus en die intrinsieke bewyse tot die teks bied volgens Fee egter 'n ander invalshoek. Paulus se retoriek is meer aanvallend as wat dit informatief of korrektief is. Fee (1987: 6) meen Paulus “is attacking and challenging with all the weapons in his literary arsenal” en “taking them on at every turn”. Fee (1987: 6) stel dus 'n nuwe konstruksie voor, naamlik dat die brief grootliks ten doel het om aandag te gee aan die probleem wat tussen die gemeente en sy stigter afspeel.

2.5.3.2.2 Pastorale druk wat Paulus beleef

In hierdie ondersoek word by Fee se uitgangspunt aangesluit dat die werklike probleem in 1 Korintiërs gegaan het oor die konflik tussen Paulus (die pastor) en die gemeente.

a) Die antagonisme van die kerk teenoor Paulus het by 'n minderheidsgroep ontstaan

Paulus se opposisie kom in hierdie brief nie van buite nie, maar van sekere binne die gemeente wat 'n toenemende negatiewe invloed op die res van die gemeente begin uitoefen het. Fee (1987: 8,9) vermeld dat Paulus na sy opposisie verwys as “sommige onder julle” (1 Korintiërs 15:12, 4:18). Die verhouding tussen Paulus en die gemeente is besig om te verbrokkel,

alhoewel nog nie tot op 'n punt van openlike vyandigheid nie. Hulle kommunikeer steeds deur briewe oor en weer te skryf. Nietemin het daar 'n anti-Pauliniese sentiment begin ontstaan wat geïnisieer is deur 'n minderheidsgroep wat gevolglik 'n invloed op die meerderheid van die gemeente gehad het. (1987:8) Wanneer Paulus melding van skeuringe in die gemeente maak mag hierdie dalk die gevoeligste “skeur” gewees het, die een wat besig was om te ontstaan tussen Paulus en 'n groot deel van die mense binne die gemeente wat negatief beïnvloed is.

b) Die antagonisme teenoor Paulus spruit vanuit sy opponente se ou sondige lewe

Ciampa (2010: 4) meen dat ons hier met gelowiges te doen het wat pas tot bekering gekom het. Baie van die kwessies kan terugherlei word na hul onkritiese aanvaarding van gesindhede, waardes en gedrag wat verkry is uit die samelewing waaruit hulle tot bekering gekom het. Ciampa (2010:4) noem, onder meer, probleme soos “the glorification of wisdom, the eating of food sacrificed to idols, the denial of bodily resurrection, and the light assessment of sexual immorality, drunkenness, greed, and vexatious litigation”.

Ciampa (2010:5) haal vir Vander Broek aan wat vermeld dat meeste van die probleme ontstaan het as gevolg van die Korintiërs se onvermoë om toe te laat dat die evangelieboodskap hul heidense, Grieks-Romeinse lewe ten volle te verander en dat hulle weliswaar gepoog het om Christene te wees, maar met 'n minimale sosiale en teologiese versteuring.

c) Paulus se roeping word in twyfel getrek

Thiselton (2000: 24) verwys na die kwessie van Paulus se apostolisiteit wat veral onder skoot kom. Vir Paulus was sy roeping as apostel nie 'n “lofty stance based on prestige” nie, maar hy het dit eerder verstaan as “pointing to the cross and sharing in its shame and humiliation as God’s chosen mode of self-revelation.” Verder is Thiselton (2000: 45) van mening dat Paulus nie sy apostelskap gebruik het as 'n instrument vir mag nie maar as 'n oproep “to become a transparent agency through whom the crucified and raised Christ becomes portrayed through lifestyle, thought, and utterance”.

d.) Paulus se gesag verkeer onder verdenking

Evans (2003: 60) is van mening dat die konflikte en verskille wat Paulus poog om aan te spreek grootliks en direk met die kwessie van outoriteit verband hou – “who makes decisions and who has to obey, and why.”

e) Paulus se teologiese wysheid word bevraagteken

Wat aanleiding hiertoe gegee het, mag dalk 'n verskeidenheid van faktore wees. Volgens Fee (1987: 8) het die Korintiërs aan hul nuwe geloof begin dink in terme van “Sophia” (wysheid). Dit blyk dat dit vir hulle dalk die hoogste uitdrukking van geloof was.

Gemeet hieraan het Paulus nie goed gevaar nie. Die inhoud van sy wysheid (die evangelie en prediking) het afgesteek teenoor hul beskouing van wysheid. Die vorm waarin hierdie wysheid oorgedra is, of anders gestel, Paulus se retoriese vermoë, was iets wat vir sy opposisie afstootlik was (1 Korintiërs 1:17). Barnett (2011: 61) beweer dat Paulus in 1 Korintiërs 4 moontlik 'n plaaslike leraar of leraars van wysheid ('n valse wysheid) teiken en blootlê, wat moontlik gepoog het om die leierskap van die gemeente oor te neem.

Alhoewel baie teoloë nie met haar saamstem nie, is Perkins (2012: 65) van mening dat die moontlikheid bestaan dat dit dalk Apollos kon wees wat die gemeente mag bekendgestel het aan 'n konsep van die Christendom as “a higher form of wisdom that made its initiates ‘the wise’ or the ‘spiritual ones’ or ‘the perfect’.”

Volgens Perkins doen Paulus moeite om nie so 'n selfverheerlikte siening oor homself te skep nie. Paulus se terminologie, soos gevind in 1 Korintiërs 3:18 (“laat hom dwaas word”) en in 1 Korintiërs 4:9 (“... ons apostels die laaste plek aangewys het... ons het 'n skouspel geword...”) en 1 Korintiërs 4:10 (“Ons is dwaas ..., maar julle is verstandig... Ons is swak, maar julle sterk. Julle is in aansien, maar ons in oneer”) dui hierop. (Perkins, 2012:67)

Fee (1987:8) vermeld ook die feit dat Paulus met sy hande werk (as tentmaker), nie inpas met sommige mense binne die gemeente se idee van 'n wyse man nie.

f) Paulus word beskou as nie geestelik genoeg nie

Die Korintiërs verwys na hulself as “pneumatikoi” (Fee, 1987:10,11), oftewel geestelikes, maar is nie oortuig dat Paulus “pneumatikos” (geestelik) is nie. Fee suggereer dat dit moontlik die sleutelkwessie tussen Paulus en sy opposisie kon gewees het. In kontras hiermee, verantwoord Paulus homself deur te demonstreer hoe sy swakheid inpas by die evangelie wat hy verkondig. Om hul verwysing na hulself as geestelikes verder te versterk, gebruik hulle veral die gawe van talespraak as bewys dat hulle alreeds deel het aan die engele se bestaan. Hulle het 'n oorgerealiseerde eskatologiese uitkyk van hul huidige bestaan, wat Fee (1987: 12) ook 'n vergeestelike eskatologie noem. Hul huidige bestaan word streng verstaan kragtens geestelike terme. Hulle redeneer dat die Gees aan die “eschaton” behoort en dat hulle reeds die Gees in volle maat ervaar.

Die eskatologiese gebeure is vir hulle dus nie toekomstig nie, maar dat hulle nou reeds deel daaraan het en reeds by daardie punt gearriveer het. Hulle beleef dus nou 'n absolute of sogenaamde “ultimate” (Fee, 1987:12) geestelikheid waarin hulle glo dat hulle bó die blote materiële bestaan van die huidige tyd verhef is. Volgens hulle het Paulus nog nie hierdie vlak van geestelikheid bereik nie.

g) In die oë van sy opposisie beskik Paulus nie oor genoegsame status nie

Thiselton (2000: 24) meld dat Paulus bewus was van sommige “status-seeking people who became believers”. Die problemskeppers in die gemeente was statusbehep. Hulle beskou Paulus se status as “an embarrassment, even after they had come to faith. The apostles appeared like ‘the scum of the earth, the scrapings from people’s shoes’ ”.

2.5.3.3 Die situasie in 1 Korintiërs 4

Om die agtergrond van die situasie in 1 Korintiërs 4 te skets, vra Evans (2003: 59) die vraag of mense leiers in verskillende sfere van die lewe is as gevolg van wat hulle weet of as gevolg van hul karakter of temperament of as gevolg van een of ander sisteem waardeur hulle aangestel is of promosie ontvang het. Vir sommige mense verdien outoritêre figure outomaties respek terwyl ander op hul beurt van meet af outoritêre figure met suspisie bejeën. Barnett (2011: 65) beweer dat daar sekere ambisieuse individue in die gemeente was wat opgang gemaak het, elkeen met sy eie groep volgelinge wat “trots” was op hul leier.

Vir Evans (2003: 59) het die oorkoepelende kwessie in hoofstuk 4 te doen met Paulus se gesag (outoriteit) en leierskap:

“Power operates in many ways. We can use our strength to dominate others; we can use our weakness to manipulate others. Liberty is part of a person’s power: how far are we free to do as we choose? Who or what is in a position to restrict our choice?”

Sommige in die gemeente het gemeen dat Paulus 'n tekort aan gesag het en dat hy nie opweeg teen ander leiers nie. In hierdie verband het Graham (1982:55) vroeër aangedui dat Paulus tog 'n man ván gesag was omdat hy 'n man ónder gesag was.

In 1 Korintiërs 1:1 vermeld hy dat hy 'n geroepe apostel van Jesus Christus deur die wil van God is. Alhoewel die roeping van 'n apostel volgens Gaham (1982: 55) een van die sekerste dinge in sy lewe is, is dit ook die area wat veral onder skoot kom. Dit was 'n stelling

wat Paulus gemaak het, maar 'n bewering wat hy altyd sou moes verdedig en bewys, volgens Graham (p:55), was dit “a proposition he could assert but never prove”.

Paulus se gesag wat onder verdenking is, is dus in hierdie hoofstuk een van die temas wat hy aanraak. Volgens Evans (2003: 63) is daar ook temas soos faksievorming en geestelike hoogmoed wat in die gemeente voorgekom het en wat uit die aard van die saak Paulus se rol en verhouding met die gemeente nog verder uitdaag.

Phillips (2002: 90) meen dat hierdie hoofstuk te doen het met die feit dat die Korintiër-gemeente vanuit die aanname gaan dat hulle 'n oordeel oor Paulus, Apollos en Céfas mag fel, maar Paulus wys hulle daarop dat die oordeel slegs God se prerogatief bly en dat sy oordeel duidelik aan die lig sal kom by die regterstoel van Christus. Volgens Ciampa (2010: 171) het 'n groot deel van die gemeente hul leiers geassesseer deur hulle te beoordeel na wysheid, welsprekendheid en 'n indrukwekkende persoonlike teenwoordigheid en dit as kriteria en maatstaf vir gesag voorgehou. Paulus het nie aan hul kriteria voldoen nie. Paulus se teenargument is egter dat hy nie outoritêr is nie maar dat hy wel met outoriteit bedien. Sy bediening word volgens hom, wel deur gesag gekenmerk:

“En toe ek by julle gekom het, broeders, het ek nie aan julle die getuienis van God kom verkondig met voortreflikheid van woorde of van wysheid nie... en my rede en my prediking was nie in oorredende woorde van menslike wysheid nie, maar in die betoning van gees en krag.” (1 Korintiërs 2:1,4)

Vers een, volgens Trail (1995: 159) het te doen met “stewardship of apostolic ministry”. Paulus en Apollos (en moontlik Céfas) was bedienaars van die verborgenhede van God en hulle moet as sodanig beskou word. Dit gaan hier oor die korrekte wyse hoe die taak van apostelskap beskou moet word. Paulus weier om deur mense vereer te word. Die apostels behoort aan en dien die kerk omrede die kerk aan Christus behoort. Hulle is dienaars (ὑπηρέτεῖς ὑπηρετῆς) van Christus (afkomstig van die woord ὑπηρέτεῖς ὑπηρετῶ – Louw en Nida, 1988: 460).

Louw en Nida (1988: 460) bespreek die woord “hupeireteou” (ὑπηρετῶ) saam met woorde soos “diakoneou” (διακονῶ) en “therapeuou” (θεραπεύω) onder die opskrif “Serve” en wat die moontlike betekenis dra van “to render assistance or help by performing certain duties, often of a humble or menial nature”; dit het ook die betekenis moontlikheid van “to help in small things” of “to do low tasks”. Hoofsaaklik dra dit die betekenis van 'n dienskneg. “Hupeireteis” (ὑπηρετῆς) word dikwels gebruik om te verwys na verskeie tipes van diensknegte, soos die kneg van 'n

koning, amptenare van die Sanhedrin, helpers van die magistraat en, veral, in die Evangelie van Johannes, die Joodse tempelwagte. “Uphrethou” kan ook beteken om aaneenlopende of ononderbroke hulp of ondersteuning oor ’n lang tydperk te bied of aan die behoeftes van iemand te voorsien (Louw en Nida, 1988: 462).

Op hierdie punt verduidelik Phillips (2002: 91) dat die woord “dienaars” verstaan kan word as “an under-rower”. Die woord dra die moontlike betekenis van die beeld van slawe op skepe wat roeiers is. Dit was ’n bekende gesig in Paulus se tyd. Dit is moontlik dat Paulus na homself verwys – nie as een van die slawedrywers wat met ’n sweep toesig oor die slawe hou nie, ook nie as die een wat die trom slaan om ritme aan te gee nie, ook nie as die slawemeester wat al die bevels uitroep nie. In teenstelling met die ander populêre leiers wat nou ’n groot aanhang in die gemeente het, moet Paulus dalk eerder beskou word as een van die slawe in die boot wat saamroeit. Die Korintiër-gemeente moet aan Paulus en Apollos dink as dienaars en hulself daarvan weerhou om hulle te vereer.

Wat **vers twee** betref, verwys Trail (1995: 160) na die woord bedienaars as “oikonomos” (οικονομος), ’n dienskneg aan wie die taak opgedra is om voorraad, toerusting en voedsel uit te deel aan die werkers op ’n landgoed. Iemand aan wie ’n huishouding toevertrou is (1995: 161). Maar so ’n persoon moes eers betroubaar bevind word (vers 2). Louw en Nida (1988: 477) is van mening dat “oikonomos” mag beteken: “one who is in charge of, one who is responsible for, administrator, manager.”

Oor die woord “oikonomos” is Phillips (2002: 92) van mening dat Paulus homself voorhou as iemand wat ’n hoë verantwoordelikeheidsin het, omrede hy ’n bedienaar van die verborgenhede van God (4:1) was. Hy beklemtoon drie sleutel verborgenhede, naamlik, die verborgenheid ten opsigte van die kruis van Christus, die verborgenheid ten opsigte van die kerk van Christus en die verborgenheid ten opsigte van die wederkoms van Christus.

Paulus nooi in **vers drie** die Korintiër-gemeente om hom langs hierdie lyne te evalueer en te assesser en of hy betroubaar daarin is (4:3). Volgens Paulus is dit nie belangrik dat hy deur ’n menslike regbank beoordeel word nie. Hy gee nie om dat hy beoordeel word nie:

“Paul admits to the need for inquiry into his faithfulness, but will submit only to God’s judgment of him, not theirs.” (Trail, 1995: 164).

Wat vir hom wel belangrik is, is dat hy met die wederkoms van Christus, getrou bevind sal word (**verse drie tot vyf**). Hy moet homself verantwoord teenoor Christus. Hy beoordeel en ondersoek homself nie eens nie, want daar is ’n soort selfbeoordeling wat negatief is en wat tot ’n morbiede selfintrospeksie kan lei. Menslike oordeel en selfs ’n subjektiewe beoordeling kan mens soms in die steek laat (Phillips, 2002: 93).

Volgens Phillips (2002: 96) het Paulus nou aandag aan sy opposisie se vooroordele gegee in die gedeelte vanaf 1 Korintiërs 4:1 tot en met hoofstuk 4:5. Vanaf **vers ses** kyk hy veral na die kwessie van hul hoogmoed en ons sien nou in watter lig hy hul hoogmoed beskou. In vers sewe tot agt spot hy daarmee, vanaf vers 9 verwerp hy dit en in vers 18 bestraf hy dit.

Volgens Phillips (2002: 97) gebruik Paulus homself en Apollos (v. 6-13) as voorbeeld; in stede daarvan om die name te noem van die persone wat verantwoordelik is vir die onenigheid in die gemeente, hou Paulus homself en Apollos voor as illustrasie van denominasionele opponente. Volgens Phillips is dit ’n tegniek wat Paulus doelbewus aanwend. Almal in die gemeente weet van die goeie verhouding tussen hom en Apollos en dat niemand hom hieroor kan kritiseer nie. Paulus verwag van die gemeente om uit die verhouding tussen hom en Apollos te leer “...om nie te dink bo wat geskrywe is nie.” (v. 6)

Volgens Ciampa (2010: 175) bereik die argument dan in hierdie deel (v. 6-13) die oomblik van waarheid en die punt waarby Paulus uiteindelik wil uitkom, naamlik, dat “julle nie die een ter wille van die ander opgeblase sou wees teen ’n derde nie”. (1 Korintiërs 4:6c)

In **vers sewe** kom Paulus met ’n reeks ironiese vrae na vore wat suggereer dat niemand voldoende gronde kan aanvoer vir enige superioriteit oor andere nie (Perkins, 2012: 78). “Want wie trek jou voor?” Volgens Paulus het hulle ’n gans te hoë dunk van hulself. Die beskuldiging oor die toe-eiening van iets wat in werklikheid ontvang is (“En wat het jy wat jy nie ontvang het nie?”), verwys hier na hul geloof. Hul arrogansie hou direk verband met hul verdraaide beskouing van geloof. Perkins (2012: 78) haal in hierdie verband 1 Korintiërs 1:4 aan waar Paulus die brief begin met: “Ek dank my God altyd oor julle vir die genade van God wat aan julle in Christus Jesus gegee is”.

Wat **vers agt** betref, beweer Ciampa (2010: 179) dat die Korintiërs onder die egotistiese indruk was dat hulle vinniger geestelike wasdom as Paulus bereik het. Hierdie idee was volgens

Ciampa afkomstig van die Siniese en Stoïsynse filosowe wat 'n hoë premie op wysheid en rykdom geplaas het en hulself as “konings” beskou het. Vir die Korintiërs het die Christelike geloof die ontbrekende bestanddeel verskaf om hulle uiteindelik te verhef tot dit waaroor slegs filosowe kon filosofer.

Die Korintiërs se probleem handel, volgens Ciampa (2010: 179), dus oor hul konformiteit tot die heidense kultuur en heidense gebruike onder hulle. Paulus se strategie behels egter dat hulle hulself moet verstaan kragtens 'n eskatologiese narratief en hulself plaas tussen die kruis en die *parousia*.

Na aanleiding hiervan dui Barnett (2011: 66) aan hoe Paulus die woord “alreeds” in vers agt herhaal en wys op die frase “het julle geheers” om aan te dui hoe verdraaid die Korintiërs se opvatting in werklikheid was. Ja, die vervulling van die eeue het gekom in Christus; God het inderdaad alreeds sy mag opgeneem en begin heers. In Jesus se opstanding het God se toekomstige heerskappy agter ons ingekom en die beloftes van die Ou Testament vervul.

Sommige verwys hierna as 'n gerealiseerde eskatologie; die geloof dat die toekoms die teenswoordige “in Christus” binnegekom het. Maar Barnett (2011: 67) vermeld tereg dat dit belangrik is om die spanning wat hier ter sprake kom, te bly handhaaf. Christus het alreeds gekom, maar terselfdertyd “nog nie” teruggekom nie en dit is duidelik waarneembaar aan die verval en gebrokenheid binne die wêreld sowel as in die kerk.

Hierdie twee realiteite, die “alreeds” en die “nog nie” moet in die gelowige se lewe bevestig word en gelowiges moet in hierdie spanningsveld leef. 'n Oorbeklemtoning van die “alreeds” lei tot 'n oorgerealiseerde eskatologie (soos in die geval van die Korintiërs) en 'n onderbeklemtoning van die “alreeds” kan tereg tot 'n ondergerealiseerde eskatologie lei. Alreeds is hulle volgens 1 Korintiërs 1:5 “in alle opsigte in Hom ryk gemaak... in elke woord en alle kennis” en verkeer hulle tans onder die indruk dat hulle in 'n geestelike hoedanigheid verhewe is en om daardie rede heers.

Maar hieroor gee Paulus sy misnoeë duidelik te kenne: “Het julle tog maar geheers, sodat ons saam met julle kon heers!”.

2.5.3.4 Eksegese van 1 Korintiërs 4:9

“Want dit lyk vir my dat God ons apostels die laaste plek aangewys het as tot die dood veroordeel; want ons het 'n skouspel geword vir die wêreld, vir die engele sowel as vir die mense.”

δοκῶ γάρ, ὁ θεὸς ἡμᾶς τοὺς ἀποστόλους ἐσχάτους ἀπέδειξεν ὡς ἐπιθανατίους,
ὅτι θεάτρον ἐγενήθημεν τῷ κόσμῳ καὶ ἀγγέλοις καὶ ἀνθρώποις.

ἐσχάτους – Volgens Louw & Nida (1988: 740) verwys die woord *eschatos* (ἐσχατος) na “pertaining to being of the lowest status – lowest, least important, last”.

Paulus toon dalk ’n bietjie sarkasme. Die Korintiër-gemeente maak ’n groot ophef van hul faksieleiers. Hierdie leiers is, volgens die gemeente, meer geestelik en wyser as Paulus en die apostels. Paulus, as pastor, word deur die gemeente stief behandel. Hy voldoen nie aan hulle kriteria vir ’n leier nie. Daarom maak Paulus melding dat hy en die ander apostels die laaste plek “geniet”.

“Laaste plek” beteken egter nie dat die bediening as ’n professie afsteek teenoor enige ander professie nie. Die aard van die bediening verskil integraal van enige ander sekulêre beroep. Hoofsaaklik handel die bediening daaroor om te dien. Die woorde van Christus in Matteus 23:11 vind hier weerklank: “Maar die grootste van julle moet jul dienaar wees.” Die sukses van die bediening kan nie gemeet word aan syfers en persentasies nie. Namate die bediening daarin slaag om die rol van dienskneg te vertolk, vervul dit sy doel. Ook in Markus 9:34, 35 staan daar “...hulle het op die pad met mekaar gepraat oor wie die grootste is” en “as iemand die eerste wil wees, moet hy die laaste van almal en almal se dienaar wees”.

Dieselfde betekenis word gevind in, onder meer, Matteus 25:40 “...sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen...”.

Gemeet aan wêreldse standaarde, mag die status van die bediening dalk as gering beskou word. Die koninkryk van God funksioneer egter nie volgens wêreldse maatstawwe nie. Trail (1995: 185) beskryf ook die term as “laaste, heel agter, laagste” en “it refers to rank and succession and indicates ‘last, least, most insignificant’ and refers especially to the apostles who were exhibited as the least among men by the misfortunes they had suffered”. Dit is dus die oortreffende vorm van laaste in tyd of plek; laaste in ’n reeks (Lexicon-Concordance Online Bible, Thayer’s Greek Dictionary); verste ent, finale (van plek of tyd), laagste, uitermate (Lexicon-Concordance Online Bible, Strong’s Exhaustive Concordance). Dit blyk of werklik geroepe bedienaars (pastors) in die bediening teenkanting te wagte mag wees en soms met antagonisme begroet sal word.

Die bediening volgens die Skrif is van so aard dat dit nie veronderstel is om 'n geleentheid vir persoonlike gewin te wees nie. Alhoewel daar sommige is wat doelbewus poog om dit vir eie gewin aan te wend, en sommige onbewustelik.

Fee (1987: 174) het aangedui dat die Korintiërs se arrogansie moontlik hier vergelyk word met 'n triomfantlike generaal in 'n Romeinse oorwinningsoptog – direk teenstrydig met die beeld van 'n dienskneg – en die apostels wat heel laaste in die optog stap omrede dit die plek was vir die veroordeeldes.

ἀπέδειξεν – Volgens Louw en Nida (1988: 341) is hierdie woord afkomstig van die woord *apodeiknumi* (ἀποδείκνυμι), met die betekenis “to cause something to be known as genuine, with possible focus upon the source of such knowledge... to make clearly known”.

Volgens die Strong's-leksikon beteken dit om ten toon te stel, te demonstreer, te akkrediteer, om 'n voorbeeld van te maak. Volgens Trail (1995: 184) beteken dit “to show publicly”, “to put on display” en reken hy dat hierdie betekenis moontlikheid dalk eerder in verband met die woord “skouspel” in die tweede helfte van die vers gebring moet word. Dit kan egter ook “to appoint” beteken. Die pastor is in die publieke oog. Mense kyk op na hom as voorbeeld. Hierdie posisie moet egter met die regte persepsie en gesindheid gevul word.

ἐπιθανάτιους – Afkomstig volgens Louw en Nida (1988: 266) van die woord *Thanatos* (θανάτος) wat “dood” beteken of “ter dood veroordeel”, dra ook die betekenis van manne wat binnekort tereggestel gaan word, dus aangewys is om te sterwe (Strong's-leksikon). Trail (1995: 185) vermeld dat hierdie woord moontlik gebruik is wanneer aangedui is dat veroordeelde misdadigers vir leeu's gegooi is en verwys dus moontlik na die gladiators wat deel uitgemaak het van 'n skouspel in 'n amfiteater.

Paulus se verstaan van die bediening verskil hemelsbreed van sy opposisie s'n. Sy opposisie met hul aanhangers hou 'n bepaalde kriteria en beskouing van 'n apostel voor. Hulle ontken Paulus se apostelskap, want hy voldoen nie aan hulle kriteria nie. Die feit dat sy opposisie aan hul aanhangers se kriteria voldoen en hy (Paulus) nie, veroorsaak dat die gemeente neersien op Paulus. Paulus verwoord dit deur te meld dat dit blyk of hy deur God verstoot en veroordeel is en dat sy opposisie eer en aansien geniet.

θέατρον – Volgens Louw en Nida (1988: 279) is hierdie woord afkomstig van *theouria* (θευρία) wat beteken om “waar te neem” – 'n ongewone objek of gebeurtenis wat waargeneem word, 'n skouspel. Dieselfde woord word in Lukas 23:48 gebruik om die gebeure rondom Christus se

kruisiging te beskryf: 'n sonsverduistering, die voorhangsel wat in twee skeur, die hoofman oor honderd wat besef dat Christus regverdig was, die skare wat hierdie gebeure waarneem en op hulle bors slaan – almal waarnemers van die grootste skouspel ooit.

As bedienaar van die Evangelie het Paulus (en die apostels) 'n skouspel geword vir die gemeente en die wêreld. Hierdie was egter 'n skouspel in 'n negatiewe lig. Dit was 'n skouspel as gevolg van die vernedering, bespotting en ontkenning van sy apostelskap wat hy moes verduur.

Die Thayer's-leksikon dui aan dat die woord *theatron* (θέατρον) ook op 'n teater of plek waarin spele en dramatiese skouspele gehou is, kan dui – daar waar publieke samekomste plaasgevind het. Die metaforiese gebruik in hierdie vers is om te verwys na 'n persoon van wie daar openlik 'n bespotting van gemaak word (Thayer's-leksikon); 'n buitengewone gesig; “to put on display at the end of a victor's parade to be stared at” (Trail, 1995: 186).

Volgens Inkelaar (2011: 55) gee 1 Korintiërs 4:9 'n radikale interpretasie van wat die apostoliese bestaan behels en is dit 'n uitbeelding van die paradoksale aard daarvan. Volgens Ciampa (2010: 180) is die enigste manier waarop die Korintiërs hul triomfantelike, voorspoedteologie van gemak kan bly handhaaf, om die paradigmatische ervaring van die apostels heeltemal te ignoreer.

Perkins (2012: 67) beweer dat die terminologie wat gebruik word in 1 Korintiërs 4:9 (“want ons het 'n skouspel [*theatron*] geword vir die wêreld”) en in hoofstuk 3:18 (“laat hom dwaas word”) sowel as die terminologie in hoofstuk 4:10 (“Ons is dwaas ter wille van Christus ... Ons is swak ... ons in oneer”) daarop wys dat die hele scenario beskryf word ten opsigte van populêre vermaak van daardie tyd.

Die Korintiërs met hul beweerde wysheid word deur Paulus vergelyk met die sosiale elite wat op spesiale sitplekke sit en voordele geniet terwyl hulle in 'n amfiteater na 'n toneel of sport kyk. In hedendaagse terme sou dit wees soos toeskouers wat vanuit 'n losie (*box or suite*) (Fee, 1987: 174) na 'n gebeurtenis in 'n stadion of teater kyk. Van die voordele sluit, onder meer, in dat hulle hul eie persoonlike ingange tot die teaters en amfiteaters het.

Hierteenoor verwys Paulus na homself as veroordeelde gevangene in 'n Romeinse triomftog of moontlik as een van die gevangenes in die populêre en wrede gladiatorspele in die arena (of amfiteater) en as deel van 'n skouspel na gekyk word.

Paulus se gehoor is deeglik bewus van wat hy besig is om te doen, omrede hulle weet wat dit beteken om getuies of omstanders te wees van so 'n vernederende teregstelling van 'n eens trotse lid van 'n koninklike huis of 'n gewone misdadiger in die gladiatorskouspele. In hierdie opsig beskryf Thiselton (2000: 24) die apostels as “bloodied fighters in the stadium, even

if some Corinthian believers later came to perceive themselves as exempt from such a struggle, sitting among the seats of the spectators who judged the quality of the apostolic performance...” (1 Korintiërs 4:9-13).

Paulus sien die nut en waarde daarvan om ontbering te verdra, maar dit beteken nie dat hy masochistiese neigings toon nie (Ciampa, 2010: 180,181). Hy beskou dit eerder as ’n onderskeidende kenmerk van die egtheid van sy apostelskap, want dit manifesteer sy konformiteit tot Christus se lyding. Hierdie ontberinge van hom is nie buite God se wil vir hom as apostel nie. Intendeel, hy vermeld dat dit blyk of dit God is wat vir die apostels die laaste plek “aangewys” het. Die bediening, soos dit dus in die Skrif omskryf word, is veronderstel om die onderskeidende kenmerk van die egtheid van die pastor se konformiteit aan Christus, te toon. Paulus het ten doel dat sy apostelskap ’n refleksie van die kruis sal wees, en nie ’n poging om ’n outonome held en martelaar te wees nie. Paulus pas hier die teologie van die kruis toe (Fee, 1987: 166): Vir Paulus was die apostolaat ’n kwessie van “...like master, like servant” (1987: 175).

In teenstelling met die Korintiërs se verhewenheid, dat hulle alreeds soos konings heers, konsentreer Paulus in sy teenargument op sy “swakhede”. Volgens hom het hulle, as gevolg van hul arrogansie, heeltemal ’n verdraaide beeld van dissipelskap asook van die apostolaat. Constable (2007: 41) som hul verdraaide siening goed op:

"The Corinthians in their blatant pride were like the conquering general displaying the trophies of his prowess; the apostles were like the little group of captives, men doomed to die. To the Corinthians the Christian life meant flaunting their pride and their privileges and reckoning up their achievement; to Paul it meant a humble service, ready to die for Christ."

Paulus se beskouing van die apostolaat hou direk verband met die boodskap van die kruis, of soos Fee (1987: 175) dit noem, “The scandal of the cross”. Ciampa (2010: 181) stel dit so:

“Christ’s rejection as one ‘dishonored’ or ‘disgraced’ by the shame of the cross colors Paul’s language [here].”

2 Korintiërs 6:10 toon in hierdie verband ’n spesifieke ooreenkoms met 1 Korintiërs 4:9 wanneer Paulus na die bediening van die apostels verwys as “armes, maar wat baie ander ryk maak”; ook met sy voorbeeld van Jesus in 2 Korintiërs 8:9 waarin hy vermeld dat “alhoewel Hy ryk was,

ter wille van julle arm geword het, sodat julle deur sy armoede ryk kan word.” ’n Duidelike verband bestaan ook tussen 2 Korintiërs 4:10-13, 1:9 en 2:14-3:3 met die fokus op die “doding van die Here Jesus” wat Paulus in hom saamdra.

Hierdie uitgangspunt van Paulus het nie in die verhewe beskouing van geestelikheid van die Korintiërs gepas nie. Die Korintiërs se arrogansie en trots in hul geestelike status het klaarblyklik ’n stuk verleentheid ingesluit oor Paulus wat, na hul mening, geestelik ontoereikend was. Nie eens om van sy gebrek aan wysheid en welsprekendheid te praat nie. (Fee, 1987: 175)

Uiteindelik lug Paulus sy mening in hierdie hoofstuk oor die Korintiërs se arrogansie deur te meld dat hy nie net bloot voel soos een wat in die openbaar tereggestel word nie, maar verduidelik in die oortreffende trap dat hierdie gebeure eintlik ’n spektakel vir die hele wêreld geword het om te aanskou.

Die apostels se degradering onder die hand van sommige in die Korintiër-gemeente, wek dus eintlik ’n veel groter belangstelling as wat die toeskouers in ’n arena of amfiteater sou ervaar. Daar kom ’n kosmiese dimensie by tot hierdie spektakel. Die belangrikheid van die apostels se bediening is van só ’n aard dat “selfs engele dit dophou,” volgens Garland (2003: 140) en Fee (1987: 175).

2.5.4 1 Korintiërs 9:16

2.5.4.1. Die situasie in hoofstuk 9

Barnett (2011: 147) is van mening dat die tema in hoofstuk 9 te doen het met Paulus se “vryheid” wat hy as ’n resultaat van sy gesag as apostel, verkry het. Perkins (2012: 106) stem hiermee saam. Dit volg nadat Paulus in hoofstuk 8:7-13 ’n argument begin aanvoer het oor die komplekse probleme oor afgode en die vleis wat aan afgode geoffer is en hoedat die gelowiges daarop bedag moet wees (v. 9) dat hul vryheid (om dit te eet) nie dalk ’n struikelblok kan veroorsaak vir dié wat ’n “swakke” broeder (v. 11) is nie, maar dat hulle hulself eerder daarvan moet weerhou om sodoende hul “swak” broers nie te laat struikel nie.

In hoofstuk 9 val Paulus homself in die rede deur dan op sy eie vryheid as apostel te fokus en sommige teoloë meen dat hy dit hier verdedig. Sy argument wat hy in hoofstuk 8 begin het (die eet van vleis aan afgode geoffer) hervat hy weer in hoofstuk 10:23-11:1. Die kruis van sy argument in die onderskeie gedeeltes in 1 Korintiërs 8 en 10 is, soos reeds gemeld, dat dit beter is om jou vryheid (om te eet wat jy wil) prys te gee as om toe te kyk hoe iemand anders as gevolg van jou vryheid van die Christelike geloof afvallig raak. Fee *et al.* (2011: 653) beweer dat

Paulus meen dat dit 'n sonde teen Christus self is indien 'n gelowige (met 'n swak gewete) van die geloof afvallig raak as gevolg van 'n ander gelowige wat nie van sy regte wil afsien nie.

In hoofstuk 9 verskuif Paulus sy fokus na homself en sy eie vryheid as apostel. Hy hou homself as 'n voorbeeld van wat dit beteken om as gelowige jou vryheid en regte af te lê. Die rede hoekom hy sy regte aflê, word saamgevat in vers 19-23 en dit is om uiteindelik verlore nes deur sy ywer (wat deur Christus geïnspireer is) na God te lei. (Perkins, 2012: 107, Barnett, 2011: 147)

Deur homself hoofsaaklik as voorbeeld in hoofstuk 9 voor te hou, neem Paulus hom voor om self sekere kritiese aspekte aangaande die Christelike geloof vir die nuwe bekeerlinge te demonstreer. Hy weet dat mense meer uit 'n bedienaar se voorbeeld (*exemplum*) leer as uit 'n bedienaar se woorde (Galloway, 2001: 220). Daarom is hy so gedetermineer om homself finansiëel te onderhou en daardeur te toon dat hy hard werk in 'n kultuur waar werk verag is en beskou is as iets wat slegs vir slawe bedoel was (Barnett, 2011: 147).

Paulus verdedig in v.1-6 van hoofstuk 9 sy apostelskap deur te meld dat hy daarin, as persoon, geen vryheid het nie. Sy apostelskap is iets wat deur God aan hom toevertrou is ("die dwang is my opgelê") volgens hoofstuk 9:16, en hy het nie die vryheid om daarvoor te beslis nie. Aan die anderkant beskik hy wel oor die vryheid om sy persoonlike "reg" op te neem om enige finansiële vergoeding van die Korintiërs te ontvang al dan nie, soos in vers 13-23 en volgens Barnett (2011: 148). Die kwessie van '*patronage*' (begunstiging) volgens Perkins (2012: 117) wat in hierdie hoofstuk na vore kom, word deur Paulus aangewend om die tema van "Om jou vryheid prys te gee" by die Korintiërs in te prent.

Perkins (2012: 117) beweer dat Paulus se verdedigende houding ("Maar ek is mos 'n apostel!") dalk ook te doen mag hê met moontlike vergelykings wat deur die Korintiërs tussen hom en die ander apostels, soos Petrus en die broers van Jesus, getref is – in hierdie geval heel moontlik tussen hom en Barnabas (1 Korintiërs 9:6).

Soos reeds vermeld, beweer Perkins (2012: 117) dat daar in hierdie hoofstuk sterk klem gelê word op "patronage relationships" (begunstigde verhoudinge) en voer sy aan dat die apostels wat in geestelike dinge onderrig gee, na regte veronderstel is om materiële / finansiële ondersteuning van gemeentes te ontvang. Dis 'n "verpligting" wat bevestig word deur die Mosaïese wet (1 Korintiërs 9:9), Jesus se lering (9:14) en 'n algemene gebruik (9:13).

Perkins (2012: 117) meld tereg dat Paulus se weiering om in so 'n verhouding met die Korintiërs betrokke te raak, aanstoot tot die meer vermoënde Korintiërs mag gegee het. Barnett (2011: 148) beweer weer dat die rede waarom Paulus geweier het om betaling van die

Korintiërs te ontvang, is moontlik vanweë “ander” (v. 2a) buite die gemeente wat hom nie as ’n apostel beskou het nie en wat beskuldigend teenoor hom mag staan (v. 3).

Paulus wil nie hê dat materiële ondersteuning ’n hindernis (v. 12) moet wees wat mense moontlik kan verhoed om die Evangelie aan te neem nie. Sy argument en redenasie stem (volgens die navorser se mening) baie ooreen met die afgode- en vleiskwessie (1 Korintiërs 8:13). In hoofstuk 9 weerhou hy hom egter daarvan om geld te ontvang om sodoende andere vir Christus te wen. Alhoewel hy goeie bedoelinge het met sy weiering, kon dit dalk ook sy apostelskap in gedrang bring en sy opposisie nóg meer skietgoed gee omrede dit ’n algemeen was dat apostels geld en materiële ondersteuning (te maklik) aanvaar het.

Waar die bedreiging in hoofstuk 4 hoofsaaklik van binne die gemeente gekom het, maak Paulus hier ook melding van andere buite die gemeente (Barnett, 2011: 148) en dit beteken dat Paulus wel deeglik bewus was van hulle. Indien hy dus ’n verkeerde indruk sou skep, was die kanse skraal dat hulle Christus ooit sou kon aanvaar en hy hulle vir Christus kon wen.

Volgens Barnett (2011: 148) kon Paulus se aanklaers waarna hy in vers 2 verwys, onder meer, sy apostelskap uitdaag en hom moontlik van die volgende dinge beskuldig:

- Dat hy nie ’n lid van die oorspronklike groep van dissipels was of werklik ’n getuie (v. 1c) van die gebeure rondom die opgestane Jesus was nie, nie deur Hom uitgestuur of afgevaardig was nie en dat hy ’n vervolger van die kerk was.
- Sy weiering om geld te aanvaar, kon dalk deur hulle gebruik word as ’n bewys dat hy nie werklik ’n apostel is nie – klaarblyklik het ander erkende apostels met hul gades wel finansiële ondersteuning aanvaar (1 Korintiërs 4-5, 2 Korintiërs 11:7-12).
- Hulle kon sy openheid om saam met heidene te eet, beskou het as ’n bewys dat hy sy Joodsheid laat vaar het en dat dit hom daarom as ’n apostel van die (Joodse) Messias, Jesus Christus (v. 19-23) diskwalifiseer.

Hierdie “ander(e)” waarna Paulus verwys in vers 2, mag, volgens Barnett (2011: 148) moontlik Judaïste gewees het. Dit was persone wat streng volgens die wet van Moses geleef het en heidense gelowiges onder die juk van die wet wou indwing. Dit kon heel moontlik vorige volgelingen van Paulus gewees het voor sy bekering – volgelingen wat onderneem het om hom destyds as Saulus te ondersteun in sy missie om die gelowiges te vervolg. Hulle was moontlik uit Jerusalem afkomstig en het Paulus gevolg na Galasië en Sirië en het hierdie negatiewe gerugte oor Paulus in Agaje versprei.

Barnett (2011: 149) veronderstel dat hierdie persone moontlik die sinagoge-netwerke gebruik het om twyfel te saai onder die Joodse lede in die gemeentes, veral die Galasiër-gemeente (soos te sien Galasiërs 1 en 2) en ook in hierdie geval, die Korintiër-gemeente. Tog wil dit voorkom asof hierdie “opponente” van Paulus nog nie met die skrywe van die brief (1 Korintiërs) al in Korinte was nie, want hy maak melding van hulle asof hulle nog nie die gemeente persoonlik binnegekom het nie. Die negatiewe gerugte aangaande Paulus het wel, en dit verduidelik die Korintiërs se antagonisme jeens Paulus. Maar hierdie bedreiging was immanent, want toe Paulus ’n jaar later die tweede brief aan die Korintiërs geskryf het, het hulle wel reeds hul opwagting gemaak en groot skade in die gemeente aangerig.

Tog was die meerderheid lidmate volgens Barnett (2011: 151) van heidense afkoms en beweer hy dat die Judaïete se argumente nie veel van ’n invloed op hulle kon hê nie – hulle was tog immers “die seël” op Paulus se apostelskap in die Here (v.2b). Waarom skryf Paulus dan so ’n belangrike benoeming aan die Korintiërs toe en verwys na hulle as ’n bevestiging van sy apostelskap?

Barnett (2011: 151) meen dat Paulus se hele missie aan die heidense wêreld berus het op die oorlewing en die groei van die Evangelie in hierdie Egeïese hoofstad, naamlik Korinte.

2.5.4.2 Opsomming van vers 1-15

In **vers 1** vra Paulus vier retoriese vrae: Is hy dan nie ’n apostel nie? Is hy nie vry nie? Het hy dan nie die Here Jesus gesien nie? Is die gemeente dan nie sy werk in die Here nie? Die vrae het, volgens Trail (1995: 361), ten doel om Paulus se kritici uit te daag. Al die vrae bevat die Griekse negatiewe partikel *οὐ* (ou) wat ’n positiewe antwoord as reaksie verwag.

Vers 2 is, volgens Perkins (2012: 118), ’n stelling waarin Paulus impliseer dat sy “gehoor” (die Korintiër-gemeente) die bewys en seël van sy apostelskap is, al is daar “ander” wat dit betwyfel.

Wat die gedeelte vanaf **vers 3-12** betref, is Evans (2003: 68) van mening dat Paulus hier ’n prentjie skets van die huidige praktyk van bedienaars soos wat dit met Cefas, die broers van die Here en die ander apostels die geval is. Die materiële ondersteuning wat hulle verkry, is nie verkeerd nie. Paulus beaam dit deur ’n klomp stellings. Dit is hoogs waarskynlik dat die Jerusalem-gebaseerde gemeentes, waarvan Petrus en Jakobus die leiers was, materiële ondersteuning aan hulle verleen het.

Perkins (2012: 118) noem oor dié gedeelte dat Paulus hier die regte van 'n apostel eers duidelik moes vasstel voordat hy sy eie gedrag en optrede as 'n voorbeeld kon voorhou van wat dit beteken om as gelowige jou vryheid prys te gee.

Hy open hierdie gedeelte met 'n lang string retoriese vrae (v. 4-7), 'n demonstrasie uit die Skrif (v. 8-10) en samevattende vrae (v. 11-12). Die formele patroon van analogieë wat gestel word as retoriese vrae in vers vier tot sewe, word onderbreek deur 'n aanhaling uit die Tora. Om aan te sluit by sy ondervragingstyl, word hierdie aanhalings dan ook as vrae gerig. Deur dit te doen, word Paulus se direkte stelling oor sy eie gedrag en voorbeeld in vers 12b-c hiermee beklemtoon.

Volgens Perkins (2012: 118,119) skep Paulus se inisiële vrae in **vers vier tot ses** die indruk dat die apostels in 'n sekere sin 'n verwagting mag ontwikkel het dat die gemeenskappe waar hulle bedien het, aan hulle en hul families materiële ondersteuning móés bied. Die probleem wat moontlik hier na vore tree, is 'n gesindheidsprobleem wat mag behels het dat bedienaars (die apostels) nie meer die Evangelie verkondig het enkel en alleen uit die noodsaak en krag daarvan vir sy hoorders nie, maar dat dit moontlik gekoppel en geassosieer was met persoonlike materiële vergoeding. Dit mag dalk die algemeen aanvaarde “norm” gewees het dat gemeentes bedienaars vergoed het. Dit was in dié tyd in die sekulêre wêreld algemeen bekend dat iemand vir sy dienste vergoed word. Dit het gegeld vir orators, filosowe, kunstenaars en skrywers. Die sekulêre wêreld se uitgangspunte en norme is egter nie dié van 'n apostel nie, al is dit 'n morele gebaar.

Paulus en sy kollega Barnabas daag hierdie algemeen aanvaarde “norm” uit deur 'n ambag te beoefen en nie vergoeding te aanvaar nie. Paulus wys hiermee dalk na 'n verkeerde gesindheid wat besig is om onder bedienaars pos te vat. Ja, hulle is geregtig op vergoeding, maar wanneer jy geroep is as bedienaar, gaan dit eerstens om die verkondiging van die Evangelie – dis hoofsaak. Indien jy wel daarvoor vergoeding ontvang is dit goed, maar 'n apostel se vertroue is eerstens in God en nie in mense nie.

Paulus lig dalk die kwessie van 'n sekere gesindheid wat mag ontstaan het uit, naamlik dat hy net soveel reg as die ander apostels het om begunstiging te verwag, maar kies doelbewus om nie so te wees nie. Dit het natuurlik kritiek ontlok. Die weiering van begunstiging (*patronage*) het vir hom risiko's ingehou. Bykomend tot sy persoonlike ontberinge wat hy alreeds verduur het, het die apostel boonop nog sy eie openbare status ook ondermyn.

Hy noem drie alledaagse voorbeelde om daarop te wys dat begunstiging nie verkeerd is nie, naamlik, 'n soldaat wat diens doen, 'n persoon wat 'n wingerd bewerk en 'n skaapwagter (v. 7). Hiermee wys hy dat bedienaars geregtig is op voedsel vir hul arbeid. Dan is dit asof hy na 'n

hoër rat oorskakel deur dieselfde punt te demonstreer vanuit die Mosaïese wet. In **vers neges** (soos in Deut. 25:4) haal hy aan: “ ’n Os wat graan dors, mag jy nie muilband nie” – dit dui op wat die werker toekom. Die een wat ploeg en die een wat dors moet dit met die verwagting om in die oes deel te hê, doen (**v. 9-10**).

Twee retoriese vrae word dan gebruik om hierdie landboubeeld op die werk van die apostels toe te pas. Met die eerste een gebruik hy die meervoud “ons” om moontlik na die apostels as ’n groep te verwys (**v. 11**): “As ons vir julle die geestelike gesaai het...ons julle stoflike goed maai?”.

Die tweede stelling se lyn van argument skep die idee van “As ander deel het... ons nie nog meer nie?” (**v. 9:12a**). Die meervoud “ons” verwys hier na die twee apostels (Paulus en Barnabas) wat nie aanspraak maak op die ondersteuning waarop hulle geregtig is nie. Paulus verskaf dan ’n rede: “Maar ons verdra alles om geen hindernis vir die Evangelie van Christus te veroorsaak nie”.

Paulus probeer nie die reg van ondersteuning vir pastors en bedienaars te ondermyn nie. Inteendeel, hy bevestig dit weer in die gedeelte van vers 13 tot 15 dat dié wat die Evangelie verkondig “daarvan moet leef” (Barnett, 2011: 156).

In **vers 13** maak Paulus die waarneming dat die priester en diegene wat in die tempel werk, veral dié wat by die altaar werk, ’n deel het aan dit wat geoffer word. Paulus rugsteun in **vers 14** hierdie Ou Testamentiese voorsiening aan priesters deur te meld dat die Here Jesus self dit so beveel het; dis sy orde (*dietaxen*) (Barnett, 2011: 156).

Maar tog voer Paulus self nie hierdie bevel uit nie (Evans, 2003: 68). Hy praktiseer dit doelbewus nie self nie, maar hy daag dit ook nie uit nie. Inteendeel, hy dring wel daarop aan dat dit gedoen moet word soos Christus dit beveel. In hierdie hoofstuk voer Paulus die teologie van Christus as gekruisigde uit, maar op só ’n wyse dat sy gedrag nie hierdie bevel van Christus reflekteer nie (Evans, 2003: 69).

Nadat hy die apostels as voltydse bedienaars se regte beaam het, verklaar hy dadelik in **vers 15** sy eie reg om “van geeneen van hierdie dinge gebruik te maak nie”. Trail (1995: 381) vermeld die woord *chraoumai* (χραομαι) – om te gebruik) wat die betekenismoontlikheid bevat van om “nie een pennie van iemand te vra nie”. Paulus is hieroor baie duidelik. Vir hom is dit ’n saak van lewe of dood en hy sê: “Dit sou vir my beter wees om te sterwe as dat iemand my roem sou verydel”.

Volgens die navorser se mening bedoel Paulus hier dat dit vir hom beter sou wees om te sterf as om toe te laat dat iets soos begunstiging die suiwerheid van sy motiewe vir die verkondiging van die Evangelie sal aantas.

Wat was sy roem? Trail (1995: 384) meen sy roem behels dat hy nog nooit voorheen materiële vergoeding vir sy arbeid aanvaar het nie. Paulus se roem moet in die lig van vers 12, naamlik, om geen hindernis vir die Evangelie te wees nie, asook **vers 18** verstaan word dat hy die Evangelie van Christus kosteloos verkondig. "Roem" moet nie hier verstaan word in die lig van kompetisie nie.

Sy roem is (volgens die navorser) dat hy tot dusver 'n skoon verlede het en sy motiewe vir die verkondiging van die Evangelie is deur en deur suiwer en onaangetas. Dit is waar sy krag as apostel lê, daarom spreek hy homself so sterk teenoor hierdie kwessie uit. Indien die hart van die bedienaar nie suiwer is nie, verloor die Evangelie sy trefkrag. Dit is sý verantwoordelikheid as apostel om sy hart voortdurend te ondersoek en te verseker dat hy die Evangelie vanuit 'n onberispelike motief en gesindheid bedien.

2.5.4.3 Eksegese van 1 Korintiërs 9:16

"Want as ek die Evangelie verkondig, is dit vir my geen roem nie; want die dwang is my opgelê, en weë my as ek die Evangelie nie verkondig nie!"

ἐὰν γὰρ εὐαγγελίζωμαι, οὐκ ἔστιν μοι καύχημα, ἀνάγκη γάρ μοι
ἐπίκειται: οὐαὶ γάρ μοί ἐστιν ἐὰν μὴ εὐαγγελίσωμαι.

Die kern van 'n pastor se bediening is om die Evangelie te verkondig, dit is nie 'n saak waarin hy hom kan beroem nie. Die bediening is nie 'n geleentheid vir die verhoging van sy persoonlike status en eer nie. Die woord *kaucheima* (καύχημα), dra die betekenismoontlikheid van roem.

Volgens Louw en Nida (1988: 431) word hierdie woord aangewend om uitdrukking te gee aan 'n ongewone hoë graad van vertroue in iemand of om uiting te gee aan iets wat uitsonderlik noemenswaardig is – om te roem in iets of iemand. die Thayer's-leksikon bring hierdie woord in verband met dit waaroor mens roem of kan roem; die Strong's-leksikon dui dit aan as 'n roem, met die doel om te roem – by implikasie die daad, in 'n goeie of slegte sin.

Vir Paulus is die doel van die bediening geen saak om oor te roem nie. Hy is in diens van 'n saak baie groter as hyself. Daar is geen rede vir hom om hom te roem op die feit dat hy 'n bedienaar van die Evangelie is nie. Hy beskou homself eerder as een aan wie genade betoon is (van al die sondaars verwys hy na homself as dalk die vernaamste een, soos in 1 Timoteus 1:15) en beskik nou oor hierdie voorreg om hierdie taak uit te voer en te dien as pastor.

ἀνάγκη – Volgens Louw en Nida (1988: 671) dra hierdie woord die betekenismoontlikheid van “an obligation of a compelling nature”. In 1 Timoteus 3:1 staan daar geskryf dat wie ook al ’n opsiensamp verlang, ’n voortreflike werk verlang. Die voortreflikheid van hierdie werk moet nie agterweë gelaat word nie en ook nie die verantwoordelikheid wat daarmee gepaardgaan nie. Juis daarom vereis dit ’n volledige verpligting (“necessary obligation”). Die Thayer’s-leksikon dui aan dat *anangkei* (ἀνάγκη) “noodsaaklikheid” beteken; iets wat jou opgelê is of jou deur omstandighede of deur die wet verplig om iets te doen en wat tot jou voordeel strek (Thayer’s-leksikon), dit beteken gedwongenheid, by implikasie “distress” – tot by die punt waar dit pyn veroorsaak (Strong’s-leksikon), “to compress, press tight” (*NAS Exhaustive Concordance of the Bible*). Dis nie ’n saak vir selfbevordering nie; dis ’n saak veel groter as hy; dis ’n saak waarmee hy belas is.

ἐπείκειται – “dwang”, afkomstig van die woord *epikeimai* (ἐπείκειμαι) (Louw en Nida, 1988: 657) wat die betekenismoontlikheid inhou van “to keep on doing something with presumed insistence” of volgens die Thayer’s-leksikon om “op of oor iets te rus”. m.a.w. ’n las wat op jou rus en swaar druk (Thayer’s-leksikon).

Daar is verskeie betekenismoontlikhede van die woord *epikeimai*. Toe die dissipels van Jesus in Johannes 21:9 aan wal kom, sien hulle “ ’n koolvuur op die grond en vis daarop lê”. Soos die vis wat oor die kole is en dit bedek, só is Paulus se roeping vir hom.

Dit beteken ook dat wanneer druk op jou uitgeoefen word soos die skare en owerpriesters wat in Lukas 23:23 eis dat Jesus gekruisig moet word (dit nadat Pilatus telkemaal daarop wys het dat hy geen oortreding by Jesus vind nie). “Maar hulle het aangehou met ’n harde geroep en geëis dat Hy gekruisig moes word; en hulle geroep en dié van die owerpriesters het die oorhand gekry.” Pilatus het soveel druk ervaar van die skare dat hy nie sy eie wil of keuse kon uitoefen nie.

Hierdie soort “dwang” het ook die oorhand oor Paulus gehad, maar dit was ’n verpligting, ’n gedwongenheid deur God opgelê en hou verband met sy roeping.

Die betekenis van die woord *epikeimai* is ook te siene in Handeling 27:20 – “en ’n hewige storm ons gedruk het, is eindelijk alle hoop om gered te word, ons ontnem.” Die storm het die totale oorhand gehad; hulle was gedwing om sekere noodmaatreëls te neem (die seile te laat sak en vrag oorboord te gooi). Hulle kon nie in die situasie hul vrye wil en keuse uitoefen nie en was as’t ware onderhewig aan die weersomstandighede.

Paulus se roeping om die Evangelie te verkondig, het die absolute oorhand oor hom; hy is onderworpe daaraan; dis God wat hierdie verantwoordelikheid op hom geplaas het. Die belangrikheid en dringendheid daarvan noop hom.

Hierdie idee kom ook voor in Lukas 5:1 “toe die skare by Hom aandring om die woord van God te hoor, gaan Hy by die meer Gennésaret staan”. Om die Evangelie te verkondig is asof God by Paulus daarop aandring om dit te doen. Hy het in der waarheid nie veel van ’n keuse nie. Paulus se reaksie is *ouai* (οὐαὶ) wat beteken, “wee my”. Dis hoofsaaklik ’n uitdrukking van uiterste droefheid (Greek Word Study). Droefheid sal hom oorval indien hy nie met ’n onberispelike motief die Evangelie bedien nie. Vir Paulus is die hoofsaak van die bediening die verkondiging van die Evangelie. Dis asof Paulus wil beklemtoon dat dit die belangrikste saak vir die pastor is.

2.5.4.4 Opsomming van die studie van 1 Korintiërs 9:16

Volgens Evans (2003: 69) gee hierdie hoofstuk ’n fassinerende blik op Paulus se spiritualiteit – beide van sy karakter en sy teologie. Sy teologie is fundamenteel een van genade: verlossing en die seëninge van God as ’n vrye gawe. Nie volgens verdienste en nie op meriete verkry nie, maar gegee. Om te reageer op die Evangelie is om niks in ruil daarvoor te bied nie, maar om bloot die gawe te ontvang. Paulus wil egter hier iets meer doen as om bloot net te ontvang. Hy weerhou hom daarvan om iets te ontvang; dit oortref verreweg. (Wat materiële ondersteuning betref, is Paulus se uitgangspunt duidelik in Hand. 20:35: “Dit is saliger om te gee as om te ontvang”). As persoon is hy in die eerste plek nie afhanklik van materiële ondersteuning nie.

Wat hy kan bied volgens sy roeping en gehoorsaamheid aan God is vir hom belangriker; deur iets van mense te neem, mag dalk sy vryheid wat Hy in Christus het, van hom ontnem. Sy gedrag toon die erns van sy roeping, sy ontsag vir God en sy ywer vir die Evangelie.

Om die Evangelie te verkondig hou vir hom geen roem in nie en vir Paulus persoonlik geen voordeel nie. Hy is uiters versigtig dat daar ’n persepsie mag ontstaan dat daar persoonlike gewin daarin mag wees.

Hy bedien nie die Evangelie omrede hy ’n aardse bestaan moet voer nie. Nee, sy roeping is so seker, dat sy uitgangspunt eerder kan wees dat indien hy sou nalaat om die Evangelie te verkondig, hy geen bestaansreg het nie.

2.5.5 1 Timoteus 1:18

2.5.5.1 Agtergrond van 1 Timoteus

Timoteus was die gereelde reisgenoot en jonger kollega van Paulus. Volgens Handeling 16:1-3 was Timoteus afkomstig uit Derbe en Listre, in die Romeinse provinsie van Galasië in die suidooste van Klein-Asië. Paulus het hom heel waarskynlik vir die eerste keer (46-48 n.C.) tydens sy eerste sendingreis in hierdie gebied ontmoet. Dis ook waarskynlik dat hy, sy ma en ouma onder Paulus se bediening tot bekering gekom het. Tydens Paulus se tweede besoek aan hierdie gebied (49-50 n.C.) en op aanbeveling van die plaaslike gelowiges (Hand. 16:2), het Paulus besluit om Timoteus saam met hom te neem op sy reise.

Paulus het gereeld vir Timoteus as afgevaardigde na gemeentes gestuur (Gloer, 2010: 2,3) waar daar probleme was (1 Tess. 3:1-6) om hulle te versterk, naamlik die Korintiërs (1 Korintiërs 4:17) om hulle te herinner aan Paulus se lering, om oor Paulus se omstandighede verslag te doen en aan hom verslag uit die gemeentes te bring (Fil.2:19-24, 1 Tess. 3:6). Hy was by Paulus met die skrywe van die boek Romeine en mede-outeur in 2 Korintiërs 1:1, 1 Tessalonisense 1:1, 2 Tessalonisense 1:1 en Filemon 1.

Timoteus was egter van gemengde herkoms (Joodse ma en heidense pa), daarom het Paulus Timoteus laat besny om sodoende nie die sending onder die Diaspora Jode in gedrang te bring nie (Gloer, 2010: 2).

Paulus noem Timoteus “my geliefde en getroue seun in die Here” (1 Korintiërs 4:17) asook “my medewerker” (Romeine 16:21). Hy het Paulus se mees intieme en langste reisgenoot geword. ’n Goeie “navolger” van Paulus (1 Tim. 4:6) wat dieselfde “gesindheid” (Fil. 2:20) gehad het en wat Paulus se boodskap kon artikuleer (1 Thess. 3:2-3) (Fee, 1984).

In hierdie brief word ’n unieke en baie moeilike opdrag aan Timoteus opgelê. Hy word in Efese agtergelaat om die valse leraars hok te slaan wat gepoog het om die kerk as ’n lewensvatbare alternatief vir daardie stad te ontspoor. Hy word algemeen na verwys as jonk (ten minste dertig jaar en ouer met die skrywe van 1 Timoteus) huiwerig en het moontlik ’n gebrek aan gesag en afdwingbaarheid. Stott (1973: 20) het na hom verwys as ’n introvert, hy’t klaarblyklik herhaaldelike maagongesteldhede gehad (1 Tim.5:23) en was sieklik (Stott, 1973: 19). Volgens Fee was sy gebrek aan moed heel waarskynlik nie so erg as wat sommige dink nie omdat hy die vroeëre sendingreise na Tessalonika en Korinte met die gepaardgaande uitdagings meegemaak het. Die aansporing tot lojaliteit en deursetting in 1 en 2 Timoteus is as gevolg van sy jeugdigheid asook die sterkte van die opposisie (Fee, 1984).

Volgens Fee (2011: 684) ondersteun ’n sterk en vroeë kerktradisie (asook hyself) ’n Pauliniese outeurskap. Om die historiese situasie agter te kom, meen Fee (1984) dat die beste moontlike oplossing van die brief van 1 Timoteus klaarblyklik is dat Paulus, ná sy vrylating uit Romeinse aanhouding, saam met Titus na Kreta gegaan het en moontlik Timoteus ook. Daar

evangeliseer hulle meeste van die dorpe, maar kom Hellenistiese Jode teë wat 'n verdraaide beskouing van die besnydenis het en hy los Titus in Kreta agter om hierdie probleem te hanteer.

Intussen, onderwyl Paulus en Timoteus onderweg is na Masedonië, stop hulle in Efese en vind uit dat daar valse leerstellings verkondig word, ooreenstemmend met dit waarmee hulle vroeër in Kolosse, en meer onlangs in Kreta, te doen gekry het, en dít was besig om die kerk in Efese te ondermyn. Daarom ban (“excommunicate”) Paulus die twee ringleiers van hierdie beweging, Himeneus en Alexander (1 Tim. 1:19) en omdat hy in Masedonië wou kom, laat hy vir Timoteus in Efese agter om na die kerk om te sien. (Fee, 1984)

Ná sy aankoms in Masedonië, skryf hy briewe aan beide Timoteus en Titus. Timoteus moet in Efese aanbly, maar Titus word vervang deur Tigikus of Artemas en hy moet by Paulus in Nikopolis aansluit. Van daar blyk dit dat Paulus op pad terug na Efese gearresteer is.

Uiteindelik is hy na Rome geneem waar hy 'n voorlopige verhoor voor 'n Romeinse regbank (2 Tim. 4:12) gehad het en oorhandig is vir 'n volle verhoor. Gedurende sy tyd in aanhouding ervaar hy gemengde reaksie van sy vriende. Onesiforus besoek hom, bedien hom en lig hom in oor die situasie in Efese wat steeds besig is om agteruit te gaan. Sy ander vriende los hom agter, sommige met grondige redes en een wat afvallig van die geloof geword het. Dis tydens hierdie gebeure dat hy vir Tigikus stuur om Titus te vervang en stuur ook saam met hom 'n brief aan Timoteus om hom aan te moedig en te versoek dat hy alles net so moet los en na Rome toe moet gaan, voor die winter sy reis kan bemoeilik.

Fee (1984) beweer dat die hoofdoel van die brief saamgevat kan word in 1 Timoteus 1:3. “Soos ek jou versoek het toe ek na Masedonië op reis was, moet jy in Efese wag om sekere persone te beveel dat hulle geen ander leer moet leer nie”.

Wíé die valse leraars was, is Bassler (1996: 24) en Fee (1984) van mening dat Handeling 20:30 as profesie aan die ouderling-opsieners, 'n duideliker prentjie in hierdie verband gee – “uit julle self sal daar manne opstaan wat verkeerde dinge praat om die dissipels weg te trek agter hulle aan”. Die probleemskoppers was vir seker leraars (1 Tim. 1:3,7 en 1 Tim. 6:3) en lering was, onder meer, een van die take van die ouderlinge (1 Tim. 3:2, 1 Tim. 5:17).

'n Beduidende deel van die boek word aan die karakter, kwalifikasies en dissipline van kerkleiers bestee (1 Tim. 3:1-13; 1 Tim. 5:17-25). Hierdie leraars het veral, na aanleiding van 2 Timoteus 3:6-9 asook 1 Timoteus 2:9-15 en 1 Tim. 5:3-16, 'n vrugbare arbeidsveld onder sommige vroue gevind, klaarblyklik jonger weduwees wat hul huise vir hierdie leraars oopgestel het en selfs hulle lering help versprei het (Fee, 1984, Marshall & Towner, 1999: 45).

Die kerk in Efese het na alle waarskynlikheid bestaan uit 'n aantal huiskerke (Fee, 1984). Dit was dus nie 'n kwessie van 'n groot vergadering wat in twee verdeeld was nie, maar die huiskerke in totaal wie se leierskap die pad byster geraak het. Dit noodsaak daarom ook die dringendheid wat in die brief waargeneem word.

Wát die aard van hierdie valse leer was, is, volgens Fee (1984) moeilik om presies vas te stel. Wat wel vasgestel kan word, is dat dit 'n gedrag- sowel as 'n kognitiewe dimensie bevat het. Die valse leraars was betrokke met spekulasie en woordstryd, besig met argumente en twisvrae. Hulle was hoogmoedig, arrogant en het onenigheid veroorsaak. Maar waarop dit veral, volgens Fee, neerkom, was hul geldgierigheid (1 Tim. 6:9-10). Hulle het geglo dat godsdiens 'n manier was om hulself te verryk.

Hulle valse leerstelling hou, onder meer, verband met die gebruik van die Ou Testament (1 Tim. 1:6-10) (Marshall & Towner, 1999: 44). Dit verklaar die asketisme (1 Tim. 4:3, 1 Tim. 5:23 en Titus 1:14-16) sowel as die fabels en eindelose geslagsregisters (1 Tim. 1:4, 1 Tim. 4:7) wat hulle verkondig. Elemente van Hellenisme en 'n vermenging van Griekse dualisme (wat 'n gedempte beskouing van die materiële wêreld gehad het) verklaar ook die asketiese beklemtoning (Marshall & Towner, 1999: 44) sowel as die bewering dat die opstanding reeds plaasgevind het (2 Tim. 2:18) (Marshall & Towner, 1999: 45).

In hierdie tydperk (54-63 n.C.) blyk dit dat Paulus nie net die bedreiging van die Judaïste, met die klem op die besnydenis en die wet, moes probeer afweer nie, maar ook die godsdienstige sinkretisme wat in die Hellenistiese wêreld in die lug was. Marshall en Towner (1999: 47) beweer dat die inhoud van hierdie valse leer, 'n vroeëre vorm van Gnostisisme was. Bassler (1996: 27) vermeld ook dat sekere dinge – soos die verwerping van die materiële, die geskape wêreld, die vergeestelike siening oor die Opstanding en die klem op kennis (1 Tim. 6:20, Titus 1:16) – duidelike ooreenkomste met Gnostisisme toon.

Die brief toon bewyse dat dit vir die kerk self bedoel was, nie net vir Timoteus nie, maar as gevolg van die defektiewe leierskap skryf Paulus nie direk nie, maar deur Timoteus aan die kerk. Dit dien ter aansporing en bemoediging vir Timoteus, maar is ook bedoel om deur die gemeente gehoor te word (Marshall & Towner, 1999: 52). Deur die brief dus aan hulle voor te hou, gee Paulus aan Timoteus ook die nodige “openbare” magtiging voor die gemeente om sy taak uit te voer. Sodoende word die valse leraars ook aan die lig gebring asook hoe die saak hanteer moet word. Paulus roep dus vir Timoteus op om 'n “suiwer” en gesonde doktrine te verkondig, sonder om die aard en die inhoud daarvan spesifiek te vermeld. Net soos in 1 Korintiërs 4:17 (“Hy sal julle herinner aan my handelwyse in Christus, soos ek oral in elke

gemeente leer”) moet Timoteus die gemeente aan Paulus se manier, lering en voorbeeld herinner (Fee, 1984).

2.5.5.2 Opsomming van vers 1 tot 17

Wat **vers een tot twee** betref, maak Paulus dit duidelik dat hy ’n apostel – ’n gemagtigde verteenwoordiger van die Messias, Jesus Christus – is. Hy beklemtoon Jesus se Messiaanse rol doelbewus veral wanneer sy lesers te doen het met Judaïsme en maak dit duidelik dat hy sy werk onderneem “volgens die bevel van God” (Gloer, 2010: 101).

Die band tussen Paulus en Timoteus kan ook duidelik gesien word in hierdie openingsverse. Timoteus geniet Paulus se aanbeveling. MacArthur (2005: 5) meld dat Timoteus ’n groot taak gehad het om valse leer teë te staan en hierdie openingswoorde dui daarop dat “Paul threw all of his apostolic authority behind the young pastor”. Timoteus is as’t ware ’n verlengstuk van Paulus se bediening (Gloer, 2010: 103).

Spencer (2014: 24) meen dat Timoteus, as reisgenoot van Paulus, talle wonderwerke beleef het, asook talle vervolgings en verdrukkings saam met Paulus deurgemaak het. Timoteus sou uiteindelik self in die gevangenis beland (Heb.13:23). Volgens oorlewering was Timoteus ’n martelaar vir die Here gedurende die tyd van keisers Domitianus (81-96 n.C.) of Nerva. Hy is doodgeslaan omdat hy protes aangeteken het teen die orgies wat met die kultus van Artemis verband gehou het (Spencer, 2014: 24).

In **verse drie tot sewe** moedig Paulus vir Timoteus aan om die Efesiërs te vermaan om nie ’n ander leer te leer as dié wat deur Paulus geleer is nie, maar eerder “liefde uit ’n rein hart en ’n goeie gewete en ’n ongeveinsde geloof” Spencer (2014: 24).

In vers **drie tot vier** beveel Paulus “wat om nie te doen nie”. Die Griekse woord *heterodidaskalein* beteken “not to teach falsely” en verskyn hier vir die eerste keer in die Griekse literatuur (Gloer, 2010: 108). Fabels hou verband met mites of die Joodse Haggada, eindelose geslagsregisters (vertaal as “untold”) en hou verband met Gnostisisme (Gloer, 2010: 108). Dit verhoed die stigting in die geloof wat aandui hoe God mense verlos (Gloer, 2010: 110).

In **vers vyf** beveel hy “wat om te doen”. Die doel van dié stigting of lering is dat dit lei tot “liefde uit ’n rein hart”. Liefde is die hoogste doel (Gloer, 2010: 110), die vervulling van die wet (Rom. 13:4) in Jesus Christus, die *telos* (Rom. 10:4).

Derdens, in **vers ses tot sewe**, spreek Paulus “sommige...” wat “afgedwaal” het aan; dié wat leraars van die wet wil wees, maar dit nie verstaan nie. Bassler (1996: 40) meen dit dui op hul onbevoegdheid.

Die probleemskeppers het 'n Joodse oriëntasie. In vers sewe gee Paulus 'n kort refleksie op die aard en funksie van die wet. In **vers agt tot elf** staan daar: “Ons weet dat die wet goed is as iemand dit wettiglik gebruik”. Niemand kon aan die vereistes van die wet voldoen nie, nie eers dié wat onder die wet is en wat selfs lering aangaande die wet wil gee nie (Gloer, 2010: 113). MacArthur (2005: 6) meen dit het ten doel om die kontras tussen die heerlijkheid van die ware Evangelie teenoor die bankrotskap van valse leerstelling aan te dui.

Wat **verse twaalf tot sewentien** betref, gee Paulus danksegging aan Jesus Christus dat Hy hom krag gegee het (*endynamosanti*) en hom deurgaans in staat gestel het om dit te doen (Gloer, 2010: 122). Dit beteken dat Hy, soos Gloer (2010: 122) dit stel, in Paulus iemand betroubaar (*piston*) gevind het en in die bediening (*diakonia*) gestel het.

In vers **dertien tot veertien** skets hy sy lewe voor en ná sy bekering: Hy was voorheen 'n lasteraar, vervolger en gewelddenaar – uit onkunde aangaande Christus en die Christelike gemeenskap.

In die Ou Testament word onderskeid getref tussen sonde wat bewustelik en onbewustelik gedoen is (Gloer, 2010: 123) en daar is vryspraak vir laasgenoemde. Daarom ontvang hy barmhartigheid, maar ook genade, in oorfloed. Gloer (2010: 124) meen dat dit verstaan kan word as Paulus wat lank gelede onbetroubaar was (v. 13, *apistia*) en wat nou as betroubaar beskou kan word (v. 12, *piston*).

Dit gee aanleiding tot 'n aantal uitsprake van betroubaarheid. Dis asof Paulus dan in 'n persoonlike hoedanigheid en uit eie ondervinding praat: “Dis 'n betroubare woord” (of anders gestel, “Glo my maar”). “Jesus Christus het in die wêreld gekom om sondaars te red, van wie ek die vernaamste is.”

Paulus sê dus indirek vir hierdie valse leraars dat hy voor sy bekering net soos hulle was. Hy was 'n sondaar en het genade ontvang. Uit hul onkunde is hulle ook sondaars en kan ook die genade van God deur Jesus Christus ontvang. Jesus Christus is die “agent” waardeur barmhartigheid betoon is.

Gloer (2010: 126,127) verduidelik dat Christus lankmoedig was teenoor Paulus en benadruk die woord *makrothymia* wat beteken “never giving up in spite of innumerable odds”, “continuous and determined effort to achieve a prescribed goal” en “perfect patience” en maak van Paulus 'n voorbeeld (*hypotyposin* - “line drawings or sketches of an artist”) van dié wat in Hom sal glo tot die ewige lewe.

Hy sluit hierdie gedeelte af in **vers sewentien** met 'n doksologie. Bassler (1996: 45) meen dit is moontlik 'n liturgiese fragment aangesien al die elemente wat daarin bevat word,

ook in Joodse en Christelike literatuur gevind word. Die doel daarvan is om God se onsigbaarheid te bevestig maar wys daarop dat God se heerlikheid deur die Evangelie en deur Christus se genade en lankmoedigheid nou bekend (sigbaar) geword het.

2.5.5.3 Eksegese van 1 Timoteus 1:18

“Hierdie boodskap vertrou ek aan jou toe, my kind Timotheüs, ooreenkomstig die profesieë wat vroeër aangaande jou uitgespreek is, sodat jy daardeur die goeie stryd kan stry.”

Ταύτην τὴν παραγγελίαν παρατίθεμαί σοι, τέκνον Τιμόθεε, κατὰ τὰς προαγούσας ἐπὶ σὲ
προφητείας, ἵνα στρατεύῃ ἐν αὐταῖς τὴν καλὴν στρατείαν,

Paulus vertrou die Evangelie aan Timoteus toe. Die woord *parangelian* (παραγγελίαν) beteken, volgens die Strong's-leksikon “toevertrou”; om 'n boodskap te gee; 'n mandaat, 'n bevel of opdrag. Hierdie opdrag, en daarmee saam die nodige magtiging, word deur Paulus aan Timoteus gegee en behels dat hy die valse leringe moet weerlê.

Die woord *paratithemai* (παρατίθεμαί) beteken moontlik om te plaas langsaan, naby of voor 'n persoon te hou; iets by iemand te los; te deponeer, vertrou te belê in iemand (Thayer's-leksikon) en beklemtoon die gedagte verder dat Paulus vertrou in Timoteus belê. Paulus vertrou sy taak dus aan Timoteus toe; hy beskou Timoteus as sy *teknon* (τέκνον). Die Thayer's-leksikon beskryf dit as kind (manlike kind) en dit word in 'n metaforiese sin hier gebruik: sy geestelike kind. “The name transferred to that intimate and reciprocal relationship formed between men by the bonds of love”. Met ander woorde, vriendskap en vertrou soos tussen ouer en kind.

Volgens Bratcher (1983: 18) is daar verskillende interpretasies van die Griekse teks van die frase “...ooreenkomstig die profesieë wat vroeër aangaande jou uitgespreek is...”. Sommige navorsers beweer dat sekere Christenprofete stellings oor Timoteus gemaak het en dat hierdie stellings Paulus daartoe genoop het dat hy Timoteus as genoot gekies het. Die frase mag dus moontlik as volg lees: “...die profesieë wat my gelei het om jou te verkies...” of “...wat die profete oor jou gesê het, het my na jou toe gelei...”. Ander aanvaar weer dat die frase iets van die Christenprofete sê die tyd van sy ordinansie tot die Christelike bediening (1 Timoteus 4:14 bevestig dit).

Wat profesieë (*profeteias* - προφητείας) in hierdie verband betref, meld die Thayer's-leksikon dat dit dui op 'n diskoers afkomstig uit goddelike inspirasie en die verklaring van die wil en doel van God – hetsy deur teregwyding of deur waarskuwing aan die goddelose, of deur

bemoediging aan onderdruktes, of deur die openbaarmaking van iets verborge; dit het te doen met “...the predictions of the works of which, set apart to teach the gospel, will accomplish for the kingdom of Christ” (Thayer’s-leksikon).

Wall (2012: 76) beweer tereg dat die verwysing in 1 Timoteus 4:14 na die gawe wat deur handoplegging deur Timoteus ontvang is, impliseer dat profetiese uiting nie ’n uit-die-vuis- of ad hoc-handeling is nie, maar ’n element van ’n meer formele liturgie waar die Heilige Gees godsdienstige outoriteit verleen aan ’n persoon vir en binne ’n spesifieke gemeente. Die gebaar van handoplegging kom uit Bybelse tradisie (Eks. 29:10) wanneer die gemeenteleiers, hetsy dit ouderlinge of apostels is (2 Tim.1:6-7), in die openbaar God se besluit om iemand te vir ’n spesiale taak te ordineer, medieer (Wall, 2012: 76). God se roeping is dus nie net ’n privaat aangeleentheid of kwessie waarin ’n persoon ’n vermoede het of gis of hy geroep is of nie, maar iets wat voor ’n gemeente van getuies bevestig word en wat tot gevolg het dat die pastor (in hierdie geval Timoteus) homself nie na willekeur van sy verpligting teenoor die gemeente kan losmaak nie.

Volgens Bratcher (1983: 18) moet die woorde wat die Christenprofete geuiter het, naamlik die instruksies, raad en advies, dien as wapenrusting vir Timoteus. Hy moet dit onthou, homself daardeur laat lei en goeie werk as Christelike leier doen. Die Christelike bediening word dikwels beskryf as ’n stryd of oorlog teen die magte van die bose. Die woord *strateuei* (στρατεύη) wat “stryd” beteken is afkomstig van *strateoumai* (στρατεύομαι) wat volgens Louw en Nida (1988: 549) beteken “to engage in war or battle as a soldier”. Dit word op figuurlike wyse gebruik en is ’n tipe van ’n vergelyking wat moontlik kan lees “sodat jy as’t ware daardeur die goeie stryd kan stryd”. Die Thayer’s-leksikon wys op die moontlike betekenis daarvan as om ’n militêre ekspedisie te voer, om soldate te lei op die oorlogsfront, die taak van ’n bevelvoerder, om militêre diens te doen, om ’n soldaat te wees, om te veg. Die Strong’s-leksikon lig ook die figuurlike gebruik daarvan uit en meld dat die term in hierdie konteks te doen het met die uitvoering van die apostolaat.

Dit kan dus afgelei word dat die bediening te doen het met ’n stryd wat heers en wat gevoer moet word. Die kerk en bediening is verteenwoordigend van die lig wat in direkte opposisie met die duisternis verkeer. Dit verkeer direk in opposisie met die werk van die bose wat na vore kom in, onder meer, valse leringe om mense weg te rokkel en te mislei aangaande die waarheid van God.

Hierdie stryd is ’n goeie stryd. Die woord *kalein* (καλῆν) beteken “goeie”; afkomstig van die woord *kalos* (καλός) wat mooi, uitnemend, oortreffend, loflik, of prysenswaardig kan

beteken; dit is uitnemend van aard asook in karakter. Dis eg, kosbaar (Thayer's-leksikon); besonder mooi; letterlik of moreel goed (Strong's-leksikon).

2.5.5.4 Opsomming van die studie van 1 Timoteus 1:18

Gloer (2010: 131) en Bassler (1996: 45) meen dat “hierdie boodskap” wys op die instruksies wat aan Timoteus gegee is (1 Tim. 1:3-5), maar ook na die instruksies wat later en in die brief as 'n geheel gegee word. Die idee wat geskep word, is dat 'n bevel is wat met gesag gegee word.

Die profesieë oor Timoteus wat vroeër oor hom gelewer is, het ten doel gehad om hom te identifiseer as God se keuse, of dit was uitgespreek by die ordeningseremonie ter bevestiging. (1 Tim. 4:14, 2 Tim. 1:6, Hand. 13:1-3). Die verwysing hier na die profesieë bevestig Timoteus se aangewysde rol as instrument in God se plan en, meer spesifiek, as Paulus se regmatige opvolger.

Timoteus word hier voorgestel as Paulus se waardige erfgenaam asook sy pas benoemde luitenant “in die geveg vir waarheid en deug” (Bassler, 1996: 45) deurdat hy afgesonder is deur profesie en dat daar na hom verwys is as Paulus se “kind”. Hy beskik oor geloof en 'n goeie gewete wat beide tekens van genade (v. 14) en die vervulling van God se plan is. In die vermaning om die goeie stryd te stry weerklink eggo's van die filosofiese morele diskoers van daardie periode wat dikwels die lewe met 'n militêre veldtog of 'n atletiese stryd vergelyk het.

Die profesieë oor hom is egter van 'n belangrike aard, want “daardeur” sal hy die goeie stryd kan stry (Gloer, 2010: 131). Paulus se gebruik van die militêre metafoor het betrekking: Die gebruik van die Grieks-grammatiese *strat*-wortel (om te veg soos 'n soldaat) en die uitdrukking van die Grieks-grammatiese *agon*-motief word dikwels deur Paulus met verwysing tot die Evangelie ingespan. Soos atlete en soldate streef om oorwinning te behaal, so ook Timoteus wanneer dit die verkondiging van die Evangelie behels. Die profesieë is dus volgens Gloer (2010: 132) só belangrik dat dit sal dien “as both guide and weaponry for the struggle ahead together with ‘faith and a good conscience’...Timothy is to enter the struggle with ‘faith’ that is trust to the point of obedience, and a ‘good conscience,’ that is the ability to make the right choices.”

Paulus beskryf die apostolaat kragtens 'n “goeie stryd”. Die bediening van Timoteus word beskryf as die goeie stryd. Die bediening is dus in wese 'n geestelike stryd – dit verteenwoordig die Evangelie en staan in konflik met die bose. In Efesiërs 6:12 maak Paulus melding van die realiteit van hierdie stryd tussen lig en duisternis. “Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van

die duisternis van hierdie eeu, teen die bese geeste in die lug". As 'n ambassadeur van die Evangelie van Jesus Christus in 'n wêreld waar mense onkundig en selfs vyandiggesind daarteenoor is, word die pastor opgeroep om die goeie stryd te stry.

Die woorde "my kind" (v. 2) spreek van 'n baie besondere verhouding tussen Paulus en Timoteus. In 1 Korintiërs 4:15 vermeld Paulus dat hy vir die Korintiërs 'n "vader" is. Hy was 'n mentor vir Timoteus in woord en daad. Dit blyk 'n Bybelse model te wees vir die bediening.

Die rol wat profesie gespeel het in Timoteus se bediening was beduidend. Daar was, met ander woorde, 'n bevestiging van ander gelowiges wat die roeping van God in hul lewe geïdentifiseer het, wat erkenning daaraan gegee en dit sodoende beaam het. Met handoplegging in die vergadering van die gelowiges is daar amptelike erkenning gegee aan die roeping van God in Timoteus se lewe. Sonder 'n duidelike roeping en 'n bevestiging van daardie roeping (deur die woord van God - profesie) blyk dit dat die goeie stryd nie suksesvol gestry kan word nie. Daarmee saam het Paulus ook sy vertroue in Timoteus herhaaldelik teenoor ander uitgespreek en op die manier Timoteus roeping versterk en bevestig.

Die leierskap in die gemeente tydens Timoteus se bediening was defektief. Leiers het invloed en indien hulle nie voldoen aan die vereistes van leierskap soos wat dit in die Skrif voorgehou word nie, mag dit tragiese gevolge vir 'n gemeente inhou.

2.5.6 2 Timoteus 4:5

2.5.6.1 Agtergrond van 2 Timoteus

2 Timoteus is geskryf vanuit die gevangenis (Gloer, 2010: 4) en daarin blyk dit of Paulus min of geen hoop op vrylating gehad het nie (2 Tim. 4:6-8). Waar 1 Timoteus aanmanings ten opsigte van die gemeente bevat het, bevat 2 Timoteus 'n meer persoonlike aanmaning ("intensely personal", (Fee, 1984) omrede Paulus teregstelling af wag. Die brief bevat kenmerke van testamentêre literatuur – die laaste skrywes van 'n sterwende patriarg. Fee (1984) het dit ook vroeër reeds aangedui. Hy meen dat die brief in 'n sekere sin 'n laaste testament is, 'n "passing on of the mantle".

Stott (1973: 20,21) het vroeër aangedui dat die tema van 2 Timoteus behels dat Paulus so te sê aan die einde van sy dertig jaar lange bediening gekom het. Hy was nou 'n gevangene en spoedig sou hy 'n martelaar wees. Hy het die goeie nuus getrou verkondig, kerke geplant, die waarheid beskerm en die werk gekonsolideer. Hy het "die goeie stryd gestry; ...die wedloop voleindig; ...die geloof behou" (2 Tim. 4:7) (Stott, 1973: 21).

Keiser Nero wat die aard van die kerk nie verstaan het nie, was daarop uit om alle geheime organisasies te onderdruk of te vernietig. Ketterye was aan die toeneem. Die toekoms van die Christelike geloof het onder druk verkeer en was op 'n mespunt gebalanseer. Wie gaan die “aflosstokkie” by Paulus oorneem? Hy herinner Timoteus (Paulus het reeds in 1 Tim. 6:20 gemeld “o, Timoteus, bewaar jou pand”) dat die kosbare Evangelie nou aan hom toevertrou word en dat dit nou sy beurt is om die verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar; vir die preek en onderrig daarvan; vir die beskerming daarvan teen vervalsing en om te verseker dat dit akkuraat oorgedra word aan generasies wat sou kom (Stott, 1973: 21).

Bassler (1996: 22,23) meen dat gemeentes in hierdie brief omtrent geen rol speel nie. Fee (1984), aan die ander kant, het voorheen egter beweer dat al die uitdagings in die eerste brief ook hier hul opwagting maak, maar op 'n meer dringende en persoonlike manier.

In 2 Timoteus word die belangrikheid van ononderbroke kontinuïteit en getrouheid tot die tradisies wat deur Paulus gepreserveer en aangebied is, beklemtoon (Bassler, 1996: 23). 'n Groot gedeelte van 2 Timoteus adresseer die vraag na die korrekte manier waarop die Christelike leer verkondig moet word asook die inhoud daarvan. Die brief konstitueer 'n substantiewe respons tot die taktiek van die opposisie.

Die sleutel tot die verstaan van 2 Timoteus lê volgens Fee (1984) in die verstaan van Paulus se veranderde omstandighede. Hy is nie meer vry om sy rondreisende bediening na te jaag nie. Weer eens gearresteer (heel waarskynlik in Troas), is hy nou onder streng bewaking in Rome (2 Tim. 1:16-17; 2 Tim. 2:9). Hy het reeds 'n voorlopige verhoor gehad (2 Tim. 4:16-18) en hy wag nou op die finale verhoor; en toon dat hy nie enige positiewe uitkoms verwag nie – veel eerder die dood.

Sy gevangenskap is sy verdrukking. Sommige het hom in die tronk kom bedien (2 Tim. 1:16-18), andere het gaan bedien op ander plekke (2 Tim. 4:10,12) en een het hom verlaat. Die situasie in Efese het vererger. Sommige van wie hy meer verwag het, het hom en sy Evangelie verlaat (2 Tim. 1:15). Ten spyte van sy vroeëre banning uit die gemeente, is Himeneus steeds besig om sommige mense se geloof te laat skipbreuk ly.

Paulus herroep weer hul vroeër dae (2 Tim. 3:10-11; 2 Tim. 1:3-5) en boweal doen hy 'n beroep op Timoteus se ononderbroke lojaliteit aan die Evangelie, aan hom (as Timoteus se mentor) en ook tot sy eie roeping (Timoteus sin) (2 Tim. 1:6-14; 2:1-13; 3:10-4:5). In die agtergrond staan die valse leraars; Timoteus moet hulle teëstaan en streef om God se mense terug te wen. Maar hy moenie langer in Efese bly nie; hy moet daardie bediening aan ander toevertrou wat getrou was (2 Tim. 2:2) en hy moet na Paulus gaan (2 Tim. 4:9).

Op die voorgrond is Paulus se lewenslange doel: die Evangelie en die bediening. Timoteus word aangemoedig om “die genadegawe van God aan te wakker” wat in hom is (2 Tim. 1:6-7); “bewaar jou goeie pand” (2 Tim. 1:14); “hou as voorbeeld van gesonde woorde... wat jy van my gehoor het” (2 Tim. 1:13); “verkondig die woord” (2 Tim. 4:2)(Fee, 1984).

Paulus se eie omstandighede sowel as dié van Timoteus, noodsaak hom tot die aanmaning tot lydsaamheid in die gesig van vervolging: “skaam jou dan nie” (2 Tim. 1:8), maar “ly saam verdrukkinge vir die Evangelie na die krag van God.” 2 Timoteus is verseker nie ’n kerkhandleiding nie (Fee, 1984) en word nie oorheers deur valse leraars nie. Paulus se hoofdoel is om Timoteus tot sy sy te roep. Maar die groter rede is sy beroep op Timoteus se lojaliteit, veral in die lig van menige probleme en Paulus se gevangenskap (Fee, 1984).

’n Gesindheid van absolute vertroue in die deurdringendheid en standhoudendheid van die Evangelie word hier gesien. Ten spyte van die verdrukkinge (sy eie boeie), die opposisie en menige probleme, herken Paulus dat die Evangelie van God nie aan bande gelê is of kan word nie (2 Tim. 2:9). Die kerk sal nie kwyn nie, want dit dra die seël van God se eienaarskap – “Die Here ken dié wat syne is” (2 Tim. 2:19) (Fee, 1984).

Getrouheid en lydsaamheid word vereis, ’n eskatologiese oorwinning word bevestig vir hulle wat volhard (2 Tim. 2:11-13; 4:8) omrede God in Christus reeds die dood oorwin het (2 Tim. 1:9-10). Daarom, die kruis van die brief is ’n oproep tot Timoteus om ná Paulus se dood met die bediening van die Evangelie mee voort te gaan. Al staar die dood Paulus in die gesig, is hy steeds vol vertroue dat God die saak sal deursien (2 Tim. 1:5,8,14) (Fee, 1984).

2.5.6.2 Die situasie in hoofstuk 4

Hierdie hoofstuk bevat van die laaste woorde wat deur die apostel Paulus gesê of neergepen is. Sy teregstelling is moontlik weke, dae weg. Volgens tradisie is hy onthoof. Vir nagenoeg dertig jaar het hy sonder ophou as apostel en rondreisende evangelis gearbei. Hy het waarlik die goeie stryd gestry, die wedloop voleindig, die geloof behou (v. 7). Hy is nou in afwagting vir sy beloning – die kroon van geregtigheid (v. 8) wat vir hom weggelê is in die hemel. Hierdie is Paulus se nalatenskap vir die kerk. Dit skep ’n atmosfeer van groot erns. Dis onmoontlik vir die leser om dit te lees sonder om daardeur geraak te word (Stott, 1973: 105).

2.5.6.3 Opsomming van vers een tot vier

Die eerste gedeelte van die hoofstuk, **vers een**, neem die vorm van ’n indrukwekkende bevel aan. Hy begin met “Ek besweer jou dan voor God”. Die werkwoord *diamartyromai* hou verband met iets wetlik en kan beteken om “onder eed te getuig” of om ’n getuie te “beveel” om te getuig.

Paulus se bevel is in die eerste instansie tot Timoteus gerig, maar is ook toepaslik in 'n sekondêre sin tot elke man wat geroep is tot die bediening van die Evangelie, selfs tot alle gelowiges (Stott, 1973: 105). Die bevel in vers 1 herinner, volgens Gloer (2010: 295), aan 'n eed wat afgelê word voor 'n regbank “in die teenwoordigheid van God”. Deur die Here Jesus Christus te vermeld wat die lewende en dode sal oordeel by sy verskyning, voeg Paulus 'n eskatologiese element by; dit lees letterlik “wat binnekort die lewende en die dode sal oordeel” en vind moontlik aansluiting met sy eie verwagte teregstelling. Bassler (1996: 169) beweer dat Timoteus hier gemotiveer word tot “zealous ministry not only out of consideration for the judgment he himself will face but also for the judgment his flock will face.”

In **vers twee** is daar vyf aoristiese imperatiewe (Lea, 1992: 242) met 'n militaristiese toon: Die eerste is “verkondig die woord” en dit vorm ook die basis vir die daaropvolgende bevel wat aandui “hoe” hy te werk moet gaan deur, tweedens, aan te hou, “tydig en ontydig”. Lea verduidelik dit so: “Press it home on all occasions, convenient or inconvenient” (NEB). Die werkwoord *epistēthi* (“be ready”) dui daarop om aan te hou met 'n aktiwiteit ten spyte van opposisie (Gloer, 2010: 297).

Die derde imperatief is om te “weêrlê”. Volgens Lea (1992: 243) word daar deur hierdie imperatief hoofsaaklik 'n beroep op die *intellek* gemaak. Dit behels om mense aangaande die waarheid te oortuig en van foutiewe oortuiginge reg te help en te korrigeer; of dit intellektueel, moreel of spiritueel is (Gloer, 2010: 297).

Vierdens moet hy “bestraf”. Hierdie imperatief fokus, volgens Lea (1992: 243), hoofsaaklik op die *gewete*. Dit behels die bestraffing van iemand wat verkeerd handel; in verkeerde weë wandel en volhard daarin (Gloer, 2010: 297).

Die laaste imperatief is om te “vermaan”. Volgens Lea (1992: 243) fokus hierdie imperatief hoofsaaklik op *die wil*. Dit behels bemoediging - “to give hope to the fainthearted by providing tender encouragement in the face of discouraging opposition” (Lea, 1992: 243).

Wat **vers drie** betref, beweer Gloer (2010: 298) dat Paulus se woorde, “want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie”, na alle waarskynlikheid nie na die toekoms verwys nie maar dat dit eintlik na hul huidige realiteit verwys en dat dit sal vererger. Die klem in vers drie en vier val op dié wat in die dwaling mislei word. Hulle sal nie die suiwer lering “aanvaar, ontvang, of gewilliglik daarna luister” nie.

Die Engelse vertaling verwys na “itching ears”, die *eerste metafoor* wat dui op hul onversadigbare weetgierigheid, 'n voortdurende soeke na interessante en sappige brokkies

inligting. Mense sal hul eie belange bevredig wil hê en maak eerder voorsiening vir hul eie selfsugtige belange as om te luister na suiwer lering wat in waarheid deur getroue leraars geleer word. Hulle sal “vir hulle ‘n menigte leraars... versamel volgens hulle eie begeerlikhede”. Hierdie mense beweeg van leraar tot leraar totdat hulle een vind wat sê wat hulle wil hoor (Gloer, 2010: 298). Lea (1992: 244) meen dat so ‘n situasie ‘n “sterk” pastor vereis. “Only sturdy pastors can put up with such unstable congregants.”

’n *Tweede metafoor*, “die oor sal afkeer van die waarheid” word nou in **vers vier** vermeld wat as ‘n negatiewe bekering beskou kan word. Hier is twee gevolge van dwaling: die eerste is dat diesulkes wat na valse lering luister, sal wegdraai en nie die waarheid van die Evangelie aanhoor nie, en tweedens sal hulle hul wend tot fabels. (Lea, 1992: 244). Die woord “wend” in die Engelse vertaling is “turn aside”. Dis ‘n sterk frase wat in mediese terme gebruik is en beteken om ‘n ledemaat uit sy gewrig of potjie te draai.

Fabels of *mythoi* (mites) kom slegs in die pastorale briewe voor (Gloer, 2010: 298). Lea (1992: 245) meen dat dit ‘n verwysing is na al die foutiewe leerstellings wat die gedagtes van die luisteraars so opneem omdat hulle ‘n keuse uitoefen om hulself af te keer van die waarheid.

2.5.6.4 Eksegese van 2 Timoteus 4:5

“Maar wees jy in alles nugter; ly verdrukking; doen die werk van ‘n evangelis; vervul jou bediening.”

σὺ δὲ νῆφε ἐν πᾶσιν κατοπιάθῃς, ἔργον ποιήσῃς εὐαγγελιστοῦ, τὴν διακονίαν σου πληροφορήσῃς.

Timoteus word deur Paulus vermaan om nugtere oordeel aan die dag te lê en nie soos die vals leraars deur verkeerde leringe mislei te word en dit te verkondig nie. Hy moet nugter wees wat die bediening betref. Dit dui ook op paraatheid. 1 Tessalonisense 5:8 lig dieselfde tema uit: “Maar laat ons wat van die dag is, nugter wees, met die borswapen van geloof en liefde aan, en as helm die hoop op die saligheid.” In 1 Petrus 5:8 klink hierdie tema ook: “Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos ‘n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind”. Hy is die opponent en rig verwoesting aan deur, onder meer, valse leringe. Sy teiken is die werk van God in die gemeente.

Die pastor se besluitneming moet nugter wees, geskoei op die eenvoud van die Evangelie en hy moet dinge nie onnodig kompliseer nie. Die Griekse term *neithe* (νῆφε) is

afkomstig van die woord *neithou* (νήφω) en beteken om nugter te wees, om kalm en beredeneerd te wees; gematig; besadig; behoedsaam; bedagsaam (Thayer's-leksikon). Dit dra ook die betekenismoontlikheid van "om jou te onthou, om diskreet te wees" (Strong's-leksikon).

Die woord *kakopatheson* (κακοπάθησον) is volgens Louw en Nida (1988: 287) afkomstig van die woord *kakopatheo* (κακοπαθέω) en beteken moontlik om onder fisiese pyn, teëspoed en ellende gebuk te gaan, en om verdrukking te lei. Dit kan moontlik geïnterpreteer word as Paulus wat Timoteus bemoedig: "Continue doing what you should even though you are suffering" of "remain firm even though people cause you suffering". In 2 Timoteus 2:9 kan hierdie tema ook gesien word wanneer Paulus meld dat "ek verdrukking ly tot die boeie toe soos 'n kwaaddoener; maar die woord van God is nie gebonde nie...".

Wat vir Paulus egter van belang is, is nie sy persoonlike ongemak en belewing van verdrukking wat hy verduur nie. Sy fokus is op die Evangelie; in sy ellende verheug hy hom daaroor dat, alhoewel hy na sy liggaam afgetakel voel, die Evangelie ongeskonde en onaangesig bly. Sy fokus op die voortrefflikheid van die Evangelie, maak die lyding wat hy ervaar, meer draaglik en die moeite werd. Volgens die Thayer's-leksikon beteken hierdie term moontlik om booshede en/of moeilikhede te verdra en om seergemaak te word. Dieselfde term kom volgens Louw en Nida (1988: 287) voor in Jakobus 5:10: "Neem as voorbeeld van lyding, my broeders, en van geduld die profete wat in die Naam van die Here gespreek het."

πληροφόρησον – Volgens Louw en Nida (1988: 411) is hierdie term afkomstig van die woord *pleirosoreou* (πληροφορέω). Dit dra die betekenismoontlikheid van die volle inhoud van 'n boodskap deur te gee; om ten volle te vertel, om ten volle te verkondig. In die konteks van hierdie vers mag hierdie woord geïnterpreteer word dat Timoteus sy bediening as vervuld kan beskou solank as wat hy die volle Evangelie (die volle waarheid daarvan) verkondig in die aangesig van valse leraars en leringe en teenkanting. Romeine 15:9b brei uit op hierdie tema: "... sodat ek die Evangelieverkondiging van Christus volbring het." Ook in 2 Timoteus 4:17 staan daar: "Maar die Here het my bygestaan en my krag gegee, sodat deur my die prediking heeltemaal volbring kan word en al die heidene dit kan hoor". Dit dra ook die betekenismoontlikheid van "om te veroorsaak" sodat iets kan plaasvind/gebeur, met die implikasie om een of ander doel te vervul of te verwesenlik (Louw & Nida, 1988: 161). In Matteus 1:22 word die gebeure rondom Christus se geboorte vermeld en dit het alles gebeur "sodat die woord vervul sou word wat die Here deur die profeet gespreek het". Volgens die Thayer's-leksikon beteken dit om te dra of om vol te bring, om vol te maak, om te veroorsaak

dat iets in totaliteit na vore kom, om die bediening te vervul in elke deel; om deur te voer tot die einde; te bereik en volgens die Strong's-leksikon om ten volle uit te voer; geheel en al bereik.

Lea (1992: 245) meen dat die “maar” aan die begin van 2 Timoteus 4:5 baie beduidend is. In kontras met hulle wie se “ore jeuk” en “gestreel” moet word, moet Timoteus reageer met spirituele intelligensie. Timoteus moet voortdurend attent wees op valse leringe. Terwyl baie mense agter leraars aanhardloop, moet Timoteus nugter en beredeneerd bly. Die oproep tot nugterheid is 'n oproep om heldersienende en versigtig te wees in die aangesig van die uitdagings wat deur wispelturige gemeentelide en kontrasterende en kompeterende leerstellings geskep word (Bassler, 1996: 170). Gloer (2010: 299) beweer dat die oproep tot nugterheid in die lig van die eskatologiese klimaks verstaan moet word.

Deur nugter te wees, sou hy verdrukking ly (Lea, 1992: 245), maar hy moes dit verduur en staande bly. Hy moes voortgaan met die verkondiging van die suiwere Evangelie. Gloer (2010: 300) beweer dat Paulus Timoteus voorberei ... net soos wat Paulus gely het as gevolg van die Evangelie, net so sal Timoteus ook daarvoor moet ly. Hy moet verdrukking ly, nie net bloot om lydingsonthalwe of om enige ander edele rede nie, maar ter wille van die Evangelie. Die kosbaarheid en uitnemendheid daarvan is hoofsaak.

Stott (1973: 112) het vroeër beweer dat die volle Evangelieboodskap nie altyd populêr is nie en dit tot gevolg mag hê dat pastors onder die versoeking mag verkeer om die boodskap aan te pas om sodoende enige teenkanting te vermy. Indien Bybelse geloof onpopulêr begin word, “[then] ministers are sorely tempted to mute those elements which give most offense”.

Die aanmaning om die werk van 'n evangelis te doen, het nie duidelike verwysing tot die spesialis-evangelis se bediening nie. Die goeienuusboodskap moet nie net teen valshede beskerm word nie, maar terselfdertyd verkondig en versprei word (Stott, 1973: 112). Volgens Lea (1992: 245) is dit 'n funksie van Timoteus se werk as pastor en nie 'n spesiale amp nie.

Stott (1973: 112) som die vers op deur te meld dat “the more determined men become to despise the teaching of Christ, the more zealous should godly ministers be to assert it and the more strenuous their efforts to preserve it entire, and more than that to ward off Satan's attacks”. Deur dus getrou te bly aan die bediening van die Evangelie, vervul Timoteus so sy roeping. In 1 Tessalonisense 2:4 vermeld Paulus in hierdie verband: “...maar soos ons deur God waardig geag is dat die Evangelie aan ons toevertrou sou word, so spreek ons, nie om mense te behaag nie, maar God wat ons harte beproef.”

2.5.6.5 Opsomming van die studie van 2 Timoteus 4:5

Paulus skryf vanuit die tronk, sy teregstelling is voor die deur. Hy het sy bediening en lewe ná sy bekering gewy aan die verkondiging van die Evangelie. As 'n pastor het hyself in die eerste instansie die krag en transformasie van hierdie Evangelie eerstehands beleef en ervaar. Sy ywer vir die Evangelie kom uit 'n eie, voortgaande daaglikse ondervinding van die krag daarvan. Alhoewel daar 'n inisiële bekeringsmoment in sy lewe was, was die werklikheid en krag van die Evangelie iets wat hy daagliks as persoon beleef het.

Die inhoud van hierdie Evangelie was vir hom uiters kosbaar. In Efesiërs 3:8 meld hy: "Aan my, die geringste van al die heiliges, is hierdie genade gegee om onder die heidene die Evangelie van die onnaspeurlike rykdom van Christus te verkondig".

Paulus het alles in sy vermoë gedoen om die integriteit daarvan behoue te laat bly, selfs al sou dit beteken dat hy daarvoor moes ly. Op subtile wyses verkeer hierdie Evangelie (deur die eeue heen) onder 'n definitiewe vyandige aanslag, daarom die verwysing na die uitdrukking "goeie stryd" en die metaforiese betekenis van 'n aktiewe oorlog wat heers in 1 Tim.1:16.

Paulus besef sy verantwoordelikheid om toe te sien dat hierdie suiwere Evangelie vir toekomstige geslagte behoue moet bly en oorgedra moet word. Daarom maak hy seker dat hy 'n betroubare persoon vind wat, nes hy, 'n blote instrument daarvoor kan wees, 'n kanaal waardeur hierdie boodskap verder kan vloei na die wêreld. Hierdie persoon moes betroubaar wees. Iemand in wie die roeping van God duidelik waarneembaar was. Die roeping alleen was nie voldoende nie. Voldoende opleiding het daarmee saamgegaan. Paulus het Timoteus voorberei vir die bediening. Hy aanvaar die verantwoordelikheid om Timoteus as sy geestelike seun aan te neem en voor te berei. Paulus plaas homself doelbewus op die agtergrond. Op die voorgrond en in die kollig plaas hy die Evangelie. Timoteus slaag slegs in sy bediening namate hy die Evangelie in volle waarheid verkondig. Timoteus moet hom hierin navolg. Die Evangelie moet verkondig word, tydig en ontydig, die volle waarheid daarvan, of dit populêr is of nie, dit moet voort bly leef, en as dit sou beteken dat hy daarvoor moes ly, moet hy verdrukking ly "...soos 'n goeie krygsman van Jesus Christus" (2 Timoteus 2:3).

2.5.7 Handeling 20:24

2.5.7.1 Agtergrond van die boek Handeling

Die hoofkarakter in die boek Handeling is nie 'n sekere individu of selfs die apostels as 'n groep nie, maar eerder God self, en sy handeling (Bock, 2007: 2). Die boek neem die leser van een plek/gebied na 'n ander om aan te dui hoe God die apostels gelei en gebruik het om die Evangelie te verkondig en versprei. Handeling vertel van God se werk in die ontstaan van

die kerk deur Jesus Christus. Die kerk bestaan uit beide Jode en heidene. Die werk van Christus en die vestiging van hierdie gemeenskap van die Gees verteenwoordig die inisiële vervulling van God se beloftes (Bock, 2007: 2,3).

Slegs sommige van die twaalf apostels word in die boek Handeling uitgegely. Petrus en Johannes is prominent in die groep maar ander sleutelfigure in die boek wat nie deel van die twaalf apostels is nie, soos Stefanus, Filippus, Paulus en Jakobus, geniet ook vermelding. Handeling is 'n sosiologiese, historiese en teologiese werk wat die wortels van die nuwe gemeenskap wat ontstaan het, verduidelik, as 'n opvolg tot Lukas se verhaal van Jesus in sy Evangelie (Bock, 2007: 2,3). McDonald (2004: 15) beskryf die doel van die boek met "...what Acts appears to do is carry on the mission of Jesus through his disciples by the power of the Holy Spirit".

Die vroeë Christelike tradisie (onder meer die dokumente Papyrus 75, gedateer 175-225 n.C. asook die Muratoriese kanon) identifiseer die outeur van die boek Handeling, as Lukas, die geliefde geneesheer wat nou en dan in Paulus se sendingreise gedeel het en wat saam met hom was gedurende sy gevangenskap in Rome (2 Tim. 4:11)(Peterson, 2009: 1).

Die ware kern van die boek Handeling, volgens Bock (Bock, 2007: 7), is God. Ook Peterson (2009: 55) beweer dat Handeling hoofsaaklik sentreer rondom God en sy plan en meld dat die Evangelie eerste na die Jode kom om hulle in staat te stel om hulself na Jesus as Messias te keer, en om dan die bron van lig en lewe vir die heidene te wees.

Polhill (1998: 495) meen egter dat Handeling ook genoem kon word, die "Acts of the Holy Spirit" en vermeld dat waar Lukas hoofsaaklik die bediening van God die Seun uitlig, die boek Handeling die klem op die bediening van die Heilige Gees deur die kerk, laat val.

'n Beskouing van die boek Handeling, waarby die navorser as Pentekostalis veral aanklank vind is dié van Walton, in Van Hoozer (2005: 78). Hy meld dat die situasies waarin persoonlike ontmoetings met God in die boek van Handeling voorkom, hoofsaaklik deur die Heilige Gees plaasvind. Wanneer mense hulle tot God bekeer, ontvang hulle die Gees (Hand. 2:38).

'n Tweede en geldige punt wat Walton in Van Hoozer (2005: 78) opper, is die doping in die Heilige Gees met talespraak as inisiële teken van die vervulling met die Heilige Gees. Pentekostaliste wys onder meer in hierdie verband na die geval van die Samaritaanse gelowiges (Hand. 8:14-17) wat die Gees ontvang het of na die geval van die dissipels in Efese (Hand. 19:2) wat met die doop van Johannes gedoop was, maar nog nooit van die Heilige Gees gehoor het nie, en nadat daar vir hulle gebid is, die Heilige Gees toe ontvang het.

Wanneer Bock (Bock, 2007: 7) meld dat God die kern van boek Handeling vorm, verduidelik hy dat God se bemagtiging, leiding, beskerming en voorsienigheid op sleuteloomblikke gesien kan word. Jesus is die bemiddelaar van die Gees – die Gees bemagtig. Hy word gestuur as “krag uit die hoogte” om ‘n nuwe gemeenskap te skep (Luk.24:49) en sy lede in staat te stel as kragtige getuies. Die sturing van die Gees, in die besonder, dui op die skakeling tussen die boek Lukas en Handeling. Die Gees in Handeling is hoofsaaklik die Gees wat die opgestane Christus se waarheid gebring het (Bock, 2007: 7).

Peterson (2009: 27,36) meen dat dit ‘n boek is wat gedomineer word deur toesprake en dat daar baie apologetiese elemente in die boek bevat word.

Die grootste gedeelte van die boek word vertel vanuit die perspektief van sekere gebiede en sleutelfigure. Soos Handeling 1:8 veronderstel, gaan dit voort vanuit “Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde”.

Petrus domineer aan die begin van die boek, soos wat die nuwe gemeenskap ontstaan en groei in Jerusalem (**hoofstukke een tot vyf**). Hierdie gedeelte bevat ook meeste van die teologiese gewig van die boek. Andere van Hellenisties-Joodse afkoms is ook aktief en beweeg uit Jerusalem as gevolg van vervolging. Stefanus gee sy lewe as getuie in Jerusalem (Bock, 2007: 7).

Filippus neem die Evangelie na Samaria as ‘n inleiding of voorloper tot die verspreiding van die Evangelie aan alle mense (**hoofstuk sewe tot agt**). Intussen berei God ‘n ander persoon voor om die Woord uit te dra in Saulus wat tot bekering kom (**hoofstuk nege**).

Die fokus verskuif weer terug na Petrus waar hy die Evangelie aan die heidene in Cesarea verkondig (**hoofstukke 10:1-11:18**) ‘n Belangrike gemeenskap in Antiogië word aan die leser bekend gestel (11:19-30). Die druk in Jerusalem is hoog, Jakobus (nie die broer van die Here nie) word tereggestel en Petrus word gevange geneem (**hoofstuk 12**) (Bock, 2007: 7,8).

Dan verskuif die fokus na Antiogië, ‘n belangrike gemeenskap van waar die sendingreise van Paulus en Barnabas van stapel gestuur word (**hoofstuk 13-14**). Die kwessie oor hoe heidene ingesluit moet word, bring al die rolspelers byeen in Jerusalem vir ‘n vergadering (**hoofstuk 15**). Meer sendingwerk vir Paulus volg, beginnende in Antiogië met talle gemeentes wat gevestig en versterk word gedurende hierdie tyd, in gemeenskappe soos Filippi, Tessalonika, Korinte asook in Athene (**hoofstukke 16:1-18:23**).

Paulus se derde sendingreis fokus op Efese, maar hy keer dan terug na Jerusalem en word in die tempel gevange geneem (**hoofstukke 18:24-21:36**). Paulus se bediening op al die plekke het groot impak en lok groot reaksie uit. Die res van die boek Handeling handel dan oor

Paulus se reis na Rome (**hoofstukke 22-28**). Die belangrikste elemente, volgens Bock (2007: 8), in hierdie gedeelte is Paulus se verdedigingstoespraak waarin die posisie van die kerk relatief tot God se beloftes na vore kom. Die tema van goddelike beskerming sluit die boek af wanneer Paulus skipbreuk ly op pad na Rome, maar veilig arriveer en sy verhoor afwag terwyl hy Jesus as Here deel met almal wat hom besoek (Bock, 2007: 8).

Walton, in Van Hoozer (2005: 80,81) meld dat sekere patrone in Handeling vasgestel kan word, soos, byvoorbeeld, in Handeling 2:38-42 wat 'n vyfvoudige patroon "skep" van wat dit behels om 'n gelowige te word: bekering van sonde, water doop, ontvang van vergifnis en die gawe van die Heilige Gees, en die aansluiting by die nuutgemaakte mense van God. Deur patrone te gebruik, stel hy drie temas vas wat toegespits is op die teologie en praktyk van vandag se kerke :

- Eerstens moet die vraag gevra word van wat God besig is om te doen in ons kerke en ons lewens. Handeling beklemtoon 'n radikale teosentriese beskouing teenoor vandag se antroposentriese benadering.
- Tweedens moedig Handeling 'n verwagting aan dat God sal optree en praat om mense sodoende na Hom te trek. Die klem op die uitbreiding van die geloofsgemeenskap "tot aan die uiterste van die aarde" dui hierop en talle individuele gevalle wys hoe God na die mens uitreik.
- Derdens, die evangelistiese toesprake in Handeling fokus op die opstanding van Jesus; dit veronderstel 'n korrektief vir vandag se evangelistiese boodskap en prediking. Handeling moedig vandag se evangeliste aan om meer aandag te skenk aan die opstanding van Jesus in hul verkondiging. Sy opstanding en Hemelvaart is sleutelfaktore in die verstaan van wie Hy waarlik is, destyds en vandag.

2.5.7.2 Die situasie in Handeling hoofstuk 20

Gaventa (2003: 276) is van mening dat Handeling 19:23-41 as 'n gedeelte hoofsaaklik op die heidene in Efese fokus, maar dat hoofstukke 20:1-21:17 hoofsaaklik fokus op die gelowiges en die opbouing van hulle geloof.

Wiersbe (2001: 484) meen dat "die sorg vir al die gemeentes" (2 Korintiërs 11:28) hier in Handeling 20 die tema is. Paulus se besoeke aan die gemeentes was tweeledig; dit was eerstens om te versterk en te bemoedig sodat hulle effektiewe getuies kon wees; en tweedens wou hy die opneem van die offergawe afhandel vir die behoeftige gelowiges in Jerusalem (Rom.15:25-27; 1 Korintiërs16:1-9; 2 Korintiërs8-9). Die manne wat hom vergesel het (Hand.20:4), was

verteenwoordigers van die gemeentes en aangewys om saam met Paulus te reis en help met die hantering van die fondse (2 Korintiërs 8:18-24).

Die oproer in Handeling 19 het volgens Phillips (1986: 393) 'n einde gemaak aan Paulus se bruikbaarheid of effektiwiteit in Efese. Paulus het hom klaarblyklik reeds voor die tyd voorgeneem om na Masedonië toe te gaan. Die oproer het 'n bykomende impetus aan sy persoonlike doelwitte gegee en daarom neem hy afskeid van sy broers daar (Phillips, 1986: 393).

Hy bereik Troas saam met 'n aantal medewerkers (v. 1-6). Daar lewer hy 'n toespraak in die byeenkoms van die gelowiges wat tot middernag strek. Een van die luisteraars raak aan die slaap en val uit 'n hoë venster. Dit lyk na 'n noodlottige ongeluk maar 'n wonderwerk blyk plaas te vind en die persoon word opgewek en weer by die gemeenskap gevoeg (v. 7-12) (Bock, 2007: 616).

Van daar seil Paulus terug na die gebied van Efese, maar vermy die stad deur kortliks in Milete aan te gaan en hy hom dan haas om spoedig in Jerusalem uit te kom voor Pinkster (v.13-16). Vanaf vers 17-38 vind ons 'n toespraak wat gelewer word aan die ouderlinge daar in die byeenkoms van die gelowiges. Volgens Gaventa (2003: 281) is hierdie 'n draaipunt in die narratief. Paulus berei die gelowiges voor vir sy afwesigheid in die toekoms. Dit toon baie ooreenkomste met die Lukas-evangelie waar Jesus ook na Jerusalem terugkeer en sy volgelinge voorberei op sy heengaan. Paulus doen dit met groot sorg, indien daar in ag geneem word die moeite wat hy onderneem, die bemoediging wat hy bied en die lang rede wat hy gee. Hierdie gedeelte lewer voldoende bewyse van die belangrikheid van die gemeenskapslewe van die kerk (Gaventa, 2003: 282).

Die voorval tydens die byeenkoms van die gelowiges in vers 7-12, Paulus se preek in vers 17-38 en in vers 21:8-14 dui almal op die belangrikheid van die gemeenskapslewe van die kerk (Gaventa, 2003: 282). Vroeg in Handeling beskryf Lukas die gemeente waar hulle saam aanbid, mekaar materieel ondersteun, saam in die tempel is, ensovoorts. Die verskillende gemeentes wat versprei is vanaf Filippi tot in Milete kan as gevolg van ooglopende geografiese redes nie op een plek bymekaarkom nie. Deur op Paulus en sy reisgenote ook te konsentreer, poog Lukas om hierdie aparte groepe aan mekaar te bind. Paulus en sy reise is die band wat die gelowiges aan mekaar verbind (Gaventa, 2003: 282).

Die langste toespraak deur Paulus aan gelowiges kom in Handeling in die gedeelte van hoofstuk 20:17-38 voor en word verwys na as Paulus se afskeidstoespraak. 'n Opvallende kenmerk in die toespraak is die herhaling van die Griekse frase *kai nun idou* ("en kyk", oftewel,

“and now behold”) of *kai ta nun* (“en nou”, oftewel “and now”) – dit dien om die verandering in inhoud aan te dui:

vers 18b-21 – Oorsig van Paulus se werk in Asië vers

22-24 – Paulus se naderende tog na Jerusalem vers

25-31 – Waarskuwing oor die kerk se toekoms

vers 32-35 – Die kerk aan God opgedra (Gaventa, 2003: 283).

Die toespraak stem baie ooreen met die taal van Paulus se eie briewe, byvoorbeeld die klem op sy gevangenis, die losmaking van persoonlike gewin of beskerming van sy eie lewe, sy verwysing na genade en die herinnering aan dat hy met sy eie hande werk en voorsien (Gaventa, 2003: 284).

2.5.7.3 Eksegese van Handeling 20:24

“Maar al is my lewe vir my kosbaar, reken ek dit van geen belang nie as ek maar net my lewenstaak kan voltooi en die dienswerk wat ek van die Here Jesus gekry het, kan klaarmaak: dit is om die Evangelie van God se genade te verkondig.”

ἀλλ' οὐδενὸς λόγου ποιοῦμαι τὴν ψυχὴν τιμίαν ἐμὰντῳ ὥς τελειώσω τὸν δρόμον μου καὶ τὴν διακονίαν ἣν ἔλαβον παρὰ τοῦ κυρίου Ἰησοῦ, διαμαρτύρασθαι τὸ εὐαγγέλιον τῆς χάριτος τοῦ θεοῦ.

Paulus meld dat hy sy lewe van geen belang ag nie. Die term *timian* (τιμίαν) – afkomstig van *timios* (τίμιος) – beteken van “groot waarde, kosbaar, dierbaar” (Thayer’s-leksikon). Die term *poioumai* (ποιοῦμαι) is die negatiewe vorm van “ek bekommer my”, afkomstig van *poieou* (ποιέω) en kan vertaal word as Paulus wat hom nie oor sy lewe bekommer nie. Die 1933-Bybel vertaal dit as “maar ek bekommer my glad nie en ek ag ook my lewe vir myself nie dierbaar nie”.

Dit dui op die erns van sy roeping en sy ywer vir die Evangelie. Daar is ’n saak wat vir hom baie belangriker is as enigiets anders, ’n saak waaraan hy sy lewe gewy het, ’n saak wat absoluut die moeite werd is en daarop wil hy sy aanhoorders se aandag vestig. Hy sien dit groter as hyself, groter as die ongemak en lyding wat hy verduur ter wille van hierdie saak. Paulus bekommer hom nie oor sy eie lewe nie. Wat sy teëspoed betref, hy lewe nie meer nie, maar Christus leef in hom (Gal.2:20).

Hierdie saak was die dienswerk (*diakonian* [διακονία]), die “bediening”; diens (volgens die Thayer’s-leksikon) wat hy van die Here Jesus verkry het. Dit het die verkondiging van die Evangelie behels. Hierdie saak is wat sin en betekenis aan sy lewe verskaf het. Solank hy hierdie dienswerk kon verrig, was hy nie bekommerd oor enigiets nie. Christus was duidelik daaroor dat die mens hom nie moet bekommer oor iets nie, maar sy vertroue in God stel (Matt.6:25). Paulus is ’n voorbeeld hiervan. Hy vertrou God vir die dag van môre. Hy weet wat dit is om in volle afhanklikheid op en met vertroue in God te leef. Paulus se fokus behels dat hy hom allereers beywer vir die koninkryk van God en vir die wil van God, met die vertroue en wete dat God dan die nodige aan hom sal skenk (Matt.6:33).

Hierdie gedeelte kan moontlik volgens Newman & Nida (1972: 391) op twee wyses geïnterpreteer word, naamlik, “Maar al is my lewe vir my kosbaar, reken ek dit van geen belang nie” of “Maar ek reken my lewe as van geen waarde nie”. Dit kan ook vertaal word as “nie werd om oor gepraat te word nie”. In enige taal is dit amper onmoontlik om van jou lewe te praat in terme van waarde. Mens kan eerder sê dat dit nie saak maak of ek lewe en of ek sterwe nie. Dit word dan gevolg deur ’n klousule wat stel dat dit belangrik is om jou missie te voltooi.

Paulus se bediening van die Evangelie beskou hy as sy lewenstaak. Die Griekse term *dromon* (δρόμων) kan op figuurlike wyse verstaan word en hou, volgens Louw en Nida (1988: 513), die betekenismoontlikhede in van ’n taak of funksie wat kontinuïteit behels, ’n ernstige poging en moontlik ’n verpligting (soos verpligting of dwang in 1 Korintiërs 9:16), ook ’n taak of missie.

Volgens die Thayer’s-leksikon kan dit moontlik dui op ’n “loopbaan”; dis afkomstig van *dromos* (δρόμος) wat “a course” of baan beteken of “the course of life or of office”. Die Strong’s-leksikon dui ook op die figuurlike gebruik daarvan wat “career” of wedloop kan beteken. Handeling 13:25 lig ook hierdie tema uit: “En toe Johannes aan die einde van sy loopbaan gekom het, het hy gesê: ‘Wie dink julle is ek? Ek is dit nie; maar kyk, Hy kom ná my, wie se skoene ek nie waardig is om van sy voete los te maak nie’ ”. Louw en Nida (1988: 528) verwys ook na *dromos* as ’n baan en wedloop. Hierdie wedloop behels om sy roeping, dienswerk en lewenstaak getrou tot die einde uit te voer. In hierdie verband is 2 Timoteus 4:7 ’n goeie voorbeeld: “Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou.”

Volgens Louw en Nida (1988: 658) is die term *teleiousouw* (τελειώσω) afkomstig van *teleisouw* (τελειόω) wat die betekenismoontlikheid het van “to bring an activity to a successful finish”. Filippense 1:6 gee ’n goeie idee van die interpretasie van hierdie term: “Hy wat ’n goeie werk in julle begin het, dit sal voleindig tot op die dag van Jesus Christus”. Volgens die

Thayer's-leksikon beteken dit "om perfek te maak, te voltooi, om totaal en al deur te voer, te bereik, eindig" en volgens die Strong's-leksikon kan dit "vervul" beteken.

Die term *diamartourasmai* (διαμαρτύρασθαι) dui nie net aan "om te verkondig" nie, maar bevat ook, volgens die Thayer's-leksikon, die betekenismoontlikheid van om "kragtig te getuig" – dit is afkomstig van die term *diamartouromai* (διαμαρτύρομαι) wat volgens Louw en Nida (1988: 413) beteken "to make a serious declaration on the basis of presumed personal knowledge".

Paulus se dienswerk wat hom opgelê is, is gegrond in 'n persoonlike kennis en beleving van dit wat hy verkondig en waaroor hy getuig. Sy persoonlike ondervinding verleen krag en nadruklikheid aan sy getuienis en verkondiging.

Die Evangelie waaroor Paulus kragtig kan getuig as gevolg van persoonlike ondervinding, is 'n Evangelie van genade. Omrede Paulus self hierdie *charitos* (χάριτος – afkomstig van χάρις wat genade, "grace", guns, die goedheid van God en geneentheid (Thayer's-leksikon) ondervind het, kan hy met krag daarvan getuig.

Die genade-aspek van die Evangelie wat hy ervaar het, is die genade wat ook deur hom verkondig word, dat Christus Jesus in die wêreld gekom het om sondaars te red, van wie hy die vernaamste is (1 Tim.1:15).

Wat Paulus ook al in die gesig mag staar, Paulus beskou nie sy lewe as van absolute belang nie. Hy reken sy lewe nie as dierbaar in homself nie. Die taalgebruik dui op dié van 'n rekenkundige (Bock, 2007: 628) of iemand wat 'n voorraadopname maak; sy lewe het slegs waarde en is dierbaar in soverre dit God dien en behaag. Sy vergelyking van sy bediening as 'n wedloop (*dromon*) word saam met die woordjie *ous* (ὥς) deur Lukas gebruik en Bock (2007: 628) meen dit lees dan "I do not consider my life worth anything, so as to complete my course."

Wiersbe (2001: 486) meld die *motief* vir Paulus se bediening wat gevind word in Handeling 20:19, naamlik dat hy "die Here gedien het". Hy was nie geïnteresseerd om geld te maak of om 'n gemaklike lewe te lei nie (Hand. 20:34-35) omrede hy 'n dienskneg van Jesus Christus was. Hy het 'n punt daarvan gemaak om mense te laat verstaan dat sy motiewe vir die bediening geestelik en nie selfsugtig was nie. (1 Tess. 2:1-13).

Die *manier* van sy bediening was navolgenswaardig. Hy het 'n bestendige lewe gelei wat enige iemand kon ondersoek omrede hy niks gehad het om weg te steek nie. Hy't gedien in nederigheid en nie as 'n "religious celebrity" nie. Sy nederigheid was egter nie 'n teken van swakheid nie; hy het veel teëspoed en gevare deurgesien sonder om moed op te gee. Hy was nie bang om te erken dat daar ook oomblikke van trane was nie.

Die *boodskap* van sy bediening (Hand. 20:20-21) was goed bekend omrede hy dit aangekondig en in die openbaar ander daarvan geleer het, sowel as in huiskerke. Hy't sondaars vertel om hulle van hul sonde te bekeer en te glo in Jesus Christus. Die boodskap was "Die Evangelie van die genade van God" (Hand. 20:24) (Wiersbe, 2001: 486).

Wiersbe (2001: 486) meld dat Paulus ses metafore vir sy bediening gebruik. Hier in vers 24 gebruik hy die metafoor van 'n rekenmeester (en vind aansluiting by Bock hierbo) wat sy bates en verpligtinge onder oë neem en besluit om Jesus Christus boweal te plaas. Hy beskou homself in sy bediening ook as 'n atleet wat die wedloop wil voltooi (2 Tim.4:8). Die derde beeld was dié van 'n rentmeester (bestuurder) soos gevind in 1 Korintiërs 4:2. Die vierde beeld was dié van 'n getuie wat kragtig getuie is lewer "vir die Evangelie van die genade van God" (1 Korintiërs 4:24). Die vyfde beeld is dié van 'n boodskapper (1 Korintiërs 4:25) en die laaste is die beeld van 'n wag (1 Korintiërs 4:26) soos gevind in Esegël 3:17-21.

2.5.7.4 Opsomming van die studie van Handeling 20:24

Paulus toon die hart van 'n pastor. Handeling 20:24 is deel van 'n preek waarin hy versorging en bemoediging in die gemeente toepas. Hy berei die gemeente voor op sy weggaan. Hy's verantwoordelik. Hy herinner hulle aan dit wat belangrik is. Tot aan die einde van sy bediening het hy getrou volhard, ten midde van baie uitdagings en druk. Dit wat hy doen beskou hy as sy lewenstaak. Sy hart is uitverkoop tot die verkondiging en bekendmaking van die Evangelie van God se genade. Hy is gelukkig en vervuld in wat hy doen, hy wil dit enduit deurvoer, ten spyte van die probleme. Daar is nie 'n gaping tussen sy amp en wie hy as persoon is nie. Paulus weet wie hy is, wat sy doel is, waarheen hy op pad is en wat vir hom voorlê. Dit is juis as gevolg van die sekerheid van sy identiteit (wat gesetel is in sy verhouding met Jesus Christus) wat veroorsaak dat hy al sy probleme die hoof kan bied.

2.6 Voorlopige samevatting van die prinsipiële Skrifgefundeerde uitgangspunte betreffende die persoon van 'n AGS-pastor in voltydse bediening – Die normatiewe taak

Die normatiewe taak van Osmer (2008: 8) laat ruimte dat daar met 'n Pentekostalistiese perspektief te werk gegaan mag word. Pentekostalistiese interpretasie lê veral klem op die Woord van God (die Bybel), ervaring en ekklesiale tradisie. Pentekostalite het 'n eiesoortige beskouing van die Skrif en die Heilige Gees.

- Wat die pastor betref, het 1 Korintiërs 4:9 getoon dat hy 'n dienskneg moet wees, dat sy roeping onder skoot kom en dat hy nie die bediening vir persoonlike gewin of bevordering moet misbruik nie. Hy is 'n openbare figuur en moet bereid wees om ontbering en lyding te verdra.
- 1 Korintiërs 9:16 het getoon dat sy hooftaak is om die volle Evangelie te verkondig en dat sy roeping sy groot dryfveer is. Hy moet met groot omsigtigheid geldelike kwessies benader en aan niemand iets verskuldig wees nie.
- 1 Timoteus 1:18 het getoon dat sy roeping deur die kerk en ander gelowiges bevestig moet word terwyl 'n geestelike vader of mentor belangrik is. Die bediening is in wese 'n stryd wat gevoer moet word.
- 2 Timoteus 4:5 het getoon dat hy nugterdenkend moet wees. Vervulling lê in die mate waarin hy getrou die volle Evangelie bekendmaak. Hy moet 'n apologet wees en persoonlik die voortgaande krag en transformasie van die Evangelie ondervind.
- Handeling 20:24 het getoon dat die pastor se roeping, amp, identiteit en persoon sy lewenstaak vorm en hoedat die bediening deursetting en vertrouwe in God vereis. Hy trek nie aandag op homself nie, maar weerkaats dit na Christus en is 'n kragtige getuie van die Evangelie.

2.7 Finale opmerkings

Uit die voorafgaande diskussie in hierdie hoofstuk is dit duidelik dat daar definitiewe riglyne in die Bybel is betreffende pastors. Aspekte betreffende die persoon van die pastor en pastorale druk is deeglik bespreek. Die Bybel moet ten alle tye geraadpleeg word om vas te stel wat die Bybelse standaarde betreffende pastors is.

In hierdie hoofstuk was die normatiewe taak betreffende pastors uitgevoer. In die volgende hoofstuk sal aandag gegee word aan die Interpretatiewe taak.

Hoofstuk 3

DIE INTERPRETATIEWE TAAK

Interdissiplinêre perspektiewe op die invloed
van pastorale druk op die persoon van die pastor

3.1 Inleiding

Soos reeds vermeld in Hoofstuk 1, is die model wat hierdie navorsing die beste sal dien, dié van Richard Osmer (Smith, 2010: 1). Dit is 'n model wat bestaan uit vier praktiese teologiese take wat gesamentlik 'n hermeneutiese sirkel vorm. In hierdie hoofstuk sal gekonsentreer word op die interpretatiewe taak waar die oorhoofse doel met behulp van die vrae, “Hoe kan die huidige praxis verstaan word?” en “waarom” dit ontstaan het (De Klerk, De Wet & Pieterse, 2013: 82), bereik sal word.

Perspektiewe op die invloed van druk op die pastor as persoon sal verkry word deur 'n literatuurstudie. Artikels, internetsoektogte in teologiese en ander dissiplines word gedoen om 'n meer juiste beeld met betrekking tot die werklikheid te verkry. Aandag sal gegee word aan die ooreenkomste met die tema van hierdie studie en relevante materiaal sal geïdentifiseer word. Die resultate van hierdie hoofstuk saam met dié van die normatiewe taak (hoofstuk 2) en deskriptief-empiriese taak (hoofstuk 4) sal uiteindelik geïntegreer word om sodoende riglyne vir die pragmatiese taak (hoofstuk 5) te formuleer (Osmer, 2008).

Graham (2011: 401) beskryf praktiese teologie in sy kontemporêre manifestasies as “characterized by its interactions with a range of non-theological disciplines, such as the modern psychologies, social and cultural theory, anthropology, and philosophy.”

Praktiese teologie is 'n dissipline waarin insigte vanuit die teologie en die verskillende teologiese velde saam met die insigte van ander dissiplines op verbeeldingryke, kreatiewe wyse ingespan word om geloofspraktyke van mense krities te ondersoek en te bestudeer. Die doel daarvan is die verbetering en vernuwing van die oue en die ontdekking van die nuwe. In hierdie gebeure is die resultaat nuwe denke oor teorieë, strategieë en aksies wat in die geloofraamwerk funksioneer (De Klerk, De Wet & Pieterse, 2013: 81).

Die tema van die studie gaan oor die AGS-pastor se belewing van pastorale druk en sy/haar hantering daarvan. Die interpretatiewe taak sal gedoen word met spesifieke verwysing na die invloed van pastorale druk op die persoon van die pastor. Om die effek van pastorale druk te verstaan, moet die oorsake daarvan ook bepaal word. In hoofstuk 5 sal daar gekyk word na sekere riglyne wat die pastor kan gebruik om hierdie druk te hanteer.

Waar die normatiewe taak gefokus het op Bybelse aspekte aangaande die pastor se belewing en hantering van pastorale druk, fokus die interpretatiewe taak op relevante sekulêre studievervalde oor hierdie tema.

3.1.1 Wat is die interpretatiewe taak?

Osmer (2008: 4) verduidelik dat die Interpretatiewe taak ten doel het om deur middel van teorieë 'n beter begrip van die menswetenskappe soos, onder meer, filosofie en sosiologie te verkry en te verduidelik waarom sekere patrone en dinamika in die ondersoekveld plaasvind.

Die interpretatiewe taak help dus om die oorsake te verstaan – dit wat aanleiding tot die huidige situasie gegee het (Osmer, 2008: 81). Praktiese teologie tree gevolglik deur middel van die interpretatiewe taak in gesprek met ander dissiplines. Kruisdissiplinêre denke is egter 'n inherente deel van elkeen van die vier take van praktiese teologie. In die interpretatiewe taak ontstaan daar dus 'n interaksie tussen praktiese teologie en die sosiale-, natuur- en filosofiese wetenskappe (De Klerk, De Wet & Pieterse, 2013: 83).

Vir die interpretatiewe navorser om 'n beter begrip van die situasie (ondersoekveld) te verkry, benodig hy skrande wysheid (Osmer, 2008: 80). Die interpretatiewe taak bied 'n teoretiese kaart (deur middel van 'n literatuurstudie wat gedoen word) en gee die navorser 'n beter begrip van die ondersoekveld. Skrande wysheid is om bewus te wees en te bly van die verskil tussen 'n teorie (die kaart) en die werklikheid (Osmer, 2008: 80,81).

Skrande wysheid word, volgens Osmer (2008: 82) aan die dag gelê deur *weldeurdagtheid* ("thoughtfulness"), *teoretiese interpretasie* en *wyse oordeel*.

Weldeurdagtheid ("thoughtfulness") gaan nie soseer oor bedagsaamheid nie, maar oor insig aangaande die situasie wat ondersoek word. Omrede insig in 'n sekere saak gebrekkig mag wees, behels *weldeurdagtheid* om te streef na dieper insig (Osmer, 2008: 82).

Teoretiese interpretasie is die vermoë om deur middel van verskillende teorieë wat uit verskillende wetenskappe verkry word, ondersoek te doen en te reageer op dít wat bestudeer word. Volgens Osmer moet daar geleer word uit hierdie teorieë, maar terselfdertyd moet dit ook beoordeel word, omrede alle menslike teorieë feilbaar is. “No one perspective captures the fullness of truth... many perspectives are needed to understand complex, multidimensional phenomena” (Osmer, 2008: 83,84).

Wat Christelike spiritualiteit betref, is daar ’n menslike behoefte aan sekerheid, maar daar moet geleer word om met onsekerheid saam te leef. Daar moet geleer word om in die spanningsveld tussen verskillende perspektiewe te leef. ’n Spiritualiteit van skrande wysheid beteken om die soektog na sekerheid en die een ware perspektief vir eers tersyde te stel (Osmer, 2008: 83,84).

Wyse oordeel is ’n komplekse intellektuele aktiwiteit en vereis die beoordeling van die mees relevante teorieë met betrekking tot die ondersoekveld asook hierdie teorieë se kontribusie tot die realisering van morele doelwitte wat teologies gedefinieer word (Osmer, 2008: 85).

3.1.2 Doel

Met die bogenoemde parameters in gedagte, sal hierdie studie hoofsaaklik gedoen word uit teologiese literatuur, maar met raakvlakke by die hulpwetenskappe soos sosiologie en sielkunde om sodoende ’n beter begrip van die pastor se belewing en sy hantering van druk te verkry.

Materiaal sal versamel, geanaliseer en geïnterpreteer word met die doel om aan die hand van die normatiewe taak se resultate uiteindelijke riglyne vir die formulering van ’n holistiese Skrifgefundeerde selfsorgpraktyk te ontwikkel wat in die pastorale praksis geïntegreer kan word (die pragmatiese taak).

Heelwat navorsing betreffende die uitwerking van druk op pastors is al gedoen. Wat die AGS-konteks egter betref mag daar, soos reeds in hoofstuk 1 vermeld is, ’n eie situasie wees wat uniek is tot die belewing van pastorale druk in die AGS. Oor hierdie moontlike eie situasie in die AGS-bediening en die uitwerking daarvan op die pastor as persoon, is nog geen studie gedoen nie.

'n Verskeidenheid van faktore dra by tot hierdie unieke situasie wat gevolglik as toenemend problematies deur AGS-pastore beleef word. In 1996 het die AGS-kerk se eenwording plaasgevind. Hierdie eenwording, tesame met die opkoms van kulturele veranderinge, naamlik postmodernisme en post-Christendom, het 'n beduidende invloed op pastore. Die eenwording het noodwendig beteken dat voorheen aparte eenhede met verskillende agtergronde, kulture, bestuurstyle en aanbiddingsvorme nou een geword het.

Hierdie eie situasie het egter ook 'n uitwerking op blanke pastors. In 'n internetartikel ondersoek Reyneke (2010: 3), wat self 'n AGS-pastor is, die toekoms van die Afrikaanssprekende AGS Kerk. Hy haal verskeie probleemareas aan wat op die blanke pastor inwerk, hoofsaaklik as gevolg van die opkoms van postmodernisme (Reyneke, 2010: 7).

Die probleme wat hy vermeld, sluit in afnames in kerkbywoning (Reyneke, 2010: 5), veral middestadgemeentes; die irrelevansie van die kerk vir jongmense (Reyneke, 2010: 8); die bestuurstyl in die kerk wat verander het (Reyneke, 2010: 10) soos, byvoorbeeld, dat leiers vir gemeentebesheerliggame nie meer soos voorheen twee- of driejaarliks deur die gemeente verkies word nie (die pastor wys self leiers aan en funksioneer ál meer as hoof- uitvoerende beampte [HUB] van 'n organisasie); die trots om verbonde aan 'n denominasie te wees, verloor sy greep (Reyneke, 2010: 11); liturgiese veranderinge (Reyneke, 2010: 11). Reyneke vermeld dat die afwesigheid van die jaarlikse Maranatha Park-konferensie 'n beduidende invloed op Afrikaanssprekende AGS-pastors het – dit het altyd bygedra tot 'n eenheidsgevoel wat vroeër sterk geheers het. Selfs preekstyle en preekbenaderings tot kerkloses het verander (Reyneke, 2010: 12,13) en verstedeliking en sekularisasie het 'n probleem geword (Reyneke, 2010: 14). As 'n antwoord op die problematiek van die belewing van 'n gebrek aan eenheid, broederskap en samehorigheid, is groepe of netwerke gevorm (Reyneke, 2010: 16).

Die navorser kon ná vele pogings nie statistieke oor die grootte van die gemiddelde AGS-gemeente bekom nie. Die navorser het wel statistieke oor die gemiddelde bywoning van protestante en ander Christelike kerke in Amerika bekom deur die *Hartford Institute for Religion Research* wat aandui dat die meerderheid (59%) kerke in 'n Amerikaanse konteks as kleiner kerke klassifiseer met bywoningsyfers van slegs tussen 7 en 99 lede. Hierdie tendens mag dalk ook waar wees van die Christelike kerk in Suid-Afrika en meer spesifiek, die AGS. Alhoewel daar nie amptelike syfers beskikbaar is nie, is dit 'n onmiskenbare feit dat die meeste AGS-

gemeentes klein gemeentes is. By streekvergaderings en nasionale konferensies word hierdie pastore egter blootgestel aan die lering en bestuursmodelle van makrogemeente-pastors.

In menige gevalle word 'n makropersepsie daargestel as standaard en ideaal vir die bediening. Die leierskapmodelle word voorgehou vanuit 'n makroverwysingsraamwerk wat menigmaal afkomstig is uit oorsese kulture en nie altyd deur goeie teologie gerugsteun word nie. Agter hierdie modelle skuil daar egter 'n tipe van ghoeroe-mentaliteit wat prestasiedruk op die pastor plaas om met indrukwekkende planne, visies en strategieë vorendag te kom wat gemeentegroei en daarom ook pastorale sukses, sal verseker. Dis 'n mentaliteit wat hom besighou met syfers en 'n tipe gedreweheid wat min ruimte laat vir die leiding, bemagtiging en werksaamheid van die Heilige Gees, soos gevind in die Bybel.

Dit laat menige pastor gefrustreerd en met 'n gevoel dat hy nie aan daardie standaard en persepsie van bedieningsukses (wat herhaaldelik op streeks- en nasionale leiersforumvlak aan hom voorgehou word) kan voldoen nie. Hy ervaar druk om modelle te implementeer, nie omdat hy oortuig is van die effektiwiteit daarvan nie, maar omdat dit van hom verwag word terwyl sy groter behoefte aan broederskap, ondersteuning en 'n gevoel van samehorigheid in 'n mindere mate ontmoet word. Die situasie vereis dat daar weer opnuut gekyk moet word na die manier wat die Bybel geïnterpreteer word (in hoofstuk 2 word kortliks daarna verwys), die beskouing van die rol en funksie van die Heilige Gees (daar word ook kortliks in hoofstuk 2 hieraan aandag gegee) terwyl die fokus van hierdie studie hoofsaaklik te doen het met die beskouing van die bediening en wat sukses in die bediening (en kerk) behels.

Die stand van huidige navorsing wat die AGS-konteks betref, is daar reeds navorsing gedoen aangaande pastors op die platteland terwyl 'n ander studie fokus op uitbranding. Oor die uitwerking van *pastorale druk op die persoon van die AGS-pastor* en die kwessie betreffende doelbewuste riglyne vir moontlike *Skrifgefundeerde holistiese selfsorgpraktyke*, is daar betreklik min studie gedoen.

In Putter (2010: 106) se navorsing maak hy melding van die verskillende rolverwagtinge, rolle en verwagte vaardighede van 'n AGS-pastor in sy studie wat hoofsaaklik ten doel het om die voortgesette akademiese ontwikkeling van die AGS-pastor te ondersoek. Skematies lyk sy bevindinge soos volg:

Tabel 3.1 Putter (2010:106) se bevinding van die verskillende rolverwagtinge, rolle en verwagte vaardighede van 'n AGS-pastor

HOOFKATEGORIE	SUBKATEGORIEE
Holistiese persoonlike karaktereenskappe wat van 'n pastor verwag word:	• 'n Toegewyde verhouding met Jesus Christus handhaaf; • deurlopend vas en volgens God se volmaakte wil leef; • gedurig deur die Heilige Gees gelei en gevul word; • groot ywer vir die missionêre opdrag van die Bybel toon (Matt. 28:19); • 'n deurlopende en volkome vertroue in God; • aanpasbaar en bereidwillig wees om sy/haar swakhede te erken; • gedissiplineerd, openhartig, geduldig en wetsgehoorsaam wees; • selfkennis demonstreer; • deurlopende vertroubaarheid, integriteit, eerlikheid en opregtheid demonstreer; • meegevoel, nederigheid, beskeidenheid en gasvryheid bewys; • onselfsugtig teenoor ander optree; • vergewensgesindheid moduleer; • deurlopend gebalanseerd en standvastig optree; en • emosioneel stabiel wees en aan niks verslaaf.
Vaardighede wat van die pastor verwag word om effektief te funksioneer:	• Oor effektiewe menslike verhoudings beskik; • luistervaardighede deurlopend ontwikkel; • bestuursvaardighede aanleer; • oor effektiewe pastorale vaardighede beskik; • tegnologiese vaardighede aanleer; • van terapeutiese vaardighede bewus word en dit gebruik; • effektiewe kommunikasievaardighede; konflikthantering en mediasievaardighede demonstreer; • ander kan motiveer en effektief organiseer; en • tegniese vaardighede ontwikkel.
Die rolle wat die pastor vervul:	• Hy moet as 'n apostel, profeet, evangelis, herder en leraar funksioneer; • 'n goeie huishoof wees; • spirituele/geestelike leier/prediker; • leier en bestuurder; • opvoeder en opleier/bemagtiger; • berader, adviseur; • maatskaplike werker/fasiliteerder; en • motiveerder.
Die pastor benodig self volgehoue fisieke, intellektuele, emosionele en geestelike sorg, selfversorging en opleiding :	Die pastor moet: • voldoende tyd vir volgehoue geestelike groei inrig; • deurlopend 'n student van die Woord bly; • oor 'n goeie teologiese fondasie beskik waarop verder uitgebou kan word; • deurlopend ingelig en wees en dit relevant kan toepas; • voortgesette opleiding ontvang op tersaaklike gebiede (lewenslange leer); • voldoende rus en persoonlike tyd vir fisieke en emosionele selfversorging inruim; asook • familietyd – getrou en toegewyd wees aan gesin.

Putter slaag wel daarin om die verskillende rolverwagtinge, rolle en verwagte vaardighede van 'n AGS-pastor vas te stel asook dat selfversorging en geestelike opleiding net so noodsaaklik is. Sy studie is egter nie gedoen vanuit die oogpunt van die pastor nie omrede die respondente in sy navorsing lidmate ingesluit het (Putter, 2006: 8). Sy studie slaag ook nie daarin om die pastor se belewing van pastorale druk vas te vang of hoe hy te werk gaan om pastorale druk self te hanteer nie. Sy studie was nie om riglyne vir 'n holistiese Skrifgefundeerde selfsorgpraktyk vir die pastor te formuleer nie.

Die doel van die huidige studie is gefokus op die persoon van die pastor en verskil dus met dié van Putter s'n in perspektief en fokus.

3.2 Literatuurstudie

'n Literatuurstudie behels die opsporing, identifisering en analise van dokumente wat inligting aangaande die navorsingsprobleem bevat (Struwig & Stead, 2001: 38). 'n Literatuurstudie aksentueer vorige ondersoeke pertinent tot die navorsingsonderwerp en dui aan hoe ander navorsers soortgelyke navorsingsprobleme en situasies hanteer het. Dit kan nuwe bronne van inligting na vore bring en perspektief bring op die navorser se studie. Dit stimuleer nuwe idees en benaderings en bied 'n raamwerk vir die evaluering en assessering van toekomstige werk. Dit bied ook 'n basiese beliggaming van kennis vir die verkryging van teorieë, beginsels, konsepte en benaderings vir navorsing (Struwig & Stead, 2001: 38, 39).

'n Literatuurstudie bied 'n skatkis van inligting wat die navorser meer aangaande die navorsingsonderwerp leer. Die skolastiese literatuur van ander navorsers bied inligting wat die navorser kan help om vas te stel watter tipe ondersoek hy van stapel wil stuur, hoe dit gedoen moet word en watter veranderlikes om te meet (Blankenship, 2009: 49).

Blaxter, Hughes en Tight (2006:123) meld dat 'n literatuurstudie 'n kritiese opsomming en assessering van die reeks van bestaande materiale in 'n gegewe veld is wat betrekking het op kennis en begrip. Die doel is om die navorsing binne 'n bepaalde veld te plaas, sy konteks en agtergrond te vorm en insigte van vorige navorsing te verskaf (Blaxter, Hughes & Tight, 2006: 123).

3.2.1 Die Christelike bediening

3.2.1.1 Enkele opmerkings oor die pastor as herder

Die tema van hierdie navorsing is AGS-pastors se belewing van pastorale druk en hul hantering daarvan. Om die studie in konteks te plaas, sal daar kortliks na enkele waarhede ten opsigte van die bediening gekyk word.

Volgens Hill (2001: 42) moet die bediening verstaan word deur eerstens na die kerk se bediening te kyk en dit te verstaan. Om die kerk se bediening in die wêreld te verstaan moet daar by Jesus se bediening begin word. Jesus se bediening is geskoei op die verkondiging en demonstrasie van die Koninkryk van God soos gesien kan word in sy woorde in Markus 1:14,15 wanneer Hy in Galilea kom en die Evangelie van die Koninkryk van God verkondig en gesê het: “Die tyd is vervul en die Koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die Evangelie.” Hill (2001: 44) beweer dat die basis vir die bediening “the reality of the Kingdom established by Jesus Christ” is.

Jesus se bediening was dus een wat die Koninkryk van God gevestig het. Hy het sy dissipels en die kerk die taak opgedra om dieselfde goeie nuus aangaande die Koninkryk die wêreld in te neem. Sy koninkryk het te doen met “the range of his effective will, where what he wants done is done” (Hill, 2001: 42) en dit is haalbaar as gevolg van die lewe, bediening, dood en opstanding van Jesus Christus (Hill, 2001: 44).

’n Formele pastorale amp het nie in die Nuwe-Testamentiese era bestaan nie, die pastorale funksie is egter uitgelig met die woord “*poimen*” as metafoor vir hierdie funksie. In 1 Petrus 5:1-4 spreek Petrus die ouderlinge (*presbuteroi*) toe as herders wat oor die kudde, die mense van die kerk, moet toesig hou; nie te heers nie, maar as voorbeelde te wees (1 Pet. 5:3) (Hill, 2001: 44,45).

Die vermelding van die ouderlinge as voorbeelde vir die kudde sluit aan by Paulus se vermanings aan Timoteus en Titus aangaande die opsieners (*episkopoi*) in 1 Timoteus 3:1-7 en Titus 1:5-9. Dit het in die vroeë kerk met die gebruik van hierdie terme meer om funksie gegaan as ’n offisiële verwysing na ’n amp. Sy karakter en vermoë om te leer, was beklemtoon (Hill, 2001: 45).

Die pastorale funksie geniet ook vermelding deur Paulus in Efesiërs 4:11-12. Dié wat hierdie rol vertolk is soos gawes aan die kerk. *Poimen* en *didaskolos* (leraar) is hier aan mekaar gekoppel en die twee funksies is in een persoon opgesluit.

Gevolgtrek sal daar na die unieke, ekklesiale, professionele en persoonlike karakter van die bediening gekyk word soos wat Heitink (1999: 311-324) daarna verwys. Hy gebruik egter nie

die term *bediening* nie maar wel die term *pastoraat* om na die amp van die pastor te verwys. (Dit sal slegs geld vir punt 3.2.1.2 tot 3.2.1.5 – sien sleuteltermes onder punt 1.1 van bladsy 2.)

3.2.1.2 Die unieke karakter van die pastoraat

Wat pastorale teologie betref, maak Heitink (1999: 311,312) melding van die *unieke karakter*, die *ekkesiale karakter*, die *professionele karakter* asook die *persoonlike karakter* van wat hy die “pastorale professie” noem.

Wat die *unieke karakter* van die pastoraat betref maak Heitink (1999:311-313) melding van die identiteit en die bevoegdheid van die pastor.

3.2.1.2.1. Die identiteit van die pastor

Heitink (1999: 311) beweer dat die term identiteit te doen het met die pastor se sin van persoonlike heelheid. Die doel van hierdie studie is om uiteindelik in hoofstuk 5 (die pragmatiese taak) riglyne daar te stel vir die formulering van ’n holistiese Skrifgefundeerde selfsorgstrategie om sodoende die pastor te ondersteun in die versterking en vestiging van ’n holistiese identiteit. Johnson (2007: 1) vermeld dat die verstaan van die identiteit van die pastor moontlik dié kontemporêre krisis in pastorale bediening vandag mag wees. Volgens hom is daar ’n tekortkoming in die pastorale teologie aangaande die identiteit van die pastor en is dit volgens hom (Johnson, 2007: 1) belangrik om by ’n juiste en korrekte teologiese beskouing van “die bediening” en “wie” en “wat” ’n pastor veronderstel is om te wees, by uit te kom.

Johnson (2007: 1) beweer dat daar verwarring bestaan oor die rol en identiteit van ’n pastor en hierdie verwarring ontstaan heel waarskynlik as gevolg van die huidige postmoderne- en post-Christendom-kultuur:

“Whereas in the past a pastor was principally viewed as resident theologian and preacher, today there is the expectation that a pastor should be, among other things, a chief executive officer, a therapist, and/or a church growth specialist.” (Johnson, 2007:1)

Heitink (1999: 311) meld dat daar dalk onderskeid getref kan word tussen die pastor se *persoonlike identiteit*, *pastorale identiteit* en sy *teologiese identiteit*. In hierdie verband is die twee oorwegende vrae wat die pastor moet vra: Wie is ek? en Wat is ek veronderstel om te doen?:

- Sy *persoonlike identiteit* ontwikkel in die verloop en kontinuïteit van die verskillende fases van sy menslike bestaan. Mense groei en ontwikkel op grond van ’n “grondplan”. Een fase voorveronderstel die ander en bou daarop. Elke fase bring nuwe uitdagings.

Indien hierdie uitdagings nie oorkom of hanteer kan word nie, ontstaan 'n krisis. Dit mag wees dat sommige dinge nie voldoende geïntegreerd is nie en gevolglik spanning skep tussen, byvoorbeeld, die persoon en die bedieningsrol of teologie en geloof. Dit mag verwarring veroorsaak (Heitink, 1999: 311). 'n Identiteitskrisis mag beleef word as gevolg van interne psigologiese faktore en omrede hy nog nie persoonlike volwassenheid bereik het nie. Daar moet in gedagte gehou word dat om gelyktydig pastor, gelowige én mens te wees, voortdurend (as stimuli of obstruksie) in wisselwerking met mekaar is terwyl eksterne faktore van 'n sosiale of teologiese aard tot die krisis mag bydra (Heitink, 1999: 311, 312).

Hill (2001: 49) beweer dat die pastor per se self die belangrikste stuk “gereedskap” vir die bediening moet wees. Hy beweer ook dat die meeste probleme wat die pastor in 'n gemeente beleef, plaasvind wanneer “the pastor forgets he or she is a person” (Hill, 2001: 99-100). Dit is dus deur die krag van die Heilige Gees in die pastor se lewe dat hyself die beliggaming en illustrasie is van dit wat God in die lewe van alle mense wil bereik. So 'n pastor is nie navolgenswaardig as gevolg van sy eie deug nie, maar as gevolg van die werk van God in hom.

Die pastor se beleving van identiteit is egter ook aan sy persoonlike volwassenheid gekoppel. Volgens Hill (2001: 98) is dit 'n belangrike area vir ontwikkeling in die pastor se lewe. Die pastor is nie onder die gemeente as een wat reeds “gearriveer” het nie, maar hyself, nes die gemeentelide, is (as 'n persoon) 'n proses in wording:

“When pastors do not grow up and get well, then personal immaturities and woundedness inevitably affect their ministries and congregations” (Hill, 2001: 100).

- *Pastorale identiteit* word gewoonlik gevorm deur 'n proses van identifisering en proefneming (Heitink, 1999: 312). Dit “vereis” om 'n ander pastor as rolmodel te hê met wie geïdentifiseer kan word. Daar moet genoeg “ruimte” vir 'n pastor wees om voldoende ervaring op te doen om sodoende sy eie, persoonlike interpretasie van die pastorale rol te ontwikkel.

- Wat sy *teologiese identiteit* betref, moet die pastor teologiese verantwoording van sy werk kan gee deur teologie en wetenskap te integreer. Hy moet ook 'n vrugbare verhouding met die institusionele kerk vestig; een wat krities is, maar ook in solidariteit daarmee (Heitink,1999: 312).

Pastors moet uitvind hoe geloofskeuses en psigologiese faktore in hul persoonlike lewe met mekaar verband hou. Die pastor se *roeping* en sy geloofskeuse om voltyds in die pastoraat in te gaan, mag 'n uiters belangrike komponent wees in sy identiteitsvorming en die behoud van hierdie spesifieke identiteit (Heitink,1999: 312).

Die spanning wat mag bestaan tussen die pastor se kerklike rol en sy persoonlike lewe moet opgeklaar word. Hy moet bereid wees om die kerk te verteenwoordig in 'n al hoe meer gesekulariseerde samelewing (Heitink,1999: 312).

Johnson (2007: 2) vermeld dat, terwyl Christus as model vir die pastorale (teologiese) identiteit geneem moet word, die Ou-Testamentiese ampte van profeet, priester, wysgeer en koning die (teologiese) wortels vir die pastorale bediening verskaf. Die priester het bemiddelend vir God se vergifnis opgetree, die profeet vir God se Woord, die wysgeer vir God se wysheid en die koning vir God se heerskappy. In Christus word al vier ampte saamgevat (Johnson, 2007: 5). Die pastor se (teologiese) identiteit moet dus, volgens hom, verstaan word:

- *kragtens die amp van die profeet* – hy's geroep om God se mondstuk te wees; om as 'n "trustee" (van die verborgenhede van God) die Skrif uit te lê as Lewende Woord van God; om die Woord te dra en te bedien moet vir hom noodsaak ("a burden") wees. Deur die boosheid van sy dag te konfronteer, moet hy bereid wees om die prys daarvoor te betaal. Hy moet onwankelbaar wees en bereid wees om soms onpopulêr te wees (Johnson, 2007: 7).
- *kragtens die amp van die priester* – Johnson vermeld dat pastors "are part of a formally designated and consecrated ministry, the nature of which calls for priestly acts at their deepest levels" (Johnson, 2007: 7). Hy moet sy plek by/langs die mense inneem, om te troos en bemoedig. Hy tree in vir – en is getrou aan die mense. Waar daar sonde is, kom hy langs die persoon in en moedig versoening met God aan. Waar daar pyn is in die lewe van mense, dompel hy homself in die seer en dra dit saam. Hy hou toesig oor die aanbidding, die waardigheid van God se huis. Hy moet heilig wees om sodoende die

volk voor te gaan in aanbidding. Hy seën die mense. Die mense wat aan hom toevertrou is, is die offer wat hy aan God voorlê (Johnson, 2007: 8).

- *kragtens die amp van die wysgeer* – die pastor moet na wysheid soek; 'n waarnemer van die lewe wees. Hy moet wyse raad bied; 'n geordende lewe leef; sy huis, huwelik en lewe moet in orde wees (Johnson, 2007: 9,10).
- *kragtens die amp van die koning* – die pastor moet lei; hy moet visie gee; hy moet rentmeester van (menslike) hulpbronne wees; hy moet voorloop in die geestelike stryd (Johnson, 2007: 10).

3.2.1.2.2 Die bevoegdheid van die pastor

Bevoegdheid volgens Heitink (1999: 313), gaan daaroor om die nodige magtiging te hê en ook om oor sekere vaardighede te beskik. Aan die een kant het dit te doen met magtiging en aan die ander kant om goed opgelei en toegerus te wees. Die pastorale professie vereis magtiging deur die institusionele kerk, identifisering met die tradisie en verkryging van die soort spiritualiteit wat met hierdie simboliese funksie saamgaan. Grobbelaar (2007: 4) beweer dat die pastor bevoegdheid ontvang wanneer daar erkenning deur die kerk aan sy *roeping* gegee word deur ordinansie. Hy verduidelik dit so:

“Paulus verduidelik in hierdie verband dat Timoteus se roeping as prediker en leraar gepaardgegaan het met **'n besondere genadegawe van God** wat aan die geroepene gegee is tydens handoplegging (2 Tim. 1: 6)” (Grobbelaar, 2007: 4).

Wat die *roeping* van die pastor betref, klassifiseer dit nie net onder sy bevoegdheid nie, maar is dit ook 'n identiteitvormende faktor wat die persoon van die pastor betref. Fourie (2008: 22) wys daarop dat “roeping” tot en met die Hervorming hoofsaaklik gesien is as 'n roeping uit die wêreld of uit die alledaagse lewe, “in voltydse, amptelike geestelike diens”. Mense het daarom by 'n geestelike orde of klooster ingeskakel. Luther het egter die algemene priesterskap van alle gelowiges beklemtoon en dat alle gelowiges geroep word as medewerkers van God.

Grobbelaar (2007: 18) beweer dat God, ná die sondeval, die mens (deur sy genade) nie laat sterf nie, maar roep om verantwoording te doen (Gen.3: 9) en sy skuld te bely. Almal word dus geroep om deur Jesus Christus met God versoen en geregverdig te word. Hierdie roeping word deur Erasmus (1990: 51) beskryf as 'n primêre roeping. Volgens Titus 2:11 het die

reddende genade van God aan alle mense verskyn. Die pastor is dus in die eerste plek 'n persoon wat “ja” geantwoord het op God se roepstem tot redding.

Na aanleiding van Grobbelaar (2007: 18) roep God vervolgens spesifieke persone om die gevalle mensdom weer terug te lei na Hom toe. Erasmus (1990: 56,57) verwys hierna as die sekondêre roeping. Dit is sekondêr in die sin dat dit ná of gelyktydig, maar nooit sonder die primêre roeping nie, geskied. Dis 'n roeping tot die vervulling van 'n bepaalde funksie binne die kerk.

Die pastor is deel van die groep mense (apostel, profeet, evangelis, herder, leraar, ouderling, dienaar, opsiener, ens.) wat betrokke is by die gebeure in die proses van kommunikasie wat plaasvind tussen God en die mens. Volgens Grobbelaar (2007: 18) is daar voorbeelde van Bybelse persone wat deur God geroep is as belangrike instrumente binne die verwesenliking van sy heilsplan. Hierdie roeping hou ook verband met die feit dat so 'n persoon wat hierop reageer, 'n gestuurde is (Rom. 10:15a).

Wat hierdie sekondêre roeping betref, beweer Mohler (2012) dat dit eerstens 'n innerlike roeping is. Deur sy Gees praat God met die persone wat Hy roep om te dien as pastors en bedienaars van sy Kerk. Mohler (2012) meld dat hierdie innerlike roeping 'n kwessie is van “God’s voice heard by faith”. Hy vermeld verder dat “those called by God sense a growing compulsion to preach and teach the Word, and to minister to the people of God” (Mohler:2012).

Dan is daar die uiterlike roeping waar die gemeente erkenning aan die roeping en gawes van die spesifieke gelowige gee en dit evalueer, bevestig en vier. Om 'n roeping te hê, beteken nie om bloot net geroepe te voel nie, maar impliseer 'n erkenning van daardie roeping deur die kerk (Heitink, 1999: 316). Sedert die Reformasie geskied erkenning van 'n persoon se roeping slegs in soverre hy teologiese opleiding ontvang het.

In die AGS-kerk word magtiging gebied aan pastors deur ordinansie. Dit is die erkenning van sy roeping deur die kerk soos die Bybel dit vereis. Hierdie bemaagtiging gee aan die pastor die reg en toestemming om te wees wat hy moet word naamlik, 'n amptelike pastor van die kerk.

Wat die pastor se bevoegdheid betref kan daar volgens Heitink onderskeid getref word tussen drie tipes bevoegdhede, oftewel vaardighede, naamlik *pastoraal-teologiese* vaardighede, *kommunikatiewe* vaardighede en *persoonlike* vaardighede (Heitink, 1999: 313). 'n Kombinasie hiervan is noodsaaklik vir die pastor om die Evangelie aan mense te medieer. Die pastor bekom hierdie vaardighede deur sy interaksie met die kerk in geheel.

Dit mag wees dat in 'n pastor se lewe, pastorale druk van so 'n aard is dat al drie vaardighede onder skoot kom in 'n postmoderne kultuur en beleef pastors in al drie vaardighede in 'n mindere en meerdere mate druk.

3.2.1.3 Die ekklesiale karakter van die pastoraat

Om 'n kerklike amp te beklee, is 'n noodsaaklikheid vir die pastorale identiteit (Heitink, 1999: 313). Wat die *ekklesiastiese karakter* van die pastoraat betref, vermeld Heitink (1999: 313-315) dat kerklike ampte, net soos geestelike gawes, gesetel is in die charismatiese gemeenskap. Die Bybel gebruik nie die term "amp" nie, maar wel die term diakonia (diens). Hierdie ampte word beklee in Christus se naam en het te doen met die proklamasie van die evangelie en die bou en lei van die kerk.

Die essensie van die amp behels die verteenwoordiging van Christus. Diesulkes wat 'n kerklike amp beklee, word konstant opgeroep om die kerk aan sy spesiale doel te herinner.

Die Reformasie herstel die ampte in die kerk na normale, menslike verhoudinge. In die Calvinistiese tradisie mag kerklede die amp van ouderling of diaken beklee. Saam met die prediker vorm hulle die kerkraad. Die grootste deel van die kerkraad bestaan dus uit kerklede. Dit bied aan hulle die geleentheid om hul stempel op kerkbeleid te plaas. Die bediening van die sakramente bly egter die prerogatief van die prediker/pastor.

Drie teologiese benaderings tot ampte in die kerk is: (1) die katolieke tipe (*high church*) – waar die geordende persoon apart en bo die gemeente plaas word; (2) die klassieke gereformeerde tipe waar die amp apart van die gemeente, maar ook in die midde van die gemeente geposisioneer word met sy outoriteit wat beperk word deur die priesterskap van alle gelowiges; en (3) die vrye kerk-tipe waar die bekleding van 'n kerkamp nie essensieel verskillend beskou word as dié van die amp van alle gelowiges nie (Heitink, 1999: 314).

Die huidige beskouing vir kerklike ampte fluktueer. Om 'n kerklike amp vandag te beklee is ietwat 'n kontroversiële aspek van die pastor se identiteit. Soos in die Protestantse tradisie moet pastors evalueringskomitees ontmoet en kodes teken wat hulle soms net gedeeltelik mee saamstem. Om 'n kerkamp dus te beklee, mag gevoelens van selektiwiteit of druk meebring wat nie versoenbaar is met die oorspronklike charismatiese karakter of, anders gestel, die idee dat 'n pastor geroepe voel tot die bediening nie (Heitink, 1999: 315).

3.2.1.4 Die professionele karakter van die pastoraat

In die verlede was daar sekere professionele kodes in gebruik, veral in die Rooms-Katolieke konteks wat die bediening van die sakramente streng gereguleer het. Die kerke van die

Reformasie was ongemaklik met die verhouding tussen regulasies en God se soewereine daad deur Woord en Gees.

Volgens Heitink (1999: 317) is hierdie professionalisering sedert die 1960's goed ontvang in kerkkringe. Wat die *professionele karakter* van die pastoraat betref, definieer Heitink (1999: 317-321) professionalisering as "the process whereby certain activities (which are important for society) are compressed into societal functions". Met die afname in prestige van die tradisionele bediening was hierdie "expertise" of kennisgebaseerde gesag gesien as 'n moontlike antwoord, alhoewel dit ingebed was in die spiritualiteit van die pastor. Kritici het verskillende menings oor professionalisering.

Professionalisme het wel 'n impak op die aard van die pastorale verhouding: Dit bied nie wederkerigheid nie, dis funksioneel en impliseer mag en outoriteit oor 'n ander en bevorder intellektualisme. Maar dit skep afstand, veral tussen professionele persone en vrywilligers. (Heitink, 1999: 318). Ernstige pastorale werk kan egter nie professionaliteit vermy nie, en dit verwyder ook nie die spanning tussen hierdie ontwikkeling en die unieke identiteit van die Christelike gemeenskap nie (Heitink, 1999: 319).

Die kern van die pastor se funksie is ingebed in sy hermeneuties-liturgiese bevoegdheid maar kan nie geskei word van sy agogiese kommunikatiewe bevoegdheid nie. Dit behels die pastor se vermoë om leiding te bied aan die gemeente deur verskeie vorme van kommunikatiewe aksies soos viering, vergaderings, in groepe werk en persoonlike gesprekke (Heitink, 1999: 319).

Daar is ruimte vir drie variante vir professionalisme in die pastorale professie, en spesialisering kan geskoei word op *pastorale*-, *opleidings*- en *organisatoriese bevoegdheid* en die doel is om die kerk toe te rus om te wees wat dit veronderstel is om te wees, naamlik 'n missionêre gemeenskap wat aanhou leer en gereed is om te dien. Die agogiese aspek van die pastorale professie is 'n kernfunksie van die pastor en behels om ander toe te rus vir take in die kerk.

Pastorale bevoegdheid vereis spesialisering op die gebied van pastoraat (pastoorskap) deur byvoorbeeld voortgesette akademiese opleiding. *Opleidingsbevoegdheid* vereis spesialisering op die gebied van godsdienstoerusting aan jongmense en volwassenes, binne en buite die kerk. *Organisatoriese bevoegdheid* fokus op die analise van strukture en prosesse met die inagneming van aspekte soos mag, ongeregteerdheid en armoede (Heitink, 1999: 320).

Toegang tot die pastorale professie vereis voltooide akademiese opleiding, verkieslik op universiteitsvlak. Nagraadse opleiding is egter net so noodsaaklik (Heitink, 1999: 321). AGS-pastors se opleiding vir toelating tot die bediening het gewissel van 'n eenjaarsertifikaat (nie

georden/ingeseën) tot 'n honneursgraad in teologie wat aan verskillende instellings met verskillende standaarde en kultuuragtergrond aangebied is (Putter 2006: 1).

Vanweë die professionalisering van die pastoraat mag 'n pastor uit Afrika met sy moeilike uitdagings dit moeilik vind om aan die teologiese vereistes te voldoen. Teologiese opleiding is, volgens Heitink, 'n vereiste in die erkenning van die amp van die pastor, maar die pastor wat uit 'n eg-Afrikakultuur en -agtergrond kom, mag dalk nie die noodsaaklikheid van hierdie opleiding insien nie.

3.2.1.5 Die persoonlike karakter van die pastoraat

Wat die *persoonlike karakter* van die pastoraat betref, wys Heitink (1999: 321) op die veeleisende aard van die pastorale professie asook die belangrikheid van die *spirituele welstand* van die pastor.

3.2.1.5.1 Die persoon van die pastor

Volgens Heitink (1999: 321) bedank baie pastors ná 'n aantal jare uit die bediening en volgens hom sê dit iets oor die meedoënlose aard van hierdie professie, maar ook van die spirituele welstand van die betrokke individue. Daarom dring sommige kerke daarop aan dat geskikte kandidate reeds tydens opleiding geïdentifiseer moet word en verkieslik nie te jonk of onervare wees nie. Heitink (1999: 321) gaan selfs sover as om te meld dat hy 'n voorstander daarvan is dat kerke psigologiese toetse moet inspan alvorens 'n pastor aangestel word.

Die pastor se integriteit is baie belangrik en dit sal, volgens Heitink (1999: 322), goed wees indien daar ook 'n professionele kode is om die pastor te help om sy seksuele integriteit te behou.

Die aard van die pastoraat het ook 'n geweldige invloed op sy gesin. Sy huis moet dikwels “'n huis van glas” wees. Die lewe in 'n pastorie het sy eie spanning waarvan baie min mense en lidmate bewus is (Heitink, 1999: 323).

3.2.1.5.2. Die pastor se spiritualiteit

Volgens Heitink (1999: 323) speel die pastor se spiritualiteit 'n deurslaggewende rol, want hy beleef ook periodes van “darkness of the soul”. Hy beleef God ook soms as ver en asof Hy stil geword het. Soms beleef hy gevoelens van onbevoegdheid en oneffektiwiteit. Sommige pastors poog om hierdie gevoelens te oorleef deur doelbewus afstand te skep, terwyl ander in 'n kultuur van vergaderings ontvlugting soek. Hierdie tipe druk kan nie deur sulke aksies oorkom word nie (Heitink, 1999: 323).

Hy stel 'n mistagogiese pastorale sorg voor (1999: 324) wat in Katolieke kringe ontstaan het. Mistagogies beteken om mense te lei na die genadige selfopenbaring van God en behels

dat die pastor self spirituele oefeninge of dissiplines onderneem. Hierdie gebedsoefeninge en vorme van meditasie lei tot 'n dieper beleving van sy persoonlike geloof en is 'n absolute noodsaaklikheid in die pastorale professie.

3.2.2 Pastorale druk

In hierdie studie verwys druk na enige probleem of uitdaging wat op die totale persoon van die pastor mag inwerk. Ferguson (2008: 3) is van mening dat pastors te doen het met menige uitdagings “that are not present in other occupations”.

Kruger (2010: 5) beweer dat druk in die pastor se persoonlike lewe 'n invloed op sy professionele lewe het en ook andersom – werkervaringe spoel oor in die huislike en persoonlike lewe. Lee (1999: 487) beweer dat die gevolge van pastorale eise geneig is om beleef te word “in one’s global and subjective sense of emotional wellbeing [rather] than in one’s attitude toward the ministry itself.”

Daar is heelwat navorsers wat bydraes gelewer het op die terrein van pastorale druk, maar slegs dié wat relevant vir hierdie studie is, sal vermeld word om sodoende die agtergrond van die probleem duideliker te skets. Druk in die bediening sal gesorteer word onder die opskrifte *Oorsake* van pastorale druk en *Gevolge* van pastorale druk.

Op watter manier pastorale druk deur pastors moontlik die hoof gebied kan word, sal in hoofstuk 5 aandag geniet en sekere aspekte sal uitgelig word wat kan dien as riglyne vir die formulering van 'n Skrifgefundeerde holistiese selfsorgpraktyk vir pastors.

3.2.2.1 Oorsake van pastorale druk

Om die pastor se beleving van pastorale druk te verstaan moet daar eers verstaan word wat daartoe aanleiding gegee het. Uit die literatuurstudie word daar nou sekere oorsake van pastorale druk gemeld wat in twee kategorieë naamlik, innerlike - en uiterlike oorsake gekategoriseer mag word:

3.2.2.1.1 Innerlike oorsake

Nolte (2007:4) beweer dat pastors as gevolg van die beleving van pastorale druk innerlike verlamming beleef wat manifesteer as 'n gebrek aan emosionele energie om hulle bediening sinvol uit te voer.

Uit die literatuurstudie het die volgende innerlike oorsake van pastorale druk na vore gekom:

- **Eie sonde** – Grobbelaar (2007: 34) vermeld dat sondige gedrag, waar persone hul oë afwend van hul Skepper en self in beheer van hul omstandighede wil wees ten einde hul

eie heil te probeer bewerkstellig, is deel van menswees sedert die sondeval, en ook die eerste voorbeeld van menslike selfsugtige ambisie. Van al die oorsake van pastorale druk mag eie sonde dalk een van die grootste oorsake wees. Die pastor kan nie met vrymoedigheid bedien indien daar bewuste sonde in sy lewe is nie. Die kwessie van verslawing word ook hieronder gemeld.

Sommige meen dit is debatteerbaar of verslawing as sonde gesien kan word. Atterburn (2012) mag reg wees met sy uitgangspunt dat “every addict is deeply involved in sin. But I also believe that every sinner is addicted to their favorite sin, whether it’s gossiping or whatever.” Hill (2001: 114) beweer dat baie pastors deur een of ander verslawing poog om die druk in die bediening te verwerk, maar dat hierdie verslawing ook weer ’n oorsaak tot die belewing van verdere druk word.

- **Unieke persoonlike kenmerke** – Grobbelaar (2007: 107-108) maak melding van drie oorsake:
 1. Die *persoonlike geskiedenis en agtergrond van die pastor* – sy eie innerlike wêreld (grootword, seerkry, ensovoorts) ontmoet dié van ander persone;
 2. Sy *unieke psigiese kenmerke* – hy mag dalk ’n baie sensitiewe persoon wees. ’n Voorbeeld hiervan: ’n ander persoon wat hom skeef aankyk in die diens of ’n persoon wat gaap tydens sy preek, laat hom spanning ervaar (Dit het te doen met ’n mens se beskouing van jou taak en jou persoonlike vermoëns en of jy sekere probleme kan hanteer; en
 3. Die *aanvaarding van verantwoordelikheid* van die voltydse bedienaar – die mate waartoe hy verantwoordelik voel vir die geestelike sowel as die emosionele groei van die gemeente kan, volgens Grobbelaar, moontlik tot die belewing van pastorale druk lei.
- Hier kan ook melding gemaak word van die pastor se eie verwagtinge. Grobbelaar (2007: 108) vermeld dat pastors dikwels van hulself verwag om (al die) antwoorde en oplossings vir mense se probleme te hê. Morse (2011: 15) stem hiermee saam en meld dat dit problematies is wanneer pastors “try to be all things to all people, and to have the personal expectation to appear God-like”. Hy vermeld verder dat die pastor gereeld sy eie verwagtinge moet ondersoek en “not try to take over other people’s task of spiritual formation and life problem solving” (Morse, 2011: 153).
- **Die nalating/afwesigheid van doelbewuste selfsorg** – Kruger (2010: 21) beweer dat ’n persoon oor ’n toepaslik, persoonlike oorlewingstrategie moet beskik om sodoende te herstel ná die belewing van ernstige druk; om as’t ware oor ’n natuurlike veerkragtigheid

(*resilience*) te beskik. Hill (2001:53) beaam dit deur te meld dat “a pastor must care for himself or herself physically, mentally, socially, and spiritually”.

Wat die pastor se innerlike eise en behoeftes betref, beweer Morse (2011: 17) dat pastors voortdurend besig is om ander te probeer help, maar in die proses laat hulle hul eie selfversorging agter – “They look for people to help, yet don’t see their own needs”.

Die nalating van doelbewuste selfsorg lei tot *gebrekkige selfbestuur en balans*. Die bediening is ’n veeleisende professie omrede dit die geestelike leier se sin vir balans en grense voortdurend op die proef stel (Morse, 2011: 1).

- **Roeping-twyfel** – Cooke (2007: 9) vermeld roepingonsekerheid as ’n oorsaak tot die beleving van pastorale druk. Druk in die bediening veroorsaak voortdurend ’n emosionele stryd rakende die roeping van die pastor. Die pastor vra ook soms, soos Paulus, “en wie is tot hierdie dinge bekwaam?” (2 Korintiërs 2:16).
- **Aanpassing en onsekerhede** – Dis veral van toepassing op onervare pastors wat pas uit die teologiese skool kom en daar is ook soms ’n botsing wat tussen idealisme en die realiteit plaasvind. Grobbelaar (2007: 112) meld dat die gaping tussen die jong predikante se kennis van die teologie en dié van die gemeente aanvanklik ’n groot stressor is. Vir baie pastors wat nie oor ’n geestelike mentor of rolmodel beskik by wie hulle kan leer en waarnemings maak nie, is die onsekerhede oor die bediening groot. Akademies is hy opgelei en verstaan hy waarom sekere dinge gedoen moet word, maar sy onsekerheid lê in die *hoe* dit gedoen moet word.

3.2.2.1.2 Uiterlike oorsake

Uit die literatuurstudie blyk dit dat daar talle uiterlike oorsake van pastorale druk is en kan soos volg gekategoriseer word:

A. Bedieningsverwante oorsake

Morse (2011: 28) beweer dat daar baie komplikasies aangaande leierskap en die bediening vir pastors is. Die volgende bedieningsverwante kwessies het uit die literatuurstudie na vore getree:

- Cooke (2007: 4) maak melding van die kwessie van **mobiliteit** en sê dat daar vir predikante geen geleentheid tot vertikale vordering is nie.

In beginsel gaan dit in die bediening nie om bevordering nie en status behoort nie belangrik te wees nie. ’n Toename in ervaring bring dalk wel ’n horisontale verskuiwing (verhuising van een gemeente na ’n ander) en nie noodwendig ’n vertikale

verandering (toename in status) teweeg nie. Dit beteken dat die bediening in hierdie opsig anders is as enige van die professionele beroepe.

Kellerman (1999: 295) het ook vroeër vermeld dat pastors in 'n sekere sin bestuurders is; in bestuur gaan dit om bevordering en om die ontwikkeling van die persoon se potensiaal wat dan weer finansiële voordeel, hoër status en nuwe uitdagings inhou. Maar die bediening bied nie hierdie opsie nie.

- Die kwessie rakende **finansies** word deur Lee (1999: 478) vermeld wanneer hy beweer dat lang werkure vir 'n betreklik lae inkomste, in vergelyking met ander beroepe, 'n bron van druk vir pastors is en in menige geval, die grootste oorsaak. Morse (2011: 14) kom tot die slotsom dat om buitensporige lang werkure (insluitend vakansies en Saterdag), een manier is om geestelike en fisieke uitbranding van 'n pastor te verseker.
- Die kwessie van **kontraktuele bediening teenoor verbondsbediening** (*covenantal ministry*) kom ook hier ter sprake (Morse, 2011: 29). Kontraktuele bediening het te doen met die feit dat die bediening aan die een kant 'n betrekking is waar 'n kontrak tussen werkgever en werknemer bestaan, 'n posbeskrywing word vasgestel, verwagtinge word wedersyds verwoord, voordele word vasgestel, verlof en afnaweke is ter sprake, en werkvoorwaardes word vasgestel. Die pastor staan nie net in 'n kontraktuele hoedanigheid nie, maar ook as geroepene. Dit is sakramenteel van aard, pastoraal en lerend. Die verbondsbediening is meer dinamies. Kerksisteme moet verstaan dat beide nodig is.
- Vir talle pastors is die kwessie van **nie onmiddellike / sigbare resultate** in hul pastorale werk problematies. Menige pastors het ondervind dat die onduidelike resultate van hul werk hulle laat met 'n begeerte na ander aktiwiteite wat tasbare resultate lewer, soos houtwerk en pottebakkerie (Hill, 2001: 120). Somers (2004:46) stel dit so:

“The Christian ministry, in whatever form it takes, is distinct from other vocations and careers... More often than not, there is no promise of material prosperity. Rewards are more intangible and eternal.”

- Die feit dat menige pastors **alleenleier en -visioenêr** is, word ook as problematies beleef. Indien hyself 'n probleem ondervind, kan hy in die meeste gevalle (afhangend van die aard van die probleem) nie met sy gemeente, leiers of vriende in die gemeente daaroor praat nie (Morse, 2011: 4,30). As alleenleier is sy rol, wat visie betref, soms tweeledig en plaas dit ook druk op hom:

“There are times when the clergy needs to advocate for tradition and other times when something new needs to be embraced” (Morse, 2011: 4, 30).

- Wat die pastor se **werksituasie** betref, beweer Kellerman (1991: 293) dat menige pastors die gevoel het dat hulle te min tyd en te veel werk het, en dat daar te min ruimte gelaat word om hul inisiatiewe tot hul reg te kan laat kom.
- Die kwessie van **kollegiale verhoudinge** word ook as problematies deur pastors beleef. Morse (2011: 4) bevind dat daar in baie denominasies nie maniere vir pastors is om “on-going support in a very complicated profession” te verkry nie.

Aan die ander kant: om gewoon binne ’n organisasie te staan, kan reeds ’n bron van stres wees “and a threat to an individual’s freedom, autonomy and identity” (Kellerman, 1991: 294).

- **Onduidelikheid oor rolgrense** blyk ’n oorsaak tot druk vir pastors te wees. Dit het te doen met die pastor se belewing van “conflicting role demands and loyalties in the workplace” (Ferguson, 2008: 39), maar beteken ook dat hy as individu verward is rakende gesag en voel asof daar baie mense is wat aan hom voorskryf wat om te doen.

Pastors word dikwels in diens geneem deur gemeentes sonder dat daar ’n duidelike posbeskrywing is. Daar is ’n aanname by die gemeente se leiers dat die pastor, in daardie spesifieke gemeente-opset, veronderstel is om te weet wat om te doen.

Oor onduidelikhede wat grense/perke betref, beweer Morse (2011: ii) dat “...what is expected of the minister and their own expectations creates dissonance that blurs the boundary of their role.”

Daar is ook soms ’n vaagheid oor die skeidingslyn tussen werk en familie-lewe (Lee, 1999: 488) en daarom infiltreer werkdruk ander areas van die pastor se lewe. Nie net by die pastor heers daar soms onduidelikheid oor rolgrense nie, maar ook by lidmate.

Lee (1999: 483) bevind dat talle pastors ondervind dat gemeentelide inbreuk maak op hulle en hul gesin se privaat lewe deur soms ongenooi op te daag, gesinstyd te onderbreek, of om hulle in die openbaar lastig te val.

- Morse (2011: 11) vermeld dat 90% van die pastors in sy navorsing beweer dat hulle nie genoegsame **opleiding** ontvang het om die eise van die bediening te hanteer nie. Volgens Morse (2011: 34) is dit belangrik dat seminariums teologie en godsdienstige konstruk leer, maar stel voor dat “they also need to emphasize the personal ethics and

the personal effectiveness of ministry for clergy to be effective and to 'do no harm' to themselves and others" (Morse, 2011: 34).

B. Gemeenteverwante oorsake

Soos reeds gemeld, is die amp van die pastor gesetel in die charismatiese gemeenskap (Heitink, 1999: 313). Die volgende gemeenteverwante kwessies het uit die literatuurstudie na vore getree:

- Grobbelaar (2007: 108) maak melding van **die demografiese gemeenteprofiel** en verduidelik dat elke gemeente sy eie unieke en komplekse samestelling het wat moontlik bydraend kan wees tot die belewing van druk. Die uiteenlopendheid van gemeentelid se **paradigmatiese perspektiewe** (Grobbelaar, 2007: 109) is ook rede tot druk vir die pastor.
- Pastors beleef **kritiek** wat van 'n leier mag kom, erger as kritiek wat oor sy toewyding of sy geloof handel en wat van 'n ander lidmaat mag kom (Leë, 1999: 483).

In dié verband beweer Hill (2002: 55) dat "the pastor who serves as a catalyst for Spirit-inspired change will not always be greeted with enthusiastic support from the church members".

Die pastor se gesin loop ook onder kritiek deur. Volgens Morse (2011: 11) beweer 80% van pastors dat die bediening 'n negatiewe impak op hul gesinne het.

- **Interpersoonlike spanning en konflik** is vir pastors 'n bron van druk. Steyn (2010: 266) laat val die klem op die interpersoonlike verhoudings van die pastor se bediening en voer aan dat mens nie die rol van moontlike misverstand in konfliksituasies moet onderskat nie; in menige geval gee dit aanleiding tot interpersoonlike spanning.

Ferguson (2008: 37) beweer dat verhoudingskonflik 'n proses is "that starts when one individual or group perceive differences and opposition between them and another individual or group regarding interests, beliefs or values that matter to them." Wat die pastor se belewenis van so 'n situasie betref, hou dit vir hom as persoon soms traumatiese gevolge in.

Hill (2002: 106) beweer dat die pastor verlies ly "through various conflicts in the church, and the loss of hope that such conflicts bring".

- In menige geval word daar van die gemeente se kant af onnodige verwagtinge aan hom gestel sodat hy **rol-oorklading** beleef.

Grobbelaar (2007: 112) beweer dat daar so 'n groot hoeveelheid take is wat die pastor moet verrig, bo en behalwe sy primêre plig om die Woord te bedien, dat hy heeltyd skuldig voel omdat hy nie by alles kan uitkom nie.

Lee (1999: 478) beweer dat kerklidmate geneig is om hoë verwagtinge met betrekking tot die pastor se persoonlike en professionele bevoegdheid te hê en dat hierdie verwagtinge dikwels deur pastors as onrealisties en intrusief (*intrusive*) ervaar word. In hierdie verband beweer Morse (2011: 30) dat daar van pastors verwag word “to act as a holy reflection of God at all times”. Barnard & Currie (2012: 151) is van mening dat pastors soms vrees dat hulle nie aan hierdie verwagtinge sal kan voldoen nie en daarom kom die kwessie van beskikbaarheid na vore.

Morse (2011: 15, 28) vermeld dat daar van pastors verwag word om beskikbaar te wees wanneer hulle ook al benodig mag word en om hul persoonlike tyd ter wille van die gemeente op te offer. Dit word ook die messiaskompleks genoem (Hill, 2002: 78) – “...pastors are not the messiahs of their churches and that the fate of the world is not all up to them.” (Hill, 2002: 78).

Daar word nie net onrealistiese hoë verwagtinge aan die pastor gestel nie, maar ook aan sy gesin. Lee (1999: 478) beweer dat daar 'n verwagting is dat pastors se kinders beter gemanierd en uit die aard van die saak meer geestelik volwasse moet wees as die gemiddelde kind in die gemeente of gemeenskap. Daar word dikwels van die vrou van die pastor verwag om bedieningsverantwoordelikhede op haar te neem as deel van die “pakket” wat saam met die pastor kom.

- Grobbelaar (2007: 110,111) maak melding van die kwessie van **die verplasing van verantwoordelikhede deur gemeentelêde**. In sommige gevalle hou gemeentelêde die pastor verantwoordelik vir hul eie geloofsgroei. Indien die pastor nie persoonlike aandag aan hulle gee of aan huis by hulle was nie, of dat sy prediking nie meer stimulerend genoeg is nie, woon hulle nie meer die dienste by nie. In sommige gevalle verlaat hulle die gemeente en gaan na 'n ander kerk. Pastore beleef dit as traumaties en as 'n persoonlike mislukking.
- Kruger (2010: 10) maak melding van die kwessie van **medelyebetoning** en beweer dat die pastor se konstante blootstelling aan ander mense se probleme (veral in berading-situasies) 'n ongetwyfelde invloed op hom as persoon het. Volgens hom is dit onrealisties om te dink dat 'n pastor daagliks blootgestel kan wees aan mense se probleme, pyn en verliese sonder om daardeur geraak te word – “it is as unrealistic as expecting to be able to walk through water without getting wet” (Kruger, 2010:10).

C. Kultuur-kontekstuele oorsake

Die gemeente bevind homself binne 'n sekere kulturele konteks waarin daar oor 'n tydperk sekere veranderinge plaasvind. Nolte (2007: 6) beweer dat dit implikasies vir die pastor inhou. Die pastor se beleving van hierdie druk word versterk deur die dinamiek van vele religieuse veranderinge wat plaasgevind het op die makrovlak van die samelewing, die mesovlak van die kerk en die mikrovlak van die individu. Die volgende kultuur-kontekstuele kwessies het uit die literatuurstudie die aandag getrek::

- Weideman (2009: 6) beweer dat die wêreldwye realiteite ten opsigte van die kultuurverskuiwings wat met die oorgang tussen die tradisionele-, moderne- en postmoderne wêreldperspektiewe verband hou, bepaalde implikasies vir pastore inhou. **Postmodernisme** het verteenwoordigend geword van 'n geleidelike ontmaskering van die "waarheid" (Grobelaar, 2007:84). Rasionalisme het sy impak verloor. Die enigste sekerheid is dat daar geen sekerheid is nie.

Postmodernisme beteken "jy kan nie presies en klaar praat oor die lewe en oor God en oor die skepping nie. Daar is altyd nog iets wat jy kan sê ...altyd nóg 'n perspektief" Niemandt (2006:47). Om mense se houding jeens enige institusionele of hiërargiese strukture soos die kerk in hierdie kultuur te beskryf, gebruik Weideman (2009: 46) begrippe soos suspisies, teleurgesteld, bevraagteken en ontnugter. Volgens hom is die bediening te midde van diversiteit, verskil van mening en die afwyking van aanvaarbare norme voortdurend 'n stryd om identiteit en rolverwagting in hierdie kultuur.

Nolte (2007: 10,12) beweer dat die oorgang van moderniteit na postmoderniteit twee verskillende paradigmas tot gevolg gehad het, naamlik 'n tradisionele en 'n opkomende een.

Baie lidmate van die Christelike geloofstradisie bevind hulle binne die vroeë, tradisionele paradigma, terwyl baie ander hulself binne die nuwe, opkomende paradigma bevind. Laasgenoemde groep vind dit al hoe moeiliker om binne geloofsgemeenskappe te bly waar die tradisionele paradigma nog geld – net soos wat mense in die eersgenoemde groep frustrasie ervaar binne geloofsgemeenskappe waar die nuwe, opkomende paradigma na vore begin kom.

Die rede hiervoor is dat die verskillende paradigmas nie slegs oor verskille met betrekking tot enkele, marginale sake in die Christelike teologie of menslike gedrag handel nie, maar oor verskillende wyses waarop daar oor sogenoemde "kernsake" binne die Christendom gedink word.

Nolte (2007:15) beweer dat daar insig en wysheid van pastors vereis word om in die eerste plek klaarheid te kry oor watter paradigma hulle self aanvaar en in die tweede plek op watter wyse die verskille tussen die twee paradigmas in hul geloofsgemeenskappe gefasiliteer moet word.

- **Post-Christendom** het volgens Niemandt (2006: 48) te doen met die feit dat die era van die Christendom verby is en dat die Christelike godsdiens sy invloed verloor het. Willems (2013) beweer Post-Christendom "...occurs when Christianity no longer occupies the privileged center of public discourse." Een van die eienskappe daarvan is dat Christene as 'n minderheidsgroep tussen vele ideologiese gemeenskappe bestaan.

Grobbelaar (2007: 4,5) vermeld dat die pastor as gevolg van die voorkoms van hierdie kulturele kontekste druk ervaar weens die hoë mate van geestelike verwarring wat vandag ervaar word deur die mense wat hy moet bedien. Onder meer word die Skrif se gesag gesubjektiveer tot dié van die leser weens relativisme wat al hoe meer veld begin wen en "Skrifgesag" selfs deur teoloë bevraagteken word.

In hierdie unieke kulturele konteks kom die kwessie van relevansie ook na vore. Die pastor moet poog om sy bediening relevant te hou. In baie gevalle het die bediening tred verloor met die buitewêreld. Vir vele ouer pastors word die uitdaging al groter. Somers (2004: 33) meld dat "every wise pastor ought to stay relevant to the times as well as rooted in the traditions of the church and people to which one is called."

3.2.2.2 Gevolge van pastorale druk

Nolte (2007: 4) beweer dat pastorale druk in pastors se lewe veroorsaak dat hulle innerlike trauma beleef, wat 'n pynlike en verwarrende ervaring kan wees en hulle menswees en bediening negatief beïnvloed. Uit die literatuurstudie het daar 'n aantal gevolge van pastorale druk na vore gekom en sal vervolgens bespreek word.

3.2.2.2.1 Stres

Volgens Grobbelaar (2007: 54) is stres die respons van die liggaam op enige verandering en enige (nuwe) bedreigende of opwindende situasie.

Hill (2001:111) beweer dat stres die geakkumuleerde moegheid en angstigtheid is wat na vore kom soos wat 'n persoon moeilike situasies probeer hanteer.

Grobbelaar (2007:2) vermeld dat manifestasies van stres in die vorm van emosies soos *angs* en *vrees* na vore kom. Pastors ondervind, volgens Hill (2001:109), meer dikwels as ander

mense, woede; hul ervaar hul eie woede as gevolg van frustrasie, maar is ook blootgestel aan ander se woede.

3.2.2.2.2 Uitbranding

Coetzer (2004:202) beskryf uitbranding as om te misluk, om afgerem of uitgeput te raak as gevolg van oormatige eise aan energievlakke, liggaamsfunksies en -reserwes. Volgens Scott (2014) kan die belewing van hoë grade van konstante stres tot uitbranding lei.

Van der Merwe (2006: 136) verduidelik dat *uitbranding die siekte is van die wat té toegewyd is*.

Uitbranding word deur Ferguson (2008: 6) beskryf as "a loss of enthusiasm, energy, idealism, perspective, and purpose. It can be viewed as a state of mental, physical, and spiritual exhaustion brought on by continued stress."

Rothmann en Malan (2003: 44) beweer dat uitbranding 'n stresreaksie is wat individue in mensgerigte professies ervaar wanneer die verwagte resultate van hul dienste nie realiseer nie.

Uitbranding is 'n volgehoue, negatiewe, werksverwante toestand by 'n individu, wat primêr gekenmerk word deur uitputting en wat gepaardgaan met spanning, 'n sin van verlaagde effektiwiteit, 'n afname in motivering en die ontwikkeling van disfunksionele houdings en gedrag in werkverband.

Uitbranding is die finale fase in 'n progressie van onsuksesvolle pogings om 'n verskeidenheid van stresstoestande te hanteer.

Die **hoofkomponente van uitbranding**, volgens Van der Merwe (2006: 143), is 1) *emosionele uitputting* (emosionele dreinerings en die oorskryding van emosionele bronne as gevolg van die eise wat sy werk stel); 2) *depersonalisering* (die onpersoonlike, ongevoelige, siniese, negatiewe of verharde en oormatige distansieringsreaksie teenoor die ontvangers van dienste of sorg); en 3) 'n *tekort aan persoonlike vervulling* (as gevolg van 'n gevoel van onbevoegdheid en onproduktiwiteit).

Erasmus (1990:8) verwys daarna as die geringskatting van die self (ook Van der Merwe, 2006: 143). Grobbelaar (2007: 114) is van mening dat pastors erken dat hulle uiters sensitief word vir kritiek; dit ontnem hulle van vrymoedigheid en dit tas selfs hul preke en preekvermoë aan. Die pastor ervaar kritiek asof dit op hom as persoon gemik is, en hy tob en sukkel om daarvoor te kom (Grobbelaar, 2007:114).

Fisiologiese gevolge van uitbranding sluit, onder meer, die volgende in: uitputting, van alle krag gedreineer, hoofpyn, maag-, dermatiese en spysverteringsprobleme, rugpyn, gewigsverandering en swak slaappatrone in (Van der Merwe, 2006: 142).

3.2.2.2.3 Depressie

Volgens Hill (2001: 105) is pastors net so geneig tot depressie as enigiemand anders of dalk nog meer as gevolg van pastore se rol in “caring for depressed people”.

Volgens Wikipedia, is depressie 'n lae gemoedstoestand en 'n teësin in aktiwiteite wat 'n persoon se gedagtes, gedrag, emosies en welsyn kan affekteer. Wat die pastor se gedagtes betref, beweer Grobbelaar (2007: 114) dat pastors geneig is tot negatiewe denke met die beleving van pastorale druk.

Depressie is nie altyd 'n geestesteurings nie; dit is soms 'n normale reaksie op sekere gebeure. Dit kan 'n mediese toestand wees, of 'n nuwe-effek van dwelmmiddels of mediese behandeling. Dit word egter ook verbind aan geestesteurings soos kliniese depressie. Van der Merwe (2006: 142) vermeld dat “post-adrenalin-depressie” baie algemeen is onder pastors wat dit veral op 'n dag soos 'n Maandag ervaar, ná die naweek se verhoogde adrenalienvlak.

Skuldgevoelens word ook met depressie geassosieer. Grobbelaar (2007: 114) vermeld dat pastors gebuk gaan onder voortdurende gevoelens van skuldgevoel en dat dit die dryfveer word vir baie aksies. Barnard en Curry (2012:152) vermeld dat 'n persoon met skuldgevoel geneig is “to be concerned with how they can make amends, so the emotion often motivates action tendencies” terwyl Van der Merwe (2006: 142) in hierdie verband ook melding maak van self-blaam.

Depressiewe pastore kan hartseer, angstig, hooploos, bekommerd, waardeloos, skuldig, hulpeloos, geïrriteerd of rusteloos voel. Hulle kan belangstelling verloor in bedrywighede (pastorale take) wat hulle voorheen geniet het, hul aptyt verloor, hulself ooreet of selfs selfdood oorweeg. Slapeloosheid, te veel slaap, moegheid, 'n gebrek aan energie, pyn en probleme met spysvertering kan ook voorkom.

3.2.2.2.4 Medelyemoegheid

Volgens Coetzer (2004: 201) het medelyemoegheid te doen met emosies wat kan ontstaan as gevolg van die blote kennisname dat iemand anders van belang 'n traumatiese gebeurtenis beleef – daarmee saam die stres wat die gevolg is van die uitreik of die voorneme om uit te reik na 'n getraumatiseerde persoon.

Medelyemoegheid is die resultaat van emosionele, fisieke en geestelike verswakking as gevolg van die langtermynbetrokkenheid by ander se worstelinge (Van der Merwe, 2006: 48). Fourie (2008:1) beweer dat medelyemoegheid plaasvind wanneer pastors voortdurend moet luister na ander se verhale van vrees, pyn en lyding en dat die pastor as hulpverlener uiteindelik self soortgelyke vrees, pyn en lyding begin ervaar.

Die pastor betree dikwels die veld van trauma-intervensie met die brandende begeerte om hulp te verleen juis omdat hy 'n passie het vir die nood van ander, maar dat dít wat veronderstel is om die berader of pastor se sterk punt te wees, uiteindelik die oorsprong word van sy eie emosionele verwonding en kneusing.

Sommige verwys ook hierna as sekondêre trauma (*secondary traumatic stress* [STS]). Coetzer (2004: 203) verwys daarna as indirekte trauma – dis wanneer pastors ooggetuies is, deel was van of bloot net ten aanhore van 'n spesifieke gruwel of traumatiese ondervinding van 'n gemeentelid was (Kruger, 2010: 15).

Sekere fisiologiese gevolge soos skok, sweet, vinnige asemhaling, vinnige hartklop, moeilike asemhaling, spier- en gewrigspyne, duiseligheid en disoriëntasie, die toeneem in graad van welstand en hoeveelheid van mediese probleme, verlaagde immuniteit en ander somatiese probleme kan hiermee gepaardgaan (Van der Merwe, 2006: 135).

3.2.2.2.5 Teenoordrag

Coetzer (2004: 203) maak melding van die konsep van teenoordrag en stel dat dit die proses is waardeur 'n pastor hom-/haarself sien in die persoon aan wie geestelike hulp of berading gebied word; die pastor oor-identifiseer met die betrokke persoon, of waar eie behoeftes deur middel van die betrokke persoon betrek word. Hy verduidelik verder deur te verwys na twee tipes teenoordragreaksies naamlik *vermydingsreaksies* en oormatige *identifiseringsaksies*.

Eersgenoemde word gekenmerk deur ontkenning, verkleining, distorsie, fobiese teenreaksies en die losmaak uit 'n empatiese rol. Die tweede word gekenmerk deur idealisering, noue vervlegting met die persoon wat bedien of beraad word, sowel as skuldgevoelens as gevolg van die oënskynlike mislukking aan die kant van die berader om voldoende ondersteuning te bied.

3.2.2.2.6 Mede-afhanklikheid

Morse (2011: 17) vermeld dat die behoefte van 'n pastor om erkenning van ander te geniet, problematies is. Dit kan so erg word dat hy later sy eiewaarde alleenlik op die komplimente en erkenning wat mense aan hom gee skoei, en in 'n sekere sin afhanklik daarvan word. Hierdie probleem vind onder meer plaas as gevolg van 'n gebrekkige selfbeeld / eiewaarde.

Die pastor se beskouing van sy eiewaarde is belangrik – pastorale druk maak aanspraak op die selfbeeld en eiewaarde, veral wanneer die pastor onder kritiek deurloop. Wat ook al die oorsprong van die kritiek, of dit goed of sleg is, “the pastor faces a challenge in maintaining a sober judgment of himself or herself in the face of such feedback” (Hill, 2001: 108).

'n Pastor met 'n gebrekkige selfbeeld hunker na waardering/erkenning – “that a leader may do whatever it takes to appear wonderful and heroic.” (Morse, 2011: 15).

3.2.2.2.7 Sekere fisiologiese gevolge

Oswald (1991: 4) beweer dat daar 'n afname is in die pastor se energievlakke en lewenslus, oftewel dryfkrag, as gevolg van die beleving van druk. Dit is veral waarneembaar aan sy liggaamshouding, postuur, gesigsuitdrukking, stemtoon, oogkontak, spraak en gebare.

Feit: slegs 15% van wat gekommunikeer word, vind verbaal plaas. Die res (85%) van enige kommunikasie is nieverbaal.

Wat pastors betref, het Oswald (1991: ix) bevind dat pastors weens pastorale druk somber, oninteressant en onsamehangend word: "When you meet them, there is little to excite you. You don't want to get to know them better."

Volgens Cook (2008:10) is die uitwerking van stres op die persoon van die pastor waarneembaar: "...dit wat waargeneem word as predikante se gedrag dopgehou word en na hul uitlatings geluister word... is dit duidelik dat stres baie by predikante voorkom."

3.2.2.2.8 Professionele gevolge

Van der Merwe (2006: 136) verwys na die professionele gevolge wat medelyemoegheid vir die pastor inhou en noem toestande soos 'n lae moraal, lae motivering, taakvermyding, obsessie met detail, wit-en-swart-denke, apatie, 'n tekort aan waardering, negatiwiteit, 'n gedistansieerde houding, swak gehalte wat werk betref asook kommunikasie, afwesigheid, geïrriteerdheid en uitputting.

Wat professionele gevolge betref, kom disfunksionele kollegiale verhoudings ter sprake. Alhoewel pastors goeie verhoudinge met buurgemeentes het, hou hulle tog 'n front voor omdat hulle nie die vrymoedigheid het om die "goed wat hulle persoonlik raak" teenoor ander predikante te bespreek nie. (Grobelaar 2007: 116). Kompetisie ontstaan dikwels en die preke (bediening) word van pastor tot pastor met mekaar vergelyk. Van der Merwe (2006: 136) vermeld ook dat onttrekking dikwels plaasvind.

3.2.2.2.9 Sosiale gevolge

As gevolg van die "pedestal effect" lei dit daartoe dat pastors en hul gesinne nie naby vriende of -verhoudings met mense in die gemeente of die gemeenskap het nie (Morse, 2011: 15).

Ferguson (2008:38) beweer dat isolasie van die pastor as gevolg van druk, as 'n begeerte manifesteer "to withdraw from others, as well as, finding it difficult to maintain relationships with friends, co-workers and even family members". Cooke (2007: 6) vermeld alleenheid en eensaamheid as een van die "wonde" van die pastor.

3.2.2.2.10 Geestelike / spirituele gevolge

Johnson en Dreitcer (2001: 120) vermeld dat druk in die bediening tot gevolg het dat pastors hulle passie vir God verloor. Pastors sukkel weekliks om tyd met God te spandeer; hulle het 'n

tekort aan energie in hul werk en diens; hul aandag is verdeeld sodat daar geen tyd is om te fokus op hul eie spiritualiteit nie; die geringste taak voel soos 'n geswoeg; hulle sien smôrens op na hul dagtaak wat voorlê; hulle wonder wie God is en hoe Hy werk; hulle ervaar sy teenwoordigheid bloot verlangs; hulle bevraagteken hul roeping en hulle vermy intimiteit met of gesprekke oor God.

3.2.2.2.11 Huishoudelike gevolge

Pastorale druk het 'n beduidende invloed op 'n huwelik. In 'n studie in die tagtigerjare het twaalf persent van die respondente "ja" geantwoord op die vraag: "Have you ever had sexual intercourse with someone other than your spouse since you've been in local-church ministry?" (Morse, 2011: 12).

Morse (2011: 20,21) bevind ook dat huwelike in die bediening afneem in gehalte en hoë vlakke van eensaamheid binne die huwelik, in vergelyking tot die algemene bevolking, toon.

Wat die pastor se kinders betref, vermeld Grobbelaar (2007: 115) dat pastors skuldig voel omrede hulle nie genoeg tyd met hul gesinne spandeer nie en dat kinders dikwels negatief geraak word deurdat hulle soms (dikwels) kennis dra van gemeenteprobleme. Maar dit gebeur ook as gevolg van die sigbare spanning waaronder die ouers verkeer.

3.2.3 Voorlopige samevatting van die interdisiplinêre perspektiewe op die invloed van pastorale druk op die persoon van die pastor.

Die Christelike bediening is uniek in karakter. Die identiteit van die pastor word beïnvloed deur verskillende lewensfases en agtergrond asook sy waarneming en verhouding tot 'n pastorale model en mentor.

Sy roeping wat 'n geloofskeuse is en wat deur die kerk erken word, bemagtig hom en is deurslaggewend om pastorale druk die hoof te bied.

Die pastoraat het 'n ekklesiale karakter. Dit is gesetel in die charismatiese gemeenskap en is 'n verteenwoordigende posisie.

Die pastoraat het 'n professionele karakter en het 'n impak op die aard van die pastorale verhouding, maar dit kan ook nie daarsonder nie. Wat die persoon van die pastor betref, is die bediening van 'n uiters veeleisende aard.

Wat pastorale druk betref, lê 'n aantal van die oorsake daarvan binne die pastor self opgesluit en sommige gaan ook gepaard met die professie. Dit hou unieke uitdagings in, veral in die kulturele konteks waarin die bediening moet funksioneer. Die gevolge van hierdie pastorale druk werk in op die pastor as totale mens.

Vir hom om hierdie druk te hanteer, moet hy doelbewus 'n holistiese Skrifgefundeerde selfsorgplan formuleer en implementeer.

3.2.4 Finale opmerkings

In hierdie hoofstuk is die interpretatiewe taak van Osmer uitgevoer deur middel van 'n literatuurstudie. Uit die literatuurstudie is bevind dat daar talle oorsake is wat aanleiding tot die pastor se belewing van druk is. Die gevolge en effek daarvan op hom as persoon is ook ondersoek. In die volgende hoofstuk sal daar na die empiriese situasie van die AGS-pastor gekyk word en in hoofstuk 5 na riglyne wat die AGS-pastor kan toepas om pastorale druk die hoof te bied.

Hoofstuk 4

DIE DESKRIPTIEF-EMPIRIESE TAAK

'n Kwalitatiewe navorsing betreffende AGS-pastors
se belewing en hantering van pastorale druk

4.1 Inleiding

Soos reeds in hoofstuk 1 vermeld, word hierdie studie met Osmer se model (2008) as onderbou gedoen. Osmer se model bied duidelike prosedurele metodes om van 'n bestaande praxis na 'n nuwe praxis te beweeg wat gebaseer is op teologiese- en situasie-analise. Die doel van hierdie hoofstuk, naamlik om ondersoek in te stel na die uitwerking van pastorale druk op die persoon van die AGS-pastor en of hy oor enige selfsorgpraktyke beskik om pastorale uitdagings die hoof te bied is deel van die deskriptief-empiriese taak van Osmer (2008: 31).

Die deskriptief-empiriese taak van Osmer (2008: 32,33) het te doen met die bestudering van die teks van kontemporêre lewens en praktyke, ook genoem “living documents”. Die belangrike vraag wat hierdie taak ten doel het om te beantwoord is “What’s going on?”. Dit gaan oor meer as net die bymekaarmaak van inligting.

Dit gaan oor die gehalte van die gee van aandag (“attending”) en aandagtig luister na mense in hul alledaagse lewe en om werklik insig in hul situasies te verkry. Hiervoor is 'n spirituele teenwoordigheid nodig (Osmer, 2008: 33). Dit behels om met 'n openheid, bewustheid en in gebed met ander om te gaan. Dit behels om as navorser 'n bewustheid te hê van wat aan die gang is in die lewens van, onder andere, individue, families en gemeenskappe.

In hierdie navorsing sal daar individueel gefokus word op 'n sekere aantal AGS-pastors. Die navorser neem op grond van sy teoretiese voorveronderstellings van die tema wat ondersoek word, aan dat sekere kategorieë van pastors 'n unieke, onderskeidelike en belangrike perspektief op die verskynsel wat ondersoek word, mag hê en dat hul teenwoordigheid in die steekproef verseker moet word (Robinson, 2014:32). Deelnemers word dus geselekteer op grond van wie hulle is en wat hulle weet en word nie lukraak gekies nie.

Osmer (2008: 35) verwys na die priesterlike element van hierdie taak, “entering into the situation of others” deur aandagtig en met empatiese inlewing te luister, om sodoende die probleme en behoeftes van mense te begryp en dit voor God te bring.

Volgens Osmer (2008: 37) is daar informele, semiformele en formele metodes van aandag gee. Laasgenoemde metode is van toepassing op hierdie navorsing.

Formele aandag gee is die ondersoek na spesifieke episodes, situasies en kontekste deur empiriese navorsing. Daar sal dus op formele wyse 'n kwalitatiewe ondersoek ingestel word om die uitwerking van pastorale druk op die persoon van die AGS-pastor te probeer agterkom, asook hoe hy dit hanteer te probeer. Dit sal geskied deurdat die navorser een-tot-een-onderhoude met verskeie pastors sal voer.

In die eerste deel van die hoofstuk word 'n beskrywing gegee van hoe 'n navorsingsontwerp gestruktureer word. Daarna volg 'n bespreking van die navorsingsmetode wat gebruik is asook 'n verduideliking van die navorsingsresultate. Die basis vir hierdie navorsingsontwerp en -metode is om te verseker dat, indien 'n soortgelyke studie met ander pastors gedoen sou word, die resultate dieselfde sal wees.

Volgens Hermans en Moore (2004: 4) benodig praktiese teologie empiriese navorsing om sodoende 'n kritiese, metodologies-verifieerbare teologiese teorie van die huidige godsdienstpraksis te verkry. In empiriese navorsing bestaan daar 'n produktiewe verwantskap tussen teorie en praksis. Deur navorsing word 'n praktiese teologiese teorie aan empiriese toetsing en evaluasie onderwerp. Empiriese navorsing poog om die teoretiese konsepte wat die navorser aangaande godsdienstige praktyk huldig, te toets. Deur middel van 'n kwalitatiewe ondersoek in hierdie hoofstuk word die huidige praksis onder AGS-pastors dus geanaliseer om sodoende nuwe insigte te verkry en gevolglik 'n nuwe praksis in hoofstuk 5 te formuleer.

Betreklik min studie is gedoen oor die AGS-pastor se beleving en hantering van pastorale druk en beklemtoon dus die noodsaaklikheid vir aktuele navorsing oor die onderwerp.

4.2 Navorsingsontwerp

In empiriese navorsing is die *navorsingsontwerp*, volgens Vogt (2012: 3), die hoof- of oorkoepelende kategorie. Hy beweer dat die term “designs” verwys na die basiese metodes van die versameling van bewyse deur byvoorbeeld opnames (*surveys*), onderhoude, eksperimente, waarnemings, argiefnavorsing en 'n kombinasie van hierdie metodes.

4.2.1 Doelwit

Osmer (2008: 48) beweer dat duidelikheid/klaarheid oor die doelwit van die navorsingsprojek 'n eerste en uiters noodsaaklike element in navorsingsontwerp is.

Die doelwit van hierdie studie behels om vas te stel wat die vernaamste oorsake van druk in die pastorale praksis is soos dit in die empiriese situasie van AGS-pastors vergestaltig vind en in hoe 'n mate AGS-pastors reeds oor Skrifgefundeerde en holistiese selfsorgpraktyke beskik om pastorale druk die hoof te bied. Daar word beoog om 'n antwoord op die navorsingsvraag “*Watter uitwerking het druk in die pastoraat op jou as persoon en hoe hanteer jy dit?*” te verkry.

4.2.2 Strategie van ondersoek

Nadat duidelikheid oor die doelwit verkry is, moet die navorser, volgens Osmer (2008: 49), 'n besluit neem rakende een van twee moontlike strategieë van ondersoek, naamlik *kwalitatief* of *kwantitatief*.

Kwalitatiewe en kwantitatiewe benaderings moet, volgens Creswell (2014: 3), nie beskou word as rigiede, alleenstaande kategorieë, polêre teenoorgesteldes of tweedeling nie. In plaas daarvan verteenwoordig hulle verskillende ente van 'n kontinuum. 'n Studie neig om meer kwalitatief as kwantitatief te wees, of andersom. In die middel van die kontinuum is “gemengde navorsingsmetodes” wat elemente van beide kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing inkorporeer (Creswell, 2014: 3).

Die verskil tussen kwalitatiewe navorsing en kwantitatiewe navorsing kan, onder meer, verstaan word volgens die gebruik van woorde (kwalitatief) eerder as syfers (kwantitatief), of die gebruik van toe-einde vrae (kwantitatiewe hipotese) eerder as oop-einde vrae (kwalitatiewe onderhoud-vrae).

Om die verskil nog beter te verstaan, moet daar gekyk word na die basiese filosofiese voorveronderstellings wat navorsers na die navorsing toe bring, die tipe navorsingstrategie (byvoorbeeld kwantitatiewe eksperimente of kwalitatiewe gevallestudies), en die spesifieke metodes wat aangewend word (byvoorbeeld die bymekaarmaak van data op kwantitatiewe wyse op instrumente, teenoor die bymekaarmaak van kwalitatiewe data deur die waarneming van 'n situasie) Creswell (2014:3,4).

Tans gebruik die meeste navorsers die kwalitatiewe empiriese metode vir die ondersoek na verskynsels, handelinge en perspektiewe op die betrokke gebiede (De Klerk & De Wet, 2013: 291). Creswell (2014: 4) beweer dat kwalitatiewe navorsing 'n benadering is om die

betekenis wat individue of groepe aan 'n sosiale of menslike probleem heg, te eksploreer en te verstaan.

4.2.2.1 Kwalitatiewe navorsing

Kwalitatiewe navorsing is gemoeid met die verkenning en verstaan van die betekenis wat individue sowel as groepe toeskryf aan 'n menslike probleem. (De Klerk & De Wet, 2013: 305)

Vir kwalitatiewe navorsers om die werklikheid ontologies te verstaan, moet begin word by die betekenis wat mense in 'n spesifieke konteks daaraan heg.

Ontologie het te doen met die navorser se persepsie oor die aard van realiteit of die wêreld en wat daarvan geken kan word. (De Vos *et al.*, 1998: 240, 242).

Epistemologie het te doen met die navorser se persepsie oor waar hy in verhouding met die realiteit of die wêreld staan. In kwalitatiewe navorsing is die navorser subjektief betrokke omrede hy met die subjek interaksie het. (De Vos *et al.*, 1998: 240, 242).

Metodologie het te doen met die navorser se persepsie oor hoe hy kennis oor die realiteit of die wêreld kan verkry. Kwalitatiewe navorsers se metodologie is dialekties en interpretatief en vind plaas in die proses van interaksie tussen navorser en subjek waar die subjek se wêreld ontdek en geïnterpreteer word deur middel van kwalitatiewe metodes. (De Vos *et al.*, 1998: 240, 242)

Die betekenis, ervarings en persepsies van deelnemers word deur kwalitatiewe navorsing onthul om deur middel van verbale of geskrewe antwoorde op hoofsaaklik oop-einde vrae hul oortuigings en waardes, wat onderliggend is aan die verskynsel, te bepaal. (De Klerk & De Wet, 2013: 305)

Kwalitatiewe navorsing is dus interpretatief – die doel is om betekenis en intensies onderliggend tot alledaagse menslike handeling, agter te kom. Dit is egter ook konstruktief – dit gaan nie alleenlik van die aanname uit dat realiteit verstaan kan word bloot deur die betekenis wat mense in 'n spesifieke konteks daaraan heg, te interpreteer nie. Bevindinge word letterlik geskep deur die interaktiewe proses tussen navorser en subjek. Dit handel dus oor die interpretasie of konstruksie van die geleefde wêreld van die subjek (De Vos *et al.*, 1998: 240, 241).

De Klerk en De Wet (2013: 305) meen kwalitatiewe navorsing is deskriptief en verkennend, hoogs individueel en situasioneel en bevindings kan nie normatief-veralgemenend wees nie.

Kwalitatiewe navorsing konsentreer op die kwaliteite van menslike gedrag (De Vos *et al.*, 1998: 241) en is nie noodwendig meetbaar nie. Dit handel meer daaroor om te verstaan as

om verduidelikings te gee; dit het meer te doen met naturalistiese waarneming in stede van beheerde afmeting; dis 'n subjektiewe ondersoek van die realiteit met die perspektief van 'n "insider" (iemand wat die binnekant van die ondersoekterrein ken) (De Vos *et al.*, 1998: 243)

De Klerk en De Wet (2013: 305) vermeld dat kwalitatiewe navorsing dieper wil grawe om die sosiale en die religieuse dryfvere onderliggend aan mense se gedrag en ervarings bloot te lê.

4.2.2.2 Strategieë vir kwalitatiewe navorsing

Osmer (2008:50-53) vermeld ses strategieë vir kwalitatiewe navorsing:

1) Die *lewensgeskiedenis* (narratiewe navorsing) wat daarop fokus om die stories van individue te vertel; 2) die *gevallestudie* wat deeglik en behoorlik fokus op 'n enkele geval of 'n beperkte aantal gevalle vir 'n spesifieke periode; 3) *Etnografiese navorsing* poog om 'n omvattende beskrywing van 'n kulturele of sosiale groep te gee; 4) Die *Grounded Theory*-navorsing wat poog om 'n teorie te ontwikkel wat nou verband hou met die fenomeen wat bestudeer word; 5) Die *fenomenologiese navorsing* is 'n strategie wat poog om die essensie (belewenis) van 'n spesifieke tipe gebeurlikheid of aktiwiteit van 'n groep mense te beskryf. Die navorser poog om sy eie voorveronderstellings uit te sny en om individue se ervarings en hul beleving van gebeure (hul bewussyn) toe te laat om na vore te kom. 6) Advokaatskap-navorsing het 'n eksplisiete politiese agenda en poog om 'n bydrae tot sosiale verandering te lewer. De Vos *et al.* (1998: 253) noem ook nog bykomende strategieë soos toegepaste- en aksienavorsing, kliniese modelle, simboliese interaksionisme en sekondêre analise.

De Vos *et al.* (1998: 253) beweer dat elkeen van hierdie strategieë van ondersoek, hul eie perspektiewe (paradigmas) en metodes van dataversameling het (byvoorbeeld, onderhoude, deelnemer-observasie, "human documents", gevallestudies, narratiewe strategieë, gegronde-teorie-strategieë en fokusgroepe [De Klerk & De Wet, 2013: 306]), asook metodes van data-analise (byvoorbeeld analitiese induksie, gegronde teorie, interaktiewe strategiese analise) het.

Die fenomenologiese navorsingstrategie sal vir die huidige studie die mees geskikste metode wees. Ná die versameling van verskeie gevalle of geleefde ervarings, word die inligting geanaliseer om 'n gemene struktuur, patroon of "essensie" te identifiseer (Osmer, 2008: 52,53).

4.2.3 Vorming van 'n navorsingsplan

'n Navorsingsplan volgens Osmer (2008 :53-54) behels besluite oor die volgende:

- *Die mense, program of situasie wat ondersoek word* – Dit word bepaal deur die doel van die projek. Watter vrae wil die navorser beantwoord hê? Wie kan die antwoorde hierop

verskaf? Vir die doel van hierdie studie sal die teikengroep vir die navorsing uit pastors binne die AGS-konteks bestaan wat aan die vereistes vir hierdie navorsing voldoen. Daar word meer hieroor uitgebrei in die navorsingsmetode in 4.3.

- *Die spesifieke metodes wat aangewend sal word om data te versamel* – Die *fenomenologiese navorsingstrategie* sal in hierdie navorsing aangewend word.

Fenomenologie is 'n benadering wat fokus op die belewing van die lewe (Denscombe, 2007: 76). Dit poog om 'n beskrywing te gee van hoe dinge deur die betrokkenes eerstehands ervaar word en poog om vanuit hul gesigspunt na die situasie te kyk en dit te omskryf.

Om die oorsake van die situasie te probeer bepaal of die omvang van die problematiek te probeer meet, is nie juis kenmerkend van fenomenologie nie. (Denscombe, 2007: 76)

Die fenomenologiese navorsing word gedoen uit goed- en betroubaar-gekodeerde inligting wat uit onderhoudvoering verkry word.

Vogt *et al.* (2012:14) beweer dat onderhoude gedoen moet word (1) wanneer deurtastende ondersoeke en bestudering van deelnemers se menings 'n kerndeel van die navorsingsvraag uitmaak; (2) wanneer die navorser toegang kan verkry tot persone wat gewillig is om inligting bekend te maak oor die kwessies wat die navorsing sal dien; en (3) wanneer die navorser meer geïnteresseerd is om 'n nuwe hipotese te genereer as om bestaandes te toets.

Bevindinge word dan verwerk om sodoende 'n beter begrip van die belewenisse van deelnemers te kry. Dit word gedoen deur 'n proses van kodering. Deur kodering sal die navorser poog om in ooreenstemming met Richards (2009:95):

- te reflekteer oor die betekenis van gekodeerde segmente van die kategorie en die betekenis daarvan in die projek;
- uit te vind hoe die kategorie met ander idees van die data verband hou en teorieë konstrueer oor daardie verwantskappe;
- uit verskillende bronne alle materiaal aangaande 'n geval versamel om inligting aan te wend aangaande die persoon; en
- verdere fyner kategorieë te skep deur die vind van verskillende dimensies in die data wat verkry is deur die kodering.

In die ordening van data word die getranskribeerde weergawes van onderhoude sorgvuldig gedoen, waar massas data met oorleg van irrelevante data gesuiwer word.

So word analise vergemaklik. 'n Meesterkopie sal gestoor word. Die navorser moet daarna vertrouwd raak met die data deur die herhaalde deurlees daarvan voordat tematisering en abstrahering daarvan kan plaasvind.

Kodering behels die uitmekaarhaal van data vir die identifisering van temas, kategorieë, patrone en dimensies van inligting. Dit geskied voordat betekenis aan die inligting voorsien word. Data word aan die hand van drie tipes gekodeer: oop, aksiale en selektiewe kodering. Sorg moet gedra word dat tydens die empiriese studie daar aan etiese vereistes voldoen word (De Klerk & De Wet, 2013:307).

- *Die individu/e wat die ondersoek instel* (Osmer, 2008: 55) – die navorser sal die navorsing behartig. Osmer (2008: 58) vermeld die volgende verlangde gedissiplineerde vaardighede van “attending” vir die navorser, naamlik, *beskrywing*, *waarneming* en *onderhoudvoering*.

Beskrywing is om aandag te gee sonder om 'n eie interpretasie te weergee. Dit gaan hier om die “Wat is aan die gang?” voordat verduidelik word “Hoekom?”. Die navorser moet in hierdie geval die plek van 'n buitestander inneem wat van buite die situasie na binne kan kyk. Wat waargeneem word, word neergeskryf (veldnotas, direkte aanhalings [verbatim], prosesnotas en ander aantekeninge van wat gesien en gehoor word). Dit sluit die omgewing, volgorde van gebeure, emosies en alle relevante detail in. (Osmer, 2008: 59,60)

- *Waarneming* handel oor eerstehandse deelname in die ondersoekveld. Terselfdertyd moet die navorser die spanning tussen deelname en waarneming handhaaf. (Osmer, 2008: 60,61)
- *Onderhoudvoering* het te doen met gesprekvoering tussen twee persone waarin een party poog om inligting uit die ander vir 'n spesifieke doel te verkry (Osmer, 2008: 61). Goeie ondervraers praat minder en luister meer. Hulle bevestig hul aandag deur lyftaal, soos oogkontak, gesigsuitdrukking, kopknik, ensovoorts (Osmer, 2008: 62).
- *Die orde van die stappe wat geneem word om die projek uit te voer* (Osmer, 2008: 55) – Navorsingsprojekte bevat, volgens Osmer (2008: 55), die volgende algemene stappe:

- ❖ Dataversameling – dit het met die bymekaarmaak van data te doen, deur die ooreengekome metodes en formaat te gebruik. Hoe word die data opgeneem? Deur bandopnames, video-opnames of die neerskryf soos veldnotas? (Osmer, 2008: 55). In hierdie navorsing word 'n oudio-opname van elke onderhoud gemaak.

- ❖ Datatranskripsie – die neerskryf van oudio-opnames in die vorm van notas. Die onderhoudvoerder mag, wanneer hy later na die bandopnames luister, betekenisvolle temas neerskryf en slegs sekere sleutelkommentare woord vir woord transkribeer (Osmer, 2008: 56).
- ❖ Data-analise en interpretasie – deur 'n oorsig van veldnotas, transkripte en onderhoudnotas te verkry en dit as geheel te sien. Kodering van data word gedoen, die opbreek daarvan in kleiner dele vir analise en die vorming van kategorieë wat georganiseer en vergelyk kan word met ander databronne. (Osmer, 2008: 56)
- ❖ Navorsingsbevindinge – navorsers moet besin oor wat hulle met die resultate gaan doen en met wie hulle hul bevindinge moet deel om sodoende andere te beweeg en te motiveer om op grond van die studie te reageer. (Osmer, 2008: 56,57)

4.2.4 Refleksiwiteit in navorsing

Refleksiwiteit (Osmer, 2008: 57) het te doen met die navorser se vermoë om gedurende die proses deurgaans te reflekteer op sy eie perspektief en om dit aan ander te verwoord. Dit is 'n metateoretiese perspektief bestaande uit aannames oor die realiteit, kennis en wetenskap wat spesifieke navorsing projekte en teorieë oortref.

4.3 Navorsingsmetode

Om navorsing vrae te beantwoord en 'n meer omsigtiger verstaan van die verskynsel te verkry moet intensiewe navorsing gedoen word. Talle vorme van data moet versamel en bestudeer word vanuit verskillende hoeke om sodoende 'n ryker en betekenisvolle beeld van 'n ingewikkelde, komplekse situasie te verkry. Met dit ingedagte sal verskillende metodes gebruik word om data te versamel, onder andere steekproewe, dataversameling, analise van data en verslaggewing.

4.3.1 Steekproef (*sampling*)


Die steekproef is, volgens Robinson (2014: 25) 'n belangrike komponent van kwalitatiewe navorsing en staan sentraal tot die proses in dié opsig dat dit help om geldigheid (*validity*) aan kwalitatiewe navorsing te verleen. Hy verwys na 'n raamwerk van vier alles-insluitende paradigmatische punte naamlik die daarstelling van 'n steekproefuniversum, selektering van 'n

steekproefgrootte, die beraming van 'n steekproefstrategie en die steekproefbronverkryging (*sourcing*).

4.3.1.1 Die daarstelling van 'n steekproefuniversum

Die steekproefuniversum, ook genoem die teikenpopulasie, moet vasgestel word (Robinson, 2014: 25). Dit is die somtotaal van persone waaruit 'n steekproef wettiglik verkry word. Om die steekproefuniversum vas te stel is 'n stel inklusiewe en eksklusiewe kriteria nodig (Robinson, 2014: 26). Dit kan aan die hand van die volgende diagram verstaan word:

Figuur 4.1 Steekproefuniversum, inklusiewe/eksklusiewe kriteria en steekproef.



Inklusiewe kriteria spesifiseer eienskappe van die gevalle/deelnemers om te kwalifiseer vir die studie. Eksklusiewe kriteria stipuleer eienskappe wat deelnemers sal diskwalifiseer. Die teenwoordigheid van hierdie kriteria en die spesifisiteit daarvan, verhoog die homogeniteit van die studie (Robinson, 2014: 26). Homogeniteit kan demografiese-, grafiese-, fisiologiese-, psigologiese- of lewensgeskiedenis as parameters insluit.

Die steekproefuniversum in hierdie studie sluit alle pastore van die AGS-kerk in.

Die *inklusiewe kriteria* is dat die pastor in die AGS georden moet wees, ten minste vir tien jaar voltydse bedieningservaring in die AGS het, en in 'n gemeente of verskeie gemeentes

as presiderende leraar of medeleraar in Suid-Afrika gedien het of tans dien. Die pastor mag manlik of vroulik wees. Die pastor mag tot enige rassegroep behoort. Die pastor mag afgetree wees met 'n aktiewe of onaktiewe emeriti status.

Eksklusiewe kriteria vir die steekproef behels dat pastors buite die AGS-bediening nie kwalifiseer vir die steekproef nie. Pastors met min bedieningservaring of wat onlangs die bediening betree het, sal nie kwalifiseer vir die steekproef nie. Indien die pastor, byvoorbeeld, nie Afrikaanssprekend is nie, moet hy/sy ten minste Engels kan praat.

4.3.1.2. Selektoring van 'n steekproefgrootte

Die meeste studies vereis by die inisiële ontwerpfasie 'n voorlopige besluit van wat die steekproefgrootte moet wees. Sonder die vasstelling van 'n voorlopige syfer in die ontwerpfasie, sal die tyd en vereiste *bron-allokering* van die projek nie vasgestel kan word nie en maak dit beplanning onmoontlik. Die grootte van 'n steekproef het te doen met die doelwit wat nomoteties of idiografies is (Robinson, 2014: 29).

“Nomoteties” (wetstellend) het die tendens om te veralgemeen en is tipies in die natuurwetenskappe van toepassing waar gepoog word om wette af te lei om objektiewe verskynsels te verduidelik.

“Idiografies” (uniekheidsoekend) is geneig om te spesifiseer en is tiperend van die menswetenskappe waar gepoog word om die betekenis van kontingente, unieke subjektiewe verskynsels te verduidelik. (http://en.wikipedia.org/wiki/Nomothetic_and_idiographic - 21 Oktober 2014) .

Onderhoudvoering wat “idiografies” ten doel het, verkry gewoonlik 'n steekproef wat voldoende en klein genoeg is vir individuele gevalle om 'n naspeurbare stem binne die navorsing te hê, asook vir 'n intensiewe analise van elke geval wat uitgevoer word (Robinson, 2014: 29). Vir die doel van hierdie navorsing is daar gesoek na 'n getal van nie minder as vyf pastors nie, waarop die steekproef gemaak kan word.

4.3.1.3 Die beraming van 'n steekproef strategie

Nadat die steekproefuniversum gedefinieer is en 'n syfer bepaal is, moet die navorser homself vra hoe hy die gevalle/deelnemers vir insluiting sal selekteer. Daar is twee moontlike strategieë: (1) die willekeure/gerieflikheids-steekproefstrategie; en die (2) doelgerigte steekproefstrategie (Robinson, 2014: 31).

Die willekeurige/gerieflikheids-steekproefstrategie behels die proses van die selektoring van gevalle uit 'n lys van al (of meeste van) die gevalle binne die steekproefuniversum deur een of ander prosedure van willekeurige seleksie te gebruik (Robinson, 2014:32).

Die doelgerigte steekproefstrategie is dus nie willekeurig nie, en verseker dat spesifieke kategorieë van gevalle binne die steekproefuniversum verteenwoordig word binne die finale steekproef van die projek. Die navorser neem op grond van sy teoretiese voorveronderstellings van die tema wat ondersoek word, aan dat sekere kategorieë van individue 'n unieke, onderskeidelike en belangrike perspektief op die verskynsel wat ondersoek word, mag hê en dat hul teenwoordigheid in die steekproef verseker moet word (Robinson, 2014:32).

Deelnemers word dus geselekteer op grond van wie hulle is en wat hulle weet en word nie willekeurig gekies nie.

4.3.1.4 Steekproef bronverkryging (sourcing)

Nadat die navorser besluit het op 'n steekproefuniversum, 'n voorlopige steekproefgetal en 'n steekproefstrategie vir sy onderhoudstudie, moet hy die deelnemers fisiek deel maak (Robinson, 2014: 35). Hierdie fase van die steekproef benodig praktiese en organisatoriese vermoë en ook etiese vermoë en sensitiwiteit.

Alle potensiële deelnemers moet ingelig word oor die doel van die studie, wat die deelname behels, dat dit vrywillig is, en dat anonimiteit beskerm sal word (asook enige inligting wat sal bydra om 'n ingeligte konsensuele besluit te maak om deel te neem).

Na aanleiding van bogenoemde het die navorser vyf gevalle/deelnemers geïdentifiseer wat aan al die gemelde inklusiewe kriteria voldoen. Alhoewel die deelnemers geselekteer is op grond van wie hulle is en wat hulle weet, sal die selektiewe kies van hierdie persone nie die resultate beïnvloed nie omrede die navorser nie weet wat hulle respons op die proefneming sal wees nie.

Die navorser het die besonderhede van die deelnemers uit die AGS-hoofkantoor verkry. Nadat die deelnemers per telefoon gekontak is, en die doel van die studie verduidelik is, is daar 'n inligtingstuk aan elke deelnemer ge-e-pos wat ook 'n toestemmingsklousule ingesluit wat aan die navorser die toestemming verleen om onderhoude met die deelnemers te voer. Daar is ooreengekom ten opsigte van 'n datum, tyd en plek waar onderhoude gevoer sal word.

Drie van die deelnemers woon in Gauteng terwyl een deelnemer in die Boland en een in die Noord-Kaap woon. Al die deelnemers kan unieke bydraes tot die tema van die ondersoek bied. Een deelnemer is 'n afgetrede (aktiewe emeritusstatus) pastor met ten minste vyftien jaar bedieningservaring in die AGS asook tien jaar bedieningservaring in 'n ander denominasie. Een deelnemer is onlangs onthef van sy status as pastor in die AGS, maar het voldoende aantal jare bedien om aan die vereistes te voldoen. Een deelnemer het onlangs vrywillig die bediening in die AGS verlaat, maar kwalifiseer steeds vir die steekproef as gevolg van die aantal jare in voltydse bediening. Een deelnemer is swart en bedien tans in voltydse hoedanigheid in die AGS

met voldoende aantal bedieningsjare vir die steekproef en die oorblywende deelnemer is aktief en in voltydse bediening in die AGS-kerk met voldoende aantal bedieningsjare vir die steekproef.

4.3.2 Dataversameling

Richards (2009: 33,34) beweer dat data die bronne is waarmee gewerk word. Die versameling van data is volgens Richards (2009: 33) nie 'n moeilike proses is nie. Die uitdaging is egter om data te versamel wat bruikbaar, waardevol en relevant is tot die studie.

Volgens haar word inligting oorgeskakel na data die oomblik wanneer dit opgeneem, (probeer) verstaan en bestudeer word. Die uitdaging behels ook om die data goed te hanteer. Kwalitatiewe data-inskrywings kan hoogs gevarieerd in oorsprong en styl wees, ongelyk in detail en nie eenders in bron en betroubaarheid nie (Richards, 2009: 35). Die tegniek van sistematiese vergelykings van verskillende sienswyses word triangulasie genoem (later meer hieroor). Meer data word gegenereer deur te reflekteer op die data-inskrywings.

Volgens Marshall en Rossman (2011: 137) is daar vier metodes om inligting te verkry, naamlik deelname aan die situasie, direkte waarneming, deeglike onderhoudvoering en analise van dokumente, aantekeninge en materiaal.

Dataversameling sal nie gedoen word met vooropgestelde idees of modelle nie, maar eerder om die verskynsel rakende pastors se belewing en hantering van pastorale druk met oop en ontvanklike denke te ondersoek.

4.3.2.1 Onderhoudvoering

Onderhoudvoering is volgens Denscombe (2007: 173) nie heeltemal so eenvoudig as om bloot 'n gesprek te voer nie. Hy beweer dat onderhoude 'n stel aannames en begrippe oor die situasie veronderstel wat nie normaalweg met 'n gesprek geassosieer word nie. In onderhoudvoering moet toestemming verkry word. Respondente se woorde kan opgeteken en verwerk word. Die agenda word deur die navorser bepaal.

De Vos *et al.* (1998: 297-298) beweer dat onderhoude die mees algemene metode van dataversameling is om meer inligting oor die sosiale lewe te bekom.

Onderhoude kan beskou word as 'n pypplyn waarmee inligting heen en weer verkry en oorgedra kan word tussen die ondervraer en die respondent. Dit help die navorser om die geslote wêreld van die deelnemer beter te begryp. Die navorser se vermoë om die maksimale vloei van geldige, betroubare inligting te verseker asook sy vermoë om onnodige inligting te minimaliseer, sal bydra tot 'n beter begrip van die deelnemer se belewenis.

Die belangrikheid van die stel van die regte vrae kan daartoe lei dat die realiteit van die deelnemer duideliker word. Ondervraers, sowel as respondente, is aktief betrokke in die betekenis-skeppende proses en is dus “konstrukteurs van kennis”.

4.3.2.2 Metodes van onderhoudvoering

Osmer (2008: 62) beweer dat die besluite wat voor die tyd geneem word om die vorm van die onderhoud te bespreek, sal die struktuur daarvan en die tipe vrae bepaal. Osmer verwys hier na die twee tipes van onderhoude, naamlik gestruktureerd en ongestruktureerd (Osmer, 2008: 63).

Onder *ongestruktureerde* onderhoude klassifiseer hy verbale waarneming, natuurlike gesprekvoering, ope onderhoude en semi-gestruktureerde onderhoude en onder *gestruktureerde* onderhoude klassifiseer hy verbale vraelyste.

De Vos *et al.* (1998: 299,300) maak melding van ten minste drie tipes van ongestruktureerde onderhoudvoering, naamlik 1) 'n ope onderhoud (*open-ended*); 2) 'n ongestruktureerde onderhoud met 'n plan; en 3) 'n diepte-onderhoud.

Volgens Green (2005: 54) is daar hoofsaaklik drie tipes onderhoudstrukture en dui dit in die volgende tabelvorm aan:

Tabel 4.1 Tipes onderhoudstrukture

	Formaat van die vrae	Voorbeeld van gebruik
Gestruktureerd:	Gestandaardiseerde vrae wat vooraf bepaal word en in dieselfde volgorde gevra word	Navorsing deur opnames
Semi-gestruktureerd:	Lys van vrae of deur ondervraer aangepor	Opnames of kwalitatiewe studie
Ondersoekend (<i>in-depth</i>)	Breë temagids	Kwalitatiewe studie

Vir hierdie studie sal daar hoofsaaklik van 'n semi-gestruktureerde onderhoudmetode (Osmer, 2008: 63) gebruik gemaak word. Dit klassifiseer onder die metodologie van ongestruktureerde een-tot-een-onderhoude.

Met hierdie metode beskik die navorser oor 'n stel voorafbepaalde vrae, maar skep tyd en geleentheid gedurende die gesprek vir nuwe vrae om na vore te kom (Cartledge, 2003: 72). Hierdie metode sluit ope vrae in wat die respondent aanmoedig om sy eie respons te konstrueer betreffende sy eie taalstyl en betekenis daaragter.

Die “probe and “prompt”-onderhoudstegnieke (King & Horrocks, 2010: 40) word dan gebruik om respondente aan te moedig om verder uit te wei oor hul respons of om meer

duidelikheid te verkry. Osmer (2008: 63) beweer 'n deurtastende ondersoek het ten doel om klaarheid te bring, regverdigheid te bevestig, relevansie vas te stel, voorbeelde na vore te bring, om 'n narratief te voltooi en, laastens, om die volgorde van gebeure vas te stel.

Aan die ander kant mag die onderhoud ook sekere kenmerke van 'n deurtastende ondersoek toon (De Vos *et al.* 1998: 300) Vrae sal spontaan ontwikkel deur die loop van die interaksie tussen ondervraer en respondent. Die navorser beperk egter sý bydrae in die onderhoud tot 'n absolute minimum. Die navorser se rol in hierdie metode is om die oorkoepelende tema waarvoor inligting benodig word, bekend te stel. Dit word gedoen deur middel van die navorsingsvraag. Dit moedig die respondent aan tot spontane deelname.

Die respons van die respondent word verder gestimuleer deur ondersoekende vra te stel (*probing*) en dit word ook aangewend om die respondent terug te lei na die tema indien daarvan afgewyk sou word.

4.3.2.3 Voordele en nadele van onderhoude

Denscombe (2007: 177) beweer dat een-tot-een-onderhoude voordelig is omdat dit maklik is om te reël. Dis twee persone wat slegs moet afsprek om te ontmoet. Vir hierdie studie het die navorser telefonies met respondente ooreengekom om te ontmoet waar dit vir die respondente die gerieflikste sou wees.

Nog 'n voordeel van onderhoude is dat die opinies en persepsies wat tydens die onderhoud na vore kom, van slegs een bron, naamlik die respondent, kom. (Denscombe, 2007: 177). Dis ook voordelig omrede dit transkribering vergemaklik in dié opsig dat dit slegs een stem is wat op 'n slag praat.

Volgens Oatey (1999) kan onderhoude ook as proefstudies aangewend word, om te toets wat mense se respons aangaande spesifieke kwessies is. Dit mag nuwe lig werp op 'n spesifieke kwessie waaraan die navorser voorheen nooit gedink het nie.

Ongestruktureerde onderhoude bied die respondent die vryheid om te respondeer soos hy/sy wil en gee hulle die (belangrike) gevoel dat hulle in beheer is van die onderhoud. Tóg neem die navorser altyd beheer, sodat die ondervraging gestuur kan word in 'n rigting soos wat die navorser dit verlang totdat klaarheid verkry word.

Marshall en Rossman (2006:101) benadruk die volgende voordele van onderhoude: 1) dit verskaf vinnig kwantitatiewe data; 2) direkte opvolg en verduideliking is moontlik; en 3) dit laat die navorser toe om die belangrikheid van alledaagse aktiwiteite vir mense te besef.

Klenke (2008: 126) gee in 'n tabelvorm die voor- en nadele van ongestruktureerde onderhoude:

Tabel 4.2 Die voor- en nadele van ongestruktureerde onderhoude

Voordele	Nadele
Komplekse kwessies kan ondersoek word	Tydrowend
'n Algemene begrip van die probleem kan verkry word terwyl daar in werklikheid min kennis daaroor is	Aandag is nie net gefokus op 'n gegewe kwessie nie
Belangrike kwessies kom na vore wat in die toekoms ondersoek kan word	Baie min feitelike inligting word verkry
Insig in algemene probleemoplossingsmetodes word voorsien	Minder detail word verkry oor algemene konsepte

As 'n nadeel, vermeld McBurney & White (2009:252) dat die teenwoordigheid van die navorser 'n sosiale situasie skep wat bevooroordeelde response tot gevolg mag hê. Respondente mag dalk sê wat hulle glo die navorser wil hoor.

4.3.2.4 Die rol van die navorser en respondent

Volgens Seidman (2013: 9) behels die rol van die navorser nie om hipoteses te toets of om te evalueer nie. Die rol van die navorser behels om 'n begeerte te hê om insig te verkry in die geleefde wêreld van ander mense en hoe hulle probeer sin maak daarvan. Dit gaan oor belangstelling in mense se lewensverhale en ervarings juis omdat mense per se van onskatbare waarde is.

Interaksie vind plaas tussen die navorser en die pastors met wie onderhoude gevoer word soos wat hy hul leefwêreld betree en poog om dit te verstaan. Osmer (2008:57) het reeds na reflektiwiteit verwys terwyl Tracy (2012: 2) daarna verwys as selfrefleksiwiteit.

Die navorser se eie belewing van die verlede, sy eie uitgangspunte en rolle beïnvloed die maniere waarop hy die navorsingsituasie hanteer, daarop reageer en dit interpreteer.

Die navorser is die instrument in die navorsing (Merriam, 2009: 160; Tracy, 2012:89). Hy absorbeer, sif deur en interpreteer die wêreld (in hierdie geval) deur onderhoudvoering. Onderhoude, waarneming en deelname is die analitiese hulpbronne van navorsers se subjektiwiteit. Konteks is net so belangrik volgens Tracy (2012: 3) en sy meen dat kwalitatiewe navorsing te doen het met die navorser wat hom/haarself dompel in die situasie om sodoende sin daarvan te probeer maak. Deur vrae te herhaal wat nie verstaan word nie en deur die herformulering van vrae, word die geloofwaardigheid van die navorsing ook verhoog. 'n Logiese rasionaal in die onderhoud dra ook by tot die geloofwaardigheid van die ondersoek.

Merriam (2009: 107) beweer daar is drie veranderlikes in elke onderhoudsituasie wat die aard van die interaksie bepaal, naamlik 1) die persoonlikheid en vaardigheid van die ondervraer, 2) die gesindhede en oriëntasie van die respondent, en 3) die definisie van beide die ondervraer en respondent van die situasie.

4.3.2.5 Basiese beginsels vir ongestruktureerde onderhoude

De Vos *et al.* (1998: 305-308) vermeld die volgende beginsels wat aanwesig moet wees in die onderhoudproses:

- *Respek en beleefdheid* – ongeag of die navorser saamstem met die respondent of nie, die navorser moet sensitief wees om nie die waardigheid van enige respondent aan te tas nie
- *Aanvaarding en begrip* – aanvaarding van die respondent deur die navorser impliseer die navorser se vermoë om met die respondent te identifiseer (empatie). Die navorser moet egter waak om nie emosioneel oorbetrokke te raak nie
- *Konfidensialiteit* – respondente moet gerustheid hê dat hul identiteit en enige inligting wat verskaf word, met konfidensialiteit deur die navorser hanteer sal word. Die navorser het deelnemende pastore 'n week voor die onderhoud per toestemmingsbrief die nodige inligting gegee rakende die onderhoud en daarmee saam die versekering dat respondente se name en enige inligting konfidensieel gehou sal word. Elke deelnemer het toestemming gegee deur die brief te teken.
- *Integriteit* – die navorser moenie onnodige verwagtinge by die respondente skep nie en dit duidelik maak watter voordeel, indien enige, die onderhoud vir die respondente inhou
- *Individualisering* – mense moet die geleentheid gebied word om as individu erken te word om 'n unieke leefwêreld te skep

4.3.3 Strukturele koherensie

Strukturele koherensie, volgens Anney (2014: 277), behels “...testing all the data to ensure that there is no internal conflict or inconsistencies, and establishing referential adequacy, i.e. testing the analysis and interpretation... during data collection before producing the final document”.

Daar moet konsekwentheid wees tussen die data en die interpretasie van die data. Selfs al sou verskillende data teenstrydig met mekaar wees, word die geloofwaardigheid verhoog indien die interpretasie die klaarblyklike teenstrydighede kan verduidelik.

Poggenpoel en Myburgh (2006: 307) beweer dat strukturele koherensie in 'n ondersoek nie bereik kan word indien die “...logical flows of thoughts during the consecutive research processes are not in congruence with each other”.

In hierdie studie sal daar gepoog word om strukturele koherensie reg deur die navorsingsproses te handhaaf. Daar sal ook reg deur die datakodering en interpretasie gefokus word op pastors se beleving en hantering van pastorale druk.

Volgens Poggenpoel en Myburgh (2006: 310) kan die gebrek aan strukturele koherensie verhoed word deur die verhoging van die navorser se gesag deurdat hy/sy hom/haar vergewis van die metodologie, metodes van dataversameling en data-analises.

'n Kodeer- en herkodeerprosedure is ook deur die navorser toegepas. Dit behels die redusering van data tot betekenisvolle kategorieë. Herkodeering is ook toegepas deurdat die versamelde data ongeveer twee weke nadat die data gekodeer is, geverifieer is (Poggenpoel & Myburgh, 2006: 310).

4.3.4 Data-analise

Data-analisemetodes help die navorser om betekenis en orde aan groot volumes data te bring asook om sin van die bevindinge te maak (Struwig & Stead, 2001: 169).

Sodra data versamel is, word dit getranskribeer om die proses van analise moontlik te maak. Die onderhoude word so vinnig as moontlik ná afloop van die onderhoud getranskribeer. Die navorser maak akkurate transkripte van die onderhoude, sonder om dit te herformuleer om grammaties korrek te wees. Die presiese woorde word gedokumenteer, ook die uh's en uhm's en pouses tussenin (Struwig & Stead, 2001: 169).

Hesse-Biber en Leavy (2011: 325) meld dat kwalitatiewe data-analisemateriaal afbreek in sy saamgestelde elemente wat dan vergelyk, benoem en geklassifiseer moet word sodat hul aard en interaksie duidelik kan word.

Watter styl van data-analise ook al gekies word, moet dit op so 'n manier gedoen word dat dit die leser oortuig dat die interpretasie daarvan geloofwaardig is (Green, 2005: 86). Data in kwalitatiewe analise is normaalweg in die formaat van tekstuele narratiewe (getranskribeerde onderhoude), geskrewe beskrywings of waarnemings (veldnotas) en refleksies (idees en vermoedens in dagboekvorm) (De Vos *et al.* 1998:335).

Deur die lees en die herlees van die empiriese materiaal, poog die navorser om sleuteltemas vas te vang en om daardeur 'n beeld te skets van voorveronderstellings en betekenis wat die kulturele wêreld, waarvan die tekstuele materiaal 'n bewys is, opmaak (Denzin & Lincoln *et al.*, 2011: 530).

Kodering is die klassifisering of kategorisering van individuele datastukke en word beskou as 'n sleutelproses en 'n eerste stap tot 'n analitiese houding teenoor die data. Kodering word in hierdie studie deur 'n eksterne enkodeur gedoen waarna die navorser saam met die

enkodeur die bevindinge ondersoek (die patrone, kategorieë, temas en subtemas). Die bevindinge word geïnterpreteer om sodoende betekenis te vind uit die rou data asook redelike insigte te verkry wat nie aanvanklik duidelik was nie. 'n Deel van hierdie fase is om die data te evalueer vir die bruikbaarheid en essensiële belangrikheid daarvan.

4.3.5 Betroubaarheid van die navorsingsproses

Dit is belangrik in enige navorsing om die betroubaarheid van die studie te verseker. Rubin en Babbie (2009: 231) beweer dat daar algemene konsensus is oor die feit dat betroubaarheid die kern in kwalitatiewe navorsing is.

In hierdie studie poog die navorser om die studie so betroubaar en geldig as moontlik aan te bied. Indien dit nie die geval is nie, kan dit nie die vertroue van lesers of ander navorsers inboesem nie.

Babbie (2012: xlix) verwys ook na betroubaarheid en geldigheid: betroubaarheid is om konsekwente resultate van dieselfde mate te verkry; geldigheid verwys na die verkryging van resultate wat die konsep (wat gemeet/ondersoek word) akkuraat reflekteer.

Om betroubaarheid van die navorsingsproses te verseker, is die volgende aspekte van Guba se strategie (Shenton, 2004: 63) in hierdie studie geïnkorporeer:

4.3.5.1 Waarheidswaarde

Waarheidswaarde het te doen met die interne geldigheid van die navorsing – dat die navorsing die beoogde doelwit wat gestel is, sal bereik (Shenton, 2004: 64). Dit het te doen met hoe vas oortuig die navorser is van die waarheid van die bevindinge gebaseer op die navorsingsontwerp, informante en konteks.

In kwalitatiewe navorsing word waarheidswaarde gewoonlik verkry uit die ontdekking van menslike ervarings soos dit beleef is en beskou word deur informante. Sommige navorsers verwys ook daarna as “credibility” (geloofwaardigheid).

'n Kwalitatiewe studie is geloofwaardig wanneer dit só 'n akkurate beskrywing of interpretasie van menslike ervarings bied, dat mense wat dieselfde ervaring deel, dadelik met die beskrywings sal kan identifiseer. Daarom is die belangrike vraag wat hier gevra moet word: “How congruent are the findings with reality?” (Shenton, 2004: 64).

Die waarheidswaarde van hierdie studie word versterk deur die ontdekking van die ervarings soos dit geleef en ervaar word deur AGS-pastors terwyl die geloofwaardigheid van die navorsing aangevul word deur akkurate beskrywings of interpretasies van die AGS-pastors se

belewing en hantering van pastorale druk. Die volgende geloofwaardigheidstrategieë is toegepas in hierdie studie om waarheidswaarde te verseker:

4.3.5.1.1 Triangulasie

Triangulasie het te doen met die beskouing van sake vanuit meer as een oogpunt (Denscombe, 2007: 134). Triangulasie vind plaas wanneer navorsers bevestiging tussen twee of meer bronne soek vir hul data en interpretasies (Rubin & Babbie, 2012: 232).

Die navorser sal gebruik maak van verskillende navorsingsmetodes of, meer spesifiek, metodologiese triangulasie (Carter *et al.*, 2014: 545). Dit behels, onder meer, steekproewe, onderhoude en data-analise om te verseker dat navorsingsgevolgtrekkings meer geloofwaardig is as navorsingsbevindings wat slegs op een bron van bewys gebaseer is. Databronne kan ook getrianguleer word met dokumentêre bewyse en waarnemings, bykomend tot onderhoude.

Golafshani (2003: 597) beskryf triangulasie as “...a validity procedure where researchers search for convergence among multiple and different sources of information to form themes or categories in a study”. Hierdie is ’n kragtige strategie om die gehalte van die navorsing te bevorder, veral wat geloofwaardigheid betref, maar ook ten opsigte van die bevestigbaarheid daarvan. Die hoofdoel van triangulasie behels nie die eenvoudige kombinerings van verskillende tipes data nie, maar die poging om hul verwantskap met mekaar te identifiseer om sodoende die moontlike bedreiging teen die geldigheid van die navorsing teë te werk.

Die navorser sal triangulasie toepas omrede dit enige tekortkominge – wat afkomstig mag wees deur slegs op ’n enkele metode staat te maak – deur multistrategienavorsing sal kan oorkom; metodes word gekombineer nie net om hul individuele sterk punte verder te versterk nie, maar ook om vir die spesifieke foute en beperkinge van ’n enkele metode te kompenseer (Henn *et al.*, 2009: 20).

4.3.5.1.2 Langdurigheid en variërende veld ervaring

Kwalitatiewe navorsingsdataversameling vereis dat die navorser hom/haarself in die deelnemer se leefwêreld moet indink. Die belangrikheid van die identifisering van herhalende patrone, temas en waardes moenie onderskat word nie. Dit suggereer die behoefte om genoegsame tyd met respondente deur te bring (Anney, 2014: 276).

Die navorser is reeds veertien jaar ’n pastor in die AGS-kerk en het talle kennis en vriende binne AGS-verband. Die navorser glo dat die respondente hom as gevolg daarvan sal vertrou.

Die navorser het vooraf op vyf respondente besluit wat gekies is op grond van wie hulle is en wat hulle tot die studie kan bydra. Struwig en Stead (2001: 101) beweer dat die lengte van

die waarneming afhang van die doel van die studie, die finansiële kostes verbonde en die punt van dataversadiging.

Om dataversadiging te bereik, moet die navorser aanpasbaar wees in die verskeie navorsingsbenaderings wat deur hom toegepas word. Wanneer deelnemers begin om feite te herhaal wat reeds aangehaal is deur ander respondente gedurende onderhoude, sal hy besef dat versadiging plaasgevind het.

Die omgewing van die onderhoude wat die navorser met die respondente het, sal varieer. 'n Omgewing waarin hulle gemaklik is en logisties die gerieflikste.

4.3.5.1.3 Reflektiwiteit

Die navorser is deel van die navorsing, nie apart daarvan nie, en daarom is daar die risiko dat die navorsing moontlik deur die navorser persoonlike vooroordele, persepsies, emosies en betrokkenheid sy geloofwaardigheid mag verloor.

Sullivan (2002: 179) beweer dat reflektiwiteit 'n essensiële en onvermydelike deel van navorsing is en dit word gedemonstreer "... in each interaction with 'subjects' through the use or development of a shared vocabulary, the positive exploitation of our similar experiences, and recognition of any shared background of participation in a relevant culture or sub-culture".

Die navorser moet die invloed van sy/haar eie agtergrond, persepsies en belange in die kwalitatiewe navorsingsproses deurlopend assesser om die geloofwaardigheid van die proses te behou. Sullivan (2002: 179) sê dit is "...crucial to reduce the possible bias (or influence) of the researcher to a minimum".

Die agtergrond van die navorser is dat hyself 'n pastor is met bepaalde belewenisse van problematiek en druk in die bediening. Sy bewustheid van sy moontlike vooroordele kan hom help om data op 'n beter manier te versamel en dit dra dan ook by tot 'n verhoogde geloofwaardigheid van die studie.

4.3.5.1.4. Ondervraging van portuurgroep

Anney (2014: 276) meld dat die navorser die navorsingsproses en bevindings met onpartydige kollegas moet bespreek wat ervaring in kwalitatiewe navorsingsmetodes het. Dit is een manier om die navorser "opreg" te hou en dit mag bydra tot dieper reflektiewe analise by die navorser. Kollegas of eweknieë kan nuwe perspektiewe tot die analiseproses bied en nuwe insigte, wat dalk oorgesien is, na vore bring. Kollegas tree soms soos ouditeure op wat 'n kritiese paneel vorm en die navorsingsprojek volg. Insigte in hierdie studie sal bespreek en probleme deurgegee word aan die promotor as 'n vorm van ondervraging (*debriefing*).

'n Onafhanklike enkodeur, met 'n doktorsgraad in teologie, is 'n kundige op die gebied van kwalitatiewe navorsingsmetodes van analise en sal die navorser die geleentheid vir oop en eerlike gesprekvoering gee en hom help om nie bevooroordeel te wees nie.

Verder word die navorsing ook met ander pastors wat nie by die navorsing betrokke is nie, gedeel. Dit alles sal groter objektiwiteit aan die navorser bied.

Deur gebruik te maak van kollegas en metodologiese eksperts wat die navorsingsplan en implementering daarvan monitor, kan die betroubaarheid van die studie verhoog word (Anney, 2014: 276-277).

4.3.6 Etiese norme

Dit is belangrik dat data wat gedurende onderhoude bekom word op 'n wettige en verantwoordelike wyse geskied. Die navorser sal optree ooreenkomstig die morele, etiese en wetlike standaarde van 'n wetenskaplike ondersoek.

Die navorser moet 'n bewustheid demonstreer van die komplekse etiese kwessies en aandui dat die navorsing beide uitvoerbaar en eties is.

Wat ook al die rol van die navorser mag wees (die navorser tree ook vrywillig op – Wertz *et al.*, 2011: 354), moet hy aandui dat dit nie skadelike gevolge vir deelnemers sal hê nie. Indien hy van deelnemers gaan verlang om hul roetine te verander of hul tyd af te staan, moet dit vir vrywilliglik wees (Babbie, 2012:62). Wat as roetine en aanvaarbaar in een situasie beskou word, mag dalk in 'n ander situasie skadelik wees. Wat vrywillig in een situasie mag wees, mag dalk as 'n verpligting in 'n ander situasie beskou word. Die navorser kan nie alles antisipeer nie, maar hy moet 'n bewustheid van, 'n waardering vir en 'n verbintenis tot etiese beginsels vir navorsing openbaar (Marshall en Rossman, 2011:122). Deur 'n etiese gedragskode te handhaaf, word 'n vertrouensverhouding tussen die navorser en die respondente gevestig.

Die doel van etiese reëls behels ook om die navorser te verhoed om die respondente enige skade te berokken. Babbie (2012: 62) maak melding van die kwessies van vrywillige deelname, geen skade, anonimiteit en vertroulikheid. Hierdie reëls het te doen met die beskerming van beide partye – die navorser sowel as die respondent.

Inligting van 'n sensitiewe of eksplisiete aard mag dalk in sulke navorsingsituasies na vore kom. Die volgende etiese hoofbeginsels soos gestipuleer deur die etiese komitee van die NWU kom in die *Handleiding vir nagraadse studie* (2010: 31) voor en handel spesifiek oor kwalitatiewe navorsing: 1) *Outonomie* – respek vir die persoon of persone en begrip van menslike waardigheid; 2) *Voordeligheid* – voordeel vir die deelnemer aan die navorsingsprojek; 3) *Nie-nadeligheid* – afwesigheid van enige vorm van skade berokken aan die projekdeelnemer;

4) *Geregtigheid* – sigbare verspreiding van geregtigheid en gelyke verspreiding van risiko's en voordele tussen gemeenskappe.

Die navorser is bewus daarvan dat hy verantwoordelik is vir die etiese gehalte van die studie en dat hy 'n morele verpligting het om die regte van deelnemers in ag te neem. Die volgende etiese kwessies was ter sprake in hierdie navorsing:

4.3.6.1 Ingeligte toestemming (informed consent)

Deelnemers baseer hul vrywillige deelname in die navorsingsprojek op die feit dat hulle volledig kennis dra van die moontlike risiko's daaraan verbonde, indien enige (Babbie, 2012: 64).

Vir die doel van hierdie studie het die navorser skriftelike toestemming van respondente gekry en die moontlike risiko's, voor- en nadele aan hulle voorgehou terwyl hulle ingelig is oor die tema van die ondersoek. Henn *et al.* (2009: 85) beweer dat hierdie belangrike stap te doen het met die feit dat daar nie 'n persepsie geskep moet word dat mense onder dwang verkeer, of "benodig" word vir 'n studie en mislei of gemanipuleer word om daaraan deel te neem nie.

Vir hierdie studie het die navorser die beraamde tydsduur aan die deelnemers voorgehou, naamlik ongeveer sestig minute. Nie een van die onderhoude het so lank geduur nie, maar die deelnemers het voor die tyd geweet wat om te verwag. Die navorser het ook die deelnemers gerusgestel dat hulle op enige gegewe oomblik hulself van die onderhoud kan onttrek.

Die navorser het egter ook aan hulle verduidelik watter positiewe impak hul deelname aan die projek vir hierdie spesifieke navorsing sal hê en dat dit pastors, wat druk beleef, moontlik kan ondersteun in die hantering daarvan. Sodoende kan pastors meer effektief in hul bediening wees en die werk van die Here daarby baat. Die navorser het hulle ook vooraf ingelig dat daar geen monetêre voordeel aan die onderhoude betrokke is nie, maar ook nie enige risiko's inhou waarvan die navorser bewus is nie.

4.3.6.2 Konfidensialiteit en anonimiteit

Konfidensialiteit is 'n doelbewuste poging om enige identifiserende punte van die deelnemers in die studie te verwyder, terwyl anonimiteit behels dat deelnemers aan die studie naamloos sal bly (Henn *et al.*, 2009: 94).

Anonimiteit verseker dat 'n persoon naamloos en onidentifiseerbaar bly terwyl konfidensialiteit beteken dat die navorser die data vertroulik hou en weg van openbare verbruik. Deelnemers is voor die tyd in die toestemmingsbrief ingelig dat hulle anoniem sal bly. Die navorser het respondente ook voor die aanvang van die onderhoude versoek om, sover dit binne hul vermoë is, geen name tydens die onderhoude te noem nie. Ná afloop van die

onderhoude, het die navorser die proses wat sou volg, aan elke respondent verduidelik, ook dat alle inligting vertroulik hanteer sou word.

4.3.6.3. Privaatheid

Hammersley en Traianou (2012: 100) beweer dat die kwessie rakende privaatheid krities is wanneer die belangrike rol wat publisiteit in navorsing speel, in ag geneem word. Oor die algemeen is navorsers verplig om hul bevindinge te publiseer en om deurlopend hul data aan die publiek bekend te maak.

In akademiese navorsing is die publisering van bevindinge (en bewyse daarvoor) binne die navorsingsgemeenskap 'n belangrike aspek van die navorsingsproses. Daar is ook 'n verpligting om die bewese bevindinge aan die wyer publiek bekend te maak, waar ook al dit nuttig toegepas kan word.

Gegewe die intrinsieke verbintenis tot publisiteit, is daar altyd merkbare “ruimte” vir spanning en konflik tussen navorsing en die verbintenis om 'n individu se privaatheid te handhaaf.

Die kwessie van privaatheid is kompleks (Henn *et al.*, 2009: 97), en die manier waarop die navorsing uitgevoer word asook die verhouding wat tussen die navorser en deelnemers tot stand kom, is ter sprake. Mense mag voel dat hulle verkeerd behandel is sonder dat hulle fisiek seergemaak is of skade gely het. Dit mag dalk gebeur wanneer hulle voel dat hulle bloot as objekte hanteer is vir sekere afmetings, sonder enige respek vir hulle individuele waarde en sin vir privaatheid.

Die navorser het met groot sorg gepoog om nie individue se privaatheid te skend voor en tydens onderhoudsituasies nie. 'n Verhouding van respek en vertroue is gekweek deur hulle voor die onderhoud te bedank vir hul deelname en belangstelling in respondente te toon en hulle op hul gemak te laat voel.

4.3.6.4 Analise en verslaggewing

Navorsers het etiese verpligtinge teenoor subjekte (deelnemers) maar ook teenoor kollegas in die wetenskaplike gemeenskap (Babbie, 2012: 69). Die navorser moet enige tekortkominge in die studie kan bekendmaak. Negatiewe bevindinge moet ook gerapporteer word. Wetenskap progresseer deur eerlikheid en openheid terwyl ego en misleiding navorsing belemmer.

4.3.7 Die kwalitatiewe navorsingsverslag

Parse (2001: 128) praat van 'n emiese benadering (*emic view*) – die bestudering van binne 'n spesifieke kultuurstelsel – om te verduidelik dat interpretasies en verslaggewing uit respondente se beskrywings van die fenomeen wat ondersoek word, kom. Dit het te doen met die

deelnemers se refleksie oor hul kultuur, waardes, geloof en belewenisse. Die verslag sal op so 'n wyse geskryf word, dat dit die navorser toelaat om die volle betekenis van die verskynsel oor te dra.

4.4 Voorlopige gevolgtrekking

Die kwalitatiewe navorsingsmetode fokus daarop om die wêreld waarin die pastor leef, te verstaan, sowel as sy belewing van pastorale druk en die interpretasie en hantering daarvan te begryp.

Pastors se belewing van druk kan as gevolg van die hoeveelheid veranderlikes nie eksperimenteel gemeet word nie en data word verskaf op grond van pastors se beskouing daarvan.

In die voorafgaande deel van hierdie hoofstuk is 'n kwalitatiewe, beskrywende en kontekstuele navorsingsmetode voorgelê en daarna is die navorsingsmetodes bespreek. Aandag is aan die betroubaarheid van die navorsingsproses sowel as die etiese norme gegee.

Die volgende deel van hierdie hoofstuk behels 'n gedetailleerde beskrywing van die data wat vanuit die onderhoude met pastors versamel is.

4.5 Navorsingsresultate

4.5.1 Inleiding

In hierdie gedeelte word die resultate van die geanaliseerde data, soos verkry uit die onderhoude, geïnterpreteer. Die navorsingstema, naamlik die AGS-pastor se belewing van pastorale druk en sy/haar hantering daarvan is uniek en dit sal pastors moontlik bystaan om pastorale druk die hoof te bied. Interpretasie word gedoen deur 'n deeglike en akkurate beskrywing van die respondente se belewenisse te verskaf. Om duidelikheid te verseker, sal hierdie metode bespreek word en daarna die resultate.

4.5.2 Die steekproef (sien ook 4.3.1)

Slegs geordende pastore in die AGS-bedeling het in aanmerking vir 'n onderhoud gekom. Deelnemers moes vir ten minste tien jaar voltydse bedieningservaring in die AGS gehad het, en in 'n gemeente (of verskeie gemeentes) as presiderende leraar of medeleraar in Suid-Afrika gedien het of tans dien. Die respondent kon manlik of vroulik wees en tot enige rassegroep

behoort. Pastors wat afgetree het met 'n aktiewe of onaktiewe emeritusstatus kon in aanmerking vir 'n onderhoud kom.

Pastors buite die AGS-konteks kon nie kwalifiseer vir die steekproef nie. Pastors met min bedieningservaring of wat onlangs die bediening betree het, kon ook nie kwalifiseer vir die steekproef nie. Indien die pastor nie die Afrikaanse taal magtig was nie, moes hy/sy ten minste Engels kon praat.

Met hierdie kriteria in gedagte, het die navorser vyf pastore genader om aan die studie deel te neem. Die persone is doelbewus genader as gevolg van wie hulle is, wat hulle weet en die moontlike unieke bydraes wat hulle tot die navorsing kon lewer. Algemene inligting rakende die steekproef:

- Almal is geordende AGS-pastors
- Ouderdomme wissel tussen 40 en 71 jaar
- Aantal jare in bediening wissel tussen 13 en 46 jaar. Die gemiddelde tyd in die bediening is 32 jaar.
- Blanke en swart pastors is verteenwoordig
- Respondente was almal manlik
- Een respondent kom uit die Noord-Kaap, een uit die Boland en drie uit Gauteng.

4.5.3 Analise van die onderhoude

Dataversameling was alleenlik die verantwoordelikheid van die navorser. Al die onderhoude is met permissie van die respondente en met behulp van 'n oudio-opnametoepassing op 'n slimfoon opgeneem en die digitale (MP3-formaat) lêers is na 'n skootrekenaar oorgedra. Dit het verseker dat die onderhoude met meegaande emosies vasgevang is.

Respondente se reaksies van hul belewenisse, opinies en gevoelens word uit die onderhoude as direkte aanhalings (tussen aanhalingstekens) geplaas. Die onderhoude is woord vir woord getranskribeer en gekodeer deur 'n onafhanklike enkodeur/ontleder. Die enkodeur is 'n ekspert in kodering, beskik oor 'n doktorsgraad in teologie en is ook 'n spesialis in kwalitatiewe navorsing. Dit verhoog die geloofwaardigheid van die resultate van die empiriese studie. Dit het ook daartoe bygedra dat die navorser oop en eerlik en sonder vooroordeel moes optree.

Die data is dan deur die ontleder onder temas en subtemas gegroepeer en aan die navorser terugbesorg. Nadat die navorser die gekodeerde data onder oë gehad het, het hy die gekodeerde data met die temas en subtemas aangewend om nuwe temas en subtemas te skep ten einde 'n groter relevante bydrae tot die navorsing te maak.

Niks van die oorspronklike data het verlore gegaan nie. Wat die onderhoud betref, was geen versadigingspunt met die vyf respondente bereik nie. Daar was slegs etlike oorvleuelings.

In die onderhoud was **vraag 1** 'n openingsvraag: "Hoe lank is jy al in die bediening?" Dit bloot ter inleiding en om die respondente te laat ontspan.

Die belewenisse van AGS-pastors betreffende pastorale druk is daarna bespreek, deur middel van ses verdere vrae aan die respondente:

4.5.3.1 Vraag 2: "Hoekom het jy 'n pastor geword?"

Al die respondente het dieselfde antwoord gegee, naamlik: "Die Here het my geroep." Een respondent het vermeld dat sy besluit ook versterk is deur sy waarneming van die leefwyse van die mense om hom. Sy roeping was nie 'n mistiese gebeure nie. Dit was 'n nugter besluit.

4.5.3.2 Vraag 3: "Wat is die druk wat jy in die bediening ervaar (het) en hoe het dit jou as persoon beïnvloed?"

Respondente se antwoorde op hierdie vraag kan in die volgende hooftemas en subtemas gekategoriseer word:

Tabel 4.3 'n Opsomming van druk wat deur respondente in die bediening ervaar word.

Hooftema	Sub-tema
a. Denominasie-verwante druk	• Kollegiale druk • Teleurstelling teenoor die kerk as instelling • Opinieverskille oor leerstellings • Streekleierskap se gesindheid • Druk wat uniek is tot die platteland
b. Gemeente-verwante druk	• Die pastor kan nie alles bereik wat hy graag wil doen nie
c. Druk wat met die persoon van die pastor verband hou	• Onervarenheid • Eensaamheid • Lewe agter 'n masker van sterkwees • Spanning tussen die persoon en die amp as pastor
d. Huishoudelike druk	• Sy huwelik en gesin • Persoonlike finansies

a. Denominasie-verwante druk

Uit die onderhoud blyk dit dat **kollegiale verhoudinge** as problematies deur respondente ondervind is. Een respondent het as medeleraar spanning met die presiderende leraar ondervind. Hulle het verskillende sieninge oor gemeentebestuur gehad, byvoorbeeld, die presiderende pastor het met twee oggenddienste begin en die respondent het homself openlik daarteen uitgespreek. Hulle het verskillende sieninge oor die bediening gehad. Die respondent mag byvoorbeeld nie uitgereik het na die finansiële-gegoede lidmate in die gemeente nie, maar hy mag net betrokke geraak het by die armes. Die effek wat dit op die respondent gehad het, is dat hy met mense buite gemeenteverband vriende gemaak het en só sommige van sy frustrasies gedeel het. Hy het met gemeentelede by wie hy aanklank gevind het, gepraat. Dit het egter tot 'n krisissituasie gelei aangesien hulle dit aan die presiderende pastor gerapporteer het. Hy is uiteindelik gevra om 'n ander gemeente te vind.

Volgens een respondent wantrou pastore mekaar: “Jy vrees dat as jy praat, daar uitgepraat sal word”. Sommige ervaar kollegas as onbetroubare vertrouelinge (confidant/e). “Persone teenoor wie jy jou hart uitpraat, is onbetroubaar,” aldus die een respondent.

'n Verdere subtema wat uit die onderhoud na vore kom, is dié van teleurstelling teenoor die kerk as instelling. Toe een respondent met hoë verwagting uit sy oorspronklike denominasie na die AGS oorgegaan het, was hy egter ontnugter toe daar van hom verwag word dat hy met sy hele gemeente moes oorkom na die AGS. Dit was nie moontlik nie en het tot 'n geskil tussen hom en die AGS gelei. Daar was nie begrip dat dit nie moontlik was om uitvoering daaraan te gee nie. Hy is sekere Pinkster-teologiese onderrig deur die hoofleierskap belowe aangesien hy van 'n nie-Pinkster kerk af oorgekom het. Dit het egter nooit gerealiseer nie. Dit het tot gevolg gehad dat baie van die AGS-instellings hom dwars in die krop gestee en sy aanpassing uiters moeilik gemaak het.

Een respondent het sy frustrasie as gevolg van sy verskil in opinie oor leerstellings van die AGS gedeel – “Ek het gevoel dat my oortuigings geen waarde het nie” en “Ek voel dat ek nie in die AGS, waarin ek grootgeword het, inpas nie.”

'n Kwessie wat ook na vore gekom het, is die **streekleiers se gesindheid**. Een deelnemer het ervaar hy kry oor die algemeen nie 'n oor met werklike begrip nie. Indien hulp aangebied word is dit uiters beperk. Die houding is te dikwels, “Trek jou sokkies op en werk”.

'n Laaste denominasie-verwante kwessie is **druk wat uniek is tot die platteland**. Een respondent se ervaring is dat pastors op die platteland nie deur hoër amptenare versorg word nie. Die AGS se verwagting dat die pastor een Sondag in 'n jaar “bederf” moet word, lei tot

frustrasie aangesien die pastor dit nie self aan die gemeente kan oordra nie. Daar word geen hulp aangebied oor hoe die druk van die platteland hanteer behoort te word nie – “In die AGS het jy geen klankbord nie.”

b. Gemeente-verwante druk

Een deelnemer se ervaring is dat hy **nie alles in die gemeente kan bereik wat hy graag wil nie**. Die sieninge van die pastor en die lidmate stem nie altyd ooreen nie. “Lidmate verstaan nie hoe om ’n gemeente te bedien nie”.

Dan is daar ook idees en konsepte van die pastor wat nie altyd in die praktyk uitwerk nie.

c. Druk wat met die persoon van die pastor verband hou

Een deelnemer se druk het te doen gehad met die feit dat hy **onervare** was toe hy as presiderende pastor aangestel is. Hy het dit aanvanklik as ’n eer beskou. Kerkraadslede is ervare en suksesvolle besigheidsmense. Hierdie persone is invloedryk in die gemeente en die gemeenskap. Hy het nie voldoende finansiële- en bestuurskennis gehad nie. Die effek wat dit op hom gehad het, was dat hy die spanning van konflik tussen hom en die kerkraadslede moes verduur. Hy was in baie opsigte gemanipuleer. Hy het onbevoeg en minderwaardig gevoel. Dit het hom egter aangespoor om by hierdie kerkraadslede te gaan kers opsteek en kennis op te doen, wat die situasie mettertyd laat verbeter het.

’n Kwessie wat ook na vore getree het, is dié van **eensaamheid**. “Jy’t niemand met wie jy regtig kan praat nie” en “Praat maak jou kwesbaar”.

Die kwessie van voorgee het ook na vore gekom, om te **lewe agter ’n masker van sterkwees**. Die algemene beskouing is dat, indien jy probleme het, jy as swak gesien word.

Die kwessie rakende die **spanning tussen die persoon en die amp** as pastor word in die onderhoude deur ’n respondent vermeld. Die probleem is dat die pastor as mens nie altyd die pastor is wat deur die amp vereis word nie en hoe groter die gaping tussen die twee, hoe groter die spanning en konflik.

d. Huishoudelike druk

Een respondent het gepraat oor die druk wat hy in **sy huwelik en gesin** beleef het. Hy het sy hart uitgestort in die bediening van die gemeente. Dit het egter geweldige skade in sy huwelik en gesinslewe veroorsaak. Die streek se leiers het ingetree en volgens hom het hul optrede tot verdere verbrokkeling van sy huwelik en gesinslewe gelei. Die effek hiervan op hom is dat hy tans uit die bediening is om die skade aan sy huwelik te herstel. Sy gevoel is dat, indien die

streekleiers anders opgetree het, hy en sy vrou die saak anders sou verwerk het, wat daartoe sou gelei het dat hulle nou nog in die bediening sou gewees het.

Een respondent maak melding van sy belewing van **persoonlike finansies** as problematies in die bediening: “Dit plaas konstante druk op jou”. Die gevolg is dat hy homself voortdurend daaraan moet herinner dat hy nie in die bediening is vir geld nie, maar weens sy roeping.

4.5.3.3 Vraag 4: “Hoe het jy hierdie druk hanteer?”

Hierdie vraag het ten doel om agter te kom hoe pastors pastorale druk die hoof bied, maar ook om vas te stel of pastors oor reeds bestaande selfsorgpraktyke beskik. Die respondente se reaksie op hierdie vraag dui daarop dat selfsorg in 'n mindere of meerdere mate, bewustelik of onbewustelik by pastors voorgekom het. Hulle reaksies kan onder temas en subtemas soos volg gesorteer word:

Tabel 4.4 'n Opsomming van die wyses waarop respondente druk in die bediening hanteer het.

Hooftema	Subtema
a. Verhouding met die Here	• Jou geloof • Onder die invloed van die Heilige Gees • Bewus te wees van die Here se betrokkenheid • Deur die wil van die Here te ken en te verstaan • Sensitief vir wanneer die Here 'n antwoord gee
b. Verhouding met jouself	• Jou gees versterk • Etiese krag om te doen wat reg is • Te besef dat geen probleem uniek is nie • Om moegheid te voorkom • Nie jou vryheid as mens te verloor nie • Tyd in die natuur deurbring
c. Verhouding met ander	• Deur die mense om jou te geniet • Bewus te wees van kwaaddoeners en hulle te identifiseer • Raadgewers buite die gemeente

a. Verhouding met die Here

Drie respondente ervaar dat hul verhouding met die Here hulle help om druk te hanteer. Een deelnemer meld “daar is geen alternatief daarvoor nie”.

Volgens een deelnemer moet jy konstant beweeg onder die bewuswees van die werklikheid van die Here, stiltetyd hou en nie te veel op jouself staatmaak nie. 'n Ander respondent meen dat **geloof** die deurslag gee.

Deelnemers maak ook pertinent melding van die **invloed van die Heilige Gees** – daardeur “ervaar jy die almag van die Here in jou lewe” en “dat die Here betrokke is in jou lewe ten spyte van die problematiek van die bediening. Dit bring sin in jou lewe”. Nog 'n deelnemer beweer dat mens só God se liefde vir jou ervaar.

Een respondent het vermeld dat 'n **bewus wees van die Here se betrokkenheid** in alles van jou lewe help om druk te hanteer. Sy ervaring is, is dat dit sekerheid gee dat die Here

met jou is, vir jou lief is, vir jou sorg en dat die Here nie net gister nie, maar ook vandag en more in jou lewe betrokke is.

Druk in die bediening word volgens een respondente hanteer deur **die wil van die Here te ken en verstaan**. Jy moet weet of jy in die wil van die Here is of nie. Jy moet weet dat jy presies doen wat die Here sê om te doen.

Druk word ook volgens een deelnemer hanteer deur **die Bybel reg te verstaan**. God se storie in die Bybel en jou storie as pastor moet verweef wees met mekaar.

Laastens hanteer een respondent pastorale druk deur **sensitief te wees vir wanneer die Here 'n antwoord gee**.

b. Verhouding met jouself

Een respondent vermeld dat **deur jou gees te versterk**, hom gehelp het om pastorale druk te hanteer, want jy lewe volgens wat in jou gees plaasvind.

Een deelnemer beweer dat om **die etiese krag te hê om te doen wat reg is**, hom gehelp het met die hantering van druk. Dit behels om te doen wat die Here sê en te doen wat reg is en nie goedkoop antwoorde te vind en uit te voer nie.

Een respondent vermeld die kwessie van om **te besef dat geen probleem uniek is nie**, hom gehelp het. Almal het probleme en hy moet hom nie verbeel dat syne uniek is en homself bejammer nie.

Nog 'n deelnemer beweer dat wat hom gehelp het, is **om moegheid te voorkom**. Dit behels geestelike, fisieke en emosionele moegheid. Indien hy dit nie kan oorkom nie, verloor hy sy kreatiwiteit en vererger net sy druk.

Volgens een respondent hanteer hy druk deur homself te herinner om **nie jou vryheid as mens te verloor nie**. Dit behels om nie gebind te word deur foutiewe konsepte van sukses nie, nie deur die soeke na status nie en nie deur dit wat jy doen nie.

'n Laaste aspek wat 'n respondent ervaar het en wat help om druk te hanteer, is om **tyd in die natuur deur te bring**.

c. Verhouding met ander

'n Deelnemer in die onderhoud herinner homself daaraan dat, indien jy **die mense wat die Here om jou skaar, geniet**, jy druk beter kan hanteer.

Wat ook bydra om die pastor te help, volgens nog 'n respondent, is om **bewus te wees dat daar ook kwaaddoeners is**. Kwaaddoeners kom voor in die breër kerk, in jou gemeente en

in jou sosiale kring. Jy moet realisties wees deur reg met hulle te werk: “Ek sien wie jy is en wat jy doen, maar die Here sal jou hanteer”.

Volgens een respondent is 'n aspek wat hom gehelp het, **om raadgewers buite die gemeente te hê**.

Die bogenoemde reaksies dui dus daarop dat deelnemers in 'n mindere of meerdere mate, bewustelik of onbewustelik, selfsorg in hul lewe toepas. Selfsorg hou, onder meer, verband met 'n pastor se spiritualiteit, sy emosies, sy persoonlike en intellektuele ontwikkeling, sy fisieke welsyn en laastens ook sy verhoudings. Dit word breedvoerig in die volgende hoofstuk bespreek.

4.5.3.4 Vraag 5: “Vind jy die bediening vervullend?”

Vier respondente reageer positief. Vir dié respondente lê die vervulling onderskeidelik daarin om te sien dat mense op die preek reageer, tot bekering kom en hul lewens deur die Here verander laat word. Vervulling word ook gevind in die uitreiking na behoeftiges in die gemeenskap.

Een respondent meld dat preek 'n wonderlike geleentheid is. 'n Ander respondent beleef die bediening as vervullend omrede dit die uitlewing van jou verhouding met die Here is. Nog 'n respondent se vervulling lê daarin “omdat jy die Here lief het”.

4.5.3.5. Vraag 6: “Waarom bly jy in die bediening aan ten spyte van druk?”

Drie respondente sê dit is “as gevolg van my roeping deur die Here”.

Een respondent meld dis “omdat die Here die grootste werklikheid in my lewe is”. Hy vermeld dat probleme nie 'n groter werklikheid is as die Here nie en dat probleme ondergeskik is aan God. Nog 'n respondent meen dis “as gevolg van my verhouding met die Here”.

'n Ander deelnemer beweer dis “omdat die Heilige Gees my in my lewe lei”. Vir hom is dit nie 'n teoretiese waarheid nie, maar 'n werklikheid.

Een respondent se respons is negatief en sê: “Ek is tydelik uit om aan my huwelik te werk”. Nog 'n deelnemer beweer dis “omdat ek onderskei wat die Here oor my sê en wat Hy oor my probleme sê”. 'n Ander deelnemer sê iets soortgelyks: “Ek kies om te lewe uit wat die Here sê, en nie wat mense sê nie”.

4.5.3.6 Vraag 7: “In watter opsig het die bediening oor die afgelope 15 tot 20 jaar verander?”

Respondente se reaksie op hierdie vraag word in die volgende tabel in hooftemas en subtemas asook sub-subtemas en die belewenis van respondente gesorteer:

Tabel 4.5 'n Opsomming van die spesifieke veranderinge in die bediening die afgelope 15 tot 20 jaar in die AGS soos deur respondente beleef

Hooftema	Subtema	Sub-subtema	Belewenis van pastor
a. AGS-bestuurstyl	Blootstelling aan Amerikaanse invloede	Faith Movement, Voorspoedteologie	Gryp na hulpmiddels, ervaar dat dit nie werk; selfbeeld lei daaronder
b. Die status van die pastor	- Wêreldwye godsdienstige, kulturele en ekonomiese verskynsels en tendense - Professionalisering van die bediening	- Postmodernisme, Globalisering, Sekularisasie - Eenwording van die AGS en anderskleurige pastors	- Voel nie vaardig in “nuwe” wêreld, Afname in gesag, as “gesalfde” bevraagteken - Voel agterstand, onbevoeg, lei tot toordery
c. Beskouing van sukses	Opkoms van makrogemeentes	Skep 'n teorie oor wat sukses is – nie-Bybels	Laat pastors met gevoel van onbevoegdheid en mislukking
d. Beskouing van die Heilige Gees	Onoordeelkundigheid t.o.v. unieke en eg-Pinkster-belewenis	Lei tot manipulasie, outoritarisme	Laat pastors met gevoel dat hulle geen vryheid het nie

a. AGS-bestuurstyl

Uit die onderhoude het **AGS-bestuurstyl** as 'n hooftema na vore gekom wat, volgens respondente, oor die afgelope 15 tot 20 jaar veranderinge in die bediening getoon het.

By pastore-byeenkomste en -konferensies word daar by die AGS-pastor 'n sekere persepsie van sukses geskep deur blootstelling aan sprekers met sekere bestuurstyl. Hierdie bestuurstyl is grootliks afkomstig uit 'n **Amerikaanse konteks**. In hierdie verband kry die pastor ook te doen met sommige denkwyses uit die **Faith Movement** en **voorspoedteologie** wat nie strook met 'n Pinkster-teologie nie.

As gevolg van sy eie soeke na hulp, vermeld een respondent, “moes... die arme man (die AGS-pastor)... moes hy gryp na baie **hulpmiddels**”. Van die hulpmiddels wat hom aangebied word, is in die vorm van sekere leierskapmodelle. Een respondent vermeld dat “...baie van die leierskapmodelle was soort van, van top na ondertoe... hiërargies. Dit was doelgedrewe, goed, en hy (die pastor) het nie mooi ... ook besef dat hierdie goed dalk kan lynreg wees teenoor dit wat in die Bybel verkry het... iets van dienskneg wees en voorbeeld wees en... hy het al hierdie tegnieke wat gekom het en dit het naderhand sy groot behoefte was (geword)... wat is 'n nuwe leierskaptegniek of dit het gegaan oor metodes?”.

Die pastor het gou agtergekom, volgens 'n respondent, dat hy deur “...sekere bestuurstyl ander persepsies (kan) skep en sekere ander dinge (kan) doen, maar op die ou end **werk dit nie** regtig nie, dit kan nie vir almal werk nie, dit gaan ook nie op die platteland of 'n kleiner plek kan werk nie.” Die gevolge hiervan is “...dit het sy **selfbeeld afgetakel**, dit het sy idee van sukses gevorm en hy het nie werksatisfaksie gekry nie...”.

In hierdie verband het een respondent opgemerk: “Die kerk behoort indringend te kyk na daardie beeld wat hulle skep, verwagtinge wat hulle skep... jy weet, uh... van so moet 'n pastoor lyk... dis hoe hy moet presteer... dis wat van hom verwag word... en dan kom hy nie daarby nie en dan voel hy hy is 'n mislukking in die bediening...”.

b. Die status van die pastor

Nog 'n hooftema wat na vore gekom het, het te doen met **die status van die pastor**. Volgens 'n deelnemer het die pastor voorheen status gehad, maar dat dit nie meer die geval is nie. Hy was voorheen gesien as die verteenwoordiger tussen God en die mens.

Volgens een respondent wil baie pastors egter vandag nog vanuit die konsep van hierdie statusposisie lewe en optree. Die rede vir die verandering in die pastoor se status het, onder meer, te doen met die kwessie van **sekularisasie**. “Die wêreld het nie meer 'n behoefte

aan die Here nie”; Sondaes was “kerkdag”, vandag word meegeding met winkels, sport en die TV.

Nog ’n deelnemer vermeld die kwessie van **postmodernisme** – God is nie meer gesaghebbend nie. ’n Ander deelnemer sê: “Die Here word nie meer gevrees nie”. Nog drie respondente beweer dat die Bybel nie meer gesaghebbend is nie. Een deelnemer is van mening dat mense baie ingelig geraak het oor die Bybel en verskil met die pastor. Een deelnemer beweer dat mense nie meer so toegewyd (vurig) is nie. Een respondent beweer jy kan nie meer reguit met mense praat sonder dat hulle kwaad word en dreig om die gemeente te bedank nie.

Een respondent vermeld dat **globalisering** ’n bydraende faktor is waarom die pastor se status afgeneem het – almal moet aanvaar word en alle sieninge en godsdienste moet aanvaar word.

’n Deelnemer vermeld die kwessie van **vaardigheid** – die pastor voel nie vaardig genoeg om in hierdie nuwe “wêreld” te bedien nie; die pastor voel oor die algemeen onkundig, want “hy ding mee met ander kundiges wat dinge anders sien as hyself”.

Een respondent vermeld dat die pastor se **gesag** verander het – vroeër jare kon ’n pastor verklaar: “So sê die Here”. Mense twyfel vandag of dit die Here is wat praat en of dit die pastor is wat praat.

Volgens ’n respondent was die beskouing in die verlede die pastor was **die gesalfde** gewees. Mense het gekom om die Woord van die Here te hoor, die krag van God te ervaar en om die goedheid van die Here te ervaar.

Die pastor se **prediking** het volgens ’n deelnemer ook as gevolg hiervan verander. Dit het afgekoel. Prediking is aangepas. “Mense wil hoor wat hulle graag wil hoor en nie wat hulle moet hoor nie”. In dié verband maak ’n respondent melding van die invloed van teenstrydige leringe op Christelike TV.

Nog ’n saak wat aanleiding tot die verandering in die pastor status en gesag gegee het, is die **professionalisering** van die bediening. Een respondent het gestel dat die pastor voorheen “ ’n charismatiese mens (was)”. Die pastor kan nie meer staatmaak op sy charismatiese persoonlikheid en prediking wat voorheen aan hom gesag verleen het nie.

Een respondent beweer dat swart pastors nie voorbereid was op wat **die eenwording** van die AGS sou meebring nie – hulle is uitgedaag wat leierskapvaardighede en professionalisme betref. Die respondent meen hulle **voel onbevoeg** om leiding te neem. Wanneer die swart pastors hulself aan die wit pastors meet, voel hulle onbevoeg. Volgens die respondent lei dit tot sterk kompetisie onder die swart pastore. Volgens een respondent is daar ’n toename in

toordery onder swart pastors juis as gevolg van hierdie gevoel van ontoereikendheid. Swart pastors beoefen praktyke in toordery om meer mag en status te kan bekom.

c. Beskouing van sukses

Volgens 'n deelnemer het die **opkoms van makrogemeentes** 'n teorie oor sukses geskep. Dit is, volgens 'n respondent, **nie 'n Bybelse konsep** van sukses nie. Hierdie **begrip van wat sukses is**, het tot op gemeentevlak gedaal en die pastor word nou daaraan gemeet. Dit bring mee dat pastors **onbevoeg en onsuksesvol** voel.

d. Beskouing van die Heilige Gees

'n Laaste hoofteema wat na vore gekom het wat verband hou met die veranderinge wat die afgelope 15 tot 20 jaar in die bediening plaasgevind het, is die **beskouing van die Heilige Gees**.

'n Respondent vermeld dat dit blyk dat sommige pastors hierdie **unieke beleving van die Heilige Gees** nie verstaan het nie – dit het tot **manipulasie** en, in sommige gevalle, tot **outoritarisme** gelei. Een respondent vermeld dat dit vir hom gevoel het asof sy vryheid as pastor hierdeur onderdruk is. Die respondent vermeld sy begeerte: Hy wil vry (wees) om aan sy Pa te behoort, vry om te doen wat reg is, vry om mense te dien... “Ek dink 'n pastoor se grootste verlies is sy vryheid”.

4.5.4 Voorlopige gevolgtrekkings van hoofstuk 4

Die kwalitatiewe navorsingsproses is gebruik in die verkryging van navorsingsresultate. Die navorser het persoonlik met elkeen van die respondente 'n onderhoud gevoer. Geen versadigingspunt is bereik nie. Die rou data is geanaliseer deur 'n onafhanklike enkodeur en in temas en subtemas gegroepeer. Dit het die navorser gehelp om nuwe temas en subtemas te formuleer en die gekodeerde data te groepeer sodat dit nog meer én relevant tot die studie kon bydra.

Die empiriese navorsing toon dat pastors die aanwesigheid van die roeping van God in hul lewe as essensieel beskou; dit verskaf ook die krag om aan te hou te midde van die beleving van pastorale druk.

Die empiriese navorsing toon dat daar verskeie aspekte is wat bydra tot pastors se belewenis van druk. Pastorale druk word beleef in die denominasie, gemeente, huis en in die pastor as persoon.

Daar is ook verskeie maniere waarop pastors poog om hierdie druk te hanteer – deur 'n verhouding met die Here, hulself en andere. Die empiriese ondersoek toon dat die meerderheid pastors die bediening as vervullend beleef.

Die empiriese navorsing toon laastens dat respondente spesifieke veranderinge in die bediening die afgelope 15 tot 20 jaar in die AGS beleef het met betrekking tot AGS-bestuurstyl, met betrekking tot die status van die pastor, die beskouing van sukses en die beskouing van die Heilige Gees.

4.5.5 Finale opmerkings

Die navorsingsproses is in hierdie hoofstuk bespreek. Dit sluit die navorsingsontwerp, -metodes en -resultate in. Onderhoude is met respondente gevoer en 'n multimetode-benadering is gehandhaaf.

Dit is duidelik dat die pastors onder die hoë eise van die bediening gebuk gaan en dat pastorale druk 'n beduidende uitwerking op hulle as persone het.

In die volgende hoofstuk sal daar gekyk word na die formulering van nuwe pastorale riglyne vir 'n holistiese Skrifgefundeerde selfsorgpraktyk om sodoende die pastor in die AGS-konteks by te staan om pastorale druk die hoof te bied om as persoon meer gemotiveerd, vervuld en optimisties te wees in die uitvoering van sy taak.

Hoofstuk 5

DIE PRAGMATIESE TAAK

Nuwe riglyne vir die hantering van pastorale druk

5.1 Inleiding

Die tema van hierdie studie is die AGS-pastor se belewing van pastorale druk en sy/haar hantering daarvan. Die resultate van die navorsing in Hoofstuk 4 noodsaak die ontwikkeling van nuwe riglyne om AGS-pastors by te staan om pastorale druk die hoof te bied.

In Hoofstuk 1 is reeds aangedui dat die doel van hierdie navorsing behels om uiteindelik riglyne daar te stel vir die formulering van 'n holistiese Skrifgefundeerde selfsorgpraktyk. Die konsep van selfsorg (wat in Hoofstuk 5.3 meer omvattend bespreek sal word) word deur Burns, Chapman en Guthrie (2013: 21) gedefinieer as “the wisdom to ensure, as far as humanly possible, a wise and orderly work that conserves and lengthens a pastor’s ministry”.

In hierdie hoofstuk sal daar dus na riglyne gekyk word wat die pastor moontlik kan gebruik om so 'n selfsorgpraktyk te formuleer om sodoende meer effektief in die uitvoering van sy lewenstaak en roeping te wees.

Die doel van hierdie hoofstuk word goed deur De Klerk *et al.* (2013: 81) saamgevat wanneer hy vermeld dat praktiese teologie die verbetering en vernuwing van ou geloofspraktyke ten doel het sowel as die ontdekking van die nuwe . . . Nuwe denke oor teorieë, strategieë en aksies wat in die geloofsraamwerk funksioneer. Dit is daarom noodsaaklik om die vier praktiese teologiese take van Osmer (2008) te integreer.

Daar sal ook gekyk word hoe die normatiewe-, interpretatiewe- en deskriptief-empiriese take in hermeneutiese interaksie op mekaar inwerk, om sodoende die doel van die pragmatiese taak te verwesenlik. Die nuwe praktykteoretiese riglyne is die resultaat van 'n sintese en interpretasie van die Bybelse riglyne, literatuurstudie en empiriese bevindinge in hermeneutiese interaksie. Hierdie praktiese-teologiese riglyne sal daargestel word om aan te toon hoe om pastors by te staan met die formulering van 'n holistiese Skrifgefundeerde selfsorgpraktyk.

Die gevolgtrekkings wat gemaak is in die empiriese studie in Hoofstuk 4.5.3, sowel as die algemene inligting wat deur die loop van die studie ingesamel is, kan baie bydra tot die formulering van nuwe praktykteoretiese riglyne.

5.2 Doel

5.2.1 Inleiding

Die doel van hierdie hoofstuk is om riglyne daar te stel vir die formulering van 'n holistiese Skrifgefundeerde selfsorgpraktyk vir pastors met behulp van die bevindinge wat verkry is uit die normatiewe-, interpretatiewe- en deskriptief-empiriese take van hierdie studie en dit te integreer en sodoende die vier take van Osmer (2008) in verband bring met mekaar.

5.2.2 Die struktuur van Hoofstuk 5

Daar sal eerstens gekyk word na die konsep van selfsorg en die noodsaaklikheid daarvan vir die AGS-pastor. In die lig van die resultate uit die deskriptief-empiriese studie sal die navorser daarna riglyne bied vir spesifieke AGS-verwante sake soos wat dit die afgelope 15 tot 20 jaar deur pastors beleef is en hoe dit by die konsep van selfsorg aansluiting vind. Dan sal daar op grond van die bevindinge soos dit uit die hele studie na vore gekom het, gepoog word om algemene riglyne daar te stel vir die formulering van 'n selfsorgpraktyk vir pastors. Die hoofstuk sal soos volg gestruktureer word:

- Die konsep van selfsorg en die noodsaaklikheid daarvan vir die AGS-pastor
- Riglyne vir spesifieke AGS-verwante sake soos wat dit die afgelope 15 tot 20 jaar deur pastors beleef is en hoe dit by die konsep van selfsorg aansluiting vind
- Algemene riglyne vir die formulering van 'n selfsorgpraktyk vir pastors

5.3 Die konsep van selfsorg en die noodsaaklikheid daarvan vir die AGS-pastor

Pastors wat nie doelbewus selfsorg toepas nie, mag dalk sukkel om met die problematiek en druk wat met die bediening gepaardgaan, te deal.

Uit die empiriese studie het bevindings getoon dat pastors die druk wat hulle beleef het, hanteer deur hul verhouding met die Here, verhouding met hulself en hul verhouding met ander (Tabel 4.4). Dit vind aansluiting met die konsep van selfsorg.

Selfsorg is intensioneel. 'n Respondent het vermeld: "...jy moet doelbewus dalk beplan vir dit... ek moet (onder meer) 2 keer 'n jaar goeie vakansies hou... ek is deur God so gemaak... ek het grense ... emosionele grense en psigiese grense en ek mag dit nie onder te veel spanning sit nie". Dit is 'n benadering tot die totale mens, dis holisties. Dit het te doen met al die fasette van die pastor se lewe.

Volgens 'n ander respondent is "...'n mens so (as) 'n eenheid aanmekaar gesit, alles wat met jou gebeur, beïnvloed elke deel van jou lewe". Die respondent het tereg ook vermeld: "Die

ontmoeting met die Here en konstante verhouding, moet 'n man slim maak en dis juis die vrees van die Here wat jou moet help om met jouself mooi te werk". Hiermee word die hart van selfsorg saamgevat.

Miller-McLemore (2011: 113,114) se beskrywing van die bediening verduidelik die hoë eise wat dit aan 'n pastor mag stel:

"It's tough out there... Giving care to the grieving parents of stillborn infants; burying murder victims, or victims of cancer who die too young, or the saints of the church in maturity; counselling and caring for families as marriages you've performed break down; making tough decisions about how to allocate scarce resources and cutting staff; navigating the thickets of cultures and interlocking family relationships to which you are foreign; trying to guide and shape young people who are pulled away from church; saying "hello" and "goodbye" to good people to whom you have become attached; trying to stay alive spiritually and intellectually; seeking to make a public case for the life of faith in a world that doesn't much care – these sap energy and drag down the spirit" (Miller-McLemore, 2011: 113,114).

Daar is egter uiteenlopende menings deur teoloë oor die konsep van selfsorg. Burns, Chapman en Guthrie (2013: 63) voer aan dat pastors selfsorg moet verstaan as "a way of ensuring that we will remain effective in the great work God has given us to do".

Selfsorg het, volgens hulle, juis in pastorale kringe prominensie verkry omrede pastors nie aldag ag slaan op die versorging van hulself nie en met dieselfde uitgangspunt as dié van die bekende Walliese prediker Leef Evans, wat gesê het: "I'd rather burn out than rust out in the service of the Lord".

Hulle beweer dat studies daarop dui dat pastors in Amerika 'n ongedissiplineerde leefstyl handhaaf en dat 76 persent van pastors, onder meer, oorgewig of vetsugtig is teenoor slegs 61 persent van die algemene bevolking. Pastors toon ook laer vlakke van fisieke oefeninge as die algemene bevolking.

Oswald (1991: 6) verduidelik dat selfsorg nie net te doen het met die fisieke aspekte van die pastor se lewe nie, maar ook op ander gebiede. Daar kan nie 'n aanname gemaak word dat pastors geestelik/spiritueel gesond is, bloot omdat hulle "geestelike werkers" is nie. Die pastor moet sy lewe op so 'n wyse bestuur, dat hy voortdurend sy fisieke, emosionele, intellektuele en spirituele welsyn sal bly handhaaf. Morse (2011: 152) beweer dat dit uiters noodsaaklik is "to be very purposeful in developing a lifestyle plan that addresses the many need areas."

Miller-McLemore (2011: 110), aan die anderkant, handhaaf 'n meer kritiese benadering ten opsigte van die konsep van selfsorg in die bediening. Sy standpunt sal vervolgens kortliks bespreek word.

Hy voer aan dat die voorveronderstellings en taal (die terme en begrippe) van selfsorg nie tot die Christelike bediening hoort nie en dat dit weer geëvalueer behoort te word. Hy erken dat die bediening baie hoë eise aan 'n pastor stel, maar Miller-McLemore (2011: 110) beweer dat die selfsorgkonsep nie teologies gesentreerd is nie. Sy standpunt kan egter bevraagteken word, want die konsep van selfsorg kan inderdaad teologies gestaaf word, soos wat later gesien sal word.

Selfsorg, soos wat Miller-McLemore (2011:118) dit verstaan, vind bloot op die oppervlak plaas en bevat, volgens hom, nie 'n doelbewuste dieper geestelike/spirituele fokus nie. Volgens hom bied selfsorg nie voldoende antwoorde vir die problematiek waarmee pastors werklik mee gemoeid is nie, naamlik interne roepingverwante problematiek, veral gedurende die eerste vyf jaar van 'n pastor se bediening (Miller-McLemore, 2011: 117). Dit blyk egter dat 'n doelbewuste holistiese selfsorgpraktyk (wat ook fokus op die spirituele en teologiese aspekte van sy lewe), hom wel van groot hulp sal kan wees om 'n sterker teologiese, persoonlike en pastorale identiteit te vorm en hom sodoende sal toerus om die uitdagings wat aan hom gestel word, beter te hanteer.

Daar word tyd aan Miller-McLemore se beskouing afgestaan omrede dit 'n geleentheid aan die navorser bied om krities oor selfsorg te dink en tot beter antwoorde te kom.

Volgens Miller-McLemore (2011: 119) is daar ses probleme aangaande selfsorg in 'n pastorale konteks:

- Die taal van “selfsorg” en die stel van “grense” hoort volgens Miller-McLemore eerder by praktisyns wat professionele hulp verleen en is nie toepaslik vir die bediening in 'n gemeentekonteks nie. Diesulkes, soos kapelane, onderwysers en pastorale beraders word dikwels ondersteun deur strukture en prosesse wat hulle beskerm teen eise wat dreig om grense oor te steek. Tyd, geld en gespesialiseerde verantwoordelikhede skep duideliker, meer gedefinieerde grense. “It is not possible to maintain boundaries around and role clarity within the complexities of ministry in the same way as in other helping professions and ministries” (Miller-McLemore, 2011: 120).

Daar kan met Miller-McLemore verskil word, want waar die pastor 'n goeie verstandhouding met sy gemeenteraad het, kan die nodige strukture en prosesse daargestel word wat aan die pastor die nodige beskerming bied waar grense ter sprake

kom. Die gemeenteraad moet erkenning aan die pastor as persoon gee, dat hy sekere verlofdae en afnaweke nodig het. 'n Gemeenteraad en leier kan tot groot hulp vir die pastor wees in hierdie verband. Dit is egter die pastor se verantwoordelikheid om hierdie sake met sy leier te bespreek.

- Die idee van selfsorg is, volgens Miller-McLemore (2011: 120) meer toepaslik in 'n gegoeëde kultuur. In die ontwikkelende wêreld is daar, volgens hom, nie die hulpbronne of tyd vir selfsorg nie. Selfsorg, na die mening van die navorser, hoef egter nie noodwendig 'n groter finansiële las op 'n pastor te plaas nie. Om tyd in te ruim om, onder meer, fiets te ry, in die tuin te werk, of op 'n wandelroete te gaan stap, hoef nie finansiële implikasies in te hou nie.
- Selfsorg is, volgens Miller-McLemore (2011: 122) onrealisties vir gemeentelike bediening, veral in hoofstroomkerke. Daar is, volgens Miller-McLemore (2011: 123) wêreldwyd 'n afnametendens in hoofstroom-kerkbywoning; volgens hom is dit “not fun to be in the captain's seat at this point in time”.

Selfsorg bied, volgens hom, nie 'n voldoende oplossing vir die probleem van pastors wat oorwerk is te midde van hierdie tendens nie. Daar kan, weer eens, met hom verskil word. Selfsorg het juis ten doel om die pastor te help om die bediening in perspektief te plaas in moeilike tye soos wat beskryf is. Selfsorg het ten doel om die pastor te help verstaan dat die kerk en die gemeente die werk van God is. Dit het ook ten doel om hom vry te maak van die gedagte dat hy (die pastor) die spil is waarom alles draai en dat die toekoms en sukses van God se werk slegs van hom (die pastor) en sy prestasie afhang. Selfsorg het juis ten doel om hierdie druk van die pastor af te haal en om hom oor te haal en te motiveer.

- Miller-McLemore (2011: 124) beweer dat die taal van selfsorg (vir 'n pastor) nie maklik deur gemeentelede wat in die nood verkeer, verstaan of aanvaar word nie.

'n Lidmaat sou glad nie tevrede wees, volgens Miller-McLemore, indien 'n pastor sou weier om 'n begrafnis op 'n Vrydag te doen omrede dit sy verlofdag en deel van sy selfsorg is nie. Dit pas, volgens hom, nie in lidmate se verwagting en raamwerk van hoe 'n pastor veronderstel is om te wees en wat geroep is om in die naam van Jesus te bedien nie.

Dit mag dalk waar wees, maar hierdie is uitsonderings. Die pastor is nie net gemoeid met noodgevalle en krisisse nie. Daar is dus ruim geleentheid om selfsorg toe te pas, ten spyte van noodgevalle en krisisse.

- Selfsorg bied, volgens Miller-McLemore (2011: 125), nie die enigste bybelse antwoord om kwessies rakende die bediening aan te spreek nie. Die bediening is ook, volgens hom, nie 'n geleentheid vir selfaktualisering soos wat die konsep van selfsorg dit laat blyk nie. Die navorser is egter van mening dat selfsorg nie die klem op self-aktualisering plaas nie, maar eerder op rentmeesterskap, in 'n verantwoordelike besef. Vir die pastor om effektief te wees in die uitleef van sy roeping, moet hy geestelik, fisiek, emosioneel, sosiaal en intellektueel na homself omsien.
- Selfsorg is, volgens Miller-McLemore (2011: 126), nie die mees toepaslike teologiese taal vir gemeentebediening nie. Die pastor, volgens hom, is 'n model – “in some way and to some degree, every pastor shares through his/her life the presence of Christ, revealing God, with a particular people in a particular place and time.”

Pastors betree sommige situasies en is deeglik bewus van hul eie onvermoë /ontoereikendheid. Al wat die pastor kan hoop om te bied, volgens Miller-McLemore, is “the ministry of presence” waar hy glo dat Christus deur hom teenwoordig sal wees en hy in homself niks genoegsaam het om te bied nie. Volgens Miller-McLemore (2011: 127) is die deel van hierdie teenwoordigheid met andere, die modellering, 'n integrale deel van die pastorale verhouding. Waar selfsorg in Miller-McLemore se oë dalk mag blyk dat dit te veel klem op die self mag plaas, is hy (Miller-McLemore, 2011: 127) van mening dat die bediening te doen het met die leegmaak van die self (*kenosis*) en dit modelleer volgens wat Jesus gedoen het. “The kenotic life finds fulfilment and joy through a willing openness to God and the willing gift of one's energies so the needs of neighbours are met... This understanding stands over and against the notion of success-seeking, consumer-driven ministry. It clearly opposes a ministry of personal gratification. It also pushes against an understanding of ministry as personal spiritual quest.”

Baie wat Miller-McLemore sê is waar, maar tog is dit verkeerd om selfsorg met “success-seeking, consumer-driven ministry” te assosieer. Selfsorg is nie 'n soeke na “personal gratification” nie. Selfsorg is Koninkryk-gerig. Dit het te doen met pastors wat doelbewus 'n meer geestelike, emosionele, fisieke, intellektuele en sosiaal gesonde lewe wil leef om sodoende meer effektief in die bediening en die Koninkryk van God te wees. Dit het ten doel om meer bestendigheid in gemeentes te bring en gevolglik die werk van die Here op aarde te versterk.

Miller-McLemore beweer dat aan die hart van hierdie kinetiese verstaan van die bediening, die tema van afwaartse mobiliteit is; die bediening, volgens hom, is 'n vrywillig-aanvaarde beweging na onder:

“Death and resurrection is not only the subject of preaching... but also the unseen influence shaping the leader's daily professional functioning” (Miller-McLemore, 2011: 128).

Miller-McLemore is reg dat die pastor se lewe as Christen 'n voortdurende doodgaan met Christus is (sien 2 Korintiërs 4:7). Hierdie waarheid geld egter ook vir elke Christen, maar tog kan ons verwag dat die pastor as voorbeeld dit dalk meer intensief sal beleef. Selfsorg veronderstel nie selfaktualisering nie, maar in wese is dit tog ook 'n afwaartse beweging. Selfsorg is juis selfverloënd van aard en vereis dissipline en die voortdurende “kruisiging” van die self.

Maar die doodgaan saam met Christus het ook 'n ander kant – dit is deelname in sy opstanding en oorwinning (2 Korintiërs 4:11, Filippense 3:10-11). Inderdaad is Miller-McLemore se standpunt té negatief en moet die pastor se beeld een wees van hoop, oorwinning en 'n goed gedissiplineerde lewe.

Volgens Miller-McLemore (2011: 129) is die bediening relasioneel. Die pastor kan onderskei word, maar nie geskei word van die gemeente nie. Selfsorg maak, volgens hom, 'n skeiding tussen “ek” en “hulle”, en 'n “self” wat versorging en beskerming benodig en “ander” teen wie daar beskerm moet word. Dit is, volgens die navorser, weer eens 'n foutiewe beskouing van die bediening en selfversorging deur Miller-McLemore. Selfsorg maak nie 'n skeiding tussen die pastor en die gemeente nie. Selfsorg het ten doel om van die pastor 'n holisties gesonder mens te maak soos wat hy hom tussen ander individue bevind. Dit het ten doel dat hy homself beter met ander kan vereenselwig, dat hy homself beter relasioneel kan handhaaf.

Miller-McLemore (2011: 131) stel die volgende terme voor wat, na sy mening, meer toepaslik vir die bediening is as die taal van selfsorg:

- *Onderskeiding* – In 'n beroep waar die pastor verskeie rolle moet vertolk en in relasie tot verskeie afdelings staan, is dit belangrik, volgens Miller-McLemore, om te onderskei watter rol en afdeling die belangrikste is op 'n gegewe moment en in 'n gegewe situasie.

Dit is 'n dissipline wat tot klaarheid lei. Daarom, behoort die pastor te vra: Wat is my primêre rol hier en nou? (Miller-McLemore, 2011: 132).

Onderskeiding is baie belangrik, maar goeie selfsorg help juis met die vermoë om te onderskei. 'n Pastor wat uitgebrand en moedeloos is, benodig nie onderskeiding nie, maar selfsorg, om sodoende te onderskei.

- *Balans* - Die pastor word, volgens Miller-McLemore, in verskillende rigtings getrek as gevolg van die eise en verskeie rolle wat hy moet vertolk.

Om aandag te gee aan balans, is 'n basiese geestelike dissipline en 'n teken van dissipelskap. Dit het te doen met die vind van maniere om uiting te gee aan interne worstelings, kompromieë, suksesse en mislukkings en dit te verwoord. Met wie moet die pastor praat? Bied die gemeente verantwoordbaarheid? Ontmoet die pastor gereeld met betroubare kollegas vir terugvoer? Kan die pastor eerlik wees wanneer hy sy balans verloor? (2011: 132, 133).

Alles wat Miller-McLemore sê is belangrik en balans is 'n begrip wat juis uit die taal van selfsorg na vore kom. Selfsorg help die pastor juis om balans te handhaaf deur doelbewus aandag te skenk aan al die areas van sy lewe en nie sommige daarvan af te skeep nie. Selfsorg is intensioneel.

- *Onderhandeling* – Volgens Miller-McLemore (2011: 133) is die pastor se vermoë om te onderhandel, van kritiese belang. Hoe kan die pastor doen wat hy as noodsaaklik beskou in 'n gemeente, terwyl hy goeie verhoudinge met die mense om hom bly handhaaf? Dit vereis openlikheid, buigsaamheid, deursettingsvermoë, kreatiwiteit, verbintenis en lojaliteit tot verskeie gehore en ander enkeles asook 'n langtermynfokus op dit wat hy in gedagte het. Die pastor moet kan onderhandel en daarvoor moet hy 'n goeie besef hê van wie en wat hy is: sy identiteit, sy roeping, sy persoonlikheid en sy sterk- en swakpunte. Daarvoor benodig hy selfsorg.
- *Die telos of doel van die bediening* – Die pastor moet die vermoë hê om die groter doel raak te sien, volgens Miller-McLemore. Daar kom tye wanneer die pastor dit wat hy graag begeer en wil hê, vir eers moet los en opoffer sodat ander kan leef en sy rentmeesterskap as pastor sodoende getrou bevind mag word. Dit vra 'n verskil in fokus.

Selfsorg, volgens Miller-McLemore, fokus op die self, maar die *telos* op die groter doelwit, sodat ander kan leef. Die groter doelwit (*telos*) beïnvloed die kleiner keuses (Miller-McLemore, 2011: 133).

Goeie selfsorg mag nooit anders wees as om primêr te fokus op Jesus Christus en sy saak in hierdie wêreld nie, maar dit kan ook nooit anders wees as om liefdevol om te sien na die pastor as trotse tempel van die Heilige Gees nie.

- *Sabbat* – Die pastor moet, volgens Miller-McLemore, tyd maak vir 'n Sabbat. Indien nie, ignoreer hy 'n basiese ritme in die lewe van die gees.

Dit het ten doel om tyd met God te spandeer, nie met die self nie. Die Sabbat word ook daaglik gehou deur gebed, die Bybel, aanbidding, studie, naasteliefde, ensovoorts. Miller-McLemore (2011: 133,134) is reg, want dit is die reëling wat 'n liefdevolle God gemaak het dat sy mense kan rus en na hulself omsien.

- *Nederigheid, integriteit, bewustheid en geregtigheid* – Wat alles aan mekaar hou, volgens Miller-McLemore, is die pastor se roepingsbewustheid te midde van die baie rigtings waarnatoe hy getrek word. Nederigheid leer hom om homself nie te ernstig op te neem nie. Integriteit leer hom om homself ernstig genoeg op te neem. Bewustheid is die pad na nederigheid en integriteit. Geregtigheid is dit waarvoor gehoop word, maar nooit ten volle sal realiseer nie. Alles wat Miller-McLemore (2011: 134) noem, is onontbeerlik in selfsorg.

Daar kan baie geleer word uit die kritiek van Miller-McLemore ten opsigte van selfsorg. Veral waar dit gaan om 'n foutiewe teologie rakende die bediening. Sy beskouing dat selfsorg hoofsaaklik sentreer rondom die self – dat dit die self verhoog en gevolglik die eer van God op die agtergrond skuif, is verkeerd. Die bediening vereis, volgens hom, 'n gemoedstoestand van leegheid-van-die-self en dat só 'n toestand God verhoog. Dit is, volgens die navorser, 'n eensydige beskouing.

Ander teoloë interpreteer selfsorg anders. Burns, Chapman en Guthrie (2013: 21) beskryf selfsorg juis as selfverloënend in wese. Volgens hulle is die toepassing van selfsorg in der waarheid 'n manier om die self te verloën – “...dying to the old life of self-centeredness and rising to a new life of holiness and love”.

Die ou lewe sluit, volgens hulle, dinge soos slordige en obsessiewe aktiwiteite soos nie-konsekwente slaapgewoontes, onbeheerde werkure, afgeskepte of neurotiese oefening en 'n ongesonde dieet in. Alles tekens dat die ou sondige self nie onderwerp is nie. Selfverloënde selfsorg, aan die anderkant, sal beteken om goeie slaappatrone te hê, die vermoë te hê om nie te sê vir sekere werk en Sabbattye en Sabbatte te onderneem, om verantwoordelik te oefen en 'n gebalanseerde dieet te volg.

Selfsorg impliseer dissipline en nie selfsug, soos wat Miller-McLemore mag laat blyk nie. Farquhar (2014) beweer “self-care is never a selfish act – it is simply good stewardship of the only gift I have, the gift I was put on earth to offer to others”.

Selfsorg kan beskou word as 'n doelbewuste poging waarmee 'n pastor verantwoordelikheid vir homself as volledig mens aanvaar. Paulus meld in 1 Korintiërs 6:19 dat gelowiges se liggame tempels van die Heilige Gees is; hulle moet daarvoor verantwoordelikheid neem en dit in diens van God stel. Die pastor het 'n verantwoordelikheid om sy liggaam, maar ook elke aspek van sy menswees aan Christus te onderwerp. Melander en Eppley (2002: xiii) beweer selfsorg behels meer as die eet van 'n gebalanseerde dieet of die gereelde besoek aan 'n dokter. Selfsorg beteken “living the life God has intended for you”.

Somers (2004: 70) wys daarop dat pastors wat doelbewus holisties gesonde goedvoelkomponente (*wellness-giving components*) in hul lewens geïnkorporeer het, beslis langlewende bedienings getoon het sonder om deur 'n donker vallei van chroniese emosionele en fisieke uitputting te gaan.

Ferguson (2008: 42) voer aan dat goeie voornemens alleen pastors nie sal help om pastorale druk en probleme soos stres te hanteer nie. Daar moet 'n intensionaliteit wees. Druk is 'n gegewe in die bediening en deel van die lewe. Indien daar nie doelbewuste aandag aan die hantering daarvan bestee word nie, resulteer dit in 'n gebrek aan blydschap, 'n gebrek aan vergenoegdheid, geen vervulling nie en ook 'n gebrek aan sinrykheid.

Die bediening is uniek, maar nie verhewe bo die res van die mensdom wanneer dit by die hantering van problematiek, veral pastorale problematiek, kom nie. Die pastor kan as gevolg van die veeleisende aard van die bediening, nie bekostig om nie doelbewuste selfsorg toe te pas nie.

Vir die doel van hierdie studie sal selfsorg beskou word as 'n doelbewuste holistiese Skrifgefundeerde praktyk wat die pastor in sy lewe implementeer met die doel om as volledig mens 'n meer effektiewe en kragtige getuie van die Evangelie van Jesus Christus te wees.

Jesus se hantering van sy dissipels in Markus 6:30-34 dui op selfsorg en verskaf 'n teologiese grondslag daarvan, aldus Kruger (2010: 25,26). Nadat Hy die dissipels twee-twee uitgestuur het om te bedien kom hulle terug en deel hul belewenisse. Dan sê Jesus vir hulle “kom julle self in die eensaamheid na 'n verlate plek en rus 'n bietjie. Want daar was baie wat kom en gaan, en hulle het selfs geen geskikte tyd gehad om te eet nie. En hulle het met die skuit vertrek na 'n verlate plek in die eensaamheid”.

Dis belangrik, volgens Kruger, dat die pastor met tye onttrek, hy moet tyd vir homself maak, hy moet ongehinderd kan eet. Hy moet die balans handhaaf tussen “gee” en “ontvang” in

die bediening. Nadat Jesus en sy dissipels onttrek het, lees ons in vers 34 dat Jesus die skare innig jammer gekry het omdat hulle soos skape sonder 'n herder was; en Hy het hulle baie dinge begin leer. Met hernude fokus, krag, ywer, insig en simpatie het Jesus en die dissipels, nadat hulle hulself eers vir 'n tyd lank onttrek het, gegaan en die mense bedien (Kruger, 2010:26).

Jesus volg dieselfde patroon nadat Hy van die dood van Johannes die dooper verneem het in Matteus 14:12-14. Hy onttrek na 'n afgeleë plek. Die mense kan vir eers wag. Na sy tyd van afsondering kom Hy weer aan land en sien die skare met wie Hy opnuut medelye het. Na aanleiding hiervan vermeld Kruger (2010: 27) dat pastors nie skaam moet wees om ook met tye te huil nie en dat onttrekking van die druk van die daaglikse bediening gesond is. Om bemoedigende woorde en weldade van gemeentelede of andere te ontvang, is terapieë en voordelig vir die pastor.

Hill (2001: 111-113) gebruik die teksvers in 2 Korintiërs 4:7 as teologiese grondslag vir selfsorg om aan te toon dat die pastor sy eie fisieke beperkinge as “ 'n erdepot” moet raaksien en waarde heg aan die skat (die krag en heerlijkheid van God) wat binne-in hom is. Daarom moet hy des te meer aandag daaraan skenk om homself holisties te versorg:

“As pastors live within their own physical limitations, caring for themselves in appropriate ways, they testify in yet another way to the treasure that they bear within” (Hill, 2001: 113).

Uit sy bevindinge kan 'n moontlike holistiese selfsorgpraktyk volgens Kruger (2010: 54, 55, 56) soos volg daarna uitsien:

- Liggaamlik – Kry gereelde oefening; handhaaf 'n gesonde gebalanseerde dieet; kry genoeg slaap; neem gereeld die toegelate betaalde verlof; gedenk die Sabbat;
- Emosioneel – Hou 'n dagboek; gee kreatief uitdrukking (musiek, verf, kuns, gedigte, dans, ens.); kry berading; verkeer met vriende wat omgee en luister; lag genoeg; maak tyd vir stilwees in die natuur en vir meditasie en aanbidding; maak gebruik van rituele wat bydra tot genesing;
- Geestelik – Individuele of korporatiewe aanbidding; vier godsdienstige vakansiedae of feeste; mediteer, bid, en lees Bybel gereeld; luister na musiek, sing saam, speel 'n instrument; steek kerse aan, doen iets wat die sintuie kan stimuleer; soek afsondering in die natuur of besoek rusoorde (*retreats*).

Holistiese selfsorg is dus noodsaaklik vir die AGS-pastor volledige mens die problematiek wat hy beleef, beter te hanteer.

5.4 Riglyne vir spesifieke AGS-verwante sake soos wat dit die afgelope 15 tot 20 jaar deur pastors beleef is en hoe dit by die konsep van selfsorg aansluiting vind

Uit die empiriese studie blyk dit dat AGS-pastore se beleving van pastorale druk (sien Tabel 4.3) baie ooreenstemmings mag toon met die pastorale druk wat deur pastors van ander kerkgroepe beleef word. Vir hierdie algemene problematiek sal daar in Hoofstuk 5.5 algemene riglyne vir 'n holistiese Skrifgefundeerde selfsorgpraktyk uiteengesit en bespreek word.

Derhalwe sal daar eers na spesifieke AGS-verwante sake soos wat dit die afgelope 15 tot 20 jaar deur pastors beleef is, gekyk word (sien Tabel 4.5) en hoe dit by selfsorg aansluiting vind. Van hierdie bevindinge het ook uit die interpretatiewe taak (Hoofstuk 3.1.2) na vore gekom.

Die spesifieke AGS-verwante sake waarvoor daar riglyne gebied sal word, is AGS-bestuurstyl, verandering in status, beskouing van sukses, beskouing van die funksie en werking van die Heilige Gees. Daar sal na elkeen van hierdie sake afsonderlik gekyk word, alhoewel daar oorvleueling is en al die sake met mekaar verband hou.

5.4.1 AGS bestuurstyl

Uit die empiriese studie (Tabel 4.5) was dit duidelik dat voortdurende blootstelling aan hoofsaaklik Amerikaanse kerkbestuurstyl tydens seminare en konferensies, pastors met 'n gevoel van mislukking gelaat het. Wanneer die pastor konsentreer daarop en poog om getalle te laat styg deur die tegnieke, modelle en metodes waaraan hy blootgestel is te implementeer, en dit nie die verwagte resultate oplewer nie, laat dit hom met 'n gevoel van teleurstelling. Hy betwyfel dan grootliks sy eie vermoë en roeping. Dit laat hom onbevoeg voel en beïnvloed sy selfbeeld negatief. Dit het ook minderwaardigheid tot gevolg.

'n Sekere beeld word deur hierdie bestuurstyl geskep; 'n beeld wat dalk baie ooreenstem met dié van 'n hoof- uitvoerende beampte (HUB) van 'n maatskappy soos in Hoofstuk 3.1.2 van die interpretatiewe taak aangedui – dis 'n beeld wat begaan is oor syfers en getalle.

'n Respondent het vermeld dat “die kerk sal moet baie dringend weer kyk en sê goed... hoe lyk 'n pastoor... die profiel van 'n pastoor... wat word van 'n pastoor verwag en veral

wegbeweeg van die idee van getalle en geld... as dit waar is... getalle en geld, dan is Christus die grootste mislukking”.

Agter hierdie soort bestuurstyle waaraan die AGS-pastor blootgestel word, is daar 'n tipe ghoeroementaliteit wat veronderstel dat 'n pastor, onder andere, die alleenbesluitnemer en visionêr is. Hy alleen besit en droom van 'n visie. Sy woord kan so te sê nie teëgegaan word nie, hy's onaantasbaar. Hy word amper op 'n “troon” geplaas en selfs in 'n sekere sin “aanbid” vir sy kennis, insig en vir die posisie wat hy beklee.

Hierdie styl en benadering tot gemeentebestuur is onbybels en skep 'n onnodige en problematiese situasie vir die AGS-pastor.

Uit die normatiewe taak het die navorsing egter daarop gedui dat die pastor se benadering tot die gemeente en die bediening dalk 'n baie eenvoudiger benadering vereis: 'n diensknegbenadering en -gesindheid wat baie onnodige druk van hom afhaal en hom vrymaak om met vrymoedigheid onder die leiding van die Heilige Gees te bedien.

Paulus verwys na hierdie gesindheid in 1 Korintiërs 4:1 – om 'n dienaar of dienskneg (uphretew) te wees. Wanneer Paulus in 1 Korintiërs 4:9 meld dat God vir hulle (die apostels) die laaste plek aangewys het, dra dit dieselfde betekenis as Jesus se woorde aan die skare en die dissipels in Matteus 23:11, naamlik dat die grootste onder hulle die een is wat 'n dienaar is. God se maatstaf, volgens Jesus, is omgekeerd as dié van die indrukwekkende uiterlike vertoon van die fariseërs.

Selfsorg sal beteken dat die pastor in sy verhouding met die Here (Tabel 4.4) 'n dissipline van gereelde afsondering ('n eenkant toe kom met die Here) handhaaf, om sodoende perspektief te kry en te behou oor wat hy as maatstaf vir sukses voorhou.

Tereg het een respondent in die empiriese studie vermeld dat die pastor soms “...self gebind (word) deur sy eie idees van sukses, ... wat hy moet doen, sy kerk word 'n drywer, mense word drywers en hy verloor totaal sy vryheid... Watter soort spanning sit jy jouself in, watter soort druk, watter soort vrede geniet jy, wat vra jy van jouself... dis belangrik...”.

Die pastor moet homself dus voortdurend vra of hy bestuurstyle wat opgeneem is met syfers en getalle, wat nie teologies gegrond is nie en hom minderwaardig laat voel, as maatstaf gaan gebruik of sal hy sy suksesgevoel baseer op die wyse waarin hy gehoorsaam is aan die Heilige Gees en poog om 'n dienskneg van die gemeente en van die Evangelie in die Koninkryk van God te wees?

In die interpretatiewe taak (Hoofstuk 3.2.1.1 is aangedui wat die dryfveer agter die pastor se bestuurstyl behoort te wees; wat ook al sy bestuurstyl behels, moet dit die verkondiging en demonstrasie van die Koninkryk van God ten doel hê.

Uit die normatiewe taak blyk dit duidelik dat dit nie syfers en getalle is wat veronderstel is om eerste prioriteit in die pastor se bediening te moet inneem nie. Sy groot fokus moet wees om die gemeente en gemeenskap met die Evangelie te dien.

Paulus dien die gemeente deur die verborgenhede van God – deur die krag en leiding van die Heilige Gees (1 Korintiërs 4:1) – aan hulle te verkondig. Afsondering en selfsorg sal die pastor in staat stel om sy fokus op diensknegwees te behou.

Deur onbybelse bestuurstyle, leierskaptegnieke en metodes te probeer implementeer, wek by die pastor 'n verkeerde verwagting en plaas hom onder onnodige druk. Dit ontnem hom van sy vryheid wat hy deur die Heilige Gees ontvang om te bedien soos wat die Heilige Gees hom lei. Selfsorg help hom egter om nie hierdie onredelike verwagtinge aan homself te stel nie, homself nie te laat bind nie, maar om homself en sy sukses in die regte lig te beskou.

Daar sal later meer oor sy vryheid om onder die leiding van en in staat stelling deur die Heilige Gees te bedien, uitgebrei word.

5.4.2 Verandering in status en gesag

Uit die empiriese navorsing (Tabel 4.5) het die kwessie van die pastor se status ter sprake gekom. Sy posisie as pastor van 'n gemeente het voorheen noodwendig aan hom status en gesag verleen, maar weens verskeie redes beklee die kerk, asook die pastor, nie meer die eens gesiene, gerespekteerde en sentrale posisie in die samelewing nie en het nou na die rand daarvan beweeg. Die pastor en kerk het so te sê gemarginaliseerd geraak. Die rede hiervoor is wêreldwye kulturele, godsdienstige en ekonomiese fenomene soos postmodernisme, globalisering en sekularisasie.

In die interpretatiewe taak (Hoofstuk 3.1.2) is aangedui dat post-Christendom ook bydra tot die verandering in die gesag van 'n pastor. 'n Respondent het heeltemal tereg vermeld dat voor hierdie kultuurveranderinge plaasgevind het, die pastor "...die verteenwoordiger tussen hulle (die gemeente/gemeenskap) en God (was) maar dié het verander. Stadig maar seker het die beeld van die kerk en die behoefte aan 'n kerk ... verander... dit het indringend verander".

'n Ander respondent het dit so gestel: "Destyds kon jy preek en met gesag praat ... almal het gekyk na jou as pastor en... jy's hierdie ou wat in hierdie gesagsposisie is... jy luister na die pastor... jy bevraagteken hom nie... vandag word almal bevraagteken... elke ding word bevraagteken... die Bybel word bevraagteken... die basiese beginsels van die Bybel... die dinge wat aksiomaties was... soos Christus is die Seun van God... Christus het opgestaan... al daai goed word vandag bevraagteken en dit bring die pastor onder geweldige druk...". Sy status wat afneem, is duidelik te sien in die reaksie op sy prediking: "In die ouer tyd as die Woord gepreek

word en die Bybel sê só... uh... dan't ek gevoel dat die ouens het nogal geluister in 'n stadium... maar vandag as jy sê, 'So sê die Here', dan wonder hulle of dit nie die pastoor is wat dit sê nie”.

Die effek wat hierdie veranderinge, volgens 'n respondent, op die pastor se status en gesag gehad het, is dat dit 'n ervaring meegebring het van “...die mat word onder sy voete uitgetrek... want God wat daar was, wat gesaghebbend daar was, wat geëer en gevrees moet word, ook sý Woord het oornag... het dit nie meer die gesag gehad nie. Dit beteken die waarheid lê maar in elke ou.”

AGS-pastors se ervaring stem dus ooreen met De Klerk en De Wet (2010: 63) se bevindinge wat meld dat daar neigings tot afnemende outoriteit en meegaande magsverlies in Westerse gemeenskappe voorkom. Dit het 'n impak op die psige van veral wit, Westerse manlike predikers as gevolg van die verbrekking van tradisionele strukture weens postmodernisme, sekularisasie en globalisering.

Nog 'n saak wat te doen het met die verandering in die pastor se status en gesag is die feit dat die bediening geprofessionaliseerd geraak het. Voorheen het die pastor baie staatgemaak op die feit dat hy/sy bloot 'n charismatiese persoon was – 'n professionele benadering tot die bediening was nie 'n kwessie of prioriteit nie. 'n Respondent het dit so gestel: “...Mense het gekom omdat hulle die Woord van die Here wil hoor en die krag van God wil ervaar en Sy goedheid”.

Intussen het die bediening egter geprofessionaliseerd geraak. Die pastor se gesag het nou nie net van sy charismatiese persoonlikheid en prediking afgehang nie, maar ook verskuif na 'n meer kennisgebaseerde gesag, waar sy teologiese- en akademiese opleiding ook 'n rol begin speel het. Die noodsaaklikheid van hierdie professionele benadering tot die bediening is in die Interpretatiewe taak (Hoofstuk 3.2.1.2.1) aangedui. Een respondent stel dit as volg: “Hy (die AGS-pastor) het meer onlangs... dit het sy status begin word of hy 'n kundige is... wat weet hy (is) beter as die gewone ou en dit het nogal rustigheid veroorsaak toe hy bietjie meer geleerdheid het en hy kon sy gesag uit sy kundigheid uithaal”.

Een respondent het tereg vermeld dat sommige swart pastors met die eenwording van die AGS nie voorbereid was op die professionele benadering tot die bediening wat daarmee saamgegaan het nie. Sommige swart AGS-pastors assosieer die bediening weliswaar met die verkryging van 'n soort status, maar die professionele aard daarvan blyk dat dit tot minderwaardigheid kan lei as gevolg van die akademiese opleiding wat daarmee gepaardgaan. Dit lei daartoe dat sommige swart pastors probeer kompenseer vir hierdie gevoel van ontoereikendheid en dan toordokters nader om sodoende meer krag en gesag te verkry en hul status as pastors op dié manier te verseker.

'n Respondent stel dit so: "That kind of inferiority... uhm... drive many pastors to... to seek magic.... to get more power".

Dat die bediening as statussimbool deur sommige swart AGS-pastors beskou word, word ook gesien in die feit dat dit as 'n winsgewende beroep deur hulle beskou word. Een respondent vermeld: "...because the ministry has become a very kind of lucrative... you know... a lucrative job... they're able to get more money... uhm... from God's people, you know... Ja". Die respondent vermeld verder: "You know... it has become quite a status because...uhm... you'll find at times medical doctors, GP's... I mean they start their churches... you know to be called pastor... you know... they... they... uhm... they... ja... they want to be called pastors because apparently in the black community uhm... to be a pastor is to hold an honourable position".

Wat die pastor se status betref, het die bevindinge uit die normatiewe taak aangedui hoe Paulus dit onomwonde in 1 Korintiërs 9:16 stel dat die verkondiging van die Evangelie vir hom nie 'n saak van roem is nie. Die bediening is nie 'n geleentheid vir die verhoging van die pastor se persoonlike status en eer nie. In 1 Korintiërs 4:9 meld Paulus dat dit blyk "dat God ons apostels die laaste plek aangewys het".

Die woord "laaste" (ἐσχάτους) beteken "pertaining to being of the lowest status – lowest, least important, last". Een van die probleemareas in die Korintiër-gemeente (soos gesien in 1 Korintiërs 4) het juis te doen met die feit dat hulle gedink het dat hul beoefening van die gawes van die Heilige Gees aan hulle status verleen wat hulle bo andere verhef het. Hul opinie oor Paulus was dat hy benede hulle was. In die oë van sy opposisie het Paulus nie oor genoegsame status beskik nie en het hulle hom as 'n verleentheid beskou. Paulus vermaan hulle dat hulle persepsie van en kriteria vir 'n pastor heeltemal foutief is. Hulle gebruik welsprekendheid, materiële dinge en wysheid as kriteria vir iemand met status en gesag en in die oë van dié gemeente het Paulus nie wysheid gehad nie.

In teenstelling met hulle beskouing van 'n pastor en wat die kwessie van status betref, voer Paulus verder aan in 1 Korintiërs 4 dat hy en die ander apostels honger ly en dors is, naak is en geslaan word, rondswerwe en swoeg deur met hul eie hande te werk. Hy word uitgeskel, terwyl hy seën; hy word vervolgd, hy verdra dit; hy word belaster, terwyl hy troos; soos uitvaagsels van die wêreld het hy en die apostels geword, die afskraapsel van almal. Hy voer sy argument verder deur te meld "ons is dwaas... julle is verstandig... ons is swak, maar julle sterk... julle is in aansien, maar ons in oneer". Paulus probeer doelbewus daarop wys dat hul idee van gesag en status foutief is.

Paulus meet sy status aan ander maatstawwe as die Korintiërs. Sy status lê daarin om homself diensbaar te maak aan almal ter wille van die Evangelie, soos in 1 Korintiërs 9:19 geskryf staan: "...het ek my aan almal diensbaar gemaak om soveel van hulle as moontlik te win." Vir hom gaan dit daaroor om dienskneg van God die Allerhoogste te wees. Hy is nie daarop uit om naam vir homself te maak nie, Hy staan in diens van Een groter as hy. Vir hom gaan dit daaroor dat God op die voorgrond sal wees en hy toenemend meer op die agtergrond. Sy fokus is op die heidene, op hulle wat die Evangelie nog nie gehoor of aangeneem het nie en om alles te doen om die Evangelie met hulle te deel.

Volgens die Bybel blyk dit of die pastor se benadering, soos vroeër reeds genoem, moet wees om te dien. Jesus het hierdie tipe gesindheid getoon toe hy dit aan sy dissipels gedemonstreer het deur hul voete te was (Lukas 22:27): "Want wie is groter: die een wat aan tafel is, of die een wat dien? Is dit nie hy wat aan tafel is nie? Maar Ek is onder julle soos een wat dien".

Wat die pastor se gesag betref, blyk dit dat dit met sy roeping verband hou. In Romeine 1:1 verwys Paulus na homself as " 'n dienskneg van Jesus Christus, 'n geroepe apostel, afgesonder tot die Evangelie van God." Op dramatiese wyse is hy geroep op die pad na Damaskus en in 1 Korintiërs 9:1 vra Paulus: "Het ek nie Jesus Christus, onse Here, gesien nie?". En dan vermeld hy ook in Galasiërs 1:11 en 12: "Maar ek maak julle bekend, broeders, dat die Evangelie wat deur my verkondig is, nie na die mens is nie. Want ek het dit ook nie van 'n mens ontvang of geleer nie, maar deur 'n openbaring van Jesus Christus."

Paulus se gesag lê in die roeping wat hy direk in sy ontmoeting met Christus ontvang het. Alle pastors se roeping geskied dalk nie op so 'n dramatiese wyse soos dié van Paulus nie. Die pastor se roeping is 'n innerlike oortuiging, maar daar moet ook 'n erkenning deur die kerk van hierdie roeping wees. In Galasiërs 2:9 vermeld Paulus dat die kerk erkenning aan Paulus se roeping gegee het: "...en toe hulle merk die genade wat aan my gegee is, het Jakobus en Céfás en Johannes, wat as pilare geag is, aan my en Barnabas die regterhand van gemeenskap gegee, sodat ons na die heidene en hulle na die besnedenes kon gaan".

In die Interpretatiewe taak (Hoofstuk 3.2.1.2.2) is aangedui hoe die gesag, bevoegdheid en roeping van die pastor met mekaar verband hou. Dis wanneer die pastor, soos reeds genoem, nie net deur die gemeente erken word as pastor nie, maar ook magtiging verkry deur die institusionele kerk.

Die pastor ontvang bevoegdheid wanneer daar erkenning deur die kerk aan sy roeping gegee word deur ordening. Timoteus se roeping as prediker en leraar het gepaardgegaan met 'n besondere genadegawe van God wat aan die geroepene gegee is tydens handoplegging

(2 Timoteus 1:6). In 1 Timoteus 4:14 staan daar geskryf dat Timoteus nie die genadegawe wat in hom is – wat aan hom gegee is deur die profesie met die handoplegging van die ouderlinge – moet verwaarloos nie. Die pastor se gesag lê dus nie net in die erkenning van sy roeping deur sy gemeente alleen nie, maar ook namate sy roeping deur die institusionele kerk erken is deurdat die hande hom opgelê is (tydens ordening) en hy onderrig ontvang het. Terwyl Timoteus saam met Paulus gewerk het, is hy onderrig.

Die pastor, soos enige ander persoon, het 'n behoefte aan erkenning en aanvaarding en kan gevolglik maklik sy/haar status begin baseer op wat mense van hom sê en later poog om mense se erkenning te probeer wen.

In die Interpretatiewe taak (Hoofstuk 3.2.2.2.6) word dié probleem medeafhanklikheid genoem en dit hou 'n wesenlike bedreiging vir pastors in. Dit gebeur wanneer die pastor sy geluk op mense se reaksie op sy prediking en inisiatiewe in die gemeente en gemeenskap plaas en nie fokus op wat vir God belangrik is nie. In 1 Tessalonisense 2:4 vermeld Paulus egter in hierdie verband: “...maar soos ons deur God waardig geag is dat die Evangelie aan ons toevertrou sou word, so spreek ons, nie om mense te behaag nie, maar God wat ons harte beproef.”

Selfsorg is van kardinale belang vir die pastor om sy roepingsbewustheid te verstewig en nie afhanklik te word van mense se goedkeuring om hom belangrik te laat voel nie. Dit help die pastor om sy status in die lig van sy roeping en God se Woord oor hom te sien en daarop te fokus.

5.4.3 Die AGS-pastor se beskouing van sukses

Uit die empiriese ondersoek blyk dit dat die idee van sukses waaraan die AGS-pastor blootgestel word, as problematies beleef word. 'n Respondent het tydens die onderhoud vermeld dat 'n pastor “nie regtig ook beseft die konflik tussen wat die kerk hom aanbied en wat voorgehou word (as suksesverhale) en wat regtig in die Bybel is nie”.

'n Respondent vermeld dat sy eie kerk (die AGS) byvoorbeeld by elke seminaar 'n suksesvolle leier vanuit 'n makrogemeente daar sou gehad het wat oor tegnieke gesels “wat dalk vir vyf en negentig persent van die gehoor nie gepas het nie” en “makrogemeentes is dalk nie eers 10% van die kerk se bestaan nie. So hy (die pastor) het soontoe gegaan, maar altyd teruggekom met 'n klomp frustrasies, want dit is nie sy model nie”. Die idee van sukses wat by sulke seminare aan die pastor voorgehou word, is vir hom 'n bron van problematiek: “...dit het gegaan oor *prosperity* en dit het gegaan oor sukses en.... wat is sukses. Dit het een van sy

grootste probleme geword. Hy weet nie wat is sukses nie. Sy eie kerk het nie vir hom riglyne gegee nie”.

’n Ander respondent vermeld: “Ek dink sy problematiek (die pastor) hang saam met die feit dat daar verwagtinge van hom gekoester word van die kerk wat dalk nie altyd bybels is nie... ’n suksesvolle pastoor word vandag gesien as iemand wat ’n groot gemeente het, redelike goeie inkomste het... en... en... en dis eintlik amper die twee maatstawwe wat aangelê word...”

Die blootstelling aan hierdie beskouings van sukses het ’n sekere pragmatisme en kompetisie onder AGS-pastors laat posvat – ’n idee wat impliseer dat deur bloot ’n tegniek of model te implementeer, sukses vir hom gewaarborg sal wees.

Een respondent meld: “Daar was ’n baie klomp pragmatisme wat saam met dit gegaan het, jy weet, dit was soort van ‘Wys my jou sukses’, ‘Hoeveel het jy gedoop?’, ‘Wat was jou tiende inkomste?’, ‘Wat is jou kerk?’. Die goed het afgewentel na sy gemeente toe. Sy gemeente vra ook maar die goed en dit word ook vir hulle suksesbarometers”.

Die effek van bogenoemde op die pastor skep by hom die gevoel van onbevoegdheid en minderwaardigheid.

’n Respondent vermeld die pastor se beleving: “...nou sit ’n ou daar in die platteland... met baie minder mense... maar omdat hierdie ou in ’n dorpsgebied is of stadsgebied wat dalk swakker presteer as die ander ou, maar hy’t meer mense... baie geld... makrogemeente... kry hy geleentheid om al die pastore toe te spreek... weet jy, en hy’s in ’n magsoosisie op grond van getalle en geld... en die ander ouens voel heeltyd... ek maak dit nie... ek sit hier... intussen werk hy (die pastor) baie harder... hy’s alleen... hy’t nie drie of vier ander kollegas wat saam met hom is nie wat ’n gemeenskap kan vorm om die eensaamheid bietjie te verdryf... hy’s alleen, dis net hy en sy vrou... baie groter spanning... baie groter druk... so ek dink die kerk het bepaalde beelde wat hulle skep van hoe lyk ’n suksesvolle pastoor”.

In die normatiewe taak is daar getoon hoe Paulus in 2 Timoteus 4:5 vir Timoteus ’n aanduiding gee van sekere verwagtings wat aan die bediening gestel word: “Maar wees jy in alles nugter; ly verdrukking; doen die werk van ’n evangelis; vervul jou bediening.”

Timoteus kan sy bediening as vervuld beskou namate hy volhard het om die volle Evangelie aan mense voor te hou te midde van teenkating en weerstand. Paulus moedig Timoteus aan om sy voorbeeld (van sukses) na te volg. Uit ervaring weet Paulus dat die Evangelie nie ewe positief deur almal ontvang word nie en moontlik teenkating kan ontlok, want “die woord van die kruis is wel dwaasheid vir dié wat verlore gaan” (1 Korintiërs 1:18). Maar ten spyte daarvan dat die woord van die kruis vir sommige aanstoot mag gee, het Paulus bly volhard daarmee. Daar is altyd sommige in die gemeente wat verkies dat hul ego’s eerder

gestreel word. Maar namate Timoteus daarin kan slaag om aan te hou om die volle Evangelie aan sy toehoorders bekend te maak – al sou dit beteken dat hy soms daarvoor verdrukking moet ly – sal hy sy bediening as vervuld kan beskou en net soos Paulus kan sê: “Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou” (2 Tim.4:7).

Paulus meet sy eie sukses aan die mate waarin hy aan God gehoorsaam was asook hoe getrou hy sy roeping wat hy van die Here ontvang het, uitgevoer het. Aangesien Paulus redelik naby aan die einde van sy bediening in 2 Timoteus 4:5 gekom het, mag ons dit vandag ook as maatstaf vir sukses vir die pastor aanvaar. Hy verstaan sy sukses namate hy getrou was in sy roeping, naamlik, om die Evangelie aan die heidene bekend te maak. Handeling 20:24 sluit hierby aan: “Maar al is my lewe vir my kosbaar, reken ek dit van geen belang nie as ek maar net my lewensstaak kan voltooi en die dienswerk wat ek van die Here Jesus gekry het, kan klaarmaak: dit is om die Evangelie van God se genade te verkondig.”

Nouwen (1997) reflekteer op leierskap in die kerk in sy boek *In the Name of Jesus*. Die groot versoekings waarvoor pastors, volgens hom, te staan kom en wat as suksesbarometers deur pastors gebruik word, is die versoeking van relevansie, populariteit en mag.

Volgens Nouwen moet daar ’n verandering van denke by pastors plaasvind en *in stede daarvan om relevant te probeer wees, poog om meer te fokus op gebed* (“from relevance to prayer”).

Volgens Nouwen (1997: 24) lê die pastor se sukses nie daarin of hy kan slaag om sekere dinge uitgerig te kry en mense te beïndruk nie, maar eerder in watter mate hy eerlik en kwesbaar voor God en mense kan staan.

Een respondent het vermeld dat om te weet hy is eenhonderd persent in God se wil, vir hom belangriker is as enigiets anders: “ ’n Pastoor se krag lê as jy daar nou regtig handuit ruk en dinge word swaar is dit sy grootste krag... as hy kan sê... ek is in die wil van die Here... Ons is te min ingelig oor God se wil, wat God presies van ons verwag.”

Deur gebed kry ’n pastor insig in God se wil. Die pastor se sukses moet, volgens Nouwen, nie bepaal word op grond van uiterlike (sekulêre) resultate nie. Sy sukses het met sy innerlike lewe te doen, ’n tipe spiritualiteit, ’n verhouding met die Here. ’n Respondent vermeld: “Sy (die pastor) gees moet sterk wees. ’n Pastoor wen deur wat in sy gees aangaan”.

Sy verhouding met God is dus bepalend vir sukses, en sy toewyding in afsondering en gebed, dra by tot sy innerlike krag en sekerheid.

Om relevant te wees is nie die pastor se maatstaf vir sukses nie. Nouwen (1997: 24) beweer: “The question is not: How many people take you seriously? How much are you going to accomplish? Can you show some results? But: Are you in love with Jesus?”.

Nouwen (1997: 28) is van mening dat sukses vir 'n pastor eerder daarmee te doen het om nie gedomineer te word deur 'n begeerte om relevant te probeer wees nie, maar eerder stewig en veilig geanker te wees in die kennis van God se (eerste) liefde.

'n Tweede “kopskuif” wat Nouwen vermeld, is die skuif vanaf *'n begeerte om populêr te probeer wees na 'n begeerte om te dien*.

Pastors voel, volgens hom, “like failed tightrope walkers who discovered that we did not have the power to draw thousands of people, that we could not make many conversions, that we could not have the talents to create beautiful liturgies, that we were not as popular with the youth, the young adults, or the elderly as we had hoped, and we were not as able to respond to the needs of our people as we had expected” maar ten spyte hiervan “most of us still feel that, ideally, we should have been able to do it all and do it successfully. Stardom and individual heroism, which are the obvious aspects of our competitive society, are not at all alien to the church.”

Daar moet dus van populariteit na dienswerk beweeg word. Hierdie diens staan in skille kontras met die sekulêre idee van diens.

Vir die pastor om te dien beteken nie om as 'n *professional* sy “kliënte” se probleme te ken en op te los nie, maar 'n kwesbare broer te wees wat ken en geken word, wat sorg maar ook versorg word, wat vergeef, maar ook vergewe word, wat lief het en liefgekry word. Hierdie diens is ook nie individualisties nie.

Nouwen beweer dat sekulêre “diens” 'n eenrigtingwerk is en dat daar altyd distansie is. Maar diens volgens die Bybel impliseer nabyheid, maar ook wederkerigheid, “Ministry is not only a communal experience, it is also a mutual experience”. Die pastor moet tussen sy mense leef. Nouwen haal die vers in Johannes 10:14-15 aan (“Ek is die goeie herder, en Ek ken my eie en word deur my eie geken. Net soos die Vader My ken, ken Ek ook die Vader; en Ek lê my lewe af vir die skape”) en vra die vraag: Hoe kan enigiemand sy lewe aflê vir hulle met wie hy nie toegelaat word om in diep persoonlike verhouding te lewe nie? Om jou lewe af te lê, beteken om jou lewe met ander te deel. Om jou geloof en twyfel, hoop en droefheid, vreugde en hartseer, moed en vrees beskikbaar te maak. Dis 'n diensknegleierskap waarin die leier 'n kwesbare dienskneg is wat die mense nodig het nes hulle hom nodig het. Pastors moet ten volle lede van die gemeente wees, verantwoordbaar wees teenoor die gemeente wat ook hul liefde en ondersteuning benodig en wat geroep word om met hul hele menswees te bedien, insluitend hul eie gewonde self.

'n Derde beweging wat, volgens Nouwen (1997: 55), as suksesbarometer vir pastors aanvaar kan word, is die beweging van *“om leiding te neem na om gelei te word”*.

Nouwen (1997: 56) beweer dat, onderliggend tot die pastor se gedreweheid om leiding te neem, daar 'n begeerte is om in beheer te wil wees. Volgens Nouwen (1997: 58) is die groot ironie in die geskiedenis van die Christendom dat sy leiers “constantly gave in to the temptation of power – political power, military power, economic power, or moral and spiritual power – even though they continued to speak in the name of Jesus, who did not cling to his divine power but emptied himself and became as we are”.

Volgens een respondent is daar in die AGS “geweldige magstrewes wat jy vandag onder pastore kry en onder die leiers wat ek dink die kerk siek maak... dis iets verskrikliks... dis 'n demoniese ding... ek moet in beheer wees... mekaar byt... ongesonde ambisie”.

Oor hierdie kwessie meld nog 'n respondent: “...die kerk met al die invloede kan 'n verrassende plek wees... 'n negatiewe verrassende plek wees. Hy kan dalk partykeer net die teenoorgestelde plek wees as wat jy verwag. Jy sou verwag, byvoorbeeld, 'n vriendelike vriend wat probeer verstaan, wat motiveer en by jou wil wees, maar jy kan, intendeel, ervaar 'n kerk wat oor jou skouer loer wat kritiek teen jou het waar persoonlike ambisie 'n rol speel”.

Nouwen (1997: 60) is van mening dat dit baiekeer gebeur dat Christelike leierskap uitgeoefen word deur mense wat nie weet hoe om gesonde, naby verhoudings te ontwikkel nie en dan, as alternatief, mag en beheer verkies. Sukses gaan, volgens Nouwen, nie soseer oor die pastor se vermoë tot leierskap as sy vermoë om deur die Gees van God gelei te word.

Nouwen haal Johannes 21:18 aan: “Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, toe jy jonger was, het jy jouself gegord en rondgegaan waar jy wou; maar wanneer jy oud geword het, sal jy jou hande uitsteek, en 'n ander een sal jou gord en bring waar jy nie wil wees nie”. Met hierdie vers poog hy om te verduidelik dat die diensknegpastor 'n leier is wat dikwels bereid is om deur die Gees na onbekende, nié geskikte en dikwels pynlike plekke gelei te word. Die bediening behels om bereid te wees om Jesus te volg waar ook al Hy heen lei.

5.4.4 Die AGS-pastor se beskouing van die Heilige Gees

Die AGS-pastor se geloof in die unieke en besondere gebeure, naamlik die doop in die Heilige Gees (en die lewe deur die Gees) is veronderstel om aan hom iets nuuts/uniëks te bied in die uitleef van sy roeping. Dit blyk egter uit die empiriese studie (Tabel 4.5) dat sommige pastors hierdie unieke belewing van die Heilige Gees nie verstaan het nie.

'n Respondent het oor die salwing van die Heilige Gees vermeld dat sommige pastors “...nie geweet (het) watter persepsie skep die salwing van die Here in hul lewe nie en watter persepsie skep dit in mense se lewe nie. Dis algemeen in die charismatiese- en Pinksterwêreld

dat hulle onoordeelkundig gewerk het met die salwing van die Here in 'n lewe, onbewustelik somtyds gemanipuleer”.

'n Respondent vermeld dat dit sy ervaring is dat binne die AGS-kerk daar nie aldag goed “...besin (word) oor wat beteken die salwing van die Heilige Gees in hul lewe nie. Hulle kon nie die twee goed bymekaar bring soos om die krag en die salwing van die Here te ervaar en nog soos Paulus kneg te wees en mense dien nie.”

Dit blyk dus uit die empiriese navorsing dat die unieke Pinkster-beskouing van die Heilige Gees soms verkeerdelik deur sommige pastors verstaan word – dat dit hulle verhef bo ander predikers en gewone lidmate. Dit lyk asof sommige pastors dink dat dit status en mag gee – dat dit hulle outoritêr maak. Dit wat veronderstel is om tot seën te wees en tot kneg te maak vir die wêreld, is soms vir verkeerde doeleindes ingespan. Dit blyk dus of sommige AGS-pastors hierdie unieke aspek oor die werking van die Gees verkeerdelik verstaan en verkeerdelik uitleef in die bediening. Dit word in 'n sekere sin beskou as “a sugar-coated pill”, 'n manier om sukses te waarborg of status te verleen. Dit lei tot manipulasie sodanig dat een respondent vermeld het dat dit vir hom gevoel het asof sy vryheid as pastor, as gelowige, onderdruk word.

Uit die normatiewe taak is aangedui dat Paulus juis met die Korintiër-gemeente verskil omrede hulle leef asof hulle verhef is bo ander as gevolg van die beoefening van die gawes van die Gees. Die gawes, maar ook die doop met die Heilige Gees ('n verdere gebeure in die gelowige se lewe gebaseer op Handeling 2) het grootliks ten doel om van gelowiges dienaars te maak. Die Korintiër-gemeente het dit egter uit die oog verloor. Paulus het 'n dienaar geword van die Evangelie. In 1 Korintiërs 4:9 vermeld hy dat hy soos een geword het wat laaste is.

Paulus noem dat die bediening nie vir hom 'n saak vir eie roem is nie, dat hy meer dienskneg is as sy opposisie en dat sy bekwaamheid van God kom wat hom 'n dienaar van die nuwe verbond van die Gees maak (1 Korintiërs 9:16, 2 Korintiërs 11:23, 2 Korintiërs 3:5-6).

Die Heilige Gees maak van gelowiges dienaars. Christus het gesê: “Ek het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien”.

Die hart van die bediening is om te dien. Indien die unieke Pinkster-belewenis, naamlik, die doping in die Heilige Gees nie tot gevolg het dat pastors 'n toenemende dienskneg-gesindheid ontwikkel nie, kan dit maklik lei tot magsugtige leiers en lidmate wat juis dáárom van die kerk af wegdryf.

Die Heilige Gees het nie alleenlik ten doel om van pastors dienaars te maak nie, maar ook om die pastor vry te maak. Vry te maak van die menings van mense, van die sogenaamde sukses-maatstawwe, en van enige druk wat hom roof van 'n vryheid om aan God gehoorsaam

te wees en Hom primêr te verheerlik. Vry te maak om onder die krag en leiding van die Heilige Gees te bedien.

Jesus het vryheid gehad om alleen die wil van sy Vader te doen. Die juk wat die fariseërs en skrifgeleerdes op hom probeer plaas het om hul sienswyse aan te neem, het Hom nie beïnvloed nie.

Soos in Hoofstuk 5.4.1 gesien, mag sekere leierskap en bestuursmodelle en suksesidees 'n bedreiging vir die pastor se vryheid wees. Sy vryheid wat slegs deur sy afhanklikheid van die Heilige Gees moontlik is, is uiters noodsaaklik. In 2 Korintiërs 3:17 lees ons: “Die Here is die Gees, en waar die Gees van die Here is, daar is vryheid.” Hierdie vryheid deur die Heilige Gees bekom hy deur sy persoonlike verhouding met die Here (Tabel 4.4).

'n Respondent stel dit so: “Ek moet 'n persoonlike ontmoeting met die Here hê en hy (die pastor) moet al sy *resources*, al sy bronne wat hom daarin sterk maak, moet hy benut en hy moet konstant die aangesig van die Here soek. Hy moet sorg dat die Heilige Gees oor hom kom op alle maniere en dit moet hom sterk maak”. Die pastor se verhouding met die Here, en veral sy ervaring met die Heilige Gees, moet hom vrymaak van onsekerhede en vrese wat hom laat gryp na onbybelse bestuur en leierskapmodelle. Sy verhouding met die Here, volgens 'n respondent: “Dis 'n ervaring van die almag van God ... dis 'n eg-belewenis ... moet hy God se liefde ervaar... dis nie gistergebeure nie... as hy dit nie konstant beleef nie, dan gaan hy gepootjie word... so daardie verhouding moet konstant wees”.

'n Gebrek aan vryheid by die pastor mag veroorsaak word deur swak teologie, verkeerde verwagtings, eise van mense, sy kerk, hyself, sy amp en status, sy gebrek aan oorgawe aan die groot prent (God se prent, dat Hy in beheer is) en mag een van sy groter probleme wees.

5.5 Algemene riglyne aan pastors vir die formulering van 'n Skrifgefundeerde holistiese selfsorgpraktyk

Deur die bevindinge wat uit die normatiewe, interpretatiewe en deskriptief-empiriese take van Osmer (2008) na vore gekom het, met mekaar te integreer, sal daar nou algemene riglyne gebied word vir die formulering van 'n holistiese Skrifgefundeerde selfsorgpraktyk vir pastors. Riglyne word gebied teen (veral) die agtergrond van die bevindinge wat uit die empiriese studie gekom het. Die riglyne sal georden word as riglyne rakende die pastor se 1) spiritualiteit; 2) sy emosies; 3) sy persoonlike en intellektuele ontwikkeling; 4) sy fisieke welsyn; en 5) sy verhoudings.

Soos reeds vermeld behels die doel van hierdie studie om riglyne aan pastors te bied vir die formulering van 'n holistiese Skrifgefundeerde selfsorgpraktyk. Burns, Chapman en Guthrie (2013: 61) beskryf selfsorg as “the ongoing development of the whole person.”

5.5.1 Riglyne rakende die pastor se spiritualiteit

Een van die wyses waarop pastore in die empiriese studie aangedui het dat hulle pastorale druk hanteer, is deur hul verhouding met die Here (Tabel 4.4). Dit veronderstel noodwendig gebed, stiltetyd en persoonlike toewyding. Die mees fundamentele, maar ook spirituele aspek wat die pastor egter help om pastorale druk en problematiek die hoof te bied, hou verband met **sy roeping**.

In die interpretatiewe taak (3.2.1.2.2) is reeds aangedui hoedat roeping te doen het met die bevoegdheid van die pastor en hoe die kerk erkenning aan hierdie roeping gee deur ordening. Al die respondente in die empiriese ondersoek het aangedui dat hulle pastore geword het as gevolg van die roeping van God in hulle lewe. Op die vraag waarom hulle te midde van problematiek in die bediening aanbly, was vier uit die vyf respondente se antwoord dat hulle as gevolg van hul roeping aangebly het.

Grobbelaar (2007: 117) beaam hierdie bevinding en vermeld dat, ten spyte van pastors se twyfel in hulle eie bekwaamheid, dat dit hulle gevoel van geroepenheid was wat in die beleving van pastorale druk en problematiek die deurslag gegee het.

Erasmus (1990: 56,57) verwys na hierdie roeping as 'n afsonderlike ingryping van Bo, naas die roeping tot Christenskap. Dis 'n spesifieke roeping tot die bepaalde taak van die bediening. Hierdie roeping word beskou as 'n **sekondêre roeping**.

Die sekerheid en bewustheid van die teenwoordigheid van hierdie roeping is essensieel indien die pastor pastorale druk en problematiek suksesvol wil hanteer. Paulus skrywe aan Timoteus in 1 Timoteus 1:18 dat hy die Evangelieboodskap aan hom toevertrou ooreenkomstig die profesieë wat oor Timoteus uitgespreek is, sodat hy daardeur die goeie stryd kan stry. Die teenwoordigheid van die roeping van God in Timoteus se lewe wat deur die gelowiges en die kerk deur handoplegging en profesie erken is (1 Timoteus 4:14), sou dien as 'n wapen in moeilike tye waarmee hy die goeie stryd sou moes stry – dit sou sy behoud as pastor wees. Die afleiding word gemaak: hoe sterker 'n pastor sy roeping ervaar, hoe meer weerbaar (paraat) is hy in die stryd teen die problematiek.

Die pastor se roeping volgens Grobbelaar (2007:19) gaan gepaard met ten minste vier aspekte:

- Genade – roeping geskied nie op eie inisiatief of na willekeur nie. God roep gewone, sondige mense om as instrumente te dien in die verwesenliking van die heilsgebeure wat al voor die grondlegging van die aarde vas is (I Korintiërs 1:26-29; Ef. 1:3-6).

Volgens die navorser lê hierin 'n baie bevrydende waarheid vir die pastor opgesluit. Bywoning-syfers, lidmaatgetalle, eiendom, 'n gesonde gemeentebankbalans of 'n charismatiese persoonlikheid is nie noodwendig 'n aanduiding van of 'n maatstaf vir 'n pastor se roeping nie. Sy roeping is primêr gesetel in die genade van God.

Paulus vermeld in Efesiërs 3:8: “Aan my, die geringste van al die heiliges, is hierdie genade gegee om onder die heidene die Evangelie van die onnaspeurlike rykdom van Christus te verkondig”. In 2 Timoteus 1:6 herinner Paulus vir Timoteus daaraan om die “genadegawe van God aan te wakker” wat in hom is deur die oplegging van Paulus se hande. Dit verwys na sy roeping. Deur *genade* is hy 'n geroepene.

In vers 9 herinner Paulus vir Timoteus daaraan dat God hulle gered en geroep het met 'n heilige roeping, nie volgens hulle werke nie, maar “volgens sy eie voorneme en *genade*” wat hulle van ewigheid af in Christus Jesus geskenk is.

Indien die pastor verstaan dat sy roeping 'n genadekwessie is, maak dit hom vry om nie homself te meet aan mense se kriteria of makrogemeentes se standpunte oor wat pastorale sukses behels nie. Dit maak hom ook vry om nie onrealistiese verwagtinge aan homself te stel nie. Dit mag hom die waagmoed gee om die fluisteringe van die Heilige Gees te volg wat heel waarskynlik tot sukses en vervulling kan lei.

- Vertroue in God (Grieks: *o parreisia*) – Vertroue en lojaliteit in God deur 'n geroepene impliseer dat die persoon sy fokus moet afwend van sy teenwoordige aardse verbondenheid. Jesus Christus sê, volgens Lukas (Luk. 14:26-27), dat niemand sy dissipel kan wees nie, tensy hy afstand doen van sy eie vader en moeder en vrou en kinders en broers en susters en selfs van sy eie lewe. Dit geld ook vir sy besittings (Luk. 14:33).

Die navorser is van mening dat die bediening in wese 'n lewe is van voortgesette vertroue in God se leiding, voorsiening en in staat stelling. Soos wat 'n pastor God se voorsiening, leiding en bemagtiging beleef, nadat hy God daarvoor vertrou het, dien dit weer as versterking en bevestiging van die geroepenheid van die pastor; dat God met Hom is, dat hy nie alleen in die stryd stry nie. 'n Pastor wat nie sy vertroue voortdurend in die Here stel nie, se beleving van God sal later net teoreties wees.

Pastorale problematiek word nie deur 'n pastor die hoof gebied op grond van 'n teorie nie, maar op grond van 'n oortuiging en wete wat gebaseer is op eerstehandse ondervinding. Namate die pastor sy vertroue met oorgawe in God plaas en ervaar hoe God voorsien, hom lei

en hom in staat stel, sal hy 'n sterker gevoel van geroepenheid beleef wat hom meer weerbaar sal maak in die hantering van pastorale problematiek.

- Insig (*suneimi* in Grieks) deur die Gees van God – Dit het te doen met insig, tot verstaan kom, om God se handeling te verstaan, sy groter prent, sy waarheid. Die Heilige Gees bring die helderheid en kennis (*enlightenment*). Dit gaan gepaard met insig wat van God af kom deur sy Gees (2 Tim 2:7). Die Heilige Gees, as Voorspraak, leer sy navolgers (dissipels) en herinner hulle aan wat Jesus hulle geleer het (Joh. 14:26). Paulus het in dié verband met sy verkondiging van die Evangelie aan die Korintiërs (1 Korintiërs 2) getuig dat hy woorde gebruik, wat afkomstig is van die Gees van God en nie van menslike wysheid nie.

Die pastor benodig insig om te midde van sy belewing van druk te verstaan wat God van hom verwag, in watter lig hy homself moet beskou en hoe hy homself moet handhaaf. In stede daarvan om onrealistiese eie verwagtinge te stel, of aan ander se verwagtinge te probeer voldoen, moet die pastor voortdurend deur die Gees van God insig verkry aangaande sy rol in die gemeente, asook ten opsigte van sy identiteit as pastor. Daardeur word sy gevoel van geroepenheid verstewig en bevestig. Hy moet ook vertrou met die rustige wete dat die Heilige Gees die nodige insig aan mense sal bring om te glo en te aanvaar. Die Evangelie is van so 'n aard dat dit God se werk self is deur die Heilige Gees.

- Opdrag, aanstel en toevertrou – Dit geskied alles met die oog op God se heilsverwesenliking deur die versoening wat God in Jesus Christus bewerk. Jesus se laaste kruiswoorde, “Vader in U hande gee ek my Gees oor”, wys daarop dat die opdrag wat God die Vader aan Sy seun toevertrou het, uitgevoer is en dat Hy hulle oor wie Hy aangestel was, getrou bedien het. Die pastor sal sy roeping slegs as behoudend beleef in soverre hy dit verstaan as 'n opdrag. Dis nie bloot net 'n loopbaan wat hy kies om sodoende vir homself 'n salaris te verseker of om 'n gesin te onderhou of om sy eie belange te laat aktualiseer nie. Dit is 'n opdrag wat hoofsaaklik te doen het met die bekendmaking en bediening van die Evangelie van Jesus Christus. Hy sal ook net sy roeping as behoudend beleef in soverre hy die implikasies daarvan begryp dat hy deur God aangestel is; dat dit 'n voorreg deur genade is maar dat hy eerstens aan God verantwoording moet doen, maar ook dat God wat hom geroep het, hom verseker enduit sal bemagtig.

Wat die pastor se **primêre roeping** en spiritualiteit behels, praat Hill (2001: 72) van “the call to discipleship”.

Voor die pastor “ja” antwoord op die roeping tot voltydse bediening, moet hy eerstens kan getuig van wedergeboorte en dat hy 'n dissipel en volgeling van Jesus Christus is (Hill,

2001: 73). Burns, Chapman en Guthrie (2013: 32) sê dit is noodsaaklik dat die pastor eerstens 'n persoonlike verhouding met die Here moet hê, en saam met Hom wandel.

Een respondent in die studie meld: "I want my faith to be separate from my career as a pastor; a faith that is authentic, not just a professional persona".

Soos reeds vroeër vermeld, het respondente uit die empiriese studie aangedui dat dit as gevolg van hul verhouding met die Here is dat Hy vir hulle 'n werklikheid is en dat hulle daarom, te midde van problematiek, in die bediening kan aanbly.

Die pastor se primêre roeping is tot dissipelskap. Wanneer pastors uit die empiriese studie meld (Tabel 4.4) dat dit hul "verhouding met die Here" is wat hulle help om pastorale druk die hoof te bied, het dit te doen met dissipelskap, omrede elke pastor veronderstel is om eerstens 'n dissipel en volgeling van Jesus Christus te wees, nog voor hy 'n pastor was.

Dissipelskap, volgens Herrick (2004), behels om Christus te ken. Dit het te doen met die pastor se spiritualiteit: "We have been summoned to his side... that we might be with him, that we might really come to know him, and that we might follow him along the path of discipleship... the heart of the call is to be with him and to know him intimately... it is in the context of deepening intimacy that he commands us to be like him".

Die pastor se verhouding met die Here is prioriteit. Hy is eerstens 'n volger van Christus; wat poog om Christus beter te leer ken. Dissipelskap is ook 'n proses waarin die pastor leer om homself as dissipel aan Christus te onderwerp en hy daarom sekere dissiplines doelbewus implementeer en beoefen om sodoende meer gelykvormig aan Christus te word.

In hierdie verband vermeld Hill (2001: 74) die noodsaaklikheid van die beoefening van die klassieke geloofsdissiplines vir pastors as dissipels. Die dissiplines, soos gebed, is daar om geestelike leiding en krag te ontvang om sodoende die pastor te help om op sy bediening te fokus en dit wat noodsaaklik is (Hill, 2001: 74,75). Uit die empiriese studie het sommige respondente aangedui dat sake soos "om bewus te wees van die Here se betrokkenheid", "sensitief vir wanneer die Here 'n antwoord gee" en "om die wil van die Here te ken en verstaan" (Tabel 4. 4), die enigste manier was wat hulle gehelp het om druk te verwerk.

Die geestelike dissiplines bestaan uit gewoontes van die denke en die liggaam wat doelbewus onderneem en aangeleer word om sodoende die pastor se persoonlikheid en hele wese tot 'n effektiewe samewerking met die goddelike orde te bring (Hill, 2001: 75,76). Hy verduidelik die noodsaaklikheid van die dissiplines so:

"Pastors and their people need both a theological understanding of disciplines in general and specific instruction in the practice of the particular disciplines" (Hill, 2001: 76).

Hill (2001: 76,77) hou twee kategorieë van dissiplines vir die bediening voor, naamlik dissiplines van **onthouding** en dissiplines van **verbondenheid**. Die twee kategorieë werk die beste wanneer dit gesamentlik beoefen word. Onthouding en verbondenheid is die inaseming en uitaseming van die geestelike lewe en dissiplines vir beide bewegings word vereis.

Wat **onthouding** betref, vermeld hy:

- Die eerste dissipline van onthouding wat belangrik vir pastors is, is **afsondering** (Hill, 2001: 77). Dis die doelbewuste keuse om jou vir 'n lang periode te weerhou van menseverhoudings deur isolasie of anonimiteit. Dit het ten doel om plek te maak vir God in ons lewens. Dit beteken nie dat God nie aanwesig in ons lewens is nie, maar die deurdringende teenwoordigheid van mense en aktiwiteite in pastors se lewens veroorsaak dat hulle afgestomp raak vir Sy teenwoordigheid.

In die Interpretatiewe taak is aangedui hoedat gemeentelede dikwels nie die grense verstaan van die pastor se lewe nie en dat sommige lidmate onder die indruk verkeer dat die pastor altyd beskikbaar moet wees vir hulle. Afsondering sal vir die pastor beteken om daaglik eenkant te kom vir 'n tyd lank sonder enige steuring om meer bewus van die ewigteenwoordige God te word.

Telkemale is bewys dat 'n pastor se besige rooster en betrokkenheid by mense nie 'n waarborg teen 'n gevoel van alleenheid bied nie (wat, onder meer, een van die probleme is wat uit die empiriese navorsing gekom het). Afsondering werk die emosie van alleenheid teë slegs deur saam met God eenkant te kom.

'n Respondent vermeld dat die deursnit pastor "nie drie of vier ander kollegas (het) wat saam met hom is nie wat 'n gemeenskap kan vorm om die eensaamheid bietjie te verdryf... hy's alleen, dis net hy en sy vrou".

In die Normatiewe taak is aangedui hoedat daar uit die antagonistiese houding van die Korintiër-gemeente jeens Paulus in 1 Korintiërs 4:9 afgelei kan word dat Paulus en die apostels dikwels vereensaming beleef het. Die eise van die bediening het dikwels tot gevolg dat die pastor mag voel dat hy 'n alleenpad stap.

Een respondent het gepoog om hierdie moeilike eensaamtye van 'n pastor te verwoord: "Ek dink 'n pastoor moet dit uitmaak in sy lewe en hy moet ja stem tot dit dat God hom op 'n pad sal vat...".

Wat afsondering betref, kan pastors – dalk meer as in enige ander beroep – in sy beplanning tyd vir hierdie dissipline inruim. Dit is tot voordeel vir beide die pastor sowel

as die gemeente, en voorkom dat “enmeshment” (Hill, 2001:79) plaasvind. Dit is wanneer ’n persoon se identiteit in so ’n mate met dié van ’n ander party verstrengel raak dat hy homself later nie meer as losstaande persoon van die ander kan sien en verstaan nie. Deur hom by tye af te sonder, weg van die gemeente, hou ook die voordeel in dat die gemeente leer om sonder die pastor te funksioneer en dat hy nie die spil bly waarom alles draai nie (die messiaskompleks).

- ’n Volgende dissipline van onthouding wat belangrik vir pastors is, is **stilte** (Hill, 2001: 79). Dit behels nie net om deur stilte omring te word nie, maar ook om jouself te weerhou daarvan om te praat. Dis teenstrydig met die heersende kultuur. Die aard van die bediening vereis van die pastor om verbaal te wees en homself te verwoord. Pastors is ook konstant opgeneem met die geskrewe woord soos artikels, notules, verslae, ensovoorts. Hy is konstant besig om te kommunikeer.

Pastors se dae is besig en sommige se beskouing en teorie van sukses (soos aangedui in die empiriese studie – Tabel 4.5), mag dalk behels dat hulle al hoe besiger raak ten einde meer “suksesvol” te wees. Stilte is vir hom ’n toenemend rare kommoditeit. Te midde van sy uiterlike “sukses” en besige dagbeplanning mag die pastor dalk innerlik geen vrede of stilte beleef nie. Die beoefening van hierdie dissipline hang saam met die dissipline van afsondering.

Liturgieë wat deur AGS-pastore oorgeneem is as gevolg van hul blootstelling aan Amerikaanse makrogemeentes en die sogenaamde Faith Movement (Tabel 4.5) mag dalk min ruimte laat vir stilte in eredienste. Die AGS-pastor kan die waarde van stilte by sy gemeentedele tuisbring deur ruimte vir doelbewuste stiltes in die gemeente se kollektiewe aanbiddingsbyeenkoms te skep.

Die pastor leer ook die waarde van stilte in konfliktsituasies. In die interpretatiewe taak is aangedui dat interpersoonlike spanning en konfliktsituasies in die gemeente pastors dikwels in die gesig staar (Hoofstuk 3.2.2.1.2). Spreuke 10:19 sê in hierdie verband: “By veelheid van woorde ontbreek die oortreding nie; maar hy wat sy lippe inhou, handel verstandig”. Om jou tong in toom te hou, is om jou lewe onder beheer te hê, volgens Jakobus 3:2.

- Die volgende dissipline van onthouding wat belangrik vir pastors is, is **om te vas** (*fasting*) (Hill, 2001:81). Dit is om jouself in ’n beduidende mate te weerhou van voedsel en alkoholiese drank. Mense wat onder druk en spanning verkeer, vind dikwels hul toevlug in kos. In die interpretatiewe taak (Hoofstuk 3.2.2.2.3) is aangedui dat sommige pastors wat geneig is tot depressie, hulself dalk kan ooreet en dat dit een van die

gevolge van die beleving van pastorale druk is. Wanneer die pastor vas sal hy verbaas (en dalk verleë) wees om te sien in watter mate sy vrede gebou is op en hy afhanklik geraak het van die plesier van eet. Dit is ook 'n korrektyf op 'n persoon se neiging tot hebsug en selfbevreëdiging

Pastore se “geheueverlies” oor die vas as 'n geestelike dissipline, mag dalk ook verband hou met sy sukses in die ekonomiese sfeer. Materiële sukses veroorsaak dat ons ons oorfloed van besittings as vanselfsprekend aanvaar. Hoe meer besittings, hoe moeiliker word dit om te vas.

Hill (2001: 82) onderskei tussen twee soorte vas: *dissiplinêre vas* wat 'n roetinepraktyk van toewyding is, en *funksionele vas* wat saam met gebed onderneem word met betrekking tot 'n sekere spesiale behoefte. Om 'n vas van aktiwiteite te onderneem, van iets wat die pastor “moet” doen, word ook aanbeveel.

- Die laaste dissipline van onthouding wat volgens Hill (2001:84) belangrik vir pastors is, is **matigheid** of spaarsaamheid (*frugality*).

Dit is die weerhouding van die aanwending van geld of goed tot jou beskikking op maniere wat jou onmiddellike begeertes bevredig as gevolg van 'n honger na status, weelde en luukse. Dit is om doelbewus in eenvoud te leef. In die empiriese studie het pastors aangedui dat blootstelling aan sommige Amerikaanse predikers en sake soos die Faith Movement, wat heel dikwels geassosieer word met buitensporige luukse en die voorspoedteologie (*prosperity theology*), deur hulle as problematies beleef word (Tabel 4.5).

Eenvoud is 'n inwaartse realiteit wat resulteer in 'n uitwaartse leefstyl. In die verlede het pastors geen keuse gehad as om spaarsamig te wees nie omrede hulle inkomste so karig was. Vandag handhaaf menige pastors 'n leefstyl wat kongruent is met 'n samelewing wat meer oorfloed geniet as ooit vantevore. Wat hierdie dissipline betref, moet daar egter gewaak word teen ekstremisme en 'n vorm van asketisme (Hill, 2001: 85). Die voordeel wat hierdie dissipline meebring is vryheid.

'n Tweede kategorie dissiplines wat Hill (2001: 87) vir pastors voorhou is die dissiplines van **verbondenheid**:

- Die eerste dissipline van verbondenheid is **studie** (2001: 87). In die interpretatiewe taak (Tabel 3.1) is aangedui dat studie van die Woord asook voortgesette opleiding en studie verwagte vaardighede van 'n AGS-pastor is. In die empiriese studie (Hoofstuk 4.5.3.2)

het een respondent sy teleurstelling te kenne gegee toe hy nie die beloofde onderrig ontvang het wat aan hom beloop is nie en dat hy graag verdere onderrig sou waardeer.

Studie, as 'n geestelike dissipline, behels om te fokus op die inhoud van 'n onderwerp, op so 'n wyse dat jy dit in jou gedagtes en lewe kan inbou en sodoende jou natuurlike vermoëns versterk en uitbrei. Dit lê die grondslag vir die ander dissiplines vir meer effektiwiteit.

Die sentrale fokus van studie, as 'n geestelike dissipline, moet die Bybel wees. Klassieke werke van die Christelike geloof kan ook bestudeer word. Pastors moet ook die wêreld, as skepping van God en waarin hulle leef, bestudeer.

Studie vorm nuwe kategorieë van denke wat belangrik is vir integriteit. Beter studie van die Bybel maak beter evangeliste. Pastors moet nie onkundig en naïef wees nie, maar goed ingelig (Hill, 2001:88).

- 'n Volgende dissipline van verbondenheid is **aanbidding** (Hill, 2001: 88). Aanbidding is om God te ken en lief te hê.

In die empiriese studie (Tabel 4.4) het respondente aangedui dat dit hul verhouding met die Here is wat hulle gehelp het om pastorale druk te hanteer.

Aanbidding, as 'n geestelike dissipline, behels die uitdrukking van beide liefde en verwondering teenoor God. 'n Besige skedule kan egter die pastor verhoed om te groei in sy kapasiteit om met God, in aanbidding, te ontmoet.

Aanbidding is die aktiwiteit waarin die pastor doelbewus sy aandag en gedagtes fokus op en uitdrukking gee aan die goedheid, mooiheid en wonderbaarlikheid van God deur sy denke en woorde, rituele en simbole. Pastors wat die harde realiteite van die bediening ondervind, kan in aanbidding nuwe perspektief op hul situasies verkry.

Tyd in die teenwoordigheid van God rus 'n persoon toe om God se werk in die wêreld beter te doen (Hill, 2001: 89,90).

- 'n Derde dissipline van verbondenheid is **gebed** (Hill, 2001: 90). In die interpretatiewe taak (Hoofstuk 3.2.1.5.2) is die noodsaaklikheid van persoonlike gebed vir die pastor aangedui. Dit lei tot 'n dieper beleving van sy persoonlike geloof. Gebed is gesprek, kommunikasie met God, "to stay in action with God by asking and waiting". Hill (2001: 91) beskryf die pastor en gebed so:

"For a pastor to be still from action on behalf of the Kingdom and to intercede for the church and the world not only welcomes God to work as only he can, but also restores the pastor's perspective on her or his place in the economy of God" (Hill, 2001:91).

- 'n Vierde dissipline van verbondenheid is **klein groepe** (Hill, 2001: 91). Dit behels 'n verbintenis tot 'n sekere groep mense en dis noodsaaklik dat elke pastor homself doelbewus verantwoordbaar aan ander mense maak.

In die interpretatiewe taak is aangedui dat die pastor in voltydse bediening ook maklik eensaam kan raak en uit die aard van die bediening geïsoleerd leef (Hoofstuk 3.2.2.2.8).

In die empiriese ondersoek (Hoofstuk 4.5.3.2) het dit geblyk dat, alhoewel pastors heel dikwels geestelike hulp en leiding aan ander bied, hulle self soms niemand het om mee te praat nie. 'n Verbintenis tot 'n gereëelde klein groepbyeenkoms vir gesamentlike gebed, bemoediging, ondersteuning, leiding en geestelike inspraak, is in hierdie opsig vir 'n pastor van kardinale belang – dit bied 'n vertroulike en veilige plek waar hy homself weerloos kan maak.

In die empiriese studie (Tabel 4.3) is aangedui dat pastors 'n behoefte het aan wedersydse verantwoordbare kollegiale verhoudings en dit kan, onder meer, gevind word waar pastors op streeksvlak in groepe verkeer.

Betrokkenheid in 'n klein groep is vir die pastor se persoonlike groei as dissipel, sowel as sy effektiwiteit as leier, essensieel (Hill, 2001: 91). Gelowiges groei gesamentlik beter tot volwassenheid en kom die verantwoordelikheid van hul verhouding met God en met mekaar gesamentlik beter na, as wat dit individueel sou gebeur. Dit gaan oor die saamwees, as medepelgrim, deel van die “fellowship”.

- 'n Vyfde dissipline van verbondenheid is **belydenis** (Hill, 2001: 92). Die klein groep(e) bied geleentheid vir die beoefening van die dissipline van belydenis.

Belydenis behels om op die regte tyd jou diepste swakhede en mislukkings vertroulik met vertroubare mense te deel. Sulke opregtheid laat die Heilige Gees toe om op maniere te werk wat genesing bevorder. Belydenis is nooit maklik of risikovry nie. Konfidensialiteit is egter belangrik. Dit help die pastor om opreg te wees en rus hom toe (Hill, 2001: 93).

- 'n Laaste dissipline van verbondenheid, volgens Hill (2001: 94), is **viering**. Uit die interpretatiewe taak is aangedui dat pastors oor die algemeen, as gevolg van pastorale druk, geneig is tot negatiewe denke en selfblaam (Hoofstuk 3.2.2.2.3).

Daar is ook aangedui dat 'n pastor se beskouing van sy eiewaarde (Hoofstuk 3.2.2.2.5) noodsaaklik is om pastorale druk die hoof te bied. 'n Persoon raak betrokke in

viering wanneer hy homself, sy lewe en sy wêreld in die lig van sy geloof en vertroue in God se wonderbaarlikheid, mooiheid en goedheid kan geniet.

Dit sou beteken om saam met ander byeen te kom om te getuig aangaande God se handeling in hulle lewens. Pastors het 'n natuurlike geneigdheid om hulself te ernstig op te neem. Gelowiges het rede tot ware viering.

Wat die pastor se spiritualiteit betref, beaam Morse (2011: 120-126) die bogenoemde. Hy vermeld dat die pastor daarna moet streef om sy eie verhouding tot sy teologie, sy rol as pastor en sy eie spiritualiteit te begryp. Sy rol is nie noodwendig om mense te oortuig of die verantwoordelikheid van hulle geestelike groei alleenlik op homself te neem nie. Sy rol is dalk eerder om sy ervaring en refleksie van sy eie verhouding met God (die beleving van sy spiritualiteit) te deel en geestelike groei aan te moedig.

Spiritualiteit groei deur vroeë, refleksie, opklaring en die ervaring van die teenwoordigheid van die Heilige Gees. Gebed, meditasie, die lees van die Bybel, rusoorde/-plekke (*retreats*), gesprekvoering met eendersdenkende pastore, preekvoorbereiding, die lewering van die preek en die lei van aanbidding is alles faktore wat die spiritualiteit van die pastor versterk en hom so ondersteuning bied om pastorale druk en problematiek te hanteer.

5.5.2 Riglyne rakende die pastor se emosies

'n Respondent het tydens die empiriese ondersoek vermeld dat dit sy ervaring is dat die "beste pastor... die ou (is) wat 'n goed-geïntegreerde persoonlikheid het... nie konflik in homself het nie... 'n mens wat... vrede met homself het... wie se ek-ek-verhouding goed is, wie se ek-U-verhouding goed is en wie se ek-jy-verhouding goed is... as daai verhoudinge reg is... is jou kans om te slaag, baie goed... anderster projekteer jy al daai krisis en al daai konflikte wat in jou is op die gemeente op een of ander subtiële manier".

Ook in die interpretatiewe taak is aangedui dat 'n pastor 'n identiteitskrisis mag beleef as gevolg van interne psigologiese faktore en omrede hy nog nie 'n sin vir volwassenheid bereik het nie. En ook die feit dat hy gelyktydig pastor, gelowige en mens moet wees en dat hierdie drie rolle voortdurend óf as stimuli óf as obstruksie in wisselwerking met mekaar is (Hoofstuk 3.2.1.2.1).

'n Respondent het ook vermeld dat " 'n mens... die fout partykeer (kan) maak as jy dink jy's geestelik versorg en jy kan dalk fisiek versorg wees...maar jy hou nie daarmee rekening dat jy psigies en emosioneel ly nie".

Om riglyne te bied rakende die pastor se emosionele lewe wat bruikbaar kan wees om 'n eie selfsorgpraktyk te ontwikkel, sal daar vervolgens gekyk word na die volgende vyf konsepte, naamlik *emosionele intelligensie*, *selfmedelye*, *'n openheid vir menslikheid*, *veerkragtigheid* en *werkbevrediging*.

5.5.2.1 Emosionele intelligensie

Nolte (2007: 17) verduidelik die belangrikheid van die konsep van **emosionele intelligensie** vir pastore. Emosionele intelligensie in die konteks van die bediening kan kernagtig beskryf word as die pastor se vermoë om van sy eie emosies, asook die emosies van ander persone, bewus te raak en dit sinvol en verantwoordelik te integreer en bestuur.

Nolte (2007: 262) onderverdeel dié konsep in (1) *interpersoonlike intelligensie* – dit behels die vermoë om insig en begrip te hê vir ander mense se motiewe, intensies en emosies en om effektief daarmee om te gaan en (2) *intrapersoonlike intelligensie* – dit het te doen met insig in eie emosies, innerlike dryfkragte, begeertes en vrese en om daardie inligting op 'n sinvolle wyse aan te wend.

In die empiriese ondersoek is bevind dat pastorale druk hoofsaaklik die volgende emosionele gevolge vir pastore ingehou het:

➤ **Frustrasie:**

1.) weens kollegiale verhoudinge (Tabel 4.3). 'n Respondent verduidelik: “Wel dit gaan natuurlik oor die verskille wat 'n ou gehad het met die ouens... dit was vir my baie frustrerend”; 2.) weens ander paradigmas en sieninge: “Die feit dat jy juis nie altyd dit wat jy graag beoog het vir die gemeente kon bereik nie omdat... mense 'n ander siening het as die as die manier hoe jy geleer het om die gemeente te bedien”.

➤ **Teleurstelling:**

1.) teenoor die kerk as instelling (Tabel 4.3): “En toe't hulle gevoel dat ek met my hele gemeente oorgaan na die AGS toe... toe sê ek vir hulle maar dis onmoontlik. Toe't hulle my beloof dat hulle gaan vir my Pinksterlering gee... daai goed het ek nooit gekry nie...”
2.) teenoor streek en nasionale leierskap (Tabel 4.3): “Streekleiers het ek gevoel het beloftes aan my gemaak wat nie nagekom was nie”. 3.) Verstotenheid: “Ek dink die grootste tekort in die bediening wat ek ervaar het in die platteland, was 'n gebrek aan pastorale ondersteuning”. Van 'n plattelandse pastor (Tabel 4.3) was daar 'n gevoel dat hy nie deur hoër amptenare versorg word nie.

- **Bitterheid:** “As daar erns en opregtheid was van die streekleiers se kant af om die pastoor binne sy gemeente by te staan en te versorg, soos daar gesê was daar gedoen was, was ek heel waarskynlik nog steeds in die gemeente en was ek en my huis en my gemeente op ’n beter plek”.
- **Onbelangrikheid** (onsigbaar/onhoorbaar): “Met groot jammerte moet ek sê dat ek baie graag wou gehad het dat die streekleiers moes die mense gewees het wat begrip toon vir, vir daai tipe dinge”
- **Eensaamheid:** “...het ek gevoel ek is baie eensaam in die sin dat ek... ek het sekere beskouings en sekere oortuigings, maar dit is asof die kerk nie saam met my daarin is nie... reg of verkeerd... die oortuigings is nie ter sake nie... dit was my ervaring gewees, jy weet... en ek het gevoel... om nou die Engelse woord te gebruik... soos iemand wat ’n *misfit* is... ek pas nie in nie...” en pastore “het nie regtig iemand teenoor wie hulle kan swak wees nie...”
- Gevoel van **ontoereikendheid, onbevoegdheid** en **minderwaardigheid:** Hoofsaaklik weens (1) die opkoms van makrogemeentes en hul teorie van sukses; (2) die bediening-uitdagings in veral ’n postmoderne konteks; (3) swart pastors was nie voorbereid op wat die eenwording sou meebring nie (leierskapsvermoë en professionalisme) hulle voel onbevoeg om leiding te neem. Wanneer die swart pastors hulself aan die wit pastors meet, voel hulle onbevoeg (Tabel 4.5).
- **Spanning:** Gemeenteverwante spanning het wel voorgekom, maar ook, soos een respondent vermeld, “een van die grootste krisisse ... was die feit dat daar ’n spanning is tussen amp en persoon” (Tabel 4.3 en 4.5).
- **Voorgee:** “As jy probleme het, dan word jy as swak beskou” en “Die houding teenoor die pastor is dikwels dat hy sy sokkies moet optrek.” Hy moet agter ’n masker van sterk-wees lewe (Tabel 4.3).
- **Angstigheid:** Finansies is ’n bron van angs vir pastors. “What has been for me a... a... constant challenge... is...is finance” (Tabel 4.3).
- **Trauma:** Een respondent het vermeld hoedat die selfdood van ’n ander pastor bygedra het to sy eie belewing van trauma.

Wanneer pastors, volgens Nolte (2007: 18), in hul kennismaking met ’n nuwe paradigma, van negatiewe emosies bewus raak, beteken emosionele intelligensie dat hulle die oorsaak van sodanige emosies sal probeer vasstel. In die proses kan hulle ontdek dat negatiewe emosies wat aanvanklik deur hulself as spanning of ongemak ervaar is, tot dieperliggende emosies soos

angs of vrees herlei kan word. Hierdie emosies spruit dikwels voort uit vooroordeel teenoor 'n nuwe paradigma en selfs teenoor sekere persone wat hulself binne 'n nuwe paradigma bevind.

Tien sleutelfaktore waarvolgens Nolte (2007: 303,304) emosionele intelligensie definieer en waaraan die pastor homself kan meet en emosionele intelligensie kan verhoog, sluit in:

- *selfgating*: mense se vermoë om hulself akkuraat waar te neem en te waardeer;
- *emosionele selfbewussyn*: die vermoë om bewus te wees van eie emosies en insig daarin te hê;
- *selfgelling*: mense se vermoë om hulself en hul emosies konstruktief te verwoord;
- *strestoleransie*: die vermoë om eie emosies effektief te bestuur;
- *impulsbeheer*: die vermoë om eie emosies te beheer;
- *realiteitstoetsing*: die vermoë om eie gevoelens en denke objektief te beskou;
- *buigsaamheid*: die vermoë om eie denke en gevoelens by nuwe omstandighede aan te pas;
- *probleemoplossing*: die vermoë om persoonlike en interpersoonlike probleme op te los;
- *empatie*: die vermoë om bewus te wees van ander se emosies en dit te begryp;
- *interpersoonlike verhoudings*: die vermoë tot sinvolle verhoudings met ander mense.

5.5.2.2 Selfmedelye

Barnard & Curry (2012: 152) vermeld die **konsep van selfmedelye**. Neff (2009) beskryf dit as omgekeerde medelyebetoning. Dieselfde emosies wat jy sou ervaar en betoon teenoor 'n persoon wat trauma beleef, moet jy ook teenoor jouself openbaar:

“Instead of mercilessly judging and criticizing yourself for various inadequacies or shortcomings, self-compassion means you are kind and understanding when confronted with personal failings – after all, who ever said you were supposed to be perfect? Perhaps most importantly, having compassion for yourself means that you honor and accept your humanness” (Neff, 2009).

Uit die Normatiewe taak is aangedui dat Paulus terdeë bewus was van sy eie tekortkominge en ontoereikendheid. In 1 Korintiërs 4 kritiseer sy opposisie hom op grond van sy sogenaamde gebrek aan wysheid, geestelikheid en sy indrukwekkende teenwoordigheid. Sy reaksie in vers

drie is: “Of ek deur julle of deur ‘n menslike regbank beoordeel word; ja, ek beoordeel myself nie eens nie”.

Pastors is soms geneig om baie hoë standaarde aan hulself te stel en sodra hulle nie slaag om dit te handhaaf nie, teleurgesteld te voel in hulself.

In die empiriese studie het een respondent die volgende vermeld: “Watter soort spanning sit jy jouself in, watter soort druk, watter soort vrede geniet jy, wat vra jy van jouself... dis belangrik... daarom ‘n mens moet verstaan. Joeg!... ek het ‘n... ek voel *depressed*, ek het depressie, maar dis adrenaliendepressie... ek is jammer vir myself, ek sien myself raak, ek het simpatie met my liggaam, ek het simpatie met my emosies, ek is nie... ek gaan nie onder nie... dis emosies wat ek ervaar, dis hoe ek voel en... ek bejammer myself nie, dit mag jy nooit doen nie, jy bejammer nooit jouself nie... jy ontken nie jou emosies nie... jy ontken nie... ek moet begrip hê... waar kom dit vandaan... hoekom is dit so en... word ek dalk myself... my grootste drywer en doodmaker, en dan ontspan ek. Wat sê die Here wat my liefhet, vryf Hy dalk vandag my kop en sê jy het spanning, maat.... Ontspan... en ek moet myself verstaan, ek moet holisties aan myself dink, aan my eie emosies dink”.

Alhoewel die konsep van selfmedelye oorspronklik uit die Oosterse filosofie sy ontstaan het (Barnard & Currie, 2012: 152), is dit terselfdertyd ‘n eg- en belangrike Bybelse waarheid wat gebaseer kan word op ‘n teologie van selfliefde soos wat Davidson (2008: 89) daarna verwys en ook aansluiting by die tema van selfsorg vind.

Davidson (2008: 89) is van mening dat God se verheerliking die uiteindelijke doel van alles is. Sy liefde vir sy skepsels het uiteindelik ten doel om Hom te verheerlik “All God’s love may be resolved into His love to himself and delight in himself... His love to the creature is only his inclination to glorify himself and communicate him[self]” (Davidson, 2008: 89).

Hy verdien die hoogste plek van verering omrede Hy die skepper en onderhouer van die wêreld is “as the most ethically worthy entity, God calls for the expression of ultimate affection, even from himself” (Davidson, 2008: 90).

Dis nie ‘n geïsoleerde, narsissistiese tipe selfliefde nie, maar geskied binne die konteks van die Drie-eenheid. Dis gemeenskaplik en sosiaal. Die mens se geluk is nie God se eerste prioriteit volgens Davidson (2008: 90) nie. Sy eie heerlikheid en eer is. God tree verskeie kere in die Bybel op ter wille van Sy naam en eer, eerder as vir die welsyn van die betrokke mense.

Davidson (2008: 91) beskryf God as “having the right order of priorities in his own affections, placing himself appropriately at the head. Therefore, he becomes “a model of proper self-love” to humanity as well”. God se selfliefde het te doen met die feit dat Hy uit liefde sy Seun na die wêreld stuur, om mense te verlos. Deur Christus se gehoorsaamheid, sy

versoeningswerk en mense wat verlos word, word God die Vader self daardeur vereer en Sy naam verhoog. God wat hierdie heilsplan van stapel stuur, is die Een wat dit doen ter wille van sy eie naam en eer.

Selfmedelye vir die pastor is om te weet wie hy is, sy emosionele grense te ken en terselfdertyd erkenning aan sy emosionele behoeftes te gee. Die waarheid is bloot dit: Die duiwel is 'n moordenaar en hy sal oor die pastor se "heining" klim en poog om hom te "vermoor", daarom moet 'n pastor na homself as tempel van die Gees omsien. Die pastor het absoluut nodig om hierdie beskouing te handhaaf in die uitvoering van sy opdrag teenoor God en mens.

Selfmedelye kan ook beskryf word kragtens drie komponente (Barnard & Curry, 2012: 152): Eerstens behels dit genade, geduld en begrip vir jouself in tye van mislukking en gevoelens van teleurstelling. Tweedens, 'n persoon wat hoë selfmedelye toon, herken wanneer ander persone soortgelyke ervarings ondervind en daar vind dan eerder assosiasie, in stede van isolasie, tydens hierdie pynlike periodes plaas. Derdens, persone wat hoë selfmedelye toon, ignoreer nie hul eie tekortkominge nie en tob nie onnodig daaroor nie.

Vaardighede om 'n pastor se selfmedelye te ontwikkel, behels onder meer om neer te skryf wat dit sou beteken indien hy homself sou hanteer soos wat 'n goeie vriend dit sou doen te midde van sy problematiek.

'n Tweede vaardigheid sou wees om 'n selfmedelye-ruskans te neem deur erkenning aan die problematiek te gee wat op 'n spesifieke oomblik beleef word en te erken dat dit deel van die lewe is. Dat hy, as pastor, sagkens met homself te werk moet gaan, homself moet aanvaar vir wie hy is, homself moet vergewe en geduldig moet wees met homself.

'n Derde vaardigheid behels die skryf van 'n brief aan homself vanuit die perspektief van 'n denkbeeldige goeie vriend oor die beweerde tekortkominge waaroor hy homself veroordeel.

'n Vierde vaardigheid behels rolspel waarin die pastor in drie stoele kan sit: eerstens as kritiseerder, dan as die ontvanger van die kritiek, en dan as die medelydende waarnemer.

Vyfdens, 'n joernaal (dagboek) kan deur die pastor gehou word om sodoende agter te kom wat aanleiding tot sy selfkritiek gee en sodoende poog om die stem van selfkritiek te stil. 'n Joernaal kan daaglik gehou word met betrekking tot die pastor se emosies in die lig van bedagsaamheid (teenoor homself) en die gemene mensdom en selfbegunstiging.

In die sesde plek kan daar gedink word aan maniere wat die pastor kan gebruik om selfkritiek as 'n motiveerder in te span.

Laastens moet hy sy behoeftes erken en homself toestemming gee dat hierdie behoeftes bevredig mag word (Neff, 2009).

5.5.2.3 'n Openheid vir menslikheid

'n Verdere riglyn wat aanhaak by die idee van selfmedelye word deur Grobbelaar (2007: 117) vermeld wat beweer dat die pastor **'n openheid vir menslikheid** (in 'n gebroke wêreld) van die self en van gemeentede moet handhaaf. Die pastor moet kritiek van gemeentede in konteks kan sien en dit kan “weeg”. Die pastor moet aanvaar dat hyself foute mag maak en nie perfek hoef te wees nie.

In die interpretatiewe taak is aangedui dat kritiek een van die gemeenteverwante probleme is wat dikwels op die pastor en soms op sy gesin gemik is (Hoofstuk 3.2.2.1.2).

Wat die emosionele aspekte van die pastor betref, is 'n formele, voltydse berading-verpligting nie altyd 'n werkbare alternatief vir alle pastors nie, maar afhangend van die omvang van pastorale druk, kan pastors ook professionele hulp as ondersteuning opsoek (Hill, 2001: 118).

Hybels (2001) verduidelik: “I've spent lots of time in a Christian counsellor's office. I still am in contact with two Christian counsellors. And whenever I think, man, there's some stuff coming out of me that has nothing to do with the Holy Spirit, and I don't understand it, I call these counsellors.”

5.5.2.4 Veerkragtigheid

Nog 'n aspek betreffende die pastor se emosie is die konsep van **veerkragtigheid** (*resilience*) wat deur Kruger (2010: 7) aangevoer word. In die interpretatiewe taak is reeds aangedui hoedat pastors as gevolg van, onder meer, die felheid van interpersoonlike spanning en konflik met gemeentede emosionele verlies beleef (Hoofstuk 3.2.2.1.2).

Veerkragtigheid is “the capacity to rebound from adversity strengthened and more resourceful... an active process of endurance, self-righting, and growth in response to crisis and challenge” (Kruger, 2010: 8).

Kruger poog om vas te stel wat die kenmerke is wat 'n pastor in staat sal stel om emosioneel, geestelik en fisiek gesond te bly. Volgens hom behels veerkragtigheid die vermoë om te herstel ná die belewing van problematiek soos, onder meer, siekte of 'n noemenswaardige verandering in jou lewe, of die belewing van 'n traumatiese ongeluk (Kruger, 2010: 7). Kragtens die bediening verduidelik hy veerkragtigheid ook in terme van medelyebetoning as “bobbing up and down with people in their unique storms of life; guiding them to their own place of shelter and safety”, maar sonder om emosioneel daardeur geaffekteer te word.

Mense wat veerkragtigheid toon, het agt gemeenskaplike kenmerke, volgens Kruger (2010:21): 1) Hulle bly in hegte verhoudings; 2) hulle is optimisties; 3) hulle is spiritualisties; 4) hulle is speels; 5) hulle gee terug (ontvang nie net nie); 6) hulle is selektief met die konfrontasies waarby hulle betrokke raak; 7) hulle bly gesond (fisiek); en 8) hulle vind altyd die “silwer rand van die donker wolk”.

Die belangrikste *sleutels tot veerkragtigheid* in Kruger (2010: 36) se studie kom neer op die gesonde handhawing van grense tussen werk en privaat lewe (sien ook Somers, 2004: 69), ondersteunende kollegas en sinvolle werk wat direk verband hou met die pastor se passie en gawes. Gereelde gebed en meditasie, ’n ondersteunende eggenote of familie asook gereelde wegbreekkanse, soos ’n vakansie, is ook belangrik.

5.5.2.5 Werkbevrediging

’n Laaste emosionele aspek is die konsep van **werkbevrediging** in die bediening.

Zimmer (1994: 28) beweer dat werkbevrediging behels om emosionele verkwikking en vervulling in jou werk te beleef. Uit die normatiewe taak is aangedui dat Paulus vir Timoteus in 2 Timoteus 4:5 aanmoedig om sy bediening te vervul. Vervulling in hierdie konteks sou beteken dat Timoteus getrou die volle Evangelie verkondig en, soos Paulus, tot die einde daarin volhard. Vir Paulus lê vervulling juis daarin. As hy nie die Evangelie bedien nie, is daar vir hom geen vervulling nie. Dis sy roeping en niks verskaf aan hom meer genot as om hierdie waarheid aan mense mee te deel en te sien hoe mense hulle tot Jesus Christus bekeer nie.

’n Pastor kan sy gevoel van werkbevrediging meet en homself voortdurend vra of hy nog vervulling beleef in wat hy doen. In die empiriese ondersoek het vier respondente aangedui dat hulle die bediening as vervullend beleef (Hoofstuk 4.5.3.4). Die vervulling vir die respondente lê juis daarin opgesluit dat mense reageer op hul prediking, dat mense tot bekering kom en lewens verander word. Die respondente vind ook vervulling daarin om na behoeftiges in die gemeenskap uit te reik.

Werkbevrediging word gekenmerk deur ’n diep gevoel van persoonlike betekenis, doel en bruikbaarheid. Dit gaan gepaard met die beleving van positiewe persoonlike terugvoering oor jou werk. Dit gaan ook gepaard met gevoelens van bevoegdheid en doelverwesenliking in ’n suksesvolle professionele omgang met mense.

Zondag (2004: 255) beskryf werkbevrediging as ’n persoon se gemoedsoriëntering teenoor sy werk, hetsy in ’n positiewe sin (satisfaksie) of in ’n negatiewe sin (werkontevredenheid) ’n Persoon se werk dra by tot selfverwesenliking indien dit geleentheid vir persoonlike ontwikkeling en die verwesenliking van sy talente bied (beweeglikheid).

Werk lei tot respek indien dit aan 'n persoon agting en erkenning besorg (Zondag, 2004: 256). Pastors verkry selfrespek uit hul professie indien dit bydra tot hul eiewaarde en selfvertroue.

Zondag (2004: 256) beweer dat die belewing van werkbevrediging tot groter lojaliteit ('commitment') tot die pastorale professie lei wat impliseer dat pastors wat werkbevrediging ervaar, geneig is om langer uit te hou in die amp as pastors wat ontevrede is.

Maar ontevredeheid beteken nie dat 'n pastor noodwendig die bediening sal verlaat nie. As daar geen alternatiewe in die vorm van buite-werkgeleenthede vir hom beskikbaar is nie, is dit onwaarskynlik dat hy die pastorale professie sal opgee. 'n Ander opsie is psigologiese onttrekking, waar pastors voortgaan om hul pligte uit te voer maar met verminderde lojaliteit ('commitment'). Werkontevredenheid kan ook tot gevolg hê dat 'n pastor se gedrag verander.

Ontevrede pastors moet óf meer tyd aan die bediening bestee óf poog om hul eie bevoegdheid te verhoog (Zondag, 2004: 256).

5.5.3 Riglyne rakende die pastor se fisieke welsyn

In die empiriese studie het die respondente aangedui dat hulle deur fisieke oefening, goeie slaap en buitelugaktiwiteite die druk van die bediening die hoof kon bied (Tabel 4.4).

Uit die normatiewe taak is aangedui hoe dat Paulus naby aan die einde van sy bediening gekom het en dit dan vergelyk met die voltooiing van 'n wedloop: "Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig..." (2 Timoteus 4:7). In 1 Korintiërs 9 weerhou Paulus hom om begunstiging te ontvang van ander; sy weerhouding is 'n dissipline wat hom help om sy vryheid te behou om homself diensbaar te maak sodat hy ander vir Christus kan wen. Hierdie verstaan van sy roeping en van die Evangelie vergelyk hy met 'n atleet wat hom onthou van sekere dinge, homself dissiplineer en om 'n baan hardloop om die prys te behaal. Hy kasty sy liggaam en maak dit diensbaar. Paulus maak gereeld van hierdie beeld van 'n atleet, fisieke oefening en dissipline gebruik. Wanneer hy in 1 Timoteus 4:8 meld dat die liggaamlike oefening tot weinig nut is, bedoel hy nie dat fisieke oefening heeltemal onnodig is nie. Hy erken dat liggaamlike oefening belangrik is, maar dat godsaligheid van groter waarde is.

Davis (2013) gebruik die skeppingsverhaal om aan te dui dat fisieke arbeid deel was van God se oorspronklike plan en doel vir die mens in die tuin van Eden op grond van die vers in Genesis 2:15: "Toe het die Here God die mens geneem en hom in die tuin van Eden gestel om dit te bewerk en te bewaak". Volgens hom kan mens aanneem dat dit strawwe fisieke werk was wat instandhouding betref en fisieke oefening tot gevolg gehad het. Voedsel moes gepluk en rondgedra word. Dit was liggaamlike inspanning en oefening.

Ná die sondeval het God gesê: “Vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe” (Genesis 3:17). Van daardie punt vorentoe sou Adam en Eva met moeite arbei en die res van die mensdom sou in hul voetspoor volg. Op grond hiervan beweer Davis (2013): “God ordained exercise as the norm even in the idyllic Garden of Eden and requires strenuous physical activity (and painful toil) as a normal consequence for living in a fallen world.”

Sommige pastors ontken die noodsaaklikheid van fisieke of liggaamlike oefening. Davis (2013) beweer dat die “sittende” leefstyl van Amerikaners (in kantore en voor rekenaars) kan verduidelik waarom Noord-Amerika van die hoogste syfers in depressie en uitbranding toon. Daarenteen toon statistieke dat ‘n godsdienstige groep genaamd die Amiese Doopgesindes (the Amish) van die laagste syfers van uitbranding en depressie in Noord-Amerika toon en dat fisieke arbeid en oefening kenmerkend van hul leefstyl is.

Fisieke oefening verg opoffering en dissipline waaraan jy jou liggaam onderwerp. Dit is iets wat nie deur pastors as onbelangrik beskou moet word, of dat dit nie geestelik verrykend is nie. Davis (2013) maak die volgende geldige opmerking:

“...exercise is *hard* work. When we exercise only for the sake of health, exercise feels like toil. God said humankind would toil, and toiling (exercising when we don’t feel like it) feels unpleasant. However, toiling remains part of the curse, and God states that it will even feel ‘painful’.”

In die empiriese ondersoek het ‘n respondent op die vraag: Hoe het jy hierdie druk wat jy beleef het, hanteer? as volg geantwoord: “Ek het bergfiets gery (lag)... vir my persoonlik... ek’s ‘n natuurmens”. ‘n Ander respondent het geantwoord: “Ek het vir baie aande saam met my kleinseun in ‘n borrelbad geklim dan maak ek vir hom skuim en speel en ek het dit net geniet en ek geniet my tuin, ek was self my motors, ek maak my masjiene skoon, ek... ek geniet dit... dis baie lekker, ek hou... ag...ek is baie oor die vakansies... ek moet twee keer ‘n jaar goeie vakansies hou.”

Davis (2013) beweer dat, indien ‘n pastor nie doelbewus ontspanningstyd inruim nie, hy tegnies gesproke die gebod in Eksodus 20:8-11 oortree, wat met rus te doen het.

God het in ses dae die aarde en alles daarop geskape en op die sewende dag gerus. Dit bied ‘n model. ‘n Ritme moet gehandhaaf word tussen werk en rus. Tye van rus en ontspanning moet doelbewus deur die pastor in sy dagbeplanning geïnkorporeer word. Een respondent het ook aangaande sy fisieke welsyn gemeld: “Ek is deur God so gemaak... ek het grense...

emosionele grense en psigiese grense en ek mag dit nie onder te veel spanning sit nie, daarom moet ek my vakansies geniet. Ek moet beplan daarvolgens, ek moet God vrees en wil ek ook in dit Sy wil doen en mooi werk.”

Ferguson (2008: 42) meld in hierdie verband dat pastors wat gereeld ’n dag verlof neem en dinge doen wat hulle geniet, geneig is om minder stres te hê en ’n lewe van beter gehalte te geniet. Hill stel dit so:

“Sabbath keeping allows the pastor to hold more lightly the cares of the pastorate, which in itself holds promise for increased possibilities for healing and growth” (Hill, 2001: 120).

Kruger (2010: 21) noem ’n voorbeeld van ’n selfsorgprotokol wat, volgens hom, die volgende basiese elemente bevat om sodoende gereelde en voortgaande hernuwing vir die pastor te verseker:

- Stil wandeling (alleen)
- Tyd en ruimte vir meditasie
- Geestelike- en ontspannende leesmateriaal, insluitend dagboeke en biografieë van andere wat as mentors beskou word
- Ligte oefening
- Geleenthede om te lag
- ’n Stokperdjie, soos tuinwerk
- Foonoprope na familie en vriende wat hom inspireer en selfs kan terg
- Betrokkenheid in opheffingsprojekte
- Luister na musiek van sy eie smaak

Volgens Davis (2013) hou oefening die volgende voordele in:

- Energie – oefening ontsluit energie en help met die vermoë om te fokus
- Gewigsbeheer – kalorieë word verbrand, ’n gesonde dosis fisieke oefening onderdruk onnodige eetlus
- Liggaamlike welsyn – volgehoue fisieke oefening het tot gevolg dat die brein endorfiene afskei. Dit verminder stres en angstigtheid en bring kalmte. Dit lig ’n persoon se gemoed
- Finansiële voordeel – klere pas en hou langer en bespaar medisinale kostes
- Rustige slaappatrone – het goeie slaap tot gevolg. Beter rus lei tot hoër produktiwiteit en vergenoegdheid.

5.5.4 Riglyne rakende die pastor se intellektuele en persoonlike ontwikkeling

Uit die interpretatiewe taak (Tabel 3.1) is daar aangedui dat **voortgesette opleiding** onder andere 'n noodsaaklike vaardigheid vir 'n pastor is. Uit die normatiewe taak is aangedui dat Paulus vir Timoteus in (2 Tim.4:5) aanmoedig om “nugter” te wees en die valse leer hok te slaan. Alhoewel dit moeilik is om vas te stel wat die aard van die valse leer presies behels het, het Fee (1984) vermeld dat dit 'n gedrags- sowel as 'n kognitiewe dimensie bevat het.

Mense wat nie op intellektuele wyse die suiwer Evangelie verstaan het nie, was maklik vatbaar vir dwalinge. Timoteus se verstand moes egter nugter wees. Hy moes kon onderskeid tref tussen die ware, volle Evangelie en 'n valse Evangelie. Die valse leraars was betrokke by spekulاسie en woordestryde, besig met argumente en twisvrae. Timoteus moes Paulus se voorbeeld volg en hierdie valse leraars op intellektuele wyse kon weerlê. Intellektuele ontwikkeling vir die pastor is dus 'n noodsaaklikheid.

Morse (2011: 120-126) beweer dat die pastor verantwoordelikheid moet neem vir sy intellektuele behoeftes. Dit behels, onder meer, formele studie, leeswerk, konferensies, geestelike en sekulêre leesstof en om lering te gee. Putter (2006: 2) vermeld dat pastors wat nie by voortgesette opleiding betrokke is nie, die gevaar loop om onvoldoende kennis van die missionale opdrag te toon en hulle as gevolg daarvan tot bemarkingstrategieë te wend, wat die wese van kerkwees in die konteks van ons huidige samelewing, misken.

Die eenwording van die AGS (Tabel 4.5) het beteken dat swart pastore skielik blootgestel is aan 'n professionele benadering tot die bediening. Dit was veral problematies vir swart pastors en daarmee saam het die opkoms van postmodernisme en makrogemeentes die druk verder verhoog op die swart pastor. Hoe moet hy in hierdie nuwe wêreld bedien? Die wit pastor worstel ook hiermee, maar die swart pastor dalk in 'n meerdere mate, en dit het tot gevoelens van onbevoegdheid gelei.

Een respondent stel dit so: “Since the unification... what I have realized... is that ... it was like white pastors.... got a head start...” *Question:* “With that background, the African background... in what ways were they behind?” *Answer:* “In terms of... the educational capacity... the... leadership skills... you know?... Ja”

Davis (2013) vermeld die volgende aangaande bevoegdheid en opleiding:

“No matter what age or phase of ministry a particular student may be in, seminary and formal education can play a crucial role in providing them with tools that will take them to

a new level of professionalism. Just as important, seminary study occurs in the context of deep commitment to the presence and anointing of the Holy Spirit, whom Jesus desires to pour out on the young and the old, on men and women, and on people of diverse racial and ethnic backgrounds and walks of life.” (Davis, 2013)

Bevoegdheid is, volgens Zondag (2004: 258), belangrik vir die beleving van werkbevrediging. Pastors poog om belangrike doelwitte te bereik in hul professie en kan dit slegs doen indien hulle oor voldoende bevoegdheid beskik. Bekwame pastors put bevrediging uit hul werk omrede bevoegdheid hulle in staat stel om belangrike doelwitte te bereik. Meer nog, bekwame pastors put bevrediging vanuit ’n bewustheid van hul eie bekwaamheid.

’n Saak wat nouliks met die intellektuele ontwikkeling van die pastor te doen het, is die kwessie rakende sy **persoonlike ontwikkeling**. Hy’s nie net verantwoordelik om sy intellektuele vaardighede (in ’n akademiese sin van die woord) op te knap nie, maar moet ook verantwoordelikheid neem vir die ontwikkeling van homself as persoon.

Onervarenheid is aangedui in Tabel 4.3 as een van die sake wat deur pastors as problematies beleef is. Persoonlike ontwikkeling het te doen met hoe die pastor sy lewe inrig volgens sy eie teologiese standpunte oor die kerk, die kerk se taak, sy roeping en sy beskouing van wat sukses behels.

In dié verband maak Andressen *et al.* (2011: 68) melding van die konsep *selfleierskap*. Dit is volgens hom ’n proses waardeur individue hul eie gedrag beheer, beïnvloed of bepaal en self lei deur spesifieke gedrags- en kognitiewe strategieë. Die konsep van selfleierskap het ontstaan as ’n uitvloeisel van *selfbestuur*.

Deur die toepassing van self-leierskap en selfbestuur as deel van sy persoonlike ontwikkeling, mag die pastor pastorale druk dalk meer effektief die hoof bied.

Paulus toon selfleierskap (soos gesien in die normatiewe taak) wanneer hy homself weerhou om enige begunstiging te ontvang in 1 Korintiërs 9. Deur hierdie gedissiplineerde onthouding slaag hy daarin om homself nie in ’n potensiële probleemsituasie te plaas nie en hy nie moontlik ’n hindernis vir die Evangelie is nie (vers 12).

Wanneer daar oor selfleierskap en selfbestuur gepraat word, is ’n belangrike aspek wat hiermee gepaard gaan, die kwessie van ’n pastor se *resultaatbewustheid*. En dit hang af van die spesifisiteit van die doelwitte wat hy vir homself stel.

Paulus vermeld in 1 Korintiërs 9:26: “Ek hardloop dan soos een wat nie onseker is nie; ek slaan met die vuis soos een wat nie in die lug slaan nie”. Hy is seker van sy doelwit. Hoe

meer spesifiek en eksplisiet 'n pastor se doelwitte, hoe makliker kan bepaal word of dit behaal word.

Maar pastors het hier 'n probleem. Eksplisiet-geformuleerde doelwitte in die bediening is 'n raarheid soos reeds vroeër in Hoofstuk 3.2.2.1.2 aangedui: Dat daar “nie onmiddellike/sigbare resultate” gesien word in die bediening nie, is juis een van die oorsake van beleving van pastorale druk.

Pastorale doelwitte is oor die algemeen oop (open-ended). Dit blyk ook of daar geen konsensus onder pastors bestaan oor wenslike doelwitte nie. 'n Gebrek aan duidelik gedefinieerde doelwitte is 'n bron van stres en lei tot werkontevredenheid (Zondag, 2004:257). In hierdie verband kan ook melding gemaak word van *tydinvestering* wat kan lei tot die ervaring van werkbevrediging (Zondag, 2004: 258). Pastors is gelukkig in die bediening indien die hoeveelheid tyd wat hulle investeer (opsy sit) proporsioneel is met die realisering van die doelwitte wat hulle as belangrik ag.

Vir Rima (2000) het selfleierskap te doen met die innerlike lewe en karakter van die pastor en nie soseer met resultate nie. Hy beweer dat vandag se leiers wat oorpresteerders is, dalk grootliks beoordeel word op grond van die resultate wat hul werk oplewer en nie op grond van wie hulle as persoon is nie.

In die normatiewe taak (Hoofstuk 2.5.4.4) is aangedui hoedat Paulus gekritiseer is omdat hy nie so welsprekend was of 'n indrukwekkende bediening of voorkoms gehad het soos ander leiers nie; Paulus het egter getoon dat die onsigbare, innerlike lewe en karakter van 'n leier belangriker is. Hy wys dit deur nie materiële vergoeding te aanvaar nie, maar illustreer dit by wyse van sy selfleierskap.

Selfleierskap het, volgens Rima (2000), meer met die karakter en innerlike lewe van 'n persoon te doen en word metafores beskryf deur Rima as die onsigbare fondasie van die gebou waarsonder die gebou nie die natuurelemente en ander uitdagings kan hanteer of effektiewelik sy doel kan vervul nie. As publieke leier kan die pastor slegs suksesvol wees namate hy verantwoordelikheid vir homself aanvaar en leierskap oor sy innerlike lewe kan uitoefen. Die kwessie wat hier ter sprake mag wees, is dié van integriteit. Oor selfleierskap sê Rima (2000) die volgende:

“Faith is such confidence in Jesus that it takes seriously his summons, “If any man will come after me, let him deny himself, and take up his cross, and follow me”. We have loudly proclaimed our dependence upon the grace of God, never guessing that the grace of God is given only to those who practice the grace of *self-mastery*.”

Hybels (2001) gebruik die gedeelte in 1 Samuel 30 waar Dawid as jong opkomende leier 'n moeilike situasie hanteer, om die konsep van selfleierskap te verduidelik. Hy lei sy manskappe in oorloë. Hy wen die een veldslag ná die ander. Terug by die kamp vind hulle uit dat vyandige soldate hul kamp verwoes het. Hul vroue en kinders is ontvoer en al hul goed is gesteel. Dawid se manskappe hou hom verantwoordelik. Hulle wil hom stenig. In hierdie krisis poog hy nie om sy manskappe of offisiere eerste te lei nie. Hy moet homself eers lei voordat hy leiding aan hulle kan verskaf. Hy fokus daarom eers op homself en hy "...het homself versterk in die Here sy God" (1 Samuel 30:6).

Hierdie is 'n uiters belangrike punt waarby die pastor moet arriveer: selfleierskap moet die pastor uiteindelik by die Bron laat uitkom – 'n geestelike ervaring weens sy besluit.

Bryant en Kazan (2013: ix) beskryf selfleierskap as 'n persoon se vermoë om homself op so 'n wyse te beïnvloed dat hy as sodanig sal dink en optree op maniere wat korreleer met wie hy is en wat bevorderlik is tot die bereiking van die doelwitte en ervarings wat belangrik en relevant is vir hom. Selfleierskap vereis dat die pastor 'n idee het waarheen hy op pad is sodat sy denke en gedrag daardie doel kan dien.

Selfleierskapvrae wat Hybels (2001) homself voortdurend vra: 1) Is my roeping seker?; 2) Is my visie duidelik? (Hybels beweer dat indien die pastor se visie vir sy eie lewe duidelik is, sal dit vir die gemeente ook duidelik wees; 3) Het ek nog 'n passievolle ywer? (in die konteks van die bediening); 4) Is my karakter aan Christus onderworpe?; 5) Is my trots oorwin?; 6) Is my vrese onder beheer?; 7) Is daar enige innerlike kwessies wat my leierskap in gedrang kan bring?; 7) Is my ore oop vir die influistering van die Gees?; 8) Is die pas waarteen ek werk volhoubaar?; 9) Word my gawes ontwikkel?; 10) Neem my liefde vir God toe?

5.5.5 Riglyne rakende die pastor en sy verhoudings

Volgens Morse (2011: 120-126) moet die pastor bewus wees wat sy eie *sosiale behoeftes* is en dat dit van pastor tot pastor verskil – sommige is ekstroverte en ander weer introverte.

Die *familie* is hoofsaaklik die plek waar hierdie behoefte ontmoet word. In Tabel 4.4 is aangedui dat respondente pastorale druk hanteer deur, onder meer, nabyverhoudings met mense (soos familie) na aan hulle te hê en dat dit as ondersteuningsbasis dien.

Een respondent beweer in die empiriese ondersoek: "Jy kan nooit alleen leef nie, nooit nie, jou eerste nabymense is jou vrou en gesin, dis jou grootste krag, jou infrastruktuur, jou grootste infrastruktuur as jy en jou kinders saam bid, saam in tale praat, saam God vertrou, saam feesvier. Die dag as jou vrou en kinders onseker is oor jou of onsekerheid toon, dan sink

ky. Dis nie 'n ding wat 'n mens werk... oornag aan werk nie... dis 'n leefstyl wat kom... en... maar hulle word jou grootste infrastruktuur wat jou help, jou vrou... o... en jou kinders... daai mense”.

Burns, Chapman en Guthrie (2013: 65) beaam wat die respondent vermeld: “The most common person our pastors turned to for support and insight, was their spouse.”

Die pastor moet, sover dit binne sy vermoë is, groot sorg neem om sy vrou en huisgesin teen die problematiek van die bediening te beskerm. Die pastor se vrou en gesin speel dikwels tweede viool wanneer die pastor aan die gemeentesake aandag gee. Een respondent in die empiriese studie se ervaring was: “My oordrewe passie om ander mense te help het my in 'n mate op 'n plek gebring waar ek my eie vrou verwaarloos het, en my eie huisgesin verwaarloos het. Ek het 'n groot fout gemaak daar. Met die gevolg ... my huwelik het 'n geweldige moeilike tyd in beweeg en dit het ongetwyfeld 'n uitwerking op jou bediening. Ek het op 'n punt gekom waar ek gevoel het dat ek vir eers uit die bediening uit moet gaan, om my eie huis in orde te kry.”

Die pastor se huwelik en gesinslewe is van uiterste belang en moet prioriteit voor gemeentesake kry. Uit die aard van die saak word daar in die bediening opgekyk na die pastor deur gemeentelede, hy moet 'n voorbeeld en model wees. Dit kan 'n wonderlike geleentheid skep om sy gemeente te leer aangaande die huwelik, daarom moet hy sy vrou gereeld uitneem en aandag aan hierdie verhouding gee.

Wat die pastor se verhoudingslewe betref, sal daar altyd 'n dualiteit in vriendskappe met mense in die kerk wees, die rol as pastor sal altyd daar wees, maar die pastor se *verhouding met die gemeente* kan 'n beduidende rol speel om die pastor by te staan om pastorale druk effektief te hanteer (Morse, 2011: 130-132). Dit behels sy verhouding met lidmate, personeel asook sy verstandhouding met sy kerkraad. Uit hierdie verhouding kan daar ooreengekom word dat die gemeente byvoorbeeld 'n leefbare inkomste met meegaande voordele te bied. Die gemeente kan 'n teologie van genade teenoor die pastor handhaaf. Sy allerbeste mag van hom verwag word, maar daar moet 'n gesindheid wees dat hy ook net 'n feilbare mens is. Hy moet beskou word as 'n opgeleide leier met die doel om te inspireer en geestelike belewings en groei aan te moedig.

Sommige kerke stel pastorale sorgkomitees aan wie se taak dit is om te luister na die behoeftes van die pastor en hom te ondersteun. Met werkorderingsverslae kan pastors aangemoedig word om hul eie uitdagings, groei in die bediening en prestasies te evalueer. Die pastor kan aangemoedig en gehelp word om verlof en sabbatsverlof (*sabbatical*) te neem binne die beleid van die kerk, wat natuurlik voordelig vir beide die kerk en die pastor sal wees.

Die gemeente het 'n beduidende impak op die lewe en persoonlike balans van die pastor. Dit is dus noodsaaklik om 'n positiewe en ondersteunende kultuur van gedeelde verantwoordelikheid te skep wat ten doel het om almal se lewens te verbeter (Morse, 2011: 130-132).

Ferguson (2008: 41) en Kruger (2010: 27) wys daarop dat ondersteuning van ten minste een persoon, 'n vertroueling, van wie die pastor liefde en waardering ontvang en met wie hy sy werkverwante probleme en uitdagings kan deel, positiewe resultate oplewer.

Mentorskap, as 'n verhouding waarin die pastor persoonlik bly ontwikkel, is een van die hoofredes wat Somers (2004: 86) aanvoer vir 'n bestendige bediening.

'n Voorbeeld van 'n mentorskap of geestelike vader-kind-verhouding in die Bybel is die verhouding tussen Paulus en Timoteus (1 Timoteus 1:18). Timoteus het die voorreg gehad as jong onervare pastor om by Paulus te leer terwyl Paulus die noodsaaklikheid daarvan verstaan het om 'n opvolger op te lei aan wie hy die belangrike boodskap van die Evangelie kan oorhandig.

Die pastor se *verhouding tot die denominasie* en sy kollegas is dikwels 'n bron van pastorale druk, soos aangedui in Tabel 4.3, maar dit kan ook 'n belangrike rol speel om die pastor by te staan om pastorale druk effektief te hanteer (Morse, 2011: 133-134).

Min pastors vra vir persoonlike hulp by die denominasie. Die strukture binne 'n denominasie kan effektiewe ondersteuning bied. Sommige denominasies bied gedragskodes.

Denominasionele byeenkomste en konferensies moet nie oorheers word deur politiekery en onenighede nie. Beleid en hulpbronne moet aangepas word om pastors te help wat sukkel om hulle sodoende weer op die been te kry. Die vraag, "Wie aanvaar verantwoordelikheid vir pastors van gemeentes?" moet gevra word.

Volgens Zondag, (2004: 257) hang die mate van werkbevrediging in die bediening af van die *erkenning deur ander*; alhoewel sommige in die gemeente waardering mag toon vir die pastor se bediening, ondervind talle pastors dat daar geen aandag en erkenning aan hulle gegee word deur die denominasie nie, veral op die platteland. (Zondag, 2004: 257).

Volgens Hill (2001: 116) is dit noodsaaklik dat die pastor deelname aan ondersteunings- en verantwoordbaarheidgroepe het. Dis belangrik dat die pastor 'n verhouding bou met kollegas - "Pastors especially need a small group made up of other pastors where they can give each other support, and through which they can call forth the best from each other" (Hill, 2001:116). Uit die verhouding tussen Paulus en Timoteus blyk dit dat pastors manne moet wees wat, ten spyte van valse leer en problematiek, langlewende verhoudinge met kollegas asook gemeentes kan kweek. Dit dra by tot bestendigheid en kontinuïteit.

5.6 Gevolgtrekking

Hierdie hoofstuk het ten doel gehad om riglyne aan pastors te stel vir die formulering van 'n holistiese Skrifgefundeerde selfsorgpraktyk wat hulle kan gebruik vir die hantering van pastorale problematiek en druk.

Selfsorg kan beskou word as 'n doelbewuste holistiese Skrifgefundeerde praktyk wat die pastor in sy lewe implementeer met die doel om as volledig mens 'n meer effektiewe en kragtige getuie van die Evangelie van Jesus Christus te wees.

Bevindinge uit die empiriese studie, literatuurstudie asook Bybelse riglyne in hierdie studie is met mekaar in verband gebring. Die riglyne is voorgehou in kategorieë wat die hele persoon van die pastor in ag neem. Riglyne rakende die pastor se spiritualiteit, sy emosies, sy persoonlike en intellektuele ontwikkeling, sy fisieke welsyn en, laastens, riglyne rakende die pastor en sy verhoudings.

Hoofstuk 6

Samevattende gevolgtrekking,
tekortkominge en aanbevelings

In hierdie hoofstuk word 'n samevattende gevolgtrekking van die navorsing gegee aangaande die AGS-pastor se beleving van pastorale druk en sy hantering daarvan. Laastens sal aanbevelings en voorstelle vir verdere navorsing oor relevante temas gegee word.

6.1 Inleiding

Die **navorsingsvraag** wat in hierdie studie ondersoek is, was: **Watter prakties-teologiese riglyne kan aan pastors in die AGS-konteks gebied word om pastorale druk die hoof te bied?**

Verdere vrae wat hieruit voortgespruit het was:

- Watter prinsipiële perspektiewe uit die Skrif is relevant met betrekking tot die persoon van 'n pastor in die voltydse bediening?
- Watter bydraes kan ander aangrensende wetenskappe soos, onder meer, sielkunde, sosiologie en kommunikasiekunde tot hierdie navorsing (wat ten doel het om pastorale druk en die hantering daarvan te verstaan) lewer?
- Wat is die vernaamste oorsake van problematiek in die pastorale praksis soos dit in die empiriese situasie van AGS-pastor vergestaltung vind en in hoe 'n mate beskik AGS-pastors reeds oor Skrifgefundeerde en holistiese selfsorgpraktyke om pastorale druk die hoof te bied?
- Watter nuwe pastorale riglyne kan geformuleer word om sodoende die pastor in die AGS-konteks van hulp te wees om pastorale druk te hanteer en gevolglik as persoon meer gemotiveerd, vervuld en optimisties te wees in die uitvoering van sy taak?

Osmer (2008) se model vir praktiese teologie is in hierdie studie toegepas, naamlik die normatiewe taak (Hoofstuk 2), die interpretatiewe taak (Hoofstuk 3) en die deskriptief-empiriese taak (Hoofstuk 4).

Op grond van Osmer se take is riglyne in Hoofstuk 5 daargestel vir die formulering van 'n holistiese Skrifgefundeerde selfsorgpraktyk aan AGS-pastors.

'n **Opsomming** van die studie is soos volg:

1. Hoofstuk 1 bied 'n oriëntasie tot die studieveld en die metodologie wat in die navorsing gebruik sal word.
2. In Hoofstuk 2 is gepoog om 'n opsomming van 'n Pentekostalistiese hermeneutiek te gee, soos wat Osmer se normatiewe taak ruimte daarvoor laat. Daarna is sekere prinsipiële Skrifgefundeerde uitgangspunte rakende die persoon van 'n pastor ondersoek. Daar is hoofsaaklik na Paulus se bediening gekyk. Aspekte wat hieruit na vore gekom het, is dat die pastor, onder andere, 'n dienskneg moet wees; sy roeping is van kardinale belang en sal vir seker onder skoot kom; sy hooftaak is die verkondiging van die Evangelie. Sekere noodsaaklike aspekte vir 'n lang en vervulde bediening is ondersoek. Die aard van pastorale druk is ondersoek asook die roeping en identiteit van die pastor.
3. In hoofstuk 3 is sekere perspektiewe uit relevante literatuur, artikels en internetsoektogte in teologiese en ander aangrensende wetenskappe ondersoek. Min literatuur kon spesifiek oor die AGS-pastor se belewing van druk in die bediening gevind word en wat hy as maatstaf vir sukses voorhou.
4. Hoofstuk 4 word die navorsingsontwerp, die navorsingsmetode en 'n beskrywing van die empiriese studie wat bestaan uit onderhoude met vyf pastors, beskryf. Dit is gedoen om sekere gevolgtrekkings te maak om sodoende pastorale riglyne daar te stel vir die formulering van 'n holistiese Skrifgefundeerde selfsorgpraktyk. Uit die empiriese studie was dit duidelik dat pastors die bediening as veeleisend, maar tog vervullend beleef en dat daar 'n behoefte is na Bybelse kriteria en maatstawwe vir pastorale sukses.
5. Hoofstuk 5 bied prakties-teologiese riglyne vir die formulering van 'n holistiese Skrifgefundeerde selfsorgpraktyk.

In hierdie hoofstuk (Hoofstuk 6) word daar 'n samevattende gevolgtrekking gemaak, sekere leemtes uitgelig asook voorstelle vir verdere studie gemaak.

6.2 'n Opsomming van Hoofstuk 2-5

In hierdie gedeelte sal 'n opsomming van Hoofstuk 2-5 gegee word.

6.2.1 Hoofstuk 2

Daar is eerstens gepoog om aan te dui dat Osmer se normatiewe taak ruimte laat dat daar met 'n Pentekostalistiese perspektief te werk gegaan mag word. Pentekostaliste plaas 'n hoë premie

op die Woord, op ervaring en die ekklesiale tradisie. Vir Pentekostaliste neem die Woord 'n baie sentrale posisie in hul wêreldbeskouing in – as onfeilbaar en geïnspireer deur die Heilige Gees.

Pentekostaliste het 'n eiesoortige manier van om met die Bybel te werk te gaan en is van mening dat belewenisse en gebeure soos vervat in die Skrif ook bedoel is om vandag beleef te word deur gelowiges. Die Heilige Gees het nie net die Skrif alleen geïnspireer nie – ook die leser benodig die klaarheid wat deur die Heilige Gees bewerk word om die teks te interpreteer en te verstaan.

Eksegese oor vyf skrifgedeeltes rakende die navorsingstema is gedoen waarin Paulus se bediening hoofsaaklik as model bestudeer is. Die problematiek in die onderzoekgedeeltes het oor die bevraagtekening van Paulus se roeping en gesag gegaan en dat hy nie geestelik genoeg beskou is nie, al was hy die planter van die gemeente. Dit het verder gegaan oor sake soos ambisie, die strewe na mag, asook hoogmoed. Sy opposisie was ook van mening dat hy geen wysheid het nie.

Paulus het homself beskou as dienskneg in diens van die Evangelie – sy status het berus op die feit dat God hom as apostel aangewys het – daar was vir Paulus geen ruimte vir persoonlike roem of eie gewin nie. Sy hooffokus was die bediening van die Evangelie aan die heidene en daarvoor sou hy sy lewe gee. Sy roeping was sy lewenstaak. 'n Pastor moet eendag kan oorgee aan 'n opvolger, maar die pastor moet ook sy rol as mentor ten opsigte van sy opvolger vervul.

Die roeping van 'n pastor is iets wat deur die mense om hom erken word, maar dis ook iets waaraan die kerk erkenning moet gee sodat hy op 'n legitieme, Bybelse wyse kan bedien. Die aard van die bediening is veeleisend, in wese 'n stryd. Die pastor se roeping dra hom deur dié stryd. Paulus ervaar self die voortgaande transformasie en krag van die Evangelie. Paulus het sy vervulling gevind in wat hy doen en dit wou hy enduit voer. Daar's nie 'n gaping tussen sy amp en wie hy as persoon is nie.

6.2.2 Hoofstuk 3

In hoofstuk 3 is daar 'n literatuurstudie gedoen – artikels, internetsoektogte in teologiese en ander dissiplines is gedoen om 'n meer juiste beeld van die werklikheid te verkry. Waar die normatiewe taak gefokus het op Bybelse aspekte aangaande die pastor se beleving en hantering van pastorale druk, fokus die interpretatiewe taak op relevante sekulêre studieveldes oor hierdie tema. Dit handel oor dit wat aanleiding tot die huidige situasie gegee het. Buiten die algemene problematiek wat pastore ondervind, blyk dit dat die AGS 'n eie situasie het waarvoor daar geen navorsing gedoen is nie. Tesame met die opkoms van postmodernisme en post-

Christendom het die eenwording van die AGS 'n unieke situasie geskep – voorheen aparte eenhede met verskillende agtergronde, kulture, bestuurstyl en aanbiddingsvorme het nou een geword en daarmee saam sekere problematiek.

Dit is 'n algemene feit dat die meeste AGS-gemeentes klein gemeentes is. By streekvergaderings en nasionale konferensies word hierdie pastore egter blootgestel aan die lering en bestuursmodelle van, onder meer, makrogemeente-pastors. Die leierskapmodelle word voorgehou volgens 'n makroverwysingsraamwerk wat menigmaal afkomstig is uit oorsese kulture en nie altyd deur goeie teologie gerugsteun word nie. 'n Sekere persepsie van sukses word by AGS-pastor geskep. Meeste pastors kan egter nie aan hierdie kriteria voldoen nie.

Die pastor se primêre funksie is herderskap. Die bediening het 'n eie karakter in vergelyking met ander professies, veral wat die pastor se identiteit betref. Die pastor se persoonlike identiteit word beïnvloed deur sy opvoeding, persoonlike geskiedenis en noemenswaardige gebeure. Hy het ook 'n pastorale identiteit wat hoofsaaklik gevorm word deur mentorskap, voorbeelde of modelle en 'n teologiese identiteit wat te doen het met sy roepingsbegrip, kerkbegrip, opleiding, ervaring en blootstelling in die bediening. Die uniekheid van die bediening het ook te doen met sy bevoegdheid. Hierin speel sy roeping 'n groot rol. Hierdie roeping moet deur middel van ordening deur die kerk erken word.

Die bediening het 'n ekklesiastiese karakter. Om 'n kerklike amp te beklee, is 'n noodsaaklikheid vir die pastorale identiteit en is gesetel in die charismatiese gemeenskap. Dit gaan egter oor diens, en nie die amp nie.

Die bediening het 'n professionele karakter. Dit het mettertyd professioneel geraak en beweeg na 'n spesialis-gebaseerde gesag.

Die bediening het 'n persoonlike karakter. Dit het 'n veeleisende aard en maak aanspraak op die integriteit van die pastor. Sy spiritualiteit speel hier 'n belangrike rol.

Uit die literatuurstudie blyk dit dat die oorsake tot pastorale problematiek innerlike en uiterlike oorsake het. Innerlik – eie sonde, unieke persoonlike kenmerke, afwesigheid van selfsorg, roepingstwyfel, aanpassings en onsekerhede. Uiterlik – bedieningsverwante sake soos bevordering, finansies, 'n kontraktuele- teenoor verbondbediening, nie onmiddellik sigbare resultate, alleenleier, werksituasie, kollegiale verhoudinge, onduidelikheid oor rolgrense, opleiding. Uiterlik is daar ook gemeenteverwante oorsake, soos die gemeente-demografiese profiel, paradigmatische perspektiewe, kritiek, interpersoonlike spanning en konflik, rol-oorlading, hoë verwagtinge, die verplasing van verantwoordelikhede deur gemeentelide, asook medelyebetoning. Daar is ook kultuurkontekstuele oorsake soos, onder meer, postmodernisme, post-Christendom, sekularisasie en globalisering.

Die gevolge van pastorale druk op die persoon van die pastor blyk te wees stres, uitbranding, depressie, medelyemoegheid, mede-afhanklikheid, en sekere fisiologiese-, professionele-, sosiale-, geestelike/spirituele- en huishoudelike gevolge.

Deur hierdie studie is die navorser se vermoede omtrent die veeleisende aard van die bediening en die druk wat dit op die persoon van die pastor plaas, bevestig.

6.2.3 Hoofstuk 4

Die navorsingsproses is in hierdie hoofstuk bespreek. Dit sluit die navorsingsontwerp, -metodes en -resultate in. Daar is onderhoude gevoer met vyf pastors en daar is van 'n ongestruktureerde een-tot-een-onderhoudvoering gebruik gemaak. Die kwalitatiewe navorsingsproses is toegepas om resultate te bekom.

Die navorser het persoonlik onderhoude met die deelnemers gevoer – geen versadigingspunt is bereik nie, daar was slegs etlike oorvleueling. Die rou data is geanaliseer deur 'n onafhanklike enkodeur en in temas en subtemas verdeel. Nadat die navorser die gedekodeerde data onder oë gehad het, het hy die gedekodeerde data aangewend om nuwe temas en subtemas te skep wat nog meer relevant in die navorsing was. Niks van die oorspronklike data het verlore gegaan nie.

Sewe vrae is aan respondente gestel. Die eerste daarvan was inleidend.

- Vraag twee: Hoekom het jy 'n pastor geword?
- Vraag drie: Wat is die druk wat jy in die bediening ervaar het en hoe het dit jou as persoon beïnvloed? Die respondente se antwoorde hierop is in temas met subtemas gekategoriseer. Die temas was denominasieverwante druk, gemeenteverwante druk, druk wat met die persoon van die pastor verband hou, asook huishoudelike druk.
- Vraag vier: Hoe het jy hierdie druk hanteer? Die respondente se antwoorde hierop is in temas met subtemas gekategoriseer. Die temas was die pastor se verhouding met die Here, sy verhouding met homself en sy verhouding met ander.
- Vraag vyf: Vind jy die bediening vervullend?
- Vraag ses: Waarom bly jy in die bediening aan ten spyte van problematiek?
- Vraag sewe: In watter opsig het die bediening oor die afgelope 15 tot 20 jaar verander? Die respondente se antwoorde hierop is in temas met subtemas gekategoriseer. Die temas was 1) die pastor; 2) wêreldwye godsdienstige, kulturele en ekonomiese

verskynsels en tendense; 3) die AGS se blootstelling aan Amerikaanse invloede; 5) die opkoms van makrogemeentes; en 4) die eenwording van die AGS- en swart pastors.

Die temas en subtemas is bespreek na aanleiding van die getranskribeerde onderhoude. Die empiriese navorsing toon dat pastors hul roeping as essensieel vir die bediening beskou. Daar is verskeie aspekte wat bydra tot pastors se belewing van pastorale druk. Daar is ook verskeie maniere waardeur pastors poog om hierdie problematiek die hoof te bied. Ten spyte van die problematiek vind pastors die bediening vervullend.

Die studie het duideliker insae gegee in die pastors se belewenisse en dit was duidelik dat pastors onder die hoë eise van die bediening gebuk gaan en dat hierdie pastorale druk 'n beduidende uitwerking op die persoon van AGS-pastor het.

6.2.4 Hoofstuk vyf

Eerstens is die noodsaaklikheid van die konsep van selfsorg bespreek en hoe dit aansluiting vind by die hantering van pastorale druk.

Selfsorg moet nie verkeerdelik verstaan as selfsug of selfgesentreerdheid nie. Dit is 'n doelbewuste holistiese Skrifgefundeerde praktyk wat die pastor in sy lewe implementeer met die doel om as volledig mens 'n meer effektiewe en kragtige getuie van die Evangelie van Jesus Christus te wees.

Tweedens is die spesifieke AGS-verwante problematiek soos wat dit uit die empiriese studie na vore gekom het, bestudeer en hoe dit by die konsep van selfsorg aansluiting vind. Dit het te doen met sy blootstelling aan sekere bestuurstyle binne die AGS, die pastor se verandering in status en gesag, sy beskouing van sukses en sy beskouing van die funksie en werking van die Heilige Gees in die bediening.

Derdens is daar riglyne gebied vir die formulering van 'n algemene holistiese Skrifgefundeerde selfsorgpraktyk. Hierdie riglyne wat daargestel en bespreek is, het te doen met die pastor se spiritualiteit, sy emosies, sy persoonlike- en intellektuele ontwikkeling, sy fisieke welsyn en laastens sy verhoudings met die mense om hom.

Hierdie riglyne vir selfsorg sal die pastor in staat stel om pastorale druk meer effektief te hanteer. Hierdie selfsorgriglyne is ook 'n poging om aan die pastor 'n meer realistiese en Bybelse maatstaf te bied vir sukses, waaraan hy homself kan meet.

6.3 Finale opmerkings

Die doel van hierdie studie was om die AGS-pastor se belewing van pastorale druk en sy hantering daarvan te ondersoek. Met Osmer se model vir praktiese teologie, naamlik die normatiewe, interpretatiewe en deskriptief-empiriese take as model, is riglyne daargestel vir die formulering van 'n holistiese Skrifgefundeerde selfsorgpraktyk. Die navorser glo dat die doelwit vir die navorsing grootliks bereik is.

Met verwysing na die navorsingsvraag en die sentrale teoretiese argument van hierdie studie sowel as die navorsing wat gedoen is in hoofstukke twee tot vyf, kan aanvaar word dat riglyne vir doelbewuste holistiese Skrifgefundeerde selfsorgpraktyke aan pastors uiters noodsaaklik is. Die finale gevolgtrekking is dat holistiese Skrifgefundeerde selfsorgpraktyke die pastor inderdaad sal kan ondersteun om 'n bestendige en bevredigende bediening te hê.

6.4 Aanbevelings en temas vir verdere studie

Die volgende aanbevelings word gemaak:

- Die voornemende teologiestudent moet opgelei en ingelig word rakende die unieke aard van die bediening, die druk en problematiek waarmee pastors te doene mag kry en hoe dit hom as persoon mag beïnvloed. Daarmee saam moet hy leiding ontvang om 'n eie, holistiese Skrifgefundeerde selfsorgpraktyk in sy lewe te implementeer.
- Opleiding en bewusmaking aan pastors aangaande die oorsake en gevolge van pastorale druk (veral die spesifieke AGS-verwante sake) kan gebied word asook die riglyne om dit die hoof te bied.
- Op streeksvlak kan die konsep van selfsorg bekendgestel en prioriteit gegee word.
- Leierskap op nasionale vlak moet herbesin oor die idee van sukses wat voorgehou word as maatstaf vir die pastor. Sprekers by konferensies en pastorbyeenkomste moet selektief gekies word.
- Daar moet ook indringend herbesin en leiding gebied word oor die beskouing van die rol en funksie van die Heilige Gees in die bediening.

Daar is steeds ruimte vir verdere ondersoek aangaande die AGS-pastor se belewing en hantering van pastorale druk en verdere navorsing oor hierdie onderwerp is nodig. Temas wat met hierdie studie verband hou en moontlik aanvullend kan wees is die volgende:

- 'n Langtermynstudie van 'n AGS-pastor se belewing en hantering van pastorale druk ná vyf, tien of vyftien jaar vandat hy die bediening betree het, mag 'n indikasie gee van hoe sy belewing en hantering van pastorale druk verander het.
- Pastors se belewing van die eenwording van die AGS. Hoe moet die proses om eenheid volgens die Bybel verstaan en verder geïmplementeer word?
- Die huweliksmaat van 'n AGS-pastor se belewing en hantering van pastorale druk. Die pastor se vrou gaan vir seker ook gebuk onder pastorale druk. 'n Studie uit die eggenote se perspektief verdien aandag.
- 'n Vergelyking van die belewing en hantering van pastorale druk met pastors van ander denominasies sal aandui of pastors van ander denominasies se belewing met dié van AGS-pastor s verskil.

Die AGS het 'n eie situasie wat buiten die algemene problematiek, die druk op die AGS-pastor vergroot en as toenemend problematies deur AGS-pastor beleef word. Hierdie problematiek het 'n negatiewe uitwerking op pastors. Vir die pastor om hierdie problematiek die hoof te bied, is dit nodig vir die implementering van 'n holistiese Skrifgefundeerde selfsorgpraktyk.

Bylae

Respondent se toestemming om deelname aan die navorsingsprojek deur middel van onderhoude:

Geagte respondent

U word hiermee vriendelik versoek om deel te wees van 'n navorsingstudie betreffende *die AGS-pastor se belewing van pastorale druk en sy/haar hantering daarvan*. Die doel van die studie is om vas te stel wat die uitwerking van pastorale problematiek op die persoon van die AGS-pastor is en hoe hy/sy te werk gaan om dit te hanteer.

Indien u sou instem, sal daar 'n een-tot-een-onderhoud met u gevoer word. Die duur daarvan sal ongeveer sestig minute wees. Die navorsingsvraag wat aan u gerig sal word, is: *"Watter uitwerking het pastorale druk in die AGS-konteks, op jou as persoon en hoe hanteer jy dit?"* Indien nodig, sal verdere vrae gestel word wat relevant is tot die studie en wat meer duidelikheid en insig aan die navorser kan verskaf.

Daar is geen risiko's verbonde aan die studie nie en daar is geen monetêre voordeel vir u deelname aan die studie nie. Die studie mag ons help om meer insig in die uitwerking van pastorale druk op die persoon van die pastor te kry en riglyne daar te stel om pastors by te staan in die hantering van pastorale druk.

'n Oudio-opname sal van die onderhoud gemaak word. Die onderhoud sal getranskribeer word, transkripte word veilig bewaak en dan deur 'n eksterne enkodeur verwerk. Deelnemers sal anoniem bly en geen persoonlike inligting sal gepubliseer word nie.

U deelname in hierdie studie is vrywillig. U mag kies om nie deel te neem nie. U mag u toestemming tot deelname op enige tydstip terugtrek, sou u so voel.

U deelname aan hierdie studie sal egter baie waardevol wees en dit sal hoog op prys gestel word indien u sou instem om daaraan deel te neem.

Indien u enige verdere inligting benodig, kan u die navorser gerus kontak:

Pastoor De Wet Joubert : +27 83 366 9036

Auckland Park Teologiese Seminarium: +27 11 726 7029

Noordwes-Universiteit : + 27 18 299 1847

Baie dankie

(Vul asb. die onderstaande gedeelte in)

Ek, _____ (naam en van) het die voorafgaande inligting gelees en verstaan wat die ondersoek behels.

Ek gee hiermee my toestemming dat 'n onderhoud met my gevoer kan word op die dag, tyd en plek soos per telefoon met die navorser ooreengekom is. Ja ☐ Nee ☐

Handtekening : _____ Datum: _____

Baie dankie

Informed consent to take part in a research project

Dear respondent

You are herewith requested to take part in a research study regarding *the AFM pastor's experience of pastoral problematics and his/her handling of it*. The purpose of this study is to determine what the effect of pastoral problematics is on the person of the AFM pastor and how they deal with these problems.

Taking part would imply a face-to-face interview which would last approximately sixty minutes. The research question that will be asked is: "*What effect has pastoral problematics in the AFM context had on you as a person and how have you dealt with it?*" If needs be, further questions will be posted to ensure relevance and grant more clarity and insight.

There are no known risks involved in the study and no monetary benefits for partaking. This study may help us to gain more insight in the effect of pastoral problematics on the person of the pastor and could help in the process of formulating principles and guidelines to assist pastors in experiencing more motivation, optimism and fulfilment in performing their tasks.

An audio recording will be made of the interview. The interview will be transcribed; transcripts will be kept safe and then processed by an external coder. Participants will be kept anonymous and no personal information will be published.

Your participation in this study is voluntary. You may choose not to participate and you may withdraw your consent to participate at any time.

Your choice to participate will be of much value and it will be highly appreciated.

If you need any further information, feel free to contact the researcher:

Pastor De Wet Joubert: +27 83 366 9036

Auckland Park Theological Seminary: +27 11 726 7029

Northwest University: + 27 18 299 1847

Thank you

(Please fill in the part below)

I, _____ (name and surname) have read the aforementioned information and understand what the research entails.

I hereby give permission to be interviewed on the day, time and place as telephonically agreed with the researcher. Yes ☐ No ☐

Signature: _____ Date: _____

Thank you

Bibliografie

Adams, J.E. 1973. *The Christian Counselor's Manual: The Practice of Nouthetic Counseling*. New Jersey: Presbyterian & Reformed Publishing Co.

Adams, J.E. 1979. *Shepherding God's flock: A Preacher's Handbook on Pastoral Ministry, Counseling, & Leadership*. New Jersey: Presbyterian & Reformed Publishing Co.

Alexander, K.E. 2011. Standing at the crossroads: The battle for the heart and soul of Pentecostalism. *Pneuma* 33 (2011): 331-349.

Anderson, G.L. 1992. Pentecostal Hermeneutics. (Drinking from our own Wells: Defining a Pentecostal-Charismatic Spirituality (Conference Papers vol.2, Twenty-Second Annual Meeting of the Society for Pentecostal Studies, Assemblies of God Theological Seminary, Springfield, MO: November 12-14, 1992).

Andressen, P., Konradt, U., & Neck, C.P. 2012. The Relation Between Self-Leadership and Transformational Leadership: Competing Models and the Moderating Role of Virtuality. *Journal of Leadership & Organizational Studies* 19(1):68-82.

Anney, V.N. 2014. Ensuring the Quality of the Findings of Qualitative Research: Looking at Trustworthiness Criteria. *Journal of Emerging Trends in Educational Research and Policy Studies (JETERAPS)* 5(2): 272-281.

Archer, K.J. 1996. Pentecostal Hermeneutics: Retrospect and Prospect. *Journal of Pentecostal Theology*, 8 (1996): 63-81.

Archer, K.J. 2004. Pentecostal Story: The Hermeneutical Filter for the Making of Meaning. *The Journal of the Society for Pentecostal Studies*, 26 (1):36-59.

Archer, K.J. 2007. A Pentecostal Way of Doing Theology: Method and Manner. *International Journal of Systematic Theology*, 9 (3):301-314.

Atterburn, S. 2012. Is Addiction a Sin? http://blogs.cbn.com/battlingaddictions/archive/2012/08/31/is-addiction-a-sin.aspx?cpid=EU_SPL_2012_247. Datum van toegang: 4 Oktober 2014.

Babbie, E. 2012. *The Basics of Social Research*. 13th edition. Belmont, California: Wadsworth.
<https://books.google.co.za/books?id=k-aza3qSULoC&printsec=frontcover&dq=The+Basics+of+Social+Research++By+Earl+Babbie+2012&hl=en&sa=X&ei=zfj5Vlt4xO5QovqC8A8&ved=0CDAQ6AEwAQ#v=onepage&q&f=false>. Datum van toegang: 26 Oktober 2014.

Barnard, L.K. & Curry, F.C. 2012. The Relationship of Clergy Burnout to Self-Compassion and Other Personality Dimensions. *Pastoral Psychol*, (2012) 61:149–163.

Barnett, P. 2011. *1 Corinthians: Holiness and Hope of a Rescued People*. Fearn, Ross-shire, Scotland: Christian Publications.

Bassler, J.M. 1996. *Abingdon New Testament Commentaries: 1 & 2 Timothy and Titus*. Nashville: Abingdon Press.

Blankenship, D. 2009. *Applied Research and Evaluation Methods in Recreation*.
<https://books.google.co.za/books?id=9gddHK1BNE4C&printsec=frontcover&dq=Applied+Research+and+Evaluation+Methods+in+Recreation++By+Diane+Blankenship+2009&hl=en&sa=X&ei=V435VJHcl4fvarP9gbAD&ved=0CBwQ6AEwAA#v=onepage&q=Applied%20Research%20and%20Evaluation%20Methods%20in%20Recreation%20%20By%20Diane%20Blankenship%2009&f=false>. Datum van toegang: 2 Oktober 2014.

Blaxter, L., Hughes, C & Tight, M 2010. *How to Research*. <https://books.google.co.za/books?id=Ow7bYYBA14sC&printsec=frontcover&dq=editions:nzmrn9HUJqQC&hl=en&sa=X&ei=v475VJaVEsToaLbqgNgB&ved=0CBsQ6AEwAA#v=onepage&q&f=false>. Datum van toegang: 2 Oktober 2014.

Bock, D.L. 2007. Acts (Baker Exegetical Commentary on the New Testament).
<https://books.google.co.za/books?id=33FgJsqqytsC&printsec=frontcover&dq=Acts+bock+2007&hl=en&sa=X&ei=qXz5VM3ylZKBabukgZAP&ved=0CBwQ6AEwAA#v=onepage&q&f=false>. Datum van toegang: 29 September 2014.

Bratcher, R.G. 1983. *A translator's guide to Paul's letters to Timothy and to Titus*. Helps for translators. The University of California: United ibe Societies.

Breed, G. 2013. Metateoretiese vertrekpunte ten opsigte van wetenskaplike navorsing in die Pastorale Wetenskap. *In die Skriflig/In Luce Verbi* 47(1), Artikel #96, 8 bladsye.

Bryant, A. & Kazan, A.L. 2013. *Self-Leadership: How to Become a More Successful, Efficient, and Effective leader from the inside out*. New York: McGraw Hill.

<https://books.google.co.za/books?id=pUsxOmhlGQC&pg=PR3&dq=Self-Leadership:+How+to+Become+a+More+Successful,+Efficient,+and+Effective+...++By+Andrew+Bryant,+Ana+Lucia+Kazan+++2013&hl=en&sa=X&ei=e6f8VKLeGcXjaLL0gLAK&ved=0CBwQ6AEwAA#v=onepage&q=Self-Leadership%3A%20How%20to%20Become%20a%20More%20Successful%2C%20Efficient%2C%20and%20Effective%20...%20%20By%20Andrew%20Bryant%2C%20Ana%20Lucia%20Kazan%20%20%202013&f=false>. Datum van toegang: 18 Desember 2014.

Burger, C.W. & Wepener, C.J. 2004. Die predikantsamp. Deel 1: Onduidelikheid oor die kerninhoud van die predikantsamp. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*. (2004) Vol. 45, No. 1 & 2.

Burns, B., Chapman, T.D. & Guthrie, D.C. 2013. *Resilient Ministry: What Pastors Told Us About Surviving and Thriving*. Downers Grove, Illinois: Inter-Varsity Press.

<https://books.google.co.za/books?id=9m6-a67zbZgC&pg=PA60&lpg=PA60&dq=Burns+Chapman+Guthrie+selfcare&source=bl&ots=QAgyS3kY-L&sig=VdhwNLg6Q-DunE7tzO3SOKXAX0&hl=en&sa=X&ei=R338VOGOL4yXapqZgegB&ved=0CDYQ6AEwBQ#v=onepage&q&f=false>. Datum van toegang: 1 November 2014.

Carter, N., Bryant-Lukosius, D., DiCenso, A., Blythe, J., & Neville, A. 2014. The Use of Triangulation in Qualitative Research. *Oncology Nursing Forum*, 41(5):545-547.

Cartledge, M.J. 2003. *Practical Theology: Charismatic and Empirical Perspectives*. Paternoster.<https://books.google.co.za/books?id=83BNawAAQBAJ&printsec=frontcover&dq=Practical+Theology:+Charismatic+and+Empirical+Perspectives++By+Mark+J.+Cartledge&hl=en&sa=X&ei=-cr5VLHBC4arUY33gMAM&ved=0CBwQ6AEwAA#v=onepage&q&f=false>. Datum van toegang: 18 Oktober 2014.

Ciampa, R.E. 2010. *The First Letter to the Corinthians. (The Pillar New Testament Commentary)* Edition. Grand Rapids, Michigan: WM. B. Eerdmans Publishing Co.

Clark, M. 2009. What is distinctive about Pentecostal Theology? – 22 years later. <http://www.glopent.net/Members/msclark/what-is-distinctive-about-pent-theol-22-years-on.pdf/view>. Datum van toegang: 26 Julie 2014.

Coetzer, W. 2004. Medelyemoegheid – die hantering van sekondêre traumatiese stres. *Koers* 69(2):199-219.

Constable, T.L. 2007. *Notes on 1 Corinthians* - 2014 Edition. <http://www.scribd.com/doc/237029210/1-Corinthians>.

Cooke, F.T. 2007. Die gebruik van die pastor pastorum in die pastorale versorging van die predikante van die Nederduitse Gereformeerde kerk. Universiteit van Pretoria. (PhD.-proefskrif)

Constantineanu, C. 2010. The Authority of Scripture as the Word of God. *KAIROS - Evangelical Journal of Theology*, 4(1):13-29.

Creswell, J.W. 2014. *Research Design: Qualitative, Quantitative, and Mixed Methods Approaches*. Thousand Oaks, California: Sage Publications. <https://books.google.co.za/books?id=EbogAQAAQBAJ&printsec=frontcover&dq=Research+Design:+Qualitative,+Quantitative,+and+Mixed+Methods+Approaches++By+John+W.+Creswell+2014&hl=en&sa=X&ei=qrn5VMGdC4OKaIH-gPgH&ved=0CCgQuwUwAA#v=onepage&q=Research%20Design%3A%20Qualitative%2C%20Quantitative%2C%20and%20Mixed%20Methods%20Approaches%20%20By%20John%20W.%20Creswell%202014&f=false>. Datum van toegang: 16 Oktober 2014.

Davidson, B.W. 2008. The Four Faces of Self-love in the Theology of Jonathan Edwards. *Journal of the Evangelical Theological Society*, 51(1):87-100.

Davies, A. 2009. What Does it Mean to Read the Bible as A Pentecostal? *Journal of Pentecostal Theology* 18 (2009): 216–229.

Davis, N. 2013. Physical fitness. http://pastorselfcare.five-factor.com/?page_id=1028. Datum van toegang: 28 November 2014.

Davis, N. 2013. Leisure. http://pastorselfcare.five-factor.com/?page_id=1459. Datum van toegang: 15 Desember 2014

Davis, N. 2013. Academic goals. http://pastorselfcare.five-factor.com/?page_id=1465. Datum van toegang: 17 Desember 2014.

Denscombe, M. 2007. *The Good Research Guide: For Small-scale Social Research Projects*. Maidenhead: Open University Press.

Denzin, N.K. & Lincoln Y.S. 2011. *The SAGE Handbook of Qualitative Research*. Thousand Oaks, California: Sage publications Inc. <https://books.google.co.za/books?id=AIRpMHgBYqIC&printsec=frontcover&dq=The+SAGE+Handbook+of+Qualitative+Research++edited+by+Norman+K.+Denzin,+Yvonna+S.+Lincoln++2011&hl=en&sa=X&ei=OvT5VI GblcOBUYfwgvgM&ved=0CBwQ6AEwAA#v=onepage&q&f=false>. Datum van toegang: 25 Oktober 2014.

De Klerk, B. & De Wet, F. 2010. Preacher on the Edge: Exposure to Vulnerability as a New Opportunity in Preaching the Righteousness of the Kingdom of God to Vulnerable Listeners. *Practical Theology in South Africa*, 23(2):62-84.

De Klerk, B.J. & De Wet, F.W. & Pieterse, H.J.C. & Breed, G. & Letsosa, R.S. 2013. *Met die oog op God. Voorveronderstellings van die reformatoriese invalshoek op praktiese teologie*. Noordbrug: Potchefstroom Teologiese Publikasies.

De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B., Poggenpoel, M., Schurink, E. & W. 1998. *Research at Grass Roots. A Primer for the Caring Professions*. Pretoria: J.L. van Schaik Publishers.

De Vos, A.S. & Fouche, C.B. 1998. *General Introduction to Research Design, Data Collection Methods and Data Analysis*. (in De Vos, A.S., ed. *Research at Grass Roots: A Primer for the Caring Professions*. Pretoria: J.L. van Schaik Publishers. p. 76-94).

De Vos, A.S., Schurink, E.M. & Strydom, H. 1998. *The Nature of Research in the Caring Professions*. (in De Vos, A.S., ed. *Research at Grass Roots: A Primer for the Caring Professions*. Pretoria: J.L. van Schaik Publishers. p. 3-22).

De Wet, F. 2006. Die aanwending van Rolf Zeffass se handelingswetenskaplike model in prakties-teologiese teorievorming – 'n Gereformeerde perspektief. *In die Skriflig*, 40(1):57-87.

Edmonson, C. 2002. *Fit to Lead: Sustaining Effective Ministry in a Changing World*. London: Darton, Longman and Todd LTD.

Ellington, S.A. 2001. History, Story, and Testimony: Locating Truth in a Pentecostal Hermeneutic. *The Journal of the Society for Pentecostal Studies*, 23 (2): 245-263.

Enyinnaya, J.O. 2008. Pentecostal Hermeneutics and Preaching: An Appraisal. *Ogbomoso Journal of Theology*, 13 (1):144-153.

Erasmus, L.J. 1990. Uitbranding onder Apostoliese Geloofsending-pastore: 'n Prakties-Teologiese ondersoek. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika. (Graadproefskrif).

Evans, E.M. 2013. A Theological Perspective on the Holistic Needs of Emeriti Pastors of the Apostolic Faith Mission of SA. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Graadproefskrif).

Evans, R. 2003. *Judge for Yourself: Reading 1 Corinthians*. London: Darton Longman & Todd LTD.

Farquhar, H. 2014. Simply Good Stewardship. <https://clergyselfcare.wordpress.com/>.
Datum van toegang: 27 November 2014.

Fee, G.D. 1984. *1 and 2 Timothy, Titus (Understanding the Bible Commentary Series)*. Grand Rapids, Michigan: Baker Books. http://books.google.co.za/books?id=CyNlmxzrhF8C&printsec=frontcover&source=gbs_ge_summary_r&cad=0#v=onepage&q&f=false. Datum van toegang: 14 September 2014.

Fee, G.D. 1987. *The First Epistle to the Corinthians (The New International Commentary on the New Testament)*. 1st Edition. Grand Rapids, Michigan: Wm. B. Eerdmans Publishing Co.

Fee, G.D. 1991. *Gospel and Spirit: Issues in New Testament Hermeneutics*. Grand Rapids, Michigan: Baker Academic.

Fee, G.D. 2000. *Listening to the Spirit in the Text*. Grand Rapids, Michigan: Wm. B. Eerdmans Publishing Co.

Fee, G.D., Hubbard, R.L. 2011. *The Eerdmans Companion to the Bible*. Grand Rapids, Michigan: Wm. B. Eerdmans Publishing Co.

Ferguson, J.M. 2008. Understanding the Sources of Occupational Stress and Burnout Among Assembly of God Clergy and the Resulting Implications. ProQuest Dissertations and Theses, Capella University. (PhD-proefskrif).

Flick, U. 2006. *An Introduction to Qualitative research*. London: Sage Publications Ltd.

Fourie, J. 2008. Medelye-moegheid. 'n Pastorale benadering. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (PhD-proefskrif).

- Gaventa, B.R. 2003. Acts. Abingdon New Testament Commentaries.
<https://books.google.co.za/books?id=YEjm9qy7ffkC&printsec=frontcover&dq=Abingdon+New+Testament+Commentaries&hl=en&sa=X&ei=A4H5VL6oIYjdap3cgbAl&ved=0CDUQ6AEwAg#v=onepage&q=Abingdon%20New%20Testament%20Commentaries&f=false>. Datum van toegang: 30 September 2014.
- Galloway, L.E. 2001. Freedom in 1 Corinthians 9: Paul in Conversation with Epictetus and Philo. Emory University. (PhD-proefskrif).
- Garland, D.E. 2003. First Corinthians. Volume 1 of Baker Exegetical Commentary on the New Testament. <http://books.google.co.za/books?id=g4B7sloz0g8C&printsec=frontcover#v=onepage&q&f=false>. Datum van toegang: 16 September 2014.
- Gibbs, E. 2005. *Leadership Next: Changing Leaders in a Changing Culture*. Downers Grove, Illinois: Inter-Varsity Press.
- Gloer, H. 2010. *1 & 2 Timothy-Titus*. Volume 29, Part 1 of Smyth & Helwys Bible commentary. Macon, GA: Smyth & Helwys Publishing, Incorporated.
- Gloy, S. 2008. Die problematiek van die AGS pastoor op die platteland. Johannesburg: Universiteit van Johannesburg. (MA-verhandeling).
- Golafshani, N. 2003. Understanding Reliability and Validity in Qualitative Research. *The Qualitative Report* 8(4):597-607.
- Graham, E. 2011. *The Cambridge Dictionary of Christian Theology*. EBSCO Publishing: eBook Collection (EBSCOhost) – <http://eds.b.ebscohost.com.nwulib.nwu.ac.za/eds/ebookviewer/ebook/bmxlYmtfXzM2NjEzMF9fQU41?sid=4f95fd64-29c2-4e b4-8fe2-e5e39c535fe2@sessionmgr115&vid=2&format=EB&rid=1>, Datum van toegang: 2 Junie 2014.
- Graham, R.W. 1982. Paul's Pastorate in Corinth: A Keyhole View of his Ministry. *Lexington Theological Quarterly* 17 (2): 45-58.
- Green, J. 2005. *Principles of Social Research*. Maidenhead: Open University Press.

Grey, J. 2011. *Three's A Crowd: Pentecostalism, Hermeneutics, and the Old Testament*. Oregon: Pickwick Publications.

Grobbelaar, K.G. 2007. Hulpverlening tot stresmanagement by predikante van die Gereformeerde Kerke in SA (GKSA): 'n Pastorale studie. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (PhD-proefskrif).

Hammersley, M. & Traianou, A. 2012. *Ethics in Qualitative Research: Controversies and Contexts*. Thousand Oaks, California: Sage publications Inc.
https://books.google.co.za/books?id=L3SN8qUDfisC&printsec=frontcover&dq=Hammersley+Traianou+privacy+2012&hl=en&sa=X&ei=if_5VKK6GoWBUD7SgdgK&ved=0CBwQ6AEwAA#v=onepage&q=Hammersley%20Traianou%20privacy%202012&f=false. Datum van toegang: 28 Oktober 2014.

Handleiding vir Meestersgraad- en Doktorale Studie. Noordwes-Universiteit. Oktober 2013.

Hattingh, W.J. 2011. Die AGS se eie-situasie wat problematiek in die pastoraat betref. [Persoonlike onderhoud]. 17 Oktober. Aucklandpark.

Heitink, G. 1999. *Practical Theology. History. Theory. Actions. Domains*. Grand Rapids: Eerdmans.

Henn, M., Weinstein, M. & Foard, N. 2009. *A Critical Introduction to Social Research*. 2nd edition. Thousand Oaks, California: Sage Publications Inc.
https://books.google.co.za/books?id=qEQ2b-ip8DMC&printsec=frontcover&dq=A+Critical+Introduction+to+Social+Research++By+Matt+Henn,+Mark+Weinstein,+Nick+Foard&hl=en&sa=X&ei=f_75VOycOsPyUvSHgBg&ved=0CCEQuwUwAA#v=onepage&q=A%20Critical%20Introduction%20to%20Social%20Research%20%20By%20Matt%20Henn%2C%20Mark%20Weinstein%2C%20Nick%20Foard&f=false. Datum van toegang: 28 Oktober 2014.

Hermans, C.A.M & Moore, M.E. 2004. *Hermeneutics and Empirical Research in Practical Theology. The contribution of Empirical Theology by Johannes A. Van der Ven*. Leiden, The Netherlands: Koninklijke Brill NV.

Herrick, G. 2004. Understanding the Meaning of the Term “Disciple”. <https://bible.org/seriespage/2-understanding-meaning-term-disciple>. Datum van toegang: 10 February 2015.

Hesse-Biber, S.N. & Leavy, P. 2011. *The practice of Qualitative Research*. 2nd edition. Thousand Oaks, California: Sage publications Inc. https://books.google.co.za/books?id=FVjcZk7mCFwC&printsec=frontcover&dq=The+Practice+of+Qualitative+Research++By+Sharlene+Nagy+Hesse-Biber,+Patricia+Leavy&hl=en&sa=X&ei=k_L5VNDgBYasU7u_g5AO&ved=0CBwQ6AEwAA#v=onepage&q=The%20Practice%20of%20Qualitative%20Research%20%20By%20Sharlene%20Nagy%20Hesse-Biber%2C%20Patricia%20Leavy&f=false. Datum van toegang: 23 Oktober 2014.

Heyns, L.M & Pieterse, H.J.C. 1990. *Eerste treë in die praktiese teologie*. Pretoria: Gnosis Boeke en Uitgewers Bpk.

Hill, P. 2001. *The Person of the Pastor: A Primer for Pastoral Effectiveness*. Fuller Theological Seminary, ProQuest Dissertations and Theses, 2001. (DTh-proefskrif).

Hybels, B. 2001. *The Art of Self Leadership*. <http://www.ctlibrary.com/le/2001/summer/13.86.html>. Datum van toegang: 15 Januarie 2015.

Inkelaar, H. 2011. *Conflict over Wisdom: The Theme of 1 Corinthians 1-4 rooted in Scripture*. Leuven/Paris/Walpole, Massachusetts: Peeters.

Johnson, A.F. 2004. *1 Corinthians. (The IVP New Testament Commentary Series (7))*. Downers Grove, Illinois: Intervarsity Press.

Johnson, B. & Dreitcer, A. 2001. *Beyond the Ordinary: Spirituality for Church Leaders*. Grand Rapids, Michigan/Cambridge: U.K. William B. Eerdmans Co.

Johnson, J. 2007. Seeking Pastoral Identity. *The Spurgeon Fellowship Journal Feature Article*. www.thespurgeonfellowship.org/journal/feature_f07.pdf. Datum van toegang: 3 Oktober 2014.

Kalp, M. 2011. Die Groot Geloofswoordeboek: Vertalings van die Bybel. <http://www.bybelkennis.co.za/die-groot-geloofswoordeboek-vertalings-van-die-bybel/>. Datum van toegang: 11 November 2014

Kellerman, K. 1991. Die oorsake van werkstres by die predikant. *Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 33(2):290-298.

King, N. & Horrocks, C. 2010. *Interviews in Qualitative Research*. London: Sage Publishers.

Klenke, K. 2008. *Qualitative Research in the Study of Leadership*. Wagon Lane, Bingley, UK: Emerald Group Publishing Limited. http://books.google.co.za/books?id=bvtY7TvU3sEC&pg=PA153&source=gbs_toc_r&cad=4#v=onepage&q&f=false. Datum van toegang: 20 Oktober 2014.

König, A. 2011. Die Groot Geloofswoordeboek: Vertalings van die Bybel. <http://www.bybelkennis.co.za/die-groot-geloofswoordeboek-vertalings-van-die-bybel/>. Datum van toegang: 11 November 2014.

Kruger, T. 2010. Keys to Resilient Practice in Contemporary Chaplaincy. Lancaster Theological Seminary, Pennsylvania, ProQuest Dissertations & Theses 2010. (DTh-proefskrif).

Lea, T.D. 1992. 1, 2 Timothy, Titus. The New American Commentary. <https://books.google.co.za/books?id=TQhWWcUtpI0C&printsec=frontcover&dq=1,+2+Timothy,+Titus++By+Thomas+D.+Lea+++1992&hl=en&sa=X&ei=THb5VLPhBMreaKO2gsAJ&ved=0CBwQ6AEwAA#v=onepage&q&f=false>: Datum van toegang: 28 September 2014.

Lee, C.1999. Specifying Intrusive Demands and their Outcomes in Congregational Ministry: A Report on the Ministry Demands Inventory. *Journal for the Scientific Study of Religion*, 38(4):477-489.

Lee, P. 2005. Cognition & Affect in Leader Behavior: The Effects of Spirituality, Psychological Empowerment, and Emotional Intelligence on the Motivation to Lead. School of Leadership Studies; Regent University, ProQuest Dissertations & Theses 2005. (DPhil-proefskrif).

Levering, M. 2008. Principles of Exegesis: Toward a Participatory Biblical Exegesis. *Pro Ecclesia* 17(1):35-51.

Lewis, P.W. 2000. Towards a Pentecostal Epistemology: The Role of Experience in Pentecostal Hermeneutics. *The Spirit and Church* 2(1): 95-125.

Loder, A.T. 2000. An Examination of the Classical Pentecostal Doctrine of the Baptism in the Holy Spirit: In Light of the Pentecostal Position on the Sources of Theology.
<http://www.collectionscanada.gc.ca/obj/s4/f2/dsk2/ftp01/MQ46226.pdf>. Datum van toegang: 13 Maart 2014

Louw, J.P. & Nida, E.A. 1988. *Greek-English Lexicon of the New Testament based on Semantic Domains*. New York: United Bible Societies.

Marshall, I.H. & Towner, P.H. 1999. *A Critical and Exegetical Commentary on the Pastoral Epistles*. Edinburgh: T&T Clark.

MacArthur, John Jr. 1995. *Rediscovering Pastoral Ministry. Shaping Contemporary Ministry with Biblical Mandates*. Dallas, London, Vancouver, Melbourne: Word Publishing.

MacArthur, John Jr. 2007. 1 and 2 Timothy – MacArthur Bible Studies.
<https://books.google.co.za/books?id=js4vF7LwumcC&printsec=frontcover&dq=MacArthur++timothy&hl=en&sa=X&ei=p275VOCfJ8vWasnbgqgB&ved=0CCAQ6AEwAQ#v=onepage&q=MacArthur%20%20timothy&f=false>. Datum van toegang: 27 September 2014.

Maré, L. 1998. 'n Kritiese beoordeling van die gebruik van die Psalms in die Pinksterkerk. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit, 1998. (DTh-proefskrif).

Maré, L. 2003. AGS-Pastore se belewenis van hulle teologiese opleiding. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit, 2003. (MA-verhandeling).

Marshall, C. & Rossman, G.B. 2006. *Designing qualitative research*. 4th ed. Thousand Oaks: SAGE Publications.

Marshall, C. & Rossman, G.B. 2011. *Designing qualitative research*. 5th ed. Thousand oaks, California: Sage publications Inc.

http://books.google.co.za/books?id=efSKBrsk7UkC&pg=PA121&dq=ethical+norms+qualitative+research&hl=en&sa=X&ei=LINqVnK6NpWvaZTrgcAM&redir_esc=y#v=onepage&q&f=false.

Datum van toegang: 17 November 2014.

Mayan, M. 2009. *Essentials of Qualitative Inquiry*. Walnut Creek, California: Left Coast Press.

McBurney, D. & White, T. 2009. *Research Methods*. 8th edition. Belmont, California: Wadsworth.

[https://books.google.co.za/books?id=AUDoy-Se_EC&printsec=front](https://books.google.co.za/books?id=AUDoy-Se_EC&printsec=frontcover&dq=Research+Methods++By+Donald+McBurney,+Theresa+White&hl=en&sa=X&ei=Nev5VPaFDsKxUfuRgcAM&ved=0CBwQ6AEwAA#v=onepage&q=Research%20Methods%20%20By%20Donald%20McBurney%2C%20Theresa%20White&f=false)

[cover&dq=Research+Methods++By+Donald+McBurney,+Theresa+White&hl=en&sa=X&ei=Nev5VPaFDsKxUfuRgcAM&ved=0CBwQ6AEwAA#v=onepage&q=Research%20Methods%20%20By%20Donald%20McBurney%2C%20Theresa%20White&f=false](https://books.google.co.za/books?id=AUDoy-Se_EC&printsec=frontcover&dq=Research+Methods++By+Donald+McBurney,+Theresa+White&hl=en&sa=X&ei=Nev5VPaFDsKxUfuRgcAM&ved=0CBwQ6AEwAA#v=onepage&q=Research%20Methods%20%20By%20Donald%20McBurney%2C%20Theresa%20White&f=false). Datum van toegang: 21

Oktober 2014.

McLaren, B.D. 2006. *The Church on the Other Side. Exploring the Radical Future of the Local Congregation*. Grand Rapids, Michigan: Zondervan.

Melander, R. & Eppley, H. 2002. *The Spiritual Leader's Guide to Self-Care*.

<http://books.google.co.za/books?id=ToOXAwAAQBAJ&printsec=frontcover#v=onepage&q&f=false>

I se. Datum van toegang: 10 November 2014.

Merriam, S.B. 2009. *Qualitative Research: A Guide to Design and Implementation*. San

Francisco, California: Jossey-Bass. https://books.google.co.za/books?id=_6o6AwAAQBAJ&printsec=frontcover&dq=Qualitative+Research:+A+Guide+to+Design+and+Implementation++By+Sharan+B.+Merriam&hl=en&sa=X&ei=HPH5VKmxBoV6UsSSg8gG&ved=0CCoQ6AEwAA#v=onepage&q=Qualitative%20Research%3A%20A%20Guide%20to%20Design%20and%20Implementation%20%20By%20Sharan%20B.%20Merriam&f=false

[_6o6AwAAQBAJ&printsec=frontcover&dq=Qualitative+Research:+A+Guide+to+Design+and+Implementation++By+Sharan+B.+Merriam&hl=en&sa=X&ei=HPH5VKmxBoV6UsSSg8gG&ved=0CCoQ6AEwAA#v=onepage&q=Qualitative%20Research%3A%20A%20Guide%20to%20Design%20and%20Implementation%20%20By%20Sharan%20B.%20Merriam&f=false](https://books.google.co.za/books?id=_6o6AwAAQBAJ&printsec=frontcover&dq=Qualitative+Research:+A+Guide+to+Design+and+Implementation++By+Sharan+B.+Merriam&hl=en&sa=X&ei=HPH5VKmxBoV6UsSSg8gG&ved=0CCoQ6AEwAA#v=onepage&q=Qualitative%20Research%3A%20A%20Guide%20to%20Design%20and%20Implementation%20%20By%20Sharan%20B.%20Merriam&f=false). Datum van toegang: 21 Oktober 2014.

Miller-McLemore, M. 2011. Revaluing “Self-Care” as a Practice of Ministry. *Journal of Religious leadership*,10(1):109-134.

Mohler, A. 2012. God called you. The calling of the Christian Minister.
<http://www.albertmohler.com/2012/07/05/has-god-called-you-the-calling-of-the-christian-minister/>. Datum van toegang: 4 Oktober 2014.

Momberg, H.L.J. 2001. Die verklaring van die Bybel.
<http://home.mweb.co.za /ke/kerkpad/jan2001/art3.htm>. Datum van Toegang:
14 Augustus 2014.

Morse, J. 2011. Pastoral Self-care: Maintaining a Balance to Serve Others: A Narrative Inquiry into the Experience of Church-based Clergy. Colorado State University, Fort Collins, Colorado, ProQuest Dissertations & Theses 2011. (DTh-proefskrif).

Murray, P. 2009. The Impact of Full-time Christian Ministry on the Spiritual Well-being of the Ministering Family's Children – A Pastoral Study. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (MA-verhandeling)

NAS Exhaustive Concordance of the Bible - <http://lexiconcordance.com/>. Datum van toegang:
23 September 2014.

Neff, K. 2011. *Self-compassion*. London: Hodder and Stoughton Ltd.
<http://books.google.co.za/books?id=PD AEzLL9mscC&printsec=frontcover#v=onepage&q&f=false>. Datum van toegang: 30 November 2014.

Nel, M. 2005. Public Pastoral Leaders: The Purpose of Theological Training. *In die Skriflig* 39 (3):441-462.

Nel, M. 2014. A Critical Evaluation of Theological Distinctives of Pentecostal Theology. *Studia Historiae Ecclesiasticae* 40(1):291-309.

Newman, B.M. & Nida, E.A. 1972. *A Translator's Handbook on the Acts of the Apostles*. London: UBS.

Niemandt, C.J.P. 2007. Sal die kerk van die toekoms vandag se wêreld oorleef? In: S. Joubert (red.), *Die perfekte storm. Hoe die gelowige van vandag die wêreld van môre kan oorleef*. Vereeniging: Cum, pp. 45-62.

Noel, B.T. 2004. Gordon Fee and the Challenge to Pentecostal Hermeneutics: Thirty Years Later. *The Journal of the Society for Pentecostal Studies*, 26 (1):60-80.

Noel, B.T. 2007. Pentecostal and Postmodern Hermeneutics: Comparisons and contemporary impact. Pretoria: University of South Africa, 2007. (DTh-Proefschrift).

Nolte, S.P. 2007. Pastors as gewonde genesers: Emosionele intelligensie en pastoraat. Universiteit van Pretoria. (DTh-proefschrift).

Nouwen, H.J.M. 1997. *In the Name of Jesus. Reflections on Christian Leadership*. New York: The Crossroad Publishing Company.

Nottingham-Zimmer, K.R. 1994. The Relationship of a Spiritual Calling to Motivation, Locus of Control, Burnout and Longevity in Teaching. University of North Texas, 1994. (DTh-proefschrift).

Oliverio, L.W. 2009 An Interpretive Review Essay on Amos Yong's Spirit-Word-Community: Theological Hermeneutics in Trinitarian Perspective. *Journal of Pentecostal Theology* 18 (2009): 301–311.

Osmer, R. 2008. *Practical Theology: An Introduction*. Grand Rapids, Michigan: Wm. B. Eerdmans Publishing Co.

Oswald, R. 1991. *Clergy Self-Care: Finding a Balance for Effective Ministry*. Herndon, VA: Alban Institute.

Parse, R. 2001. *Qualitative Inquiry: The Path of Sciencing*. London, UK: Jones and Bartlett Publishers International. https://books.google.co.za/books?id=j0VaZFF0nllC&printsec=frontcover&dq=Qualitative+Inquiry:+The+Path+of+Sciencing++By+Rosemarie+Rizzo+Parse+2001&hl=en&sa=X&ei=_wD6VluLLoXaUdGigPgG&ved=0CBwQ6AEwAA#v=onepage&q=Qualitative%20Inquiry%3A%20The%20Path%20of%20Sciencing%20%20By%20Rosemarie%20Rizzo%20Parse%202001&f=false. Datum van toegang: 28 Oktober 2014.

Perkins, P. 2012. First Corinthians. (Paideia: Commentaries on the New Testament). Grand Rapids, Michigan: Baker Academic.

Peterson, D.G. 2009. The Acts of the Apostles. The Pillar New Testament Commentary.
<https://books.google.co.za/books?id=rAkpEu6KCrUC&printsec=frontcover&dq=Peterson+Acts+2009&hl=en&sa=X&ei=c335VKr8Ic7iaqjygdAM&ved=0CBwQ6AEwAA#v=onepage&q=Peterson%20Acts%202009&f=false>. Datum van toegang: 29 September 2014.

Phillips, G.Y., Janse van Rensburg, F. & Van Rooy, H.F., 2012. Developing an integrated approach to interpret New Testament use of the Old Testament, *In die Skriflig/In Luce Verbi* 46(2), Art. #50, 10 pages. [http:// dx.doi.org/10.4102/ids.v46i2.50](http://dx.doi.org/10.4102/ids.v46i2.50).

Phillips, J. 1986. *Exploring Acts: An Expository Commentary*. Grand Rapids, Michigan: Kregel Publications.

Phillips, J. 2002. *Exploring 1 Corinthians: An expository Commentary*. Grand Rapids, Michigan: Kregel Publications.

Pinnock, C.H. 2009. The Work of the Spirit in the Interpretation of Holy Scripture from the Perspective of a Charismatic Biblical Theologian. *Journal of Pentecostal Theology* 18 (2009):157–171.

Poggenpoel, M. & Myburgh, C. 2005. "Obstacles in qualitative research: possible solutions". *Education*, 2, p. 304, *Expanded Academic ASAP*, EBSCOhost, viewed 31 August 2017.

Putter, A. 2006. Die voortgesette akademiese ontwikkeling van die AGS-pastor. Universiteit van Johannesburg. (DTh-proefskrif).

Putter, A.P.J. 2010. Teologiese opleiding in die AGS-kerk: Verkennende en ontwikkelende beskouings vir die nuwe millennium. *HTS : Theological Studies* 66(1) :1-9.

Reyneke, D. 2010. What will the Afrikaans Church be like in 2025? / The Afrikaans church in 2025. <http://www.judeaharvest.co.za/resources.html>. Datum van toegang: 2 Oktober 2014.

Richards, L. 2009. *Handling Qualitative Data: A Practical Guide*. Thousand Oaks, California: Sage publications Inc. https://books.google.co.za/books?id=_c3ZJJqTFZ4C&printsec=frontcover&dq=Handling+Qualitative+Data:+A+Practical+Guide&hl=en&sa=X&ei=sMP5VMLuEcSqU8qFhOAG&redir_esc=y#v=onepage&q&f=false. Datum van toegang: 17 Oktober 2014.

Rima, S.D. 2000. *Leading from the Inside Out: The Art of Self-Leadership*. Grand Rapids, Michigan: Baker Books. <http://books.google.co.za/books?id=gsXOnTcAzkC&printsec=frontcover#v=onepage&q&f=false>. Datum van toegang: 17 November 2014.

Robinson, O.C. 2014. Sampling in Interview-Based Qualitative Research: A Theoretical and Practical Guide. *Qualitative Research in Psychology*, 11(1):25-41.

Rubin, A. & Babbie, E. 2009. *Essential Research Methods for Social Work*. 2nd edition. Belmont, California: Brooks/Cole. <https://books.google.co.za/books?id=cO8lh0omJtMC&printsec=frontcover&dq=Essential+Research+Methods+for+Social+Work&hl=en&sa=X&ei=hfX5VJz4Cq-M7AaWtID4Dg&ved=0CBwQ6AEwAA#v=onepage&q=Essential%20Research%20Methods%20for%20Social%20Work&f=false>. Datum van toegang: 25 Oktober 2014.

Shenton, K.S. 2004. Strategies for Ensuring Trustworthiness in Qualitative Research Projects. *Education for Information* 22(2004):63–75.

Schoeman, W.J. 2002. 'n Prakties-teologiese basisteorie vir gemeente-analise. Universiteit van die Vrystaat. (DTh-proefskrif).

Schurink, E.W. 2005. Research at Grass Roots: A Primer for the Caring Professions. (In De Vos, A.S, ed. 2005) Pretoria: Van Schaik Publishers.

Smith, K. 2010. Review of Richard Osmer's *Practical Theology: An Introduction*. *The Journal of the South African Theological Seminary*, 10:99-113.

Seidman, I. 2013. *Interviewing as Qualitative Research: A Guide for Researchers in Education and the Social Sciences*. New York: Teachers College Press.

Somers, G. 2004. The Ministry Marathon: Exploring Longevity in the Single Pastorate. Acadia University, ProQuest Dissertations & Theses 2004. (DTh-proefskrif).

Spencer, A.B. 2014. 1 Timothy: A New Covenant Commentary. (New Covenant Commentary Series). <https://books.google.co.za/books?id=L6ZbBAAQBAJ&printsec=frontcover&dq=1+Timothy:+A+New+Covenant+Commentary++By+A%C3%ADda+Besan%C3%A7on+Spencer&hl=en&sa=X&ei=M3D5VLmVDsK6aeH-gNgK&ved=0CBwQ6AEwAA#v=onepage&q=1%20Timothy%3A%20A%20New%20Covenant%20Commentary%20%20By%20A%C3%ADda%20Besan%C3%A7on%20Spencer&f=false>. Datum van toegang: 28 September 2014.

Steyn, C.S. 2010. 'n Relasionele hermeneutiek vir die praktiese teologie. *Praktiese teologie in Suid-Afrika* 23(2):248-268.

Stitzinger, J.F. 1995. Pastoral Ministry in History. *The Master's Seminary Journal* 6(2):143-180.

Stott, J.R.W. 1973. *The Message of 2 Timothy: Guard the Gospel*. Leister, England: Inter-Varsity Press.

Strong's Greek Dictionary - <http://lexiconcordance.com/>. Datum van toegang: 21 September 2014.

Stronstad, R. 2010. Forty Years On: An Appreciation and Assessment of Baptism in the Holy Spirit by James D. Dunn. *Journal of Pentecostal Theology* 19 (2010): 3–11.

Struwig, F.W. & Stead, G.B. 2001. *Planning, Designing and Reporting Research*. Cape Town: Pearson Education South Africa.

Sullivan, G.B. 2002. Reflexivity and Subjectivity in Qualitative Research: The Utility of a Wittgensteinian Framework. *Forum: Qualitative Social Research* 3(3):179-189.

Swinton, J & Mowat, H. 2006. *Practical Theology and Qualitative Research*. London: SCM-Canterbury Press.

Sweet, L. 2007. Bestorm die perfekte storm. In: S. Joubert (red.), *Die perfekte storm. Hoe die gelowige van vandag die wêreld van môre kan oorleef*. Vereeniging: Cum, pp. 15-44.

Thayer's Greek Lexicon of the New Testament - <http://lexiconcordance.com/>. Datum van toegang: 19 September 2014.

Thiselton, A.C. 2000. *The First Epistle to the Corinthians: A commentary on the Greek Text*. Grand Rapids, Michigan: Wm. B. Eerdmans Publishing Co.

Thomas, J.C. 2009. "Where the Spirit leads" – the development of Pentecostal Hermeneutics. *Journal of Beliefs & Values*, 30(3): 289–302.

Trail, R.L. 1995. *An Exegetical Summary of 1 Corinthians 1-9*. Dallas, Texas: Summer Institute of Linguistics.

Tracy, S.J. 2012. *Qualitative Research Methods: Collecting Evidence, Crafting Analysis, Communicating Impact*. West Sussex, UK: Wiley publishers.
https://books.google.co.za/books?id=KAzBiMCS6uwC&printsec=frontcover&dq=Qualitative+Research+Methods:+Collecting+Evidence,+Crafting+Analysis+...++By+Sarah+J.+Tracy&hl=en&sa=X&ei=HO_5VNTsL4q9UafzgZAF&ved=0CCgQuwUwAA#v=onepage&q=Qualitative%20Research%20Methods%3A%20Collecting%20Evidence%2C%20Crafting%20Analysis%20...%20%20By%20Sarah%20J.%20Tracy&f=false. Datum van toegang: 24 Oktober 2014.

Utey, B. 2013. Paul's Letters to a Troubled Church: 1 & 2 Corinthians.
<http://www.ibiblio.org/freebiblecommentary/pdf/EN/VOL06.pdf>. Datum van toegang: 22 September 2014.

Vanhoozer, K. J., Treier, D. & Wright, N.T. 2005. Theological Interpretation of the New Testament: A Book-by-Book Survey. https://books.google.co.za/books?id=on5Qz47AulEC&printsec=frontcover&dq=Theological+Interpretation+of+the+New+Testament:+A+Book-by-Book+Survey++edited+by+Kevin+J.+Vanhoozer,+Daniel+Treier,+N.T.+Wright+2005&hl=en&sa=X&ei=Yn_5VKukNIXdavWrgtgN&ved=0CCcQ6AEwAg#v=onepage&q&f=false. Datum van toegang: 29 September 2014.

Van der Merwe, A. 2006. Die effektiewe funksionering van die Christen-berader op emosionele vlak – 'n Pastorale studie. Potchefstroom: Noordwes Universiteit. (MA-Verhandeling)

Van der Walt, S.P. & Jordaan, G.J.C. 2004. Die kontekstualisering van die Nuwe Testament binne 'n postmodernistiese paradigma: die skep van betekenis of die toepas van betekenis? *In die Skriflig*, 38(4) 2004: 495-517.

Van Deventer, H.J.M. 2011. Grammaties-historiese eksegeese: *quid est et quo vadis?* *In die Skriflig* 45(2 & 3) 2011:283-305.

Vickers, J.E. 2006. Kenneth J. Archer, A Pentecostal Hermeneutic for the Twenty-First Century: Spirit, Scripture, and Community. *PNEUMA The Journal of the Society for Pentecostal Studies*, 28(2):384-386.

Vogt, W.P., Garder, D.C. & Haeffele, L.M. 2012. When to Use What Research Design. New York: Guilford Press. https://books.google.co.za/books?id=VsD-swUlyT0C&printsec=frontcover&dq=When+to+Use+What+Research+Design++By+W.+Paul+Vogt,+Dianne+C.+Gardner,+Lynne+M.+Haeffele&hl=en&sa=X&ei=2Lf5VP_IMZDPaJ31gOgM&ved=0CBwQ6AEwAA#v=onepage&q=When%20to%20Use%20What%20Research%20Design%20%20By%20W.%20Paul%20Vogt%2C%20Dianne%20C.%20Gardner%2C%20Lynne%20M.%20Haeffele&f=false. Datum van Toegang: 15 Oktober 2014.

Wall, R.W. 2012. 1 and 2 Timothy and Titus. <https://books.google.co.za/books?id=xsLm5z4PwmIC&printsec=frontcover&dq=1+and+2+Timothy+and+Titus++By+Robert+W.+Wall++2012&hl=en&sa=X&ei=3nT5VN-cONKxabWPguAF&ved=0CB8QuwUwAA#v=onepage&q=1%20and%20%20Timothy%20and%20Titus%20%20By%20Robert%20W.%20Wall%20%202012&f=false>. Datum van toegang: 28 September 2014.

Wertz, F.J., Charmaz, K., McMullen, L.M., Josselson, R., Anderson R. & McSpadden, E. Five ways of doing qualitative analysis. New York: Guilford Press. https://books.google.co.za/books?id=1W_OPx4TZLsC&printsec=frontcover&dq=wertz+2011+ethical&hl=en&sa=X&ei=P_r5VOGyMImwUd2AgpgP&ved=0CB4Q6AEwAA#v=onepage&q=wertz%202011%20ethical&f=false. Datum van toegang: 27 Oktober 2014.

Weideman, H. J. 2009. Strategieë om gemeenteliekers te ondersteun om die eise van die huidige tydvak in Suid-Afrika in hulle bediening aan te spreek: 'n Fenomenologiese ondersoek. Universiteit van Johannesburg. (D Th-Proefskrif).

Wiersbe, W.W. 2001. The Bible Exposition Commentary: New Testament. Vol.1. <https://books.google.co.za/books?id=lw9Oj-1X9k8C&pg=PA461&dq=wiersbe+acts&hl=en&sa=X&ei=t4H5VJ6jC47ZatHogtgP&ved=0CEsQ6AEwCQ#v=onepage&q=wiersbe%20acts&f=false>: Datum van toegang: 1 Oktober 2014.

Wright, N.T. 1991. How Can the Bible be Authoritative? http://ntwrightpage.com/Wright_Bible_Authoritative.htm. Datum van toegang: 6 Julie 2014.

Zondag, H.J. 2001. Involved, Loyal, Alienated, and Detached. The Commitment of Pastors. *Pastoral Psychology*, 49(4) 2001:311-323.